Die

# GEREFORMEERDE BEGINSEL

in die

# ONDERWYS IN TRANSVAAL

tot 1963

deur

*Willem Gabriël van der Schijf, B.A., M.ED.*

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die Graad

**DOCTOR EDUCATIONIS**

in die

FAKULTEIT van OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Promotor: Prof. dr. H. J. J. Bingle.

*Heidelberg, Transvaal.*
*Desember 1963.*

## VOORWOORD.

Met die voltooiing van hierdie proefskrif buig ek my hoof in nederige ootmoed en dankbaarheid voor God en dank Hom vir die krag, leiding en middele geskenk tot volvoering van hierdie taak. Aan Hom alle eer en erkenning, met die bede dat hierdie werk tot sy eer mag strek.

Ek betuig my hartlike dank en waardering aan my promotor prof. dr. H.J.J. Bingle, vir sy vriendelike, simpatieke en rigting-gewende leiding by die samestelling van hierdie werk. U, geagte prof., het, nieteenstaande u baanbrekerswerk as ondervoorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad en ander veelvuldige verpligtinge, met belangstelling en aanmoediging my instaat gestel om hierdie proefskrif te voltooi. Ek dank u. Ek bid u toe die seën van die Here waar u nou as Rektor sal voortgaan en bou aan die ideaal van 'n onderwysstelsel vir ons geliefde Republiek van Suid-Afrika, wat as grondslag sal hê ons gereformeerde belydenis.

My innige dank en waardering aan my vrou, aan wie ek hierdie werk opdra, wat haar vir baie jare groot opoffering getroos het terwille van my studies en wat my daadwerklik bygestaan en aangemoedig het. Sonder haar medewerking, met die jare van eksterne studie, sou ek dit nie sover gebring het nie. Baie, baie dankie, Mams.

Graag wil ek ook my erkentlikheid betuig teenoor die volgende instansies wat my behulpsaam was by die insameling van die stof: die personeel van die Kaapstadse Argief en die Staatsbiblioteek; dr. Oberholtzer van die Kerkargief Kaapstad; van die Argief en Openbare Biblioteek van Bloemfontein;

van die Argief te Pretoria; van die Argief te Pietermaritzburg; van die Gereformeerde Kerkargief te Potchefstroom; van die T.O.D.- en Ferdinand Postma-biblioteek; van die Heidelbergse Onderwyskollege-biblioteek; en verder aan almal wat aan my geskrifte geleen het om deur te werk.

Aan al die ander wat my met daad, raad en belangstelling en aanmoediging bygestaan het, sê ek baie dankie.

HEIDELBERG, TRANSVAAL.
Oujaarsdag 1963. W.G. vd. S.

AAN THORA.

## AFKORTINGS.

| | | |
|---|---|---|
| B.R. | - | Besluite - Uitgaande- en inkomende briewe - Politieke Raad - Bataafse tydperk. |
| C. | - | Besluite- Uitgaande-en inkomende briewe - Politieke Raad.- Hollands Oos-Indiese Kompanjie. |
| C.d. | - | Commanding Publications (Imperiale blouboeke) - Transvaal. |
| C.J. | - | Kontrakte - Onderwysers-Politieke Raad. |
| C.O. | | Colonial Office - Engelse tydperk - Kaapland. |
| Col. Sec. | - | Colonial Secretary - Transvaal. |
| E.V.R. | - | Eerste Volksraad - Suid-Afrikaanse Republiek. |
| F.A.K. | - | Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. |
| I.C.N.O. | - | Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys. |
| I.K.K. | - | Inter-kerklike Kommissie. - Onderwys. |
| L.A. | - | Leydsargief - Pretoria. |
| Lt. Gov. | - | Lieutenant Governor - Transvaal. |
| O.D. | - | Onderwysdepartement. - Suid-Afrikaanse Republiek. |
| R. | - | Register Staatsekretaris - Suid-Afrikaanse Republiek. |
| S. 22/ens. | - | Korrespondensie - Onderwys in die distrikte - Kaapland. |
| S.S. | - | Staatsekretaris - Suid-Afrikaanse Republiek. |
| S.G.O. | - | Superintendent Generaal van Onderwys - Kaapland. |
| T.O.D. | - | Transvaalse Onderwysdepartement. |
| T.K. | - | Transvaal-kolonie (Britse Blouboeke). |
| U.R. | - | Uitvoerende Raad - Suid-Afrikaanse Republiek. |
| V.R. | - | Volksraad. - Suid-Afrikaanse Republiek. |
| Z.A.R. | - | Zuid-Afrikaanse Republiek. |
| II/I ens. | - | H.M. Commissioner - Natal. |

## INHOUDSOPGAWE.

### HOOFSTUK 1.

### INLEIDING.


1. Probleemstelling .................................. 1.
2. Doel en terrein van die studie ..................... 1.
3. Die „Gereformeerde Beginsel" ....................... 2.
   (a) Grondslag ...................................... 2.
   (b) Vertolking van die beginsel deur die kerk ..... 5.
      (i) Die doopformulier ........................... 5.
      (ii) Sinodale besluite .......................... 8.
      (iii) Artikel 21 Kerkorde ....................... 12.
4. Die verhouding volgens Gereformeerde beginsel tussen skool, Kerk, huis en staat ................... 17.
5. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding ... 18.
   (a) Opvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar ............................................ 18.
      (i) Oprigting van skole .......................... 18.
      (ii) Instandhouding van skole .................... 21.
      (iii) Die beheer van die skool ................... 22.
   (b) Die gees en rigting van die skool ............. 26.
      (i) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ...... 29.
      (ii) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ...... 32.
         (1) Die begrip Christelik-nasionaal ........... 32.
         (2) Wat verstaan ons onder nasionale Skoolopvoeding ........................... 33.
         (3) Nasionale skoolopvoeding en die onderwyser ................................... 36.
6. Samevatting ........................................ 39.
   (a) Opvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar ............................................ 39.
      (i) Oprigting van skole .......................... 40.
      (ii) Instandhouding van skole .................... 40.
      (iii) Die beheer van die skool ................... 40.
   (b) Die gees en rigting van die skool ............. 41.
      (i) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ...... 41.
      (ii) Die skoolopvoeding moet Nasionaal wees ...... 42.


### HOOFSTUK II.

### DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE ONDERWYS VAN SUID-AFRIKA VOOR DIE GROOT TREK 1652-1836.


1. Inleiding .......................................... 43.

I. Die tydperk 1652-1803.

2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding ... 44.
   (a) Oprigting, instandhouding en beheer van skole . 44.
      (i) Onderwyswette en regulasies .................. 44.
         Die eerste skoolwet van De Chavonnes 1714 ..... 44.
         (1) Gewone openbare skole...................... 45.
         (2) Die diakenskool............................ 46.
         (3) Skole wat van die ouers uitgegaan het ...... 46.

(4) Skole deur gewestelike inisiatief in die lewe geroep .................... 47.
(5) Die ongeorganiseerde klein privaatskooltjies .......................... 48.
(b) Skoolopvoeding moet Christelik wees ........... 51.
(i) Die skoolwet van De Chavonne 1714 ......... 52.
(ii) Die Reglement van die Skolarge van 1782 ... 52.
(iii) Skole wat nie van die ouers uitgegaan het nie ........................................ 53.
(iv) Christelike onderwys aan die skole wat van die ouers uitgegaan het .................. 55.
(c) Skoolopvoeding moet Nasionaal wees ............ 57.
(i) Nasionale onderwys in die skole .......... 59.
(1) Die Hollanders ......................... 59.
(2) Die Franse ............................. 61.
II. Die Tydperk 1803-1806.
3. Inleiding........................................ 63.
4. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding .... 64.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer van skole .. 64.
(i) Onderwyswette en regulasies ............. 64.
Die Skoolorder van De Mist ............ 64.
(ii) Onderwystoestande in die binneland ....... 67.
(1) Privaatskole ........................... 68.
(2) Huisonderwysers ........................ 69.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ....... 70.
(i) Onderwyswette en regulasies ............. 70.
(1) Christelike onderwys in die staatskole ................................ 72.
(2) Christelike onderwys in die „Tot Nut van't Algemeen".......................... 73.
(3) Christelike onderwys in die onoffisiële skole ........................... 74.
(c) Die Skoolopvoeding moet Nasionaal wees ........ 75.
(i) Onderwyswette en regulasies .............. 75.
(1) Nasionale onderwys in die staatskool.. 77.
(2) Nasionale onderwys in die „Tot Nut" .. 78.
(3) Nasionale onderwys in die privaatskooltjies ....................... 78.
III. Die Tydperk 1806-1836.
5. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 79.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer van die skool ........................................ 79.
(i) Cradock se kosterskole ................. 80.
(ii) Die Somersetskole ...................... 82.
(iii) Die Hollandse laerskole................. 84.
(iv) Privaatskole............................ 85.
(v) Huisonderwys ........................... 87.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ....... 89.
(i) Staatskole ............................. 89.
(ii) Staatskole met Hollands ................ 91.
(iii) Privaatskole en huisonderwys ........... 92.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ........ 92.
(i) Die staatskole ......................... 92.
(ii) Die Hollandse laerskole ................ 93.
(iii) Cradock se kosterskole ................. 95.
(iv) Die Vryskole ........................... 95.
(v) Privaatskole en huisonderwys ........... 99.
6. Samevatting ..................................... 100.


## HOOFSTUK III.

DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN WORDING VANAF 1836-1881.

I. Die onoffisiële skool gaan saam op Trek.

1. Inleiding .................................... 103.
2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 105.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ............ 105.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 106.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 109.

II. Offisiële onderwys in die beginjare (1852-1871).

3. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopleiding .... 112.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ............ 112.
(i) Die eerste reglement vir die onderwys ..... 112.
(ii) Onderwys onder die „Algemene Kommissie vir Onderwys" (1859-1867) en die Uitvoerende Raad (1868-1871) ................ 116.
(iii) Die Reglement van 1859 .................... 116.
(iv) Die onderwyswet van 1866 .................. 118.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 120.
(i) Die Vander Linde-reglement ............... 121.
(ii) Die Vander Hoff-reglement ................ 121.
(iii) Die Reglement van 1859.................... 121.
(iv) Onderwyswet van 1866 ..................... 121.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 122.
4. Reaksie van die ouers ............................ 124.

III. Burgers en die gereformeerde beginsel in die onderwys 1872-1877.

5. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 126.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ............ 126.
(i) Inleiding.................................. 126.
(ii) Onderwyswet van Burgers ................... 127.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 129.
Die onderwyswet van 1874 ..................... 129.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 131.
6. Reaksie van die ouers ............................ 132.

IV. Engelse bestuur en die gereformeerde beginsel. 1877-1881.

7. Inleiding ........................................ 134.
8. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding .... 134.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ............ 134.
(i) Die verslag van Vacy Lyle ................. 134.
(ii) Voorlopige regulasie van 1879 ............. 135.
(iii) Die verslag van ds. H.S. Bosman ........... 136.
(iv) Die onderwyswet van 1880 .................. 137.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 138.
(i) Die verslag van Vacy Lyle ............. 138.
(ii) Die verslag van Bosman ................ 139.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 139.
(i) Die verslag van Vacy Lyle ................. 139.
(ii) Die Onderwyswet van 1880................... 140.
9. Reaksie van die ouers ............................ 140.
10. Die Standpunt van die kerk ....................... 141.
(a) Die Gereformeerde Kerk ......................... 141.
(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk .................. 142.
11. Samevatting ...................................... 144.


## HOOFSTUK IV.

DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VASGELê IN DIE TYDPERK VAN S.J. DU TOIT 1881-1891.


1. Inleiding ........................................ 147.

(a) Aanstelling van S.J. du Toit as Superintendent ........ 147.
(b) Die invloed van dr. A. Kuyper ........ 148.
2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 149.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ........ 149.
(i) Onderwyswette en regulasies ........ 149.
(ii) Toepassing ........ 152.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 155.
(i) Onderwyswette en regulasies ........ 155.
(ii) Toepassing van die Christelike beginsel.... 157.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees........ 159.
(i) Onderwyswette en regulasies ........ 159.
(ii) Toepassing van die nasionale beginsel...... 163.
3. Die standpunt van die kerk........ 169.
(a) Die Gereformeerde Kerk ........ 169.
(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk ........ 170.
(c) Die Ned. Herv. Kerk ........ 171.
4. Samevatting ........ 172.

## HOOFSTUK V.

### DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL BESTENDIG IN DIE TYDPERK VAN DR. NICOLAAS MANSVELT.

1. Inleiding ........ 174.
2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 174.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer van skole .. 174.
(i) Onderwyswette en regulasies ........ 174.
(ii) Toepassing ........ 178.
(b) Die Skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 181.
(i) Onderwyswette en regulasies ........ 181.
(ii) Die Transvaalse Onderwyswet van 1892 met betrekking tot die Christelike onderwys.... 183.
(iii) Toepassing ........ 185.
(c) Die Skoolopvoeding moet nasionaal wees ........ 187.
(i) Wet No. 8 van 1892 met betrekking tot nasionale onderwys ........ 189.
(ii) Toepassing ........ 191.
3. Reaksie van die ouers ........ 194.
4. Die stryd in die Volksraad ........ 196.
5. Die standpunt van die kerk ........ 197.
(a) Die Gereformeerde Kerk ........ 197.
(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk ........ 198.
(c) Die Ned. Herv. Kerk ........ 200.
6. Die stryd tussen die Kaaplander en Hollander onderwysers ........ 200.
7. Die verskillende standpunte van die ouers ........ 201.
8. Samevatting ........ 204.

## HOOFSTUK VI.

### DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VERWAARLOOS ONDER KROONKOLONIE BESTUUR 1900-1906.

I. Onderwys....../-viii.

I. Onderwys gedurende die oorlogsjare 1900-1902.
1. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 206.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ............ 206.
(i) Die Kampskole .............................. 206.
(ii) Reaksie van die ouers ....................... 209.
(iii) Die rol van „Vriendekring." ................ 210.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 211.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 212.
(i) In die kampskole ............................ 212.
(ii) Reaksie van die Boerebevolking ............. 215.
II. Onderwys onder die Kroonkolonie bestuur 1902-1905.
2. Die Gereformeerde beginsel en die Skoolopvoeding .... 217.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer ........... 217.
Ordonnansie No. 7 van 1903 ................... 217.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ....... 219.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 221.
3. Die C.N.O.-beweging .............................. 225.
4. Die standpunt van die kerk ....................... 227.
(a) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk ................. 227.
(b) Die Ned. Herv. Kerk ........................... 228.
(c) Die Geref. Kerk ............................... 229.
III. Die Selborne-Minute van 17 November 1905.
5. Inleiding ........................................ 232.
(a) Lord Milner word deur Lord Selborne vervang .... 232.
(b) Sir John Adamson word Direkteur van Onderwys.... 232.
(c) Onderhandelinge van Lord Selborne met verteenwoordigers van „Het Volk"-party ................. 233.
6. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 235.
(a) Bepalinge van die „Selborne-Minute" in verband met die oprigting, instandhouding en beheer van skole.................................... 235.
(i) Skoolkomitees ............................. 235.
(ii) Adviserende skoolrade ...................... 235.
(iii) Die aanstelling van onderwysers ........... 235.
(iv) Sekondêre en hoërskole ..................... 236.
(b) Bepalinge van die „Selborne-Minute" in verband met Christelike en Nasionale onderwys .......... 237.
7. Reaksie van die ouers - „Selborne-Minute"............ 238.
(a) Die Pers ...................................... 238.
(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk ................. 238.
(c) Die Geref. Kerk ............................... 238.
(d) Die Ned. Herv. Kerk ........................... 239.
(e) Die C.N.O.-kongres van 1905.................... 239.
(f) Die Tweede C.N.O. kongres 1906................. 240.
8. Samevatting ...................................... 241.

## HOOFSTUK VII.

### DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VERWERP EN DIE BRITSE ONDERWYSBEGINSEL VAN OPENBARE ONDERWYS GEHANDHAAF 1907 - 1910.

1. Inleiding ........................................ 244.

2. Die grondbeginsels waarop die konseponderwyswet van 1907 gebaseer is en hoe dit van die gereformeerde beginsel in die onderwys afgewyk het ........ 246.
(a) Die C.N.O.-skole .................... 246.
(b) Ouerseggenskap .................... 247.
(c) Kostelose onderwys en leerplig .................... 247.
(d) Die Taalvraagstuk .................... 247.
(e) Godsdiensonderwys .................... 248.
3. Die Smutsonderwyswet van 1907 .................... 248.
4. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.... 248.
(a) Die Smutsonderwyswet met betrekking tot oprigting, instandhouding en beheer .................... 248.
(b) Die Smutsonderwyswet met betrekking tot die Christelike onderwys .................... 251.
(c) Die Smutsonderwyswet met betrekking tot die nasionale onderwys .................... 251.
5. Die Britse invloed in die Smutsonderwyswet van 1907.. 252.
6. Reaksie van die Boerebevolking op die Smutswet....... 254.
(a) Die aandeel van die kerk .................... 258.
(i) Die Geref. Kerk .................... 258.
(ii) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk .................... 261.
(iii) Die Ned. Herv. Kerk .................... 262.
(b) Christelik-Nasionale-Onderwys (C.N.O.).......... 262.
7. Samevatting .................... 266.

## HOOFSTUK VIII.

### DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE AGTERGROND TUSSEN 1910-1930.

1. Inleiding .................... 268.
2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 269.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer .................... 269.
(i) Onderwyswette en regulasies.................... 269.
(ii) Aanbevelings van kommissies i.v.m. oprigting, instandhouding en beheer .................... 269.
(1) Die Provinsiale Administrasie-kommissie (Jaggerkommissie 1916)...... 269.
(2) Die Malherbekommissie .................... 271.
(3) Die Hofmeyrkommissie .................... 274.
(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 275.
(i) Onderwyswette en regulasies.................... 275.
(ii) Aanbevelings van kommissies i.v.m. Christelike onderwys .................... 275.
Die Provinsiale Onderwyskommissie van 1917 .................... 275.
(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 277.
(i) Onderwyswette en regulasies .................... 277.
(ii) Aanbevelings van kommissies i.v.m. nasionale onderwys .................... 279.
Die Provinsiale onderwyskommissie van 1917.................... 279.
3. C.N.O. .................... 281.
(a) Die C.N.O.-kongres van 1911 .................... 281.
(b) Die C.N.O.-kongres van 1912 .................... 282.
(c) Die C.N.O.-kongres van 1913 .................... 283.
(d) Die kongres van die Vrystaatse Propaganda-Vereniging van 1916.................... 284.
(e) Die Kerklike Onderwyskongres van 1917 .......... 285.

(f) Die C.N.O.-kongres van 1918 .................... 286.
(g) Die konferensies van 1927 en 1928 .............. 288.
4. Die standpunt van die kerk.......................... 289.
(a) Die Gereformeerde Kerk .......................... 289.
(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk ................. 292.
(c) Die Ned. Herv. Kerk ............................. 296.
5. Samevatting ........................................ 298.

## HOOFSTUK IX.

### DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE ONDERWYS VANAF 1930-1963 - 'N NUWE BENADERING.

1. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding..... 302.
(a) Oprigting, instandhouding en beheer van skole .......................................... 302.
(i) Die Nicol-verslag ......................... 302.
(1) Die plig van die staat ................ 302.
(2) Die plig en voorreg van die Ouers..... 302.
(3) Die skool in die gemeenskap........... 303.
(4) Die onderwysers ....................... 303.
(ii) Onderwyswette en regulasies .............. 305.
Die Onderwysordonnansie van 1953......... 305.
(b) Die Skoolopvoeding moet Christelik wees ........ 308.
(i) Die Nicol-verslag ......................... 308.
(ii) Onderwyswette en regulasies................ 309.
Die Onderwysordonnansie van 1953........ 309.
(c) Die Skoolopvoeding moet nasionaal wees ......... 311.
(i) Die Nicol-verslag ......................... 311.
(ii) Onderwyswette en regulasies .............. 314.
(1) Onderwyswet (Taal)-Wysigingsordonnansie van 1934 ......................... 314.
(2) Taalordonnansie van 1945 ............. 314.
(3) Taalordonnansie van 1949 ............. 316.
(4) Die onderwysordonnansie van 1953 ..... 316.
(5) Wet No. 86 van 1962 .................. 317.
2. Reaksie van die Boerebevolking ..................... 319.
(a) Die formulering van die begrip van „Vrye Groepskole" deur prof. J. Chr. Coetzee............... 319.
(b) Die C.N.O.-aksie en die drie Afrikaanse kerke... 322.
(c) Die handhawing van die gereformeerde beginsel in die voorgestelde „Onderwyswet vir die Republiek van Suid-Afrika" deur prof. dr. H.J.J. Bingle ondervoorsitter van die Nasionale Onderwysadviesraad ............................ 336.
3. Samevatting ........................................ 341.

## HOOFSTUK X.

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

1. Histories .......................................... 344.

2. Prinsipieel .................................................. 348.
(a) Die grondslag van die Gereformeerde Beginsel.... 348.
(i) Skoolopvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar ........................... 348.
(ii) Die onderwys moet Christelik wees ......... 348.
(iii) Die onderwys moet Nasionaal wees .......... 349.
(b) Die rol van die ouer, staat, kerk en onderwysers ................................................ 349.
3. Prakties ................................................... 351.
(a) Die gereformeerde beginsel en die huidige Staatskool ........................................ 351.
(b) Die gereformeerde beginsel en die Staatsondersteunde skool of „Vrye Groepskool".............. 353.
(i) Skoolopvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar ................................ 353.
(1) Oprigting van skole.................... 353.
(2) Instandhouding van skole............. 354.
(3) Beheer van skole........................ 354.
(ii) Die gees en rigting van die skool.......... 355.
4. Slotsom.................................................. 356.

Bylaag I. Die Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika ................................................ 358.

BIBLIOGRAFIE ............................................. 367.

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

### 1. Probleemstelling.

Die „Gereformeerde Beginsel" in die onderwys is 'n uiters wye begrip wat vatbaar vir verskillende vertolkings kan wees, nie alleen ten opsigte van die aard nie, maar ook ten opsigte van die inhoud. Dit is dus nodig dat die begrip enigsins nader bepaal word.

Eerstens moet aangetoon word dat dit nie in eng kerklike verband gesien word nie. Dit moet nl. nie as 'n „gereformeerde beginsel" vertolk word, as synde 'n beginsel van die Gereformeerde Kerk as sodanig nie. Dit word dus nie in 'n kerkistiese nie, maar wel in 'n reformatoriese sin gebesig. Die „gereformeerde beginsel" is die Calvinistiese vertolking, en „gereformeerd" dui op die belydenis van die Gereformeerde-, Nederduits Gereformeerde- en Nederduits Hervormde Kerke soos saamgevat in die Drie Formuliere van Enigheid.

Tweedens wil ons aantoon dat die „gereformeerde beginsel" in die onderwys al die terreine van die onderwys raak. Dit raak die kernaangeleentheid van skoolstigting, instandhouding, beheer en die bepaling van die gees en rigting in die onderwys.

### 2. Doel en terrein van die studie.

Hoewel beginsels nie verander nie, vind daar tog ontwikkeling plaas in die sekondêre of afgeleide beginsels na gelang die kerklike en landsomstandighede verander, en die deurdenking meer wetenskaplik word. Alhoewel die waarheid van die Woord van God onveranderd staan, verander en ontwikkel die menslike insig daarin gedurig. Van tyd tot tyd verander die interpretasie daarvan, omdat die menslike verstand dit maar net gedeeltelik verstaan. Hierdie ontwikkeling en nuwe interpretasies doen egter aan die waarheid

van die....../-2-

van die beginsel niks af nie, maar om vir ons waarde te hê, moet die nuwe 'n voortsetting, 'n uitbouing van die oue wees.

In dié proefskrif sal getrag word om die grondslag van die „gereformeerde beginsel" a) in die Bybel, en b) in die Sinodale besluite van die Gereformeerde-, Nederduits Gereformeerde en Nederduits Hervormde Kerke aan te toon, en vervolgens 'n ontleding daarvan te gee. Daar sal nagegaan word wat van hierdie beginsel gedurende die tydperk van 300 jaar in die praktyk geword het en hoe daar 'n voortdurende verandering en ontwikkeling was, totdat daar gekom is tot wetenskaplik suiwerder uitgewerkte besonderhede van die beginsel. Laastens sal daar gewys word op die praktiese toepassing van die beginsel in die onderwys soos die titel aandui, nl. „Die Gereformeerde beginsel in die onderwys, in Transvaal tot 1963".

3. <u>Die „Gereformeerde Beginsel"</u>.

(a) <u>Grondslag</u>.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner is kragtens die diepgewortelde godsdienstigheid van ons volk gevestig in die Gereformeerde belydenis soos vandag nog in die belydenisskrifte van ons Afrikaanse kerke vervat. Die grondslag van hierdie belydenis is dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom gesagdraend is.[1)]

As eerste fundamentele beginsel leer die Heilige Skrif ons: „Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in der ewigheid. Amen" (Rom. 11:36). Hierdie teosentriese waarheid is die grondslag van die Calvinistiese Godskennis, van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en van die Calvinistiese lewenshouding en lewenstyl.

---

1) H.J.J. Bingle: <u>Onderwysblad</u>, 1 Julie 1962, 74.

Vir die Calvinis is hierdie grondbeginsel dus universeel: dit betref alle dinge. Die Calvinis lewe dan ook universeel uit hierdie grondwaarheid en hy bely dit konsekwent. Hy besef dat God alles in sy hand hou, dit beskik en bestier en dat die mens in alles wat hy doen en laat, voor Gods aangesig staan en vir alles wat hy doen en laat, aan God verantwoordelik is.[1]

Hierdie grondwaarhede gee egter ook die eenheid aan sy geloof en aan sy lewens- en wêreldbeskouing, aan sy lewenshouding, lewenstyl en lewenservaring.

Hierdie teks hou egter ook 'n tweede beginsel in wat die Calvinis ook in alle konsekwensies aanvaar en bely, nl. dat God absoluut soewerein is oor alles wat Hy geskape het, ook oor die mens in al sy doen en late en dat die mens onder die wil en die wet van God staan en Hom in alles gehoorsaam moet wees.

Stoker vat die konsekwensie van hierdie twee beginsels soos volg saam: „Hierdie wêreld, die hele skepping, ook die mens met sy godsdiens en kultuur, d.w.s. sy sedelike optrede, met sy regsvorming, met sy kunsskepping, met sy bou van taal, van wetenskap en van ekonomie en handel, ja, met sy hele geskiedenis, ook met sy kerk, met sy staat en politiek, met sy volksbou, gesinsvorming en maatskappyvorming, met sy hele lewe, ook sy natuurlike lewe - dit alles behoort aan God en staan in Sy diens en is bestem tot Sy eer en verheerliking. En Christus is nie net Verlosser en Saligmaker van die in sonde gevalle mens nie maar ook Herskepper van die ganse heelal. Koning op alle terreine van menslike bedrywigheid, en nie net van sy kerk nie. En Gods Woord is nie net bedoel om die

mens......./-4-

---

1) H.G. Stoker: Koers, Deel XIX, Nr. 4, Feb.-April 1952, 163.

mens op die kruis van Christus te wys nie maar belig die hele werklikheid en is „'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (ps. 119:105).... Hierdie waarheid dat alles aan God behoort en aan Sy Christus, en ons alles, ook ons hele lewe, „in U lig" moet sien en daarvolgens moet wandel, bely en handhaaf die Calvinis in alle konsekwensies. Dit is dan ook die Calvinisme wat as 'n totalitêre Christendom in alle konsekwensies die noodsaaklikheid insien van 'n Christelike wetenskap, 'n Christelike politiek, 'n Christelike kuns, 'n Christelike ekonomie, ja, van die christianisering van die hele kultuur en nie net die noodsaaklikheid van 'n Christelike godsdiens stel nie; en wat verder die eis stel van 'n Christelike verlowing, 'n Christelike huwelik, 'n Christelike gesin, 'n Christelike volk, 'n Christelike skool, 'n Christelike vakvereniging, ja, van die christianisering van die hele samelewing en hom nie net beywer vir en in 'n Christelike kerk nie".[1)]

Die gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing haal dus sy beginsels vir alle terreine van die lewe uit die Woord van God, en omdat die beginsel vir die onderwys in die lewens- en wêreldbeskouing veranker is, moet die beginsel daarvoor ook uit die Bybel gehaal word.

Waar die gereformeerde ouer dus die eerste fundamentele beginsel wat die Bybel ons leer, as die grondslag van sy lewenshouding aanneem, en daardeur besef dat hy vir alles wat hy doen en laat aan God verantwoordelik is, besef hy ook dat hy verantwoordelik staan teenoor God vir die wyse waarop hy sy kinders wat deur God aan hom geskenk is, opgevoed het. Daarom is dit

die........./-5-

---

1) H.G. Stoker: Koers, Deel XIX, Nr. 4, Feb.- April 1952, 164.

die plig van die ouer om sy kind so goed moontlik op te voed en te onderwys of te laat onderwys, sodat die kind ook dié dinge kan verstaan en op sy beurt God daardeur kan verheerlik. En waar die gereformeerde ook die tweede beginsel aanvaar en bely: dat God soewerein is en die mens Hom in alles gehoorsaam moet wees, is dit vanselfsprekend dat hy moet doen soos God hom beveel het om te doen in Sy Woord. Waar ons dan in Deut. 4: 9 lees: „Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie: en jy moet dit jou kinders en kindskinders bekend maak",is dit 'n bevel van God aan die ouers wat gehoorsaam moet word. In Deut. 6: 6-7 lees ons: „En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan".

Die gereformeerde beginsel in die onderwys nl. dat die onderwys en opvoeding van die jeug die verantwoordelikheid van die ouers is, kan dus terug gevoer word na die Bybel waar talle voorbeelde gevind word.[1)]

(b) Vertolking van die beginsel deur die Kerk.

(i) Die doopsformulier.

Die Kerk het die Gereformeerde beginsel saamgevat in die doopsformulier. Die Kerk het egter nie by die doopsformulier bly staan nie, maar deur die tyd is dit geïnterpreteer in sinodebesluite.

Die beginsel van verantwoordelikheid vir die opvoeding in die hele verbodsgedagte lê

in die......../-6-

1) Kyk Gen. 17:7; Ex. 12: 24-27; Ex. 13: 14,15; Deut. 4:9; Deut. 6:6, 7: Ps. 78: 3-6; Hand. 2:39; Efese 4:4.

in die Skrif. Die Doop en die doopbelofte is gebou op die verbondsgedagte. Die kinders is in die verbond gebore, en moet daarom kragtens die genadeverbond ook as erfgename van die ryk van God en Sy verbond opgevoed word. Hulle word nie gedoop om deur die doop erfgename te word nie, maar hulle ontvang die doop omdat hulle erfgename is. Die verbondsgedagte wys aan die huisgesin sy bestemming aan: om 'n godsdienstige gemeenskap te wees, 'n gemeenskap van die heiliges. Die ouers moet hulle kinders laat verstaan dat die verbond 'n persoonlike gemeenskap met God is, omdat dit die hele mens met liggaam en siel opeis vir die diens van God. Dit behels die mens se hele lewe en al sy lewensterreine en bind hom aan die lewende God met 'n liefde wat sterker is as die dood. Die plig van die ouers is dus om die kinders op te voed in die vrees en vermaning van die Here. Op hulle skouers rus die dubbele roeping om op te voed na liggaam en siel vir hierdie en die toekomstige lewe.[1)]

Die derde doopvraag lui: „Ten derde beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het, van wie u vader (moeder of getuie) is, in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig"? Die belofte hier afgevra, het die grondslag wat elders in die doopformulier soos volg uitgedruk word: „En die ouers sal verplig wees om hulle kinders, as hulle opgroei, hieromtrent breedvoeriger te onderrig".

As ons kom tot 'n ontleding van die derde doopvraag, kom ons tot die besef van die taak van die ouer. Volgens die formulier het God met die ouers en met hulle kinders 'n verbond opgerig. In dié verbond word die kind deur die doop bevestig sonder dat hy bewus is wat met hom gebeur. Op die ouer rus dan die verantwoordelikheid om

aan die......../-7-

1) Kyk voetnoot 1) op vorige bladsy.

aan die kind die weldade wat God in die doop beloof het, bekend te maak en om hom te leer dat hy van jongs af verplig is tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Dit is heel natuurlik dat dit die taak van die ouers moet wees, want hulle is immers kragtens die bande van bloed die mees natuurlike opvoeders.

Die ouer-wees bring van Godsweë 'n drievoudige amp met hom mee. Dit omvat 'n profetiese taak, nl. om die kind te leer van die weg wat hy moet gaan; 'n priesterlike taak, nl. om op die belofte van die doop vir die kind te pleit en 'n koninklike taak, nl. om die kind te regeer en deur wyse tug sy spore te rig op die pad van die geregtigheid.[1)]

Aangaande die inhoud van die onderwys wat die ouer moet gee wys die formulier duidelik die weg. Daar staan dat die ouer die kind hieromtrent (m.a.w. die Gereformeerde geloofsleer) breedvoeriger moet onderrig. Die huisonderwys het dus sy uitgangspunt te soek in die doop. Die ouer moet dus as die kind dit kan verstaan, aan hom leer wat in die formulier aangaande die doop geleer word. Maar daar staan ook die ouer moet die kind hieromtrent breedvoeriger onderrig. Daarmee word bedoel: breedvoeriger as wat dit in die formulier geskied. Daar moet 'n uiteensetting gegee word van die hele leer van die verbond soos dit in die Skrif verduidelik word, ja, die hele heilsopenbaring, al die skrifture moet tema wees van die breër onderwys waartoe die ouer van Godsweë verplig is.[2)] Die ouer moet aan die kind al die dinge verduidelik sodat hy die heiligdomme van God kan binnetree, want die vrees van

die......../-8-

---

1) B. Wielenga: Ons Doopformulier, 142 en 264.
2) B. Wielenga: Ons Doopformulier, 145.

die Here is die beginsel van kennis (Spreuke 1:7) en ook om te haat wat sleg is (Spreuke 8:13).

Daar staan ook verder: „na u vermoë te onderrig of te laat onderrig". In hierdie woorde lê die beginsel van die Christelike onderwys uitgedruk. Die vader is self die van God geroepe onderwyser en die moeder die natuurlike onderwyseres van die kind. Maar, waar die onvermoë uit oorsaak van gebrek aan tyd of kragte duidelik is, moet die kind na 'n skool gestuur word waar hy ooreenkomstig die leer onderrig word. So 'n inrigting is in die eerste plek die Christelike skool.[1]

(ii) Sinodale besluite.

Soos reeds aangetoon het die Kerk nie by die doopsformulier bly staan nie, maar is die beginsel daarin geïnterpreteer in sinodale besluite.

Die Hervorming het die stryd teen die alleenheerskappy van die Roomse Kerk aangeknoop in die vryheid van die geloof. Dit het ook die stryd aangeknoop teen die skolastiese wysheid omdat dit 'n wysheid van die wêreld was en nie 'n wysheid uit die Woord van God nie.[2]

Dat hierdie beginsel nie konsekwent toegepas is nie, moet toegeskryf word aan die feit dat die saak van die Hervorming deur Rome tot 'n politieke saak gemaak is. Die verhouding van staat, kerk en skool is eerder bepaal deur die praktiese eise van die tyd as deur die krag van die reformatoriese beginsel. Die algemene beskouing dat die bestaan van die staat onafskeidelik verbind is met die bestaan van die Kerk, was ook by die Protestantse owerheid aanwesig, met die gevolg dat die skole deur die



---

1) B. Wielenga: *Ons Doopformulier*, 275.
2) J.Chr. Coetzee: *Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek*, 94.

staat opgerig is en onder toesig van die Kerk was-'n stelsel dus van kerklike staatskole. Die Hervorming het dus nie suiwer op die beginsel gestaan nie.

Die Partikuliere Sinode van Dordrecht 1574 het besluit dat die predikante ondersoek moes instel na die aanstelling van onderwysers en waar die aanstelling nodig was, by die lokale owerheid daarop aandring. Verder moes hulle toesien dat die onderwysers die belydenisskrifte onderteken, hulle aan die kerklike tug onderwerp, die kinders in die kategismus onderrig, ens.[1]

Die Sinode van Dordrecht 1578 en van Middelburg 1581 het op presies dieselfde weg voortgegaan. Die Sinode van Dordrecht van 1578 het besluit: „Men sal arbeiden dat overal scholen opgericht worden in den welken de kinderen niet alleen in spraken en de konsten, maar ook voornemelick in den christelicken catechismo onderwesen ende totten predicatien gheleydet worden".[2]

Die bepaling van die Sinode van 'sGravenhage 1586, lui: „De Kerckenraden sullen alomme toesien datter ghoede Schoolmeesters syn die niet alleene de kinderen leeren schryven, spraken ende vrye consten, maer ook de selve in de godsalicheyt ende inden Katechismo onderwysen".[3]

Hoe die kerklike toesig in die verlede plaasgevind het, blyk uit die model van die „Utrechtsche Schoolinstructie", nl. „de gemeene Schoolordeninge" wat met die Nas. Haagsche Sinode van 1586 „in Synode was gestelt". Dit lui soos volg: „Alsoe wij hoochnoodich bevonden tot opbouwinge der kercken ende republicquen,

ende......../-10-

1) Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1939, 104.

2) Gesiteer uit Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 120.

3) Dordtse Sinode 1618-1619, Kerkorde art. 21.

ende welstandt vanden lande, ende inde jonge jeucht van kindes been aff wel opgevoet, ende inde kennisse Godts van spraken ende goede konsten onderwesen worden, waertoe van oudts her ende tot allen tijden de scholen zijn ingestelt, de welcke daerom seminaria Ecclesiae ende Reipublicae zijn genaemt geworden, dat oock over de voorss. scholen bij onsen tijde goede acht ende opzicht genomen worde, ten eynde dat de zelve daerse vervallen zijn, weder opgerichtet ofte daerse uyt het pausdom ten deele nocht overbleven zijn, met de reformatie der kercken, ende indeze claerheit des Evangelii, oock te gelycke gereformeert ende bequamelick ingestelt worden: Soo ist, dat wy daeromme, ende om de verscheyden abusen der scholen in dese vereenichde Nederlandtsche Provintien wesende: by advies ende deliberatie van onze seer lieve getrouwe de luyden vanden Rade van State neffens ons wezende, deze navolgende ende gearresteert hebben, zoo wy de zelve ordineren ende arresteren by dezen, alomme binnen deze geunieerde Provincien onderhouden te worden.

Inden eersten, sullen de kerckenraden ende classen arbeyden, dat neffens den opentlicken dienst des Goddelicken woorts, oock de Schooldiensten by hen respectivelick nae gelegentheyt van een yegelicke stadt, plaetze oft Dorpeaen gestelt worden, ofte daar de zelve van langen tyden her geweest zijn, neerstich onderhouden, ende daer het noch niet geschiet is, inde nevolgende stichen wel geformeert worden:

Tot bedieninge van dese schooldiensten zullen alomme ende in allen plaetzen goede Godzalighe welgequalificeerde Schoolmeesteren ofte Schoolvrouwen, nae gelegenheyt der scholen die sy bedienen, vander spraken ende goede konsten, die sy leeren verordineert worden.

Niemant......./-11-

Niemant sal oprichten eenige scholen by hemzelven, dan met voorgaende oordeel des kerckenraets oft classis ende met concent der Magistraten vander plaetze."

Tiperend van die destydse praktyk, sluit die instruksie soos volg af: „Alle welcke poincten ende articulen wy by dezen wel expresselicken ordonneren ende bevelen, by allen Magistraten, Justicieren, Officieren, kerckenraden ende dorpen binnen dese vereenichde provincien, ende allen anderen diet raken ende aangaen mach, onderhouden ende nagevolght te worden. Ende ten eynde niemandt hiervan ignorantie en pretendere, sal deze tegenwoordige binne alle steden gepubliceert worden ter plaetze daermen gewoonlick is publicatie te doen."[1)]

Met die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619), is daar 'n nuwe mylpaal op die gebied van die skoolorganisasie bereik in dié opsig dat daar veral getrag is om die pligte van die staat, die kerk en die skool met betrekking tot die onderwys duidelik te omskryf. Die Christelike opvoeding in die huisgesin is voorop gestel en die skool moes op hierdie grondslag voortbou. Die volgende bepaling in dié verband is tydens die 17de sitting van die Sinode aangeneem: „Opdat de Christelicke jeucht van hare teedere jaren aen neerstelicken inde fornamenten der ware Religie onderwesen, ende met ware Godsalicheyt vervult moghe worden: soo moet dese driederley wijse van Catechisere waargenomen worden. Inde huysen vande ouders: inde schole vande schoolmeesters: ende in de kercken van de predicanten."[2)]

Daar is ook besondere klem gelê op die bekwaamheid van die onderwysers. Alleen persone wat lidmate van die Gereformeerde Kerk was en wat 'n opregte geloof besit het, vroom gelewe het, en wat

in die......./-12-

---

1) Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, 1942,46-47.

2) „Acta Synodi Nationalen Ghehouden tot Dordrecht", 49-50 (Uitgawe van 1621). Aangehaal deur Badenhorst: Die aandeel van die Kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie, 19.

in die katkisasieleer goed geoefen is, is as onderwysers toegelaat. Die aard van die leerstof het ook meegebring dat toesig van die kant van die kerk noodsaaklik was.[1]

(iii) <u>Art. 21 K.O.</u>

Art. 21 van die Kerkorde lui: „De Kerckenraden sullen alomme toesien datter ghoede Schoolmeesters syn die niet alleene de kinderen leeren schryven, spraken ende vryen consten, maer ook de selve in de godsalicheyt ende inden Katechismo onderwysen." Dit is dan dieselfde bepaling van die Sinode van 'sGravenhage 1586 wat ongewysig oorgeneem is.

Die bepaling van Dordt (1618-1619), wat berus het op die vroeëre ordonnansies en skoolordeninge is deur die staat bekragtig en het meer as twee eeue lank as grondslag van die skoolorganisasie gedien.[2]

Die Franse Rewolusie het egter openlik die religie verwerp, die band tussen kerk en staat verbreek en die Kerk sy invloed op die belydende karakter van die skool ontneem. Gevolglik het die Christelike ouers in die 19e eeu in verset gekom teen die neutrale, rewolusionêre owerheidskole en die Gereformeerde Kerke het verkondig dat die skool van die gemeenskap van ouers moet uitgaan en het die kerklike toesig ook in dier voege toegespits.[3] Daar was geen verandering in die beginsel van kerklike toesig op die skoolonderwys soos neergelê in art. 21 K.O. nie, maar wel 'n verandering van siening t.o.v. oprigting, instandhouding en beheer van die skole.

Dit is te begrype dat die Gereformeerde Kerke, nadat deur die Hervorming, naas die

Roomse...../-13-

1) Badenhorst: <u>Die aandeel van die Kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie</u>, 50.

2) J. Kuiper: <u>Geschiedenis van het Christelikjke Lager Onderwijs in Nederland 16 na Chr.</u> 1897, 17.

3) <u>Handelinge 27e Sin. Verg. van die Gereformeerde Gemeentes in S.A.</u>, 1942, 48.

Roomse Owerhede met hulle Roomse Owerheidskole ook Gereformeerde Owerhede totstand gekom het, by die Gereformeerde Owerhede sou aandring op die hervorming van bestaande skole of die oprigting van Gereformeerde Owerheidskole. Dit is ook te begrype dat die Gereformeerde Kerke, nadat die Franse Rewolusie die religie verwerp het en die neutrale owerheidskole die oorhand verkry het, toe weer by die Gereformeerde ouers sou aandring op die oprigting van Gereformeerde skole of skole met die Bybel as grondslag, i.p.v. by neutrale owerheidskole.

Die verhouding tussen kerk en skool met die Hervorming, toe die Gereformeerde Kerke die oprigting van Christelike skole van die owerheid laat uitgaan het en ook by die owerheid daarop aangedring het, was nie volgens die gereformeerde beginsel nie. Veel eerder was dit 'n praktiese skoolonderwyspolitiek vanuit kerklike oogpunt gesien, waardeur die kerke destyds die gemaklikste kon toesien dat daar Christelike skole sal wees waar Christelike onderwys gegee word. Dit kon maklik gebeur omdat dit 'n Christelike staat was. Die destydse goeie verhouding tussen kerke en owerhede het nie die kerklike verhouding tot die skoolonderwys bepaal nie, maar het net die kerklike toesig op die onderwys na die eis van art. 21 K.O. vergemaklik en bevorder.[1]

Artikel 21 K.O. lê nie as 'n beginsel neer dat vir die kerklike toesig die oprigting, instandhouding en beheer van die skole juis net van die owerhede moet uitgaan nie. Artikel 21 bepaal ook nie dat die skool van die gemeenskap van ouers moet uitgaan nie, hoewel dit deur die kerke in die skoolstryd sedert die Franse Rewolusie as 'n suiwer skriftuurlike beginsel vir die christelike skoolwese uitgespreek is.[2] Alhoewel

daar......../-14-

1) Handelinge 27e Sin. Verg. van die Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1942, 49.

2) Ibid., 49.

daar geen teks in die Bybel hiervoor aan te dui is nie, kan dit afgelei word van wat die Bybel i.v.m. die opvoeding leer.

<u>Die Generale Sinode van Leeuwarden</u> (1920) het besluit dat 'n herformulering van art. 21 K.O. om aan te pas by die huidige toestande nie nodig was nie, maar was van oordeel „dat de grondgedachten, welke van de roeping der kerk tegenover het Gereformeerde leger onderwijs gelden moeten wel voldoend vaststaan, want dat het de algemeene oortuiging is, dat de scholen niet van de Kerken, maar van die ouders moeten uitgaan, (Acta van Dordrecht 1893 art. 235); dat de roeping van de kerk is, de ouders tot stichting van zulke scholen aan te sporen, waar ze nog niet zijn; dat toezicht van Kerkeraadswege op het onderwijs gewenscht is; en dat de Kerken ook finantieël te zorgen hebben, dat de arme kinderen der gemeente van dit onderwijs gebruik kunnen maken".[1)]

Hier vind ons dus 'n nuwe perspektief by Leeuwarden. Waar Dordt die staatskole aanvaar, verklaar die sinode van Leeuwarden pertinent dat die ouers die skole moet oprig. Die kerklike toesig oor die skole bly egter steeds dieselfde soos deur die Sinode van Dordt verklaar:- „Al is het schoolonderwijs geen zaak der kerk, toch heeft de kerk groot belang bij een goed Christelijk onderwijs der jeugt en is het daarom wel degelijk de roeping van den kerkraad, om ook nu tog toe te zien, dat er Christelijke scholen zijn en dat daaraan ook religieus onderwijs wordt gegeven; alleen zullen de kerkeraden daartoe thans niet bij de owerheid hebben aan te dringen, maar de Christelijke ouders in dezen op hun plicht wijzen".[2)] In die jaar 1920 is die lang skoolstryd in Nederland beëindig en het die

Christelike...../-15-

---

1) Jansen en Pol: <u>Kerkenordening van die Gereformeerde Kerken in Nederland</u>, 186.

2) <u>Handelinge 27e Sin. Verg. van die Geref. Kerk in Suid-Afrika</u>, 1942, 48.

Christelike beginsel geseëvier.

Ook in Suid-Afrika het die kwessie van herformulering van art. 21 K.O. ter sprake gekom. Op die 55ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, 1936 is 'n belangrike besluit insake hierdie artikel geneem, te wete: „Die Sinode oordeel of die tyd nie gekom het nie om art. 21 van die K.O., waarin die betrekking van die kerkrade teenoor die onderwys van die jeug bepaal word te herformuleer en dra dit aan 'n kommissie van pre-advies op om hiervan 'n studie te maak en volgende Sinode te rapporteer".[1)]

Die kommissie van pre-advies rapporteer op die Algemene Sinode van 1939 i.s. art. 21 van die K.O., by monde van sy rapporteur, ds. D.N. Kotze.

Die kommissie kom tot die gevolgtrekking dat as mens art. 21 oppervlakkig lees, dit lyk of oor kerkskole gehandel word. By nader ondersoek blyk dit egter nie die geval te wees nie. In die 17de eeu het die skool nie van die kerk uitgegaan nie, maar van die owerheid. In die artikel gaan dit dus nie oor die roeping van die kerk om skole te stig nie, maar wel om oor hulle toesig te hou.

In 1816 met die opstelling van die Kerkorde, het daar heeltemal 'n ander verhouding bestaan tussen Kerk en Owerheid as wat op hierdie stadium in Suid-Afrika die geval was. Daar moet ook onthou word dat die Sinode in 1933 die stelsel van staatskole, waarvan art. 21 uitgaan, in beginsel verwerp het. Die kommissie bevind dan dat 'n herformulering noodsaaklik is en doen aan die hand dat 'n deputaatskap benoem word om die beleid van die Kerk t.o.v. C.N.O. neer te

lê en......../-16-

1) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1936, art. 65.

lê en dat hulle veral moet aandag gee aan die vraagstuk van die taak van die Kerk as instituut t.o.v. die skool.

'n Verteenwoordigende deputaatskap[1] om op die saak van C.N.O. in te gaan en by die volgende Sinode te rapporteer, word benoem.[2] Hierdie deputaatskap rapporteer dan in sy meerderheidsrapport dat die 1933-besluit nie 'n verandering teweegbring in die beginselstandpunt van kerklike toesig oor die onderwys nie, maar wel in die praktiese uitoefening daarvan. Die betekenis van art. 21 van die Kerkorde is dat dit die roeping en plig van die Kerk is om toesig oor die onderwys te hou, d.w.s. om te sorg dat daar orals Christelike skole en onderwysers is en dat godsdiensonderwys nie verwaarloos word nie. Daarom beveel die deputaatskap aan dat die artikel so bly staan. Artikel 21 K.O. stel die verhouding van die kerkrade tot die onderwys van die jeug suiwer, en laat die ander verhoudingsvraagstukke grotendeels buite bepaling.[3]

In 1962 skryf prof. A.P. Malan in „Die Kerkblad"[4] in verband met art. 21: „Sonder om artikel 21 van die Kerkorde in sy historiese verband te lees en diensooreenkomstig te vertolk, kan dit vandag nie meer gehandhaaf word nie. Dit is nie die spesifieke taak van kerkrade om toe te sien dat daar goeie onderwysers is nie en ook nie die funksie van onderwysers om kategetiese onderrig in die skole te gee nie. Hierdie opdrag behels die oorskeiding van die soewereiniteitsgrense tussen kerk en skool na beide kante.

Natuurlik het die Kerk groot belang by die skole wat onderrig gee aan die verbondskinders

van sy......../-17-

1) bestaande uit proff. C.J.H. de Wet (saamroeper), J.Chr. Coetzee, L.J. du Plessis, inspekteur J.H. Aucamp en ds. P.G.W. Snyman.

2) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk van Suid-Afrika, 1939, artt. 120, 176.

3) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 8.

4) Die Kerkblad, 20 Junie 1962.

van sy lidmate. Oor hulle geestelike belange moet kerkrade waak en dit is wat artikel 21 eintlik bepaal:

Kerkrade moet orals toesien dat die ouers hulle kinders in die vrees van die Here laat opvoed en onderrig. Dit dek sowel die onderwys as die opvoeding in die skool, want die vrees van die Here is die beginsel van kennis en ook om te haat wat sleg is (Spreuke 1:7 en 8:3)".

In die volgende paragrawe sal op die verhouding volgens gereformeerde beginsel tussen skool, kerk, huis en staat en hoe dit in die onderwys gewerk het gedurende die tydperk onder behandeling in hierdie proefskrif, aangetoon word.

## 4. <u>Die verhoudinge volgens Gereformeerde beginsel tussen skool, Kerk, huis en staat.</u>

Die beginsel wat in die Woord van God gegee is, is dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders. Hulle is verantwoordelik vir die liggaamlike en geestelike ontwikkeling van hulle kinders. Die mens moet egter met die sosiale omstandighede rekening hou omdat hy by uitstek 'n sosiale wese is. Weens die hoë eise wat die lewe aan die kind stel, en die ingewikkeldheid van die hedendaagse samelewing, het die skool as hulpinstituut by die huisgesin absoluut noodsaaklik geword. Die skool het dus ontstaan omdat die ouers hom nodig het en daarom is dit ook hulle taak om die gees en rigting van die opvoeding wat hulle kinders in die skool ontvang, te bepaal.

Dit is egter nie net die ouers wat direkte belang het by die skool nie, maar ook die staat en die onderwyserskorps, terwyl die kerk alleen indirekte belang het deur middel van sy lidmate en dan alleen by die skole waarby sy lidmate

betrokke is. By hierdie skole het die Kerk 'n besondere taak en roeping teenoor sy lidmate, naamlik om toesig te hou oor die opvoeding van die kinders.[1] Die Kerk as instituut val egter uit in die wesensbepaling van die skool.

In 'n dokument oor Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika[2] beskryf prof. H.J.J. Bingle die geïntegreerdheid van die samelewingsvorme in die skool soos volg: „Die staat, die gesin en die onderwyserskorps vorm in die skool 'n nuwe eenheid waarvan die wese nie beskou kan word as die somtotaal van die wesenstrekke van die staat, die gesin en die onderwysers nie omdat elkeen van hierdie samelewingsvorme nog ander hoedanighede en funksies ook besit wat met die skool as sodanig niks te maak het nie. Aan die ander kant is dit ewe duidelik dat hierdie nuwe eenheid geen hoedanighede of beginsels in hom kan hê wat bots met dié van die staat of die gesin of die onderwyserskorps nie. In die skool kom die drie saam in 'n nuwe samelewingsvorm met sy eie aard en wese wat in al drie saam gefundeer is."

Elkeen van die drie samelewingsvorme is dus by letterlik alles in die skool betrokke. Hierdie geïntegreerdheid in die skool kan die beste by wyse van 'n voorbeeld aangedui word. Kragtens die wese van elk van die drie belanghebbende samelewingsvorme is die spesifieke terrein van die staat die handhawing van die peil van die onderwys, die van die gesin die bepaling van die gees en rigting van die skool, en die van die onderwysers die bepaling van die metode van onderrig. Hierdie terreine kan egter nie as waterdigte kompartemente beskou word nie. By elkeen is almal op

besondere...../-17-

---

1) J. Waterink: Die Begrenzung der Rechte und Pflichten des Staates, der Gesellschaft und der Kirche, hinsichtlich der Schule, 52, 54, 55, 58 59.

2) H.J.J. Bingle: Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, 5-6.

Kyk ook Onderwysblad, Julie 1962, 78.

besondere wyse betrokke: as die staat 'n bepaalde inhoud voorskryf vir die peil van die onderwys, het die gesin alle belang daarby om vas te stel of dit nie bots met sy lewens- en wêreldbeskouing nie, en die onderwysers om vas te stel of dit nie in stryd met die opvoedkundige beginsels is nie; as die gesin 'n bepaalde gees in die skool wil indra, is dit vir die staat van lewensbelang om te bepaal of dit nie staatsgevaarlik of sedebederwend is nie, en die onderwysers of dit nie bots met die opvoedkundige beginsels nie; as die onderwysers 'n bepaalde metode van onderrig wil toepas, is dit vir die staat noodsaaklik om vas te stel of dit nie die peil van die onderwys in die gedrang bring nie, en vir die gesin om vas te stel of sy lewens- en wêreldbeskouing nie daardeur geskaad kan word nie."

„En tog lê daar in die wese van die skool 'n heel besondere trek opgesluit wat in 'n sekere sin die integrasie van die drie samelewingsvorme in gedrang bring. Alhoewel ons gestel het dat aldrie die samelewingsvorme by alle terreine van die skool betrokke is, word daar tog in elke geval in die vorige paragraaf genoem finalitêr 'n punt bereik waaroor slegs die betrokke instansie die laaste woord mag sê. Laat ons weer aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik: Al drie die samelewingsvorme in hulle nuwe verbondenheid in die skool as samelewingsvorm het bv. belang by die gees en rigting van die onderwys. As die staat hom daarvan vergewis het dat die voorgestelde gees en rigting nie vir hom gevaarlik is nie en die onderwysers dat dit nie opvoedkundig onverantwoord is nie, gaan hulle nie oordeel oor die wenslike van daardie gees en rigting nie maar die gesin; as die gesin en die onderwysers hulle daarvan vergewis het dat die inhoud van die onderwys in hulle behoeftes voorsien, laat hulle dit aan die staat oor om die inhoud finaal deur te voer; as die staat en die gesin genoeë neem met die metode wat die onderwysers

wil toepas; laat hulle die besonderhede en die toepassing daarvan aan die onderwysers oor."

5. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

Die grondbeginsel nl. dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders bestryk al die grondvraagstukke van die opvoeding. Hierdie grondslae sal in die volgende paragrawe bespreek word.

(a) Opvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar.

(i) Oprigting van skole.

Die vraagstuk is hier nie net of skole opgerig moet word nie, maar deur wie hulle opgerig moet word. Dit was die mening van die ou gereformeerde kerkvaders dat dit nie die roeping van die Kerk is om skole te stig nie, maar dat die stigting van skole van die owerheid moet uitgaan. Hierdie standpunt is gehuldig omdat daar gedurende die periode vanaf die Reformasie tot teen die einde van die 18de eeu 'n noue betrekking bestaan het tussen Kerk en staat in Nederland. Albei instellings was ingerig volgens die Calvinistiese beginsels en die Gereformeerde Kerk was die bevoorregte kerk.[1] Daar is dus nie gevra na die beginsel van skeiding van magsterreine nie, maar slegs na wie die maghebbers is. Dit was die taak van die kerk om by die owerheid aan te dring om oral skole te stig en om te sorg dat niemand 'n skool mag oprig sonder die toestemming van die owerheid nie. Die kerk moes ook, ingeval 'n bestaande skool onchristelik was, by die owerheid aandring op die stigting van Christelike skole.[2]

As gevolg van die lesse van die geskiedenis, het die gereformeerde insig ten opsigte

van......./-19-

1) J.A. du Plessis: „Kerk en Staat" Koers in die Krisis, DL. I, 115.

2) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 1859-1937, 8,9.

van die oprigting van skole 'n belangrike verandering ondergaan. Die Frans Rewolusie-denke het ook in Nederland ingang gevind. Nuwe denkbeelde en ongeloofsteorieë van buitelandse wetenskaplikes is ook daar verkondig en die verderflike invloed is in kerk, skool, en staat gevoel. Die Bybel is nie meer as norm by die opvoeding van die kinders erken nie. Die opvoeding moes neutraal wees. Dit was 'n beweging wat ver verwyderd was van die Christendom.[1]

Deur die opkoms van die rewolusionêre lewensbeskouing in die 18de en 19de eeue het die owerheid al meer neutraal geword en was daar later nie meer sprake van 'n gereformeerde owerheid in Nederland nie. Hierdie verandering het ook 'n verandering in die gees van die skool meegebring sodat hy, net soos die staat, sogenaamd neutraal geword het in lewensbeskouing.

Die Christelike ouer het in verset gekom teen dié skole, en die Gereformeerde Kerke het verkondig dat die skool van die gemeenskap van ouers moet uitgaan en dat die Kerke die ouers moet aanspoor tot die stigting van Christelike skole of tot die hervorming van die bestaande skole. Dit was 'n nuwe toepassing van die ou beginsel van kerklike toesig op die skoolonderwys neergelê in art. 21 K.O.[2] Die gereformeerde Sinode van Leeuwaarden Nederland, het in 1920 hierdie verandering in opvatting vasgestel, nl. dat die ouers **en nie die staat nie die skole** moes oprig.[3]

Ons sien dus dat die gereformeerdes deur die ontwikkeling op staatkundige- en skoolgebied gedwing is om vir hulle beter rekenskap

van die........./-20-

---

1) D. Langedijk: De Geschiedenis van het Protestants-Christelijk Onderwijs, 3-4.

2) Handelinge 27e Sin. Verg. van die Geref. Kerk van Suid-Afrika, 1942, 48.

3) Jansen en Pol: Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland, 187-188.

van die beginsel, soos in die Bybel vervat, se konsekwensies te gee. Die primêre of werklike beginsel het nie in gedrang gekom nie, maar daar het wel, na gelang die kerklike en landsomstandighede verander het, ontwikkeling plaasgevind in die sekondêre beginsels of afleidinge uit die beginsel.

Wat is nou die huidige standpunt ten opsigte van die oprigting van skole? Die gereformeerde rigting verwerp in prinsipe die idee van 'n algemene stelsel van staatskole net soos dit die van 'n algemene stelsel van kerkskole verwerp. Die skool moet uitgaan van die ouers as groep, maar die staat is ook van Godsweë gelas om opvoedingswerk te doen vir sy burgers, anders is dit 'n verworde staat. Die staat is dus saam met die ouer verantwoordelik vir die oprigting van skole.

So 'n skool sal dan opgerig word deur 'n gemeenskap van gelykgesinde ouers van skoolgaande kinders. Die stigting van 'n skool is nie die taak van indiwiduele ouers nie, maar van 'n vereniging van belanghebbende ouers. Die staat sal egter beperkende eise op groepvorming stel: Die stigting van 'n skool kan alleen toegestaan word wanneer dit ekonomies en opvoedkundig 'n gesonde eenheid kan wees.[1]

Die Staat het belang en reg by die stigting van skole omdat die skoolopvoeding noodsaaklik is vir die voortbestaan van die staatkundige gemeenskap. As die ouers dus in gebreke bly om by die Staat aansoek te doen vir die oprigting van 'n skool, moet die Staat self ingryp en self daar die nodige skole stig. Waar die Staat optree in die plek van die ouer moet dit self skole oprig vir die onderwys en opvoeding van daardie kinders. Ook kan die Staat of Kerk, waar hulle



---

1) H.J.J. Bingle: Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, 7.

skole nodig het vir spesifieke doeleindes, bv. Militêre of Teologiese Kweekskole, self daardie skole stig, maar dan is dit suiwer kerkskole of staatskole.

Alhoewel dit die standpunt van gereformeerdes is dat dit nie die roeping van die Kerk is om skole op te rig nie, het die Kerk tog hier 'n besondere funksie om te vervul. Waar ouers nalatig is, is dit die taak van die kerk om ouers aan te spoor tot die stigting van Christelike skole of tot die hervorming van bestaande skole.[1]

(ii) Instandhouding van skole.

Soos reeds aangetoon het daar 'n gedurige ontwikkeling plaasgevind in die afleidings uit die beginsel na gelang toestande verander het. Hierdie verskynsel het hom in sowel Nederland as Suid-Afrika voorgedoen. Ten tye van die formulering van die Dordtse Kerkorde het daar in Nederland 'n toestand geheers waar daar goeie samewerking tussen Kerk en staat was en kon die Kerk die Staat aanvaar as die oprigter sowel as die instandhouer van die skool. Dit is dan ook hoe die beginsel deur die ou gereformeerde kerkvaders vertolk is. Hulle het gevoel dat die roeping van die Kerk meer lê op die terrein van die armversorging in eie kring.[2]

In die volgende hoofstukke sal ons aantoon dat die Christelike ouer in Suid-Afrika gewoonlik tevrede was dat die staat die skool in stand hou indien die goewermentskool 'n Christelike karakter geopenbaar het. Sodra die ouer egter daaroor getwyfel het, het hulle dit op hulle self geneem om sowel skole te stig as te onderhou. Die geskiedenis het egter geleer dat so 'n skool sonder staatsteun nie in stand gehou kan word nie.

'n Latere......./-22-

---

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal, 1859-1937, 8-9, 52.

2) Jansen en Pol: Kerkenordering van de Gereformeerde Kerken in Nederland, 186, 188.
Woltjer: Wat is het doel van het Christelijk Nationaal Schoolonderwijs? 69.

'n Latere standpunt van gereformeerdes was dat nòg die owerheid nòg die ouer alleen verantwoordelik is vir die instandhouding van die skool, maar dat ouer en staat vir die onderhoud van die skole moet instaan.[1] Dit is dus 'n staatsondersteunde skool. Hieroor merk prof. J.Chr. Coetzee in sy „Die Gereformeerde Beginsel en die onderwys in Transvaal 1859-1937" op „Die staat is mede-onderhouer, omdat dit as sy reg eis die vasstelling van 'n sekere peil van volksontwikkeling en ook die neerlegging van verpligte skoolbesoek aan die volksjeug; dit is die grootste onderhouer, omdat dit die magsorganisasie in die gemeenskapslewe is en dus oor die nodige mag beskik om onderwysfondse in te samel. Die Vrye Vereniging van ouers is mede-onderhouers, omdat dit die stigter van die skool is en ook die bepaler van die gees, die rigting en die beginsel van die onderwys op die skool; dit is die kleinste onderhouer, omdat so 'n Vrye Vereniging van ouers maar net 'n beperkte mag het en maar 'n beperkte fonds vir onderwys kan insamel. (Waar die Staat en/of die Kerk self skole stig, moet hulle ook self die skole onderhou)!"[2]

Hierdie standpunt, nl. dat Staat en ouers mede-onderhouers behoort te wees, word egter nie meer vandag algemeen aanvaar nie. Die gereformeerde ouer het hom daarmee versoen dat die Staat vandag alleen verantwoordelik is vir die instandhouding van die skool.

(iii) Die beheer van die skool.

Gedurende die Middeleeue het die Rooms Katolieke Kerk vir homself die reg opgeëis om op alle terreine van die lewe, ook dié van die onderwys, gesaghebbende uitsprake te doen. Die

Kerk......../-23-

1) J. Kamp: De School Hoort aan de ouders, 14.

2) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 52.

Kerk het dus die volle seggenskap gehad in die beheer van die skool. Dit was vir die Kerk van die Reformasie uiters moeilik om plotseling die Rooms Katolieke lewenshouding te ontgroei, maar namate daar helderheid gekom het, kon die Kerk hom terugtrek van die gebiede wat nie spesifiek aan hom behoort het nie.[1] Die kerke van die Reformasie het van die begin af van die standpunt uitgegaan dat die plaaslike en provinsiale besture vir die sake van die onderwys moes sorg. Die Kerk het dan ook telkens op sy offisiële vergaderings die owerhede op hul roeping gewys om die onderwys te versorg. Dit was dus nie die bedoeling van die Kerk om die beheer van die onderwys op hom te neem en self skoolsake te reël nie en die predikant het ook nooit self onderwys gegee nie.[2]

Die ou gereformeerde kerkvaders het egter saamgestem dat dit die roeping van die Kerk bly om toe te sien dat daar op die Christelike skool ook Christelike onderwys gegee word. Artikel 21 van die Kerkorde bepaal sig uitsluitlik tot die verhouding van die kerkrade tot die onderwys van die jeug, en wel só om op die onderwys reformerend in te werk. Die kerke van die Reformasie het nie self skole opgerig of bestuur nie, maar het wel toesig gehou oor die onderwysers en die gang van sake in die skool. Die onderwysers moes dus lidmate van die Gereformeerde Kerk wees om Gereformeerde onderwys te kan gee en is dan ook by die aanvaarding van hulle amp gewoonlik deur die kerkrade ondersoek. Hulle het dan ook by die uitoefening van hulle amp

onder....../-24-

---

1) Christelik-nasionale onderwysbeleid. Opgestel en uitgegee deur die I.C.N.O., 17-20.

2) J. Waterink: Inleiding tot de theoretische Paedagogiek, Deel II: De Geschiedenis der Paedagogiek, Derde stuk, 646.

onder die toesig van die plaaslike predikant gestaan, wat op sy beurt weer verantwoording aan die kerkraad verskuldig was.[1]

Die ou gereformeerde kerkvaders het tereg beweer dat die Kerk nie 'n direkte seggenskap het nie, want dit rig nie skole op nie. Dit is ook die huidige standpunt van gereformeerdes, nl. dat die beheer van die skool by die oorspronklike oprigters en onderhouers moet berus, d.w.s. by die ouers en die staat. Die ouers is mede-beheerder omdat hulle finalitêr verantwoordelik is vir die opvoeding van die kind. Die staat is mede-beheerder omdat dit help onderhou en omdat dit die peil en verpligting van die onderwys vasstel en dus ook moet kontroleer.[2]

Die Kerk se aandeel in die beheer van die skool is indirek en is net van toepassing in skole waarin die verbondskinders van sy lidmate is - dus net op die vlak van die indiwiduele skool. Oor hierdie skole het die kerk reg van toesig oor die leer wat in die skool gehuldig en verkondig word en wel om drie redes: eerstens omdat Gods Woord die grondslag van die skool is, en die Kerk die roeping het om toe te sien of die skool hom aan die grondslag hou; tweedens omdat die ouers by die doop dit op hulle geneem het om hulle kinders in die leer van die Kerk te onderwys, en dit die roeping van die Kerk is om vas te stel of die ouers hulle doopbelofte nakom; en derdens omdat die ouers met hulle kinders altyd aan die toesig en tug van die kerk onderwerp is ook waar dit die onderwys geld.[3]

Alhoewel die Kerk dus nie direk ingryp nie, oefen hy beheer uit deur middel van sy seggenskap oor sy lidmate, ouers, onderwysers en kinders.[4]

Opsommend..../-25-

1) J. Waterink: Inleiding tot de theoretische Paedagogiek, Deel II, 637-646.

2) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 10-11, 53.

3) K. Dijk: School en Kerk in die Brosjurereeks „Voor onderwys en opvoeding". Kyk H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht, 521.

4) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 53.

Opsommend kan ons sê dat dit die taak van die Kerk is om te waak oor die geestelike belange van die verbondskinders van sy lidmate en wel deur die ouers aan te spoor tot die stigting, instandhouding en beheer van Christelike skole.[1]

Waar die seggenskap van die Kerk i.v.m. die beheer van die onderwys indirek is, het die gesin, staat en onderwyserskorps direkte belang daarby. In 'n vorige paragraaf is daar gewys op die geïntegreerdheid van hierdie drie samelewingsvorme. Die huidige standpunt van die gereformeerdes is dat die geïntegreerdheid van die gesin, die staat en die onderwyserskorps in die skool tot openbaring moet kom in die sentrale en plaaslike beleid en beheer van die onderwys.[2] Prof. Bingle sê: „Dit is 'n valse opvatting as sou die sentrale gesag in die hande van die staat moet setel en die plaaslike in dié van die gesin. Afgesien van die feit dat hierin vir die onderwyser geen plek ingeruim is nie, word daardeur 'n ongeregverdigde horisontale verdeling in die onderwys op kunsmatige wyse ingevoer. Dit versteur juis die bepleite integrasie en bring 'n verdeling van magte mee wat onvermydelik op botsings moet uitloop. Die integrasie moet oor die hele terrein van die skool geld".

Die ideale toestand is dan dat in die sentrale beleid en beheer van die onderwys, die staat beliggaam word in die Onderwysdepartement. Die gesin word weer beliggaam in die Oueronderwysraad wat die belange van die ouer in die onderwys beskerm terwyl die belange van die onderwysers beskerm word deur die Professionele

Onderwysersraad..../-26-

---

1) Die Kerkblad, 20 Junie 1962.

2) H.J.J. Bingle: Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, 6.

Onderwysersraad. Die rade deur ouers en onderwysers moet deur hulle self daargestel word.[1]) Wat die sentrale beleid en beheer van die onderwys betref, moet hierdie drie liggame as 'n geïntegreerde eenheid optree.

In die plaaslike beleid en beheer word die integrasie van die drie samelewingsvorme beliggaam in die samestelling van die skoolraad en die skoolkommissies.[2]) Die skoolraad wat werklike magte moet besit, moet saamgestel word uit die streekinspekteur, staats- en ouerverteenwoordigers asook verteenwoordigers uit die onderwysberoep. Sodoende sal alle belanghebbendes by die skool tot hulle reg kom en daardeur die eie aard en karakter van die skool bevestig.

Om dieselfde rede moet ook die skoolkommissie bestaan uit skoolhoof, staatsverteenwoordigers, ouerverteenwoordigers en verteenwoordigers van die onderwyskorps, en moet dit ook werklike magte besit.[3])

In 'n later hoofstuk sal hierdie liggame ten opsigte van hulle samestelling, ampte, ens., breedvoerig bespreek word.

(b) Die gees en rigting van die skool.

Voor die Reformasie was dit die Kerk wat die gees en rigting van die skool bepaal het.[4]) Die beginsel van die Hervorming het geëis dat die onderwys en opvoeding van die kind moet uitgaan van die ouers as die natuurlike deur God aangewese opvoeders, maar dat die ouers hierdie taak mag oordra aan onderwysers



1) H.J.J. Bingle: Artikel in Die Onderwysblad, Julie 1962, 79.

2) H.J.J. Bingle: Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, 6.

3) Ibid, 3.

4) Christelik-Nasionaal onderwysbeleid. Opgestel en uitgegee deur die I.C.N.O., 17-20. Vgl. J. Waterink: „De School aan de Ouders".

wat in alle opsigte in die plek van die ouers moet staan, in gees en rigting-'n opvoedingsplig en -reg van die ouer verkry.[1] Die ouers bly egter finalitêr verantwoordelik.

Dit is dan ook vandag die standpunt in gereformeerde kringe. Omdat ouers in die eerste plek verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders, moet hulle ook die gees en rigting daarvan bepaal, nie as indiwidue nie, maar as georganiseerde groepe deur middel van hul verteenwoordigers in die vorm van kommissies en rade oor die skole.[2]

Die plig van elke ouer in verband met die bepaling van die gees en rigting in die skool is hier duidelik omlyn. In 'n omgewing soos bv. op die platteland waar die ouers vir die grootste meerderheid nog vashou aan die oorgelewerde Christelik-nasionale lewensbeskouing en dit ook as gees en rigting in die skole eis, is dit nie so moeilik nie. Daar kan hulle deur middel van hulle skoolkommissies sorg dat aan hulle vereistes voldoen word. Maar wat nou van die ouer wat in 'n omgewing woon waar hulle nie tevrede was met 'n bestaande skool nie? Die eerste moontlikheid is die oprigting van 'n eie aparte staatsondersteunde skool. Dit mag hulle doen as daar 'n voldoende aantal kinders beskikbaar is en hulle kan waarborg dat die aantal vir 'n vry lang tyd gehandhaaf sal bly. Dit is egter duidelik dat ouers aan hierdie vereistes sal kan voldoen alleen in die groter sentra, nl. dorpe en stede.

Die tweede moontlikheid vir die ouers is om 'n eie aparte private skool op te rig, sonder staatsteun. Die owerheid besit hier die reg om

die......../-28-

---

1) J.Chr. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 144.

2) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 61,63.

die skool te ondersoek aangaande sy peil van onderwys asook die gees en rigting daarvan. Die geskiedenis het ons egter geleer dat die tweede moontlikheid gewoonlik prakties onmoontlik blyk omdat dit geen maklike onderneming is om 'n skool in stand te hou nie.

Die derde weg wat oop bly vir die ouer wat nie met 'n bestaande skool tevrede is nie, is om hulle kinders weg te stuur na 'n skool in hulle nabyheid waarmee hulle ten volle tevrede is. As hierdie drie moontlikhede nie prakties uitvoerbaar is nie, bly daar nog 'n vierde weg oop, nl. om die kind wel te stuur na die bestaande skool in die omgewing. Nou is dit egter die plig van die ouer om die kind baie duidelik te waarsku teen die leer van die skool. Die kinders gaan in sulke gevalle na die bestaande skool slegs om die aanlering van vaardighede en kennis, terwyl die ouer tuis sy kind moet onderrig in eie lewensbeskouing, in die toepassing van eie gees en rigting op die geleerde.[1)]

Dit is egter nie net die ouer wat 'n bepaling mag maak in verband met die gees en rigting op die skool nie. Ook het die Kerk en die Staat hier 'n spesiale en belangrike roeping. Die Kerk moet toesien dat daar skole is met 'n Christelike gees en rigting, en aan die lidmate moet altyd die nodige voorligting gegee word oor die gees en rigting van 'n Christelike skool.[2)]

Die Staat aan die ander kant moet altyd 'n wakende oog hou oor die gees en rigting in die skool. Indien hy dit nie doen nie, mag 'n groep ouers 'n skool oprig met bv. 'n Kommunistiese gees en rigting wat die ondergang van die

staat....../-29-

---

1) J.Chr. Coetzee: <u>Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal</u> 1859-1937, 67-69.

2) Ibid, 12.

staat kan bewerkstellig. Hoewel die Staat dus geen reg het om in te gryp indien die gees en rigting van die skool nie teen die bepalinge van die Staat werk nie, spreek dit vanself dat hy verplig is om dit te doen as dit sy ondergang kan bewerkstellig.[1)]

(i) Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

In die gereformeerde beginsel is dit vanselfsprekend dat die onderwys Christelik in al sy geleidinge moet wees - ook in al sy verwantskappe. Ons as Christene het net een einddoel in die opvoeding, naamlik om God te ken en Hom te verheerlik. Die lyne van elke opvoedingsvorm en van elke opvoedingsaspek val saam in die een punt waarop hulle almal gerig was: die godsdienstige opvoeding.[2)]

Die feitlike doelstelling van die godsdienstige opvoeding lê daarin dat die mens wat gevorm word op die plek waar God hom geplaas het, in alle lewensverbande, sy God kan dien ooreenkomstig sy Woord. Die sin van die godsdienstige opvoeding lê daarin dat ons 'n geskikte instrument moet wees om God te dien, God se werk te doen, God se kind te wees op die plek waar Hy ons gestel het. Dan begryp ons ook dat die geskiktheid van die instrument mede bepaal word deur die gehele opvoeding en dat alle opvoedingsaktiwiteite, op watter gebied ook al, daartoe moet bydra om die mens geskik te maak vir sy taak.[3)]

Onder Christelike opvoeding verstaan ons dus nie net die leer van die Bybelse geskiedenis nie, alhoewel dit natuurlik absoluut noodsaaklik is omdat dit vir 'n Christen nodig is

om die........./-30-

---

1) H.J.J. Bingle: Artikel in Die Onderwysblad, Julie 1962, 78.

2) J. Waterink: Inleiding tot die theoretische Paedagogiek, Deel II: De Geschiedenis der Paedagogiek, Derdestuk, 557, 562.

3) Ibid, 561.

om die Woord van God te ken. Die Christelike opvoeding sluit veel meer as dit in. Dit beteken dat alles wat geleer of gedoen word in die skool tot Gods eer moet plaasvind. 'n Kind moet goed leer dink, ook omdat hy so alleen sy Skepper kan dien; hy moet kultuurmens wees, omdat hy so in die kultuur die eer van God kan soek. Die Christelike opvoeding is allesomsluitend.[1]

In die Christelike skool verlang ons dus in die eerste plek deeglike onderwys in die Bybelse en alles wat daarmee saamgaan. Prof. Bingle skryf hieroor: „Dit kan nie maar enige soort godsdiensonderwys wees nie, maar dit moet pertinent die standpunt dra van daardie geloof waaruit C.N.O. voortgekom het en waaruit die Afrikaner sy lewens- en wêreldbeskouing opgebou het; dus volgens die belydenis van die Afrikaanse Kerke. In hierdie skole kan daar dus geen sprake wees van 'n bepaling dat die leer van hierdie kerke nie daarin verkondig mag word nie. Dis ook nie nodig nie want almal by die saak betrokke, is van dieselfde belydenis".[2]

By Godsdiensonderwys is daar verskeie punte waarop gelet moet word en wat baie van die skool vereis: Eerstens moet daar 'n duidelike antwoord gegee word op die vrae wat by die didaktiek van enige vak ter sprake kom; die doelstelling moet bepaal word, die leerling moet gesien word in sy besondere verband met die godsdiens, metode, inhoud en organisasie; alles moet wetenskaplik-opvoedkundig verantwoord wees. Tweedens is dit nodig dat die plek van godsdiensonderwys in die skool reg gestel word. Dit moet die sentrale

plek......../-31-

---

1) J. Waterink: Inleiding tot de teoretische Paedagogiek, Deel II: De Geschiedenis der Paedagogiek, Derdestuk , 560-562.

2) H.J.J. Bingle: Artikel in Die Onderwysblad, Julie 1962, 76.

plek in die skool inneem en mag nie op die agtergrond geplaas word met 'n minimum tyd per week nie, omdat dit hier gaan om die grondslag van die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing. Godsdiensonderwys moet sy lig op al die ander vakke in die skool laat val en die skool in al sy doen en late beheers. Derdens moet daar gesorg word dat die metodes wat toegepas word, wetenskaplik gegrond is en dat dit aanpas by die behoeftes van vak en leerling. Vierdens is dit noodsaaklik dat die onderwysers deeglike kennis van die vak het en dat hulle die regte gesindheid daarin uitdra. By hulle moet daar dan 'n gewisse kennis, maar ook 'n vaste vertroue wees.[1)]

Wanneer die ouer Christelik is, verlang hy ook Christelike opvoeding en onderwys vir sy kinders. Om die Christelike onderwys te verkry, moet daar dus Christelike skole en Christelike onderwysers wees. Die gemeenskap van ouers moet dus saamstaan en Christelike skole van die staat eis. In die stryd om Christelike skole en Christelike onderwysers moet die ouers bygestaan word deur die Kerk.

Dit is baie duidelik dat die onderwyser in dieselfde lewensbeskouing as die ouers van die kinders moet staan omdat daar 'n eenheid van opvoeding en onderwys in huis en skool behoort te wees. In die geval van Christelike ouers moet die onderwysers dus ook staan in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, want 'n Christelike skool met 'n anti-Christelike of neutrale onderwyser is ondenkbaar. Waar die lewensbeskouing en lewensideaal van die onderwyser anders is as dié van die ouer, bring dit tweespalt in die lewe van die kind en mis sy opvoeding die nodige

eenheid....../-32-

---

1) H.J.J. Bingle: Artikel in Die Onderwysblad, Julie 1962. 76.

eenheid en krag.

Die Christelike ouer het dus die reg om volgens die bevel van God en volgens sy historiese ouerlike regte te eis dat die opvoeding van sy kind Christelik in gees en rigting sal wees.[1) ] Hy het ook die reg om te eis dat die onderwyser daardie gees en rigting sal vertolk, dat hy 'n man met waaragtige godsvrug sal wees, 'n man van God vir alle goeie werke toegerus, volgens 2 Tim. 3:17: „Vir elke goeie werk volkome toegerus."

(ii) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

„In die dae het ek Jode gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het. En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook: maar hulle kon geen Joods praat nie.

Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julself neem nie."[2)]

(1) Die begrip Christelik-nasionaal.

Die skool wat die gereformeerdes vir hulle kinders verlang moet Christelik-nasionaal wees, m.a.w. hulle verlang 'n skool wat nasionaal is in 'n Christelike sin. In Deut.[3)] sien ons hoe die Here telkens aan sy volk voorhou dat die wandel in Sy weë ook daarin bestaan, dat die ouers aan hulle kinders vertel van die groot dinge wat God aan hulle vaders gedoen het. Die begrippe Christelik en nasionaal was dus heeltemal saam gegroei.[4)]

Soos........./-33-

---

1) E. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys deel II, 18.

2) Neh. 13: 23-25.

3) Kyk Deut. 4:9; Deut. 6.

4) J. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek. Deel III, 548.

Soos ons reeds aangetoon het, is die Christelike opvoeding 'n opvoeding wat alles-omsluitend is. In die begrip Christelik-nasionaal is die Christelike dus primêr en bepalend terwyl die nasionale sekondêr is. Want by ons nasionale onderwys en opvoeding gaan dit uiteindelik daarom, dat ons ons aan God se gesag onderwerp, Hy wat ons as lid van ons volk geskep het, en wat immers die bedoeling het dat Sy wysheid ook in ons ten volle openbaar word sodat die plan wat Hy met ons volk het, ook deur ons lewe en deur die lewe van ons kinders verwesenlik word.[1)]

Vir die gelowige is die Christelike beginsel dus belangriker as die nasionale want vir die gelowige Afrikaner het die nasionale uit die Christelike gegroei. Die gelowige aanvaar egter dat die eie nasionaliteit gegrond is op Gods verordeninge en daarom word die ideaal van Christelik-nasionale onderwys een, onlosmaakbare band, nie Christelik en nasionaal nie, maar Christelik-nasionaal.[2)] In die geskiedenis van die onderwys in Suid-Afrika was daar geen magtiger faktor as die Christelik-nasionale beginsel nie. Die stryd om C.N.O. kenmerk die hele negentiende- en twintigste- eeuse onderwys in ons land.[3)]

(2) <u>Wat verstaan ons onder nasionale skoolopvoeding</u>.

Die Woord nasionaal word nie in 'n partypolitieke sin gebruik nie, maar beteken 'n liefde vir daardie volkseie wat baie vaster staan as die wisselende lotgevalle van politieke partye. Onder nasionale skoolopvoeding verstaan ons 'n gesonde nasionalisme in die onderwys wat uiting vind in liefde en waardering vir wat sy eie is - 'n eie vaderland en eie geskiedenis, 'n eie godsdiens

en 'n......../-34-

---

1) J. Kamp: <u>De School hoort aan de Ouders</u>, 24.

2) J.Chr. Coetzee: <u>Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die eeue</u>, 222.

3) Idem.

en 'n eie taal.[1]

Prof. J.Chr. Coetzee beskryf die beginsel soos volg in sy „Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue"; „Dit is aan hierdie beginsel dat ons te danke het die ontstaan, vorming en vestiging van die moderne staatsbeheerde en -onderhoue openbare skoolstelsel oor die ganse beskaafde wêreld. Waar 'n sterk nasionale gees ontspring, daar word skole en ander onderwysmiddels aangemoedig en aangewend as kragtige instellings vir die bestaan en voortbestaan van die eie nasionale ideale, kultuur, beskawing, kuns, geskiedenis, tradisies. Die nasionale beginsel is nie verbind aan een of ander bepaalde vorm van staatsowerheid nie: monargieë en demokrasieë, burokrasieë en republieke, almal aanvaar die stigting en instandhouding van openbare skole as 'n essensiële nasionale politiek. Nasionalisering van die onderwys en opvoeding vind plaas in keiserryke, koninkryke, en republieke, onder keisers, konings, presidente en diktators. By die een word dit bevorder om 'n gehoorsame, tevrede en bruikbare burgery (stemvee) te kry, by die ander om 'n verstandige, selfstandige, selfbewuste en vrye burgery te kweek, by almal om nasionaalgesinde burgers op te voed."[2]

Die nasionale beginsel in die onderwys sluit baie meer in as net die gebruik van die moedertaal en die leer van die vaderlandse geskiedenis op skool. Greyling sê: „Hy (d.i. die nasionale beginsel) eis dat hy as toonaangewende reël sal geld sowel in die doel as in die leerplan, sowel in die metodiek as in die beheer van die onderwys, sowel in die binnemuurse as in die buitemuurse aktiwiteite. Hy eis dat die skool nie apart van

die........../-35-

---

1) E. Greyling: Christelik en Nasionale Onderwys, deel I, 19.

2) J.Chr. Coetzee, Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die eeue, 222.

die volkslewe sal staan nie, maar wel daar binne-in, en dat al genoemde dinge se wortels hul krag en besieling uit eie bodem sal put. Die nasionale beginsel in die onderwys eis dat hy nie net 'n toonaangewende reël sal wees nie, maar saam met die Christelike beginsel die deurslaggewende lewensbeskouing van elke onderwysman."[1)]

Die Afrikanervolk het gegroei tot 'n nasie wat uit die bodem put vir die opvoeding van 'n eie nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Woltjer beweer dan ook tereg: „Het kenmerkende eener natie openbaart zich op velerlei wijze: in zeden en gebruiken, in denkwijze en beschouwing, in godsdienst en spraak, doch verduurzaamd bovenal in hare taal en hare letterkunde en in hare geschiedenis".[2)]

Wanneer die skool dus uit die nasie voortvloei, dra dit 'n nasionale karakter - 'n instelling dus wat geskep word om die nasionale karakter van die nasie aan die jeug oor te dra, 'n middel tot die handhawing en versterking van die nasionale lewe. Die nasionale karakter van die skool word gesien in alle vakke wat geleer word, maar sekerlik die vernaamste vir die voeding van die nasionale is die taal en die geskiedenis.

Die taal is nie alleen net woorde en sinne nie, maar dra begrippe en gedagtes wat aan 'n nasie eie is. Deur middel van die taal word die geskiedenis geleer en deur die geskiedenis word geesdrif, moed en vaderlandsliefde opgewek. In die lotgevalle van nasies sien mens die bestiering van God, wat ook lei tot die

vrese........./-36-

---

1) E. Greyling: <u>Christelik en Nasionale Onderwys</u>, deel I, 23.

2) Woltjer: <u>Wat is het doel van het Christelijk Nationaal Schoolonderwijs?</u> 61.

vrese van die Here. Dit is ook die taak van die skool om tot die vrese van die Here te bring.

(3) <u>Nasionale skoolopvoeding en die onderwyser</u>.

Die nasionale ouer het die reg om te eis dat die onderwyser iemand sal wees uit die volk, iemand wat die volk ken, verstaan, die volkseie waardeer, sy wil onderskryf en sy strewe bevorder.[1] Omdat die skool daar is om wat die beste is in die kultuur van 'n volk voort te plant en ook om by die kind 'n bepaalde gesindheid teenoor daardie kultuurbesit te ontwikkel, kan 'n onderwyser wat nie die nodige liefde vir die eie besit nie, nie daardie kultuurskatte reg interpreteer nie.

Die ouers gaan by hulle onderwys uit van 'n bepaalde lewensbeskouing. „De mensch heeft een traditie-instinct niet alleen om te denken en te doen als zijn voorgangers, maar ook om voort te teelen, te planten, zijn eigen geestesleven, zijn eigen levensbeskouwing voor de hoogste waarheid en evenals hij zweet en zwoegt om aan zijn kinderen materiëele erfgoederen over te planten, zoo te verlichten en te richten door de waarheden en normen zijner levensbeskouwing."[2]

Daarom moet die opvoeding en onderwys in die nasionale skool so 'n getroue beeld moontlik gee van die opvoeding en onderwys in die nasionale huisgesin. Waterink sê in sy „Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek": „Indien...... door den drang van den nood in de natuurlijke verhouding (bv. gezin en omgeving) de totale opvoeding niet mogelijk is, dan moet de opvoeding tot een hulpmiddel (bv de school) haar

toevlucht........./-37-

---

1) E. Greyling: <u>Christelik en Nasionale Onderwys</u>, deel II, 19-21.

2) Fr. De Hovre: <u>Het organisch verband tusschen levensbeschoueing en opvoedingsleer; Verslag der 3de Paedagogisch Week</u> (1925), 31.

toevlucht nemen, de ouders, hebben te zorgen, dat behulpsel zoo getrouw mogelijk beeld geve van dat gene, wat geweest zou zijn, indien die noodhulp niet ware noodig geweest."[1] In die Christelik-nasionale huisgesin word die kind 'n Christelike opvoeding gegee, en dit wel deur die moedertaal. Die ideaal waarna die gereformeerde ouers strewe, is 'n voortsetting van hierdie opvoeding in die skool. Die ouers besef dat die instandhouding van die moedertaal en die instandhouding van die kerk nou saamgebind is.[2] Die gereformeerde ouer verlang „dat die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing die grondslag van die opvoeding en onderwys van die Afrikaanse volk moet wees en dat dit ten doel moet hê die voortplanting, beskerming en ontwikkeling van die Christelike en nasionale wese en aard van ons volkslewe."[3]

Hierdie opvatting dat taal en godsdiens nou saamgevleg is, vind mooi uiting in die woorde van president Kruger: „As u onverskillig word teenoor u taal, dan is u ook onverskillig teenoor u voorouers en ewe-eens teenoor u Bybel, en naderhand ook teenoor u godsdiens, ja, selfs word u dan teenoor u nasionaliteit onverskillig."[4]

Om die gereformeerde beginsel te handhaaf, is dit vanselfsprekend dat die onderwys gegee moet word in die taal van die huisgesin waartoe die kind behoort.

Hieruit volg dan dat die onderwyser wat hierdie kennis aan die kind oordra, moet staan in dieselfde lewensbeskouing as die ouer van

die kind...../-38-

---

1) J. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, deel I, 397.

2) J. Kamp: De School hoort aan de Ouders, 13.

3) Handelinge 27de Sin. Verg., van die Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1942, 53, 53.

4) Toespraak by die derde inswering as Pres. 12 Mei 1893. Gesiteer uit Du Plessis: Pres. Kruger aan die woord, 54.

die kind. „Opvoeding behoort niet tot de neutrale zone, indien deze overigens ook mocht bestaan, maar zij hangt ten nauwste met heel onze wereld- en levensbeskouwing samen. Zij staat in verband met en wordt in geheel haar wezen door onze godsdienstige en zedelijke overtuigingen bepaald. Al naarmate wij denken over God en wereld, over den oorsprong, het wezen en de bestemming van den mensch, zal onze opvoeding en ook onze paedagogiek verskillen."[1]

As die lewensbeskouing van die ouers Christelik-nasionaal is, en die lewensbeskouing van die onderwyser is dit nie, dan sal die opvoedingsideaal van die onderwyser ook verskil van dié van die ouers. Opvoedkundiges is dit tog eens dat die onderwyser noodwendig sy lewens- en wêreldbeskouing op die opvoedeling afdruk. Geen opvoeder kan in sy opvoedingstaak sy lewens- en wêreldbeskouing onderdruk of neutraal staan nie. Daarom dan ook dat die gereformeerde ouer soveel waarde heg aan die aanstelling van onderwysers wie se lewensbeskouing Christelik-nasionaal is, en strewe na skole met 'n Christelik-nasionale grondslag. Hulle vereenselwig hulle met die C.N.O.-beweging se beleid van: „Ons glo dat die onderwys en opvoeding van die kinders van blanke ouers op die grondslag van die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers moet geskied. Vir Afrikaanssprekende kinders beteken dit dat hulle op die grondslag van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van ons nasie

opgevoed......./-39-

1) ~~2)~~ H. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 16.

opgevoed moet word. In hierdie lewens- en wêreldbeskouing is die Christelike en nasionale wese en aard van ons nasie ten doel. Die Christelike grondslag van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is op die Heilige Skrif gegrond en in die Belydenisskrifte van ons drie Afrikaanse Kerke uitgedruk. Onder die Nasionale beginsel verstaan ons die liefde vir alles wat ons eie is, met spesiale vermelding van ons land, ons taal, ons geskiedenis en ons kultuur. Ons glo dat hierdie beginsels albei in die onderwys en opvoeding van ons kinders tot volle gelding moet kom sodat hierdie twee beginsels kenmerkend is van gans die skool wat sy doel, leerplan, metodiek, tug, personeel, organisasie en al sy aktiwiteite betref. Oreenkomstig die grondstruktuur van ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet die nasionale beginsel steeds onder leiding van die Christelike beginsel staan: die nasionale moet op die Christelike stoel."[1)]

## 6. Samevatting.

Die grondslag van die gereformeerde beginsel is dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van sy kind. Hierdie beginsel vind ons in die Woord van God en dit is deur die Kerk saamgevat in die doopformulier. Dit sien in die eerste plek op die Christelike leer en lewe, maar ook impliseer dit algemene opvoeding soos die kundighede van lees en skryf.

Uit hierdie beginsel wat die grondslag is van die hele onderwys- en opvoedingsprogram, is daar afgeleide beginsels wat uitgeleef en gehandhaaf moet word, nl.:

(a) <u>Opvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar</u>.

(i) Oprigting...../-40-

---

1) „<u>Christelik-Nasionale onderwysbeleid</u>". Opgestel en uitgegee deur die I.C.N.O., Art. I, 7-8.

(i) Oprigting van skole.

Daar was 'n gedurige ontwikkeling in die gereformeerde denke oor die oprigting van skole. Vanaf die Reformasie was dit die mening van die gereformeerdes dat die skole van die owerheid moet uitgaan. Na die Franse Rewolusie het die Christelike ouers egter in opstand gekom teen die neutrale skole en het die gereformeerde kerke verkondig dat die skole van die gemeenskap van ouers moet uitgaan.

Die huidige gereformeerde standpunt is dat die skool moet uitgaan van die ouers as groep maar dat die Staat ook moet meedoen. Die Staat is dus saam met die ouers verantwoordelik vir die stigting van skole.

(ii) Instandhouding van skole.

Ten tye van die formulering van die Dordtse Kerkorde het daar in Nederland 'n toestand geheers waar daar goeie samewerking tussen Kerk, Staat en ouer was en kon die Kerk en die ouers die Staat aanvaar as die oprigter sowel as instandhouer van die skool.

'n Latere standpunt van gereformeerdes was dat nòg die owerheid, nòg die ouer alleen verantwoordelik is vir die instandhouding van die skool, maar dat ouer en Staat vir die onderhoud van die skool moet instaan. Vandag het gereformeerdes hulle egter daarmee versoen dat die Staat dit alleen doen.

(iii) Die beheer van die skool.

Gedurende die Middeleeue het die Rooms-Katolieke Kerk volle seggenskap gehad in die beheer van die skool. Die Kerk van die Reformasie het hom teruggetrek van die gebiede wat nie aan hom behoort nie en het tereg beweer dat die Kerk nie 'n direkte seggenskap het nie, want dit rig

nie skole......./-41-

nie skole op nie en onderhou hulle ook nie.

Dit is ook die huidige standpunt van gereformeerdes, nl. dat die beheer van die skool by die oorspronklike oprigters en onderhouers moet berus, d.w.s. by die ouers en by die Staat. Daar moet egter ook plek ingeruim word vir die onderwyser. Hierdie drie samelewingsvorme moet dan in sowel die sentrale beleid en beheer as die plaaslike beleid en beheer verteenwoordig word. Die Kerk het hier alleen indirekte belang deur middel van sy lidmate en dan alleen by daardie skole waarby sy lidmate betrokke is. Dit is die plig van die Kerk om oor hulle geestelike belange te waak deur toe te sien dat die ouers hulle kinders in die vrees van die Here laat opvoed en onderrig.

(b) <u>Die gees en rigting van die skool</u>.

Voor die Reformasie was dit die Kerk wat die gees en rigting van die skool bepaal het. Die beginsel van die Hervorming het geëis dat die onderwys moet uitgaan van die ouers wat die gees en rigting daarvan moet bepaal.

Hierdie is dan ook vandag die standpunt in gereformeerde kringe, nl. dat die ouer die gees en rigting van die onderwys moet bepaal. Die Kerk en Staat het egter ook hier 'n belangrike roeping. Die Kerk moet toesien dat die bepaalde gees en rigting nie staatsgevaarlik of sedebederwend is nie.

(i) <u>Die skoolopvoeding moet Christelik wees</u>.

Die Christelike opvoeding is die grondslag, die prinsipe vir, die hoogtepunt in, en die eindpunt van alle opvoeding. Die Christelike opvoeding is dié opvoeding wat alles-

omsluitend is. In 'n Christelike skool sal die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die grondslag vorm. Hierdie beskouing is die wysbegeerte wat aan die hele skool koers en rigting gee.

Wanneer die ouer Christelik is, verlang hy ook Christelike onderwys en opvoeding vir sy kinders, Om die Christelike onderwys te verkry, moet daar dus Christelike skole en Christelike onderwysers wees. Die Christelike ouer het die reg om Christelike skole van die staat te eis waar die opvoeding van sy kind Christelik in gees en rigting sal wees.

(ii) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

Die skool wat die gereformeerde ouer vir sy kind verlang, moet Christelik-nasionaal wees, m.a.w. hulle verlang 'n skool wat nasionaal is in 'n Christelike sin. In die begrip Christelik-nasionaal is die Christelike primêr en bepalend, terwyl die nasionale sekondêr is. Die gelowige aanvaar egter dat die eie nasionaliteit gegrond is op die verordeninge van God en daarom word die ideaal van Christelik-nasionale onderwys een onlosmaakbare band, nie Christelik en nasionaal nie, maar Christelik-nasionaal.

Onder nasionale skoolopvoeding verstaan ons 'n gesonde nasionalisme in die onderwys wat uiting vind in liefde en waardering vir wat sy eie is - 'n eie vaderland en eie geskiedenis, 'n eie godsdiens, eie sedes en tradisies en 'n eie taal.

Die nasionale ouer het die reg om te eis dat die onderwyser iemand sal wees uit die volk, iemand wat die volk ken en verstaan, die volkseie waardeer, sy wil onderskryf en sy strewe bevorder. Die nasionale skool moet so 'n getroue beeld as moontlik gee van die opvoeding en onderwys in die nasionale huisgesin.

Daar sal verderaan in hierdie proefskrif nagegaan word wat van hierdie beginsel in die praktyk geword het en hoe daar 'n voortdurende verandering en ontwikkeling was, totdat daar gekom is tot wetenskaplik suiwerder uitgewerkte besonderhede van die beginsel.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE ONDERWYS VAN SUID-AFRIKA VOOR DIE GROOT TREK 1652-1836.

### 1. Inleiding.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is het die Nederduits Hervormde Kerk se standpunt insake onderwys vaste vorm aangeneem met die Dordtse Sinode (1618-1619).[1] Omdat die staat ook gereformeerd was, het die Kerk die oppergesag van die staat op onderwysgebied erken. Van sy kant het die staat weer die reg van die Kerk erken om voor te skryf wat op die gebied van die godsdiens in die skool geleer moet word en om onderwysers te toets wat betref hulle bekwaamheid en regsinnigheid in die leer.[2]

Die staat het skole gestig, in stand gehou en toesig gehou deur visitatore.[3] Daarenteen was dit die taak van die Kerk om toesig te hou oor die onderwys. Die Kerk het drie hoofgedagtes gehad in hulle opvatting^ oor die skool:

(1) Dit was die plig van die Kerk om by die owerheid daarop aan te dring dat skole orals gestig en onderhou word.

(2) Die doel van die laerskool was tweeledig: godsdienstig en maatskaplik.

(3) Die Kerk het volle toesig oor die godsdienstige karakter van die onderwys.[4]

Hierdie toesig van die Kerk oor die skool het die volgende ingesluit: Die Kerk moes ondersoek instel na die bekwaamheid en regsinnigheid van onderwysers wat lidmate van die Gereformeerde Kerk moes wees en verplig was om die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kategismus te onderteken. Tweedens het die predikant en die ouderling dikwels die skole besoek om „de vlijtigheid

der......../-44-

---

1) E.G. Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 22.

2) Lugtenburg: Kerk en Onderwys in Nederland van die Hervorming tot 1650. (Hoofstuk uit Wonderdade van God).

3) E.L.J. Venter: Die verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 2.

4) P.W. Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys Suid-Afrika, 1859-1959, 10.

der meesters op te scherpen" en derdens het die Kerk onder andere die inhoud en metode van die katkisasie op die skool bepaal.[1]

Die ouers het in daardie dae nie seggenskap gehad in die oprigting, instandhouding en beheer van skole nie, en ook nie in die bepaling van die gees en rigting van die onderwys nie. Omdat Kerk en Staat egter gereformeerd was, was die ouer tevrede met die toedrag van sake.

Toe Jan van Riebeeck op 6 April 1652 aan die suidpunt van Afrika geland het, met die opdrag om alles in sy vermoë te doen tot „grootmaeckinge van (Godes) alderheylighsten naeme ende den meesten dienst van onsen Heeren ende Meesters", het hy die Nederlandse leefwyse, instellinge en onderwys net so hier oorgeplant.[2]

Vir ons doel gaan ons die ontwikkeling van die onderwys aan die Kaap in drie tydvakke verdeel, nl. 1. Onderwys onder die Kompanjie (1652-1795); 2. Die Bataafse tydperk (1803-1806); en 3. Onderwys onder die Engelse bewind (1795-1803, 1806-1836). In hierdie hoofstuk wil ons dan die onderwystoestande aan die Kaap toets aan die verskillende aspekte van die beginsel soos uiteengesit in Hoofstuk I, en probeer aandui in hoeverre die gereformeerde beginsel in die verskillende tydvakke tot sy reg gekom het.

## I. Die Tydperk 1652-1803.

### 2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

#### (a) Oprigting, instandhouding en beheer van skole.

##### (i) Onderwyswette en regulasies.

##### Die eerste skoolwet van De Chavonnes 1714.

Alhoewel hier voor 1714 'n hele aantal skole bestaan het, was hier nog geen besondere liggaam verantwoordelik vir die beheer van die onderwys nie en ook geen onderwyswet nie, terwyl daar feitlik geen

beheer........../-45-

1) E. Greyling: Godsdiensonderwys in die skool, 27-28.

2) Leipoldt: Jan van Riebeeck, 109.

beheer oor die privaatskole was nie.[1]

Die offisiële staatskool is opgerig en in stand gehou deur die owerheid en het gestaan onder onmiddellike beheer en kontrole van die plaaslike kerkraad. Hier het die Kerk art. 21 van die Dordtse Kerkorde letterlik geïnterpreteer, nl. „De kerkenraden sullen alomme toesien, dat 'er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leeren leesen, schrijven, spreeken, en vrije konsten, waar ook in deselve in den Godsaligheyd en in den Catechismo onderwysen".

Met die skoolwet van De Chavonnes is daar geen verandering gebring in die beginsel dat die staat die skool moet oprig en in stand hou nie. Sy „ordonnantie van de School ordenning" het egter die eerste mate van beheer oor die openbare en privaatskole gebring.

Toesig oor die onderwys sou voortaan berus by die Sekundus aan die Kaap, die Kaptein van die Garnisoen en die predikant as Skolarge onder die oppertoesig van die Goewerneur en die Raad.[2]

Hierdie reëling is dan ook voortaan toegepas in die Latynse skool met Lambertus Slicher as rektor.[3]

1. <u>Gewone openbare skole</u>.

Hierdie skole is deur die onderwyser self, en met medewete en goedkeuring van die owerheid gestig. Hierdie skole was ook, soos die Latynse skool, onderworpe aan die onderwysordonnansie van 1714, waar die algemene administrasie daarvan vasgelê is.[4] Aangesien die onderwysers in hierdie skole heengewys was op die skoolgeld van die leerlinge, was dit hulle doelbewuste politiek om die aantal

skole......../-46-

---

1) P.S. du Toit: <u>Onderwys in Kaapland</u>, 1652-1939, 21.
2) Ibid. 22.
3) <u>Resolutien</u>, 1719-1720 (21 Maart 1719) C. 14, 21-22.
4) P.S. du Toit: <u>Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie</u>, 1652-1795, 110.

skole soveel moontlik te beperk en het daar nooit meer as van vier tot agt gelyktydig bestaan nie.[1] Die bedoeling hiervan was natuurlik, hoe minder skole, hoe groter die getalle en dus meer skoolgeld vir die onderwysers.

Alhoewel die onderwyser by die owerheid moes aansoek doen om so 'n skool op te rig, het die staat niks bygedra tot die instandhouding daarvan nie; dus nie volgens die gereformeerde beginsel nie. Net soos die offisiële staatskole, is oor die gewone openbare laerskole ook toesig gehou deur die Kerk en Staat wat onderwysers ondersoek het, en ook bepaal het watter skoolvakke verpligtend is.[2]

2. <u>Die Diakonieskool</u>.

Die skool is deur die Kerk opgerig en wel met die doel om te sorg vir die opvoeding van minderbevoorregte kinders. Sulke kinders het vry onderwys in die Diakonieskool geniet, en die onderwys is waargeneem deur hulle Siektetrooster of Voorleser.

Die Diakonie-skoolmeester moes gereeld by die kerkraad verslag doen omtrent die kinders wat die skool besoek het. Die onderwysvakke het beperk gebly tot lees, skrywe, reken en godsdiensonderwys en het nie veel van dié van die openbare laerskool verskil nie.[3]

Hierdie skole is opgerig, in stand gehou en beheer deur die Kerk.

3. <u>Skole wat van die ouers uitgegaan het</u>.

'n Langsame maar sekere ontwikkeling en uitbreiding het na 1657 begin, toe die eerste vryburgers hul plase ontvang het, en voor die einde van

die........./-47-

---

1) P.S. du Toit: <u>Onderwys in Kaapland</u>, 1652-1939, 26.
2) <u>Resolutien</u>, 1713-1715 (21 Aug. 1917) C.9, 246-252.
3) P.S. du Toit: <u>Onderwys in Kaapland</u>, 1652-1939, 27-29.

die eeu het die ververSingspos reeds die vorm van 'n kolonie aangeneem. Behalwe die nedersetters in Stellenbosch en langs die Bergrivier, was daar reeds veeboere wat met hulle vee naby Groenkloof (Malmesbury), die land van Waveren (Tulbagh), en Botrivier gewei het. Hierdie ongeëerde veeboere was die hoofdraers van die ontwikkeling en beskawing in ons binneland.[1] Die onderwys het ook hier aandag geniet omdat die ouers dit as hulle plig beskou het om te sorg vir die onderwys en opvoeding van hulle kinders. Waar afsonderlike gemeentes bestaan het, is die onderwys waargeneem deur die Sieketrooster, terwyl daar op die verafgeleë plase gebruik gemaak is van privaatonderwysers.

4. Skole deur gewestelike inisiatief in die lewe geroep.

Stellenbosch was nog maar 'n paar jaar oud toe die ouers byeen gekom het en besluit het om by die owerheid aan te dring om 'n onderwyser daarheen te stuur. As gevolg van die versoek van dertig families is Sybrand Makadan deur die Politieke Raad daar as onderwyser aangestel.[2] Hier sien ons dan dat die versoek tot oprigting van 'n skool van die ouers uitgegaan het en dat ouers en Staat saamgewerk het om die skool tot stand te bring.

Die Kerk en Staat het oor hierdie skool toesig gehou, want ons sien dat Makadan in 1688 in 'n stryd gewikkel was met die Heemrade en met die kerkraad wat hom dan ook by die Politieke Raad aangekla het.[3]

Die Franse vlugtelinge wat hoofsaaklik in Drakenstein gevestig was, het kort na hulle aankoms, by die owerheid aansoek gedoen om 'n skool vir hulle kinders en vervolgens is Paul Roux in 1688 deur die Politieke Raad in diens geneem as voorleser en skoolmeester in die Franse taal.[4] Maar ook die Hollandse koloniste

van......../-48-

1) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 16.
2) Resolutien, 1681-1686 (28 April 1683) C.5, 191.
3) Resolutien, 1686-1699 (26 Jan.1688) C.6, 216.
4) Ibid, (8 Nov. 1688) C.6, 254.

van Drakenstein het die onderwys van hulle kinders op die hart gedra, en het aansoek gedoen om 'n Hollandse skoolmeester. In April 1700 is daar dus deur die Politieke Raad besluit om Jacob de Groot as krankebesoeker en skoolmeester aan te stel. Ook hier het ouers en staat saamgewerk om skole op te rig. Die Staat het die skole in stand gehou terwyl Kerk en Staat toesig gehou het.[1]

5. Die ongeorganiseerde klein privaatskooltjies.

Die verspreidheid van die inwoners was 'n groot stuikelblok in die weg van effektiewe onderwys. Baie van die ingesetenes van die volksplanting was weens die afstande nie in staat om van die gevestigde skole gebruik te maak nie, en moes van huisonderwysers en boerskoolmeesters gebruik maak. Die regering het van sy amptenare van geringe rang tydelik as arbeiders in lening afgestaan om as skoolmeesters te dien in die buitedistrikte. Omdat daar so 'n tekort was aan goeie onderwysers, was die koloniste genoodsaak om van hierdie mense as huisonderwysers gebruik te maak. Hierdie boereskoolmeesters, baanbrekers op onderwysgebied, het in 'n baie belangrike behoefte voorsien en het veel daartoe bygedra om die bevolking in die binneland van ongeletterdheid te vrywaar.[2] Die koloniste wat nog steeds die gereformeerde beginsel, nl. dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders, gehandhaaf het, het dan ook alles in hulle vermoë gedoen om van hierdie skoolmeesters te huur om hulle by te staan in die onderrig van hulle kinders. Die leergang het feitlik net bestaan uit die eerste grondbeginsels van godsdiens, lees, skryf en reken.[3]

Hierdie skole is derhalwe skole wat van geen enkel bestaande liggaam toestemming tot hulle bestaan gekry het nie, en dus nie onder die toesig van enige beherende liggaam gestaan het nie.[4]

Die........../-49-

1) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795, 60-61.

2) Ibid, 80.

3) Theal: History of South Africa 1652-1795 II, 327
J.L.M. Francken: Huisonderwys aan die Kaap (1692-1752), 1,9,17.

4) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795, 68.

Die ouers het dikwels self bepaal watter vakke gegee moes word en het self toesig oor die onderwys gehou. So sien ons dat ene Pieter Deldijk deur Okker Cornelisz gehuur is as „leermeester sijner kinderen," om hulle „met alle nairstigheid en vlijt in't lesen en schrijven en alle Christelijk leringen en oefeningen als een vroom meester betaamd, t'onderwijsen."[1]

Dit was nie net in die buitedistrikte waar privaatskole opgerig is nie. Met verloop van tyd het heelwat privaatskole in die dorpe ontstaan, hoewel dit in stryd was met De Chavonnes se wet. Hulle is dan ook meestal deur die Politieke Raad gelas om te sluit.[2]

Ons vind egter dat selfs die Skolarge en welgestelde amptenare van die regering gebruik gemaak het van die huisonderwyser, soos die gevalle van Mentzel en Sparrman bewys. Mentzel was as privaatonderwyser in diens by Rudolph Siegfried Alleman, kaptein van die militêre mag en kommandeur van die Kasteel in diens van die Kompanjie. Hy skryf self: „I have had the honour not only to serve him for a long time in a civil capacity but also to act as instructor in Dutch, writing, arithmetic, and Christian doctrine to his three children...."[3] Na die ontslag van die huisonderwyser van De Chavonnes - want ook hy het gebruik gemaak van hierdie stelsel van onderwys - het die goewerneur ook sy kinders saam met die kinders van Alleman aan Mentzel toevertrou.[4]

Sparrman was 'n ontdekkingsreisiger wat in 1772 by die Kaap aangekom het „om daar de kinderen van een man van aanzien, den heer onderbevelhebber Kerste te onderwijzen."[5]

Ons............/-50-

---

1) Contracten 1692-1694, C.J.1121 (28 Febr. 1693).
2) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland 1652-1939, 29.
3) O.F. Mentzel: Life at the Cape in Mid. Eighteenth Century, 1.
4) Ibid,: 104.
5) A. Sparrman: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, I, bl. IV.

Ons vind ook dat ene Johannes Hendrik Munnik, „Ritmeester der Burger Cavallerij" vir Francois Ageron uit die moederland ontbied het om vir sy jong kinders „een goed onderwijs te kunnen geeven". Ageron het as matroos in diens van die Kompanjie na die Kaap gekom en is toegelaat om as skoolmeester by Munnik in diens te tree op voorwaarde dat die maandgelde wat hy ontvang het, terugbetaal en sy transport vergoed word.[1)]

Teen die einde van die Kompanjie se bewind het 'n privaatskool met die toestemming van die Politieke Raad bestaan. Hierdie skool het ontstaan omdat onderkoopman Olof de Wet in belang van die opvoeding van sy kleinkinders vir Jacob Ziegler as privaatonderwyser aangestel het. Behalwe e.g. se kinders het ander kinders ook van sy dienste gebruik gemaak. Daar is egter besluit om by die owerheid aansoek te doen om 'n skool vir die onderrig in die Nederduitse en Franse tale te stig. Sy versoek is toegestaan deur die regering.[2)]

Sommige ouers het in hierdie tyd hulle toevlug geneem tot 'n verdere vorm van privaatonderwys, nl. deur self die nodige onderwys aan hulle kinders te gee. Dit was bv. die geval met Jacobus Johannes Sueur, onderkoopman en lid van die Politieke Raad.[3)] Dat hy dit nie gedoen het uit finansiële oorwegings nie, blyk uit die feit dat hy een van die ouers was wat gewillig was om Ziegler se voorwaardes te aanvaar deur sy „plan" te onderteken.[4)] Le Sueur het besondere aandag bestee aan die onderwys van sy kinders en het in 1788 nie minder nie as twee seuns in die moederland op studie onderhou.[5)]

Ons........./-51-

---

1) <u>Resolutien</u>, 1792 III (27 Julie), C.97, 1061, 1062.

2) <u>Resolutien</u>, 1792 III (10 Julie, C.97, 822.

3) P.S. du Toit: <u>Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie</u>, 1652-1795, 252.

4) <u>Resolutien</u>, 1794 I (4 maart) C.105,695. Hierdie „Plan" van Ziegler was 'n reglement deur hom opgestel waarin hy aantoon hoe hy van plan was om die skool in te rig.

5) <u>Resolutien</u>, 1788 I (23 Jan.) C.83, 144.

Ons sien dus dat daar in die offisiële staatskole wat oprigting, instandhouding en beheer betref, nie volgens die gereformeerde beginsel gehandel is nie. Die skole het uitgegaan van die Staat en Kerk en die ouer het min of geen seggenskap gehad nie. In die ander twee soorteskole het die ouers egter baie vroeg op die voorgrond getree, nie uit regsinnigheid nie, maar omdat hulle uit nood daartoe gedryf is. Sodoende het hulle 'n tradisie in ons onderwys geskep wat - alhoewel dit nie volledig die gereformeerde gedagte gedra het nie - ons met reg die begin van 'n eie gereformeerde benadering kan noem wat geheel en al van die Nederlandse (moederland) verskil het, veral daarin dat die ouer sy verantwoordelikheid nagekom het.

(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

Volgens die gereformeerde beginsel is dit die taak van die ouers om te sorg dat die skoolopvoeding Christelik moet wees. Die Kerk het egter ook hier 'n roeping omdat die Kerk moet toesien dat daar skole is met christelike onderwysers en dat die gees en rigting van die onderwys Christelik is.

In die wordingstydperk van die Kaap is die godsdiensonderwys op skool, net soos in Nederland, in diens van die Kerk gestel, met die doel om die kinders voor te berei vir die belydenis van geloof.

Die hele skoolonderwys het dus hier ten doel om lidmate van die kerk te vorm. „Sufficient religious knowledge for addmission to membership in the established Church was the end sought..."[1]

Tot die jaar 1795 was die vernaamste kenmerk van die onderwys aan die Kaap 'n sterk godsdienstige opleiding volgens die dogma van die Kerk van die moederland.[2] Hierdie sterk godsdienstige inslag kan

beskou......./-52-

---

1) Education Commissions Report, 1863, G.24, VIII.

2) J. Ploeger: Inleiding tot die grondslae van die C.N.O. in S.A., 5.

beskou word as 'n deel van die geestelike erfenis, verkry van die sewentiende-eeuse Nederlandse samelewing. Hierdie kenmerk het in die jaar 1795 reeds 'n onmisbare deel van ons volk se kultuur uitgemaak. Die vernaamste deel van die begrip „Christelik-nasionaal" in verband met ons onderwys, is reeds in hierdie tydvak van ons volksbestaan duidelik op te merk.[1]

(i) Die Skoolwet van De Chavonnes 1714.

Van die onderwysers word verwag om die kinders „van de jonge jeugt aan een ijder dersever na sijne capaciteit ende jaren", die Onse Vader, die Tien Gebooie, en Geloofsartikels, die aand- en môregebed, die gebede voor en na ete, asook die gewone gebede „om bequaamheit in't leeren van God te verkrijgen", en die vrae en antwoorde uit die Kategismus, te leer. Die onderwyser moes ook die kinders op vasgestelde tye leer sing. Op kerkdae moes hy soveel as moontlik van die kinders na die diens vergesel en hulle dan die volgende dag oor die preek ondervra. So sal die kinders dan leer om aandagtig na die Woord van God te luister wat hulle dan later „magh vordelijk zijn, ende also Godes kerke ende haren Vaderlande goede en getrouwe diensten mogen doen."[2]

Die onderwyser moes, wat hulle godsdienstige gesindheid betref, deur die kerk ondersoek word en ook 'n formulier onderteken, waarin hulle belowe dat hulle die gereformeerde leer „getrouwelijk sullen voorstaan, en de jeugt na eisch van ons beroep en haar begrijp naarstelijk inscherpen."[3]

(ii) Die Reglement van die Skolarge van 1782.

Hierdie Reglement van die Skolarge van 1782 het die verpligtinge van die onderwysers in verband

met......../-53-

---

1) Jan Ploeger: Inleiding tot die grondslae van die C.N.O. in S.A., 6.

2) Resolutien, 1713-1715 (21 Aug. 1714) C. 9, 246-252.

3) Ondertekening formulier deur die Sinode Dordrecht in 1618-19 opgestel. Sien Resolutien 1713-1715 (21 Aug. 1714) C.9.

met die waarneem van hulle skole noukeurig neergelê. Die onderwyser moes die skool met gebed open en met gebed en die sing van 'n psalm vir die dag sluit, „zorg dragende dat dit in een goede ordre en met betamelijken Eerbied verrigt word, en bij het uijtgaan der school de leerlingen de goede zeeden en deugd aan beveelen."[1]

Die onderwysers moes ook hulle leerlinge ernstig vermaan om die Here te vrees, en al hulle meerderes alle eerbied te bewys, en hulle te vrywaar teen ontheiliging van die naam van die Here, „geen vuijle en lasterlijke woorden gebruiken nog ymand op eenigerhande wijze beleedigen."[2]

(iii) Skole wat nie van die ouers uitgegaan het nie

Alhoewel die onderwys aan die staat-, openbare en diakonieskole in die wordingstydperk Christelik georiënteer was, was die ouer hier net so uitgeskakel as by die oprigting, instandhouding en beheer daarvan. Die Staat en die Kerk het toegesien dat die onderwys Christelik is. Die skool het feitlik 'n onderdeel van die Kerk gevorm en was dan ook 'n belangrike instrument om die godsdiens te bevorder.[3] Leerstellige godsdiensonderwys, wat bestaan het uit onderrig uit die Bybel, die kategismus en die sing van geestelike liedere, het die belangrikste deel van die leerplan uitgemaak. Die hand- en leesboeke was almal van stigtelike en sedelike strekking. Die hele skoolopvoeding het 'n Calvinisties-godsdienstige gees geadem.[4]

Die onderwyser was in die eerste plek 'n persoon wat 'n kerklike amp beklee het en daarna onderwyser. Op die wyse is die kerklike en skoolamp op 'n besondere

wyse......../-54-

1) Resolutien, 1782 (9 April 1782) C. 74, 429.
2) Ibid, 433.
3) L.H. Badenhorst: Die aandeel van die kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie, 32.
4) Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 18.

wyse aan mekaar verbind.

Nog voor die stigting van 'n skool aan die Kaap, is daar reeds met godsdiensonderwys onder die leiding van die sieketroosters, o.a. Willem Barents Wijland, 'n begin gemaak.[1] Gedurende die eerste dertien jaar van die volksplanting is die geestelike belange van die inwoners deur die sieketrooster behartig wat onder sy veelvuldige pligte ook die taak van die onderwys gehad het. Daar is dus heel eerste voorsiening gemaak vir godsdienstige onderrig omdat dit as die belangrikste deel van die opvoeding beskou is.

In al die skole wat gedurende die tydperk van die Kompanjie ontstaan het, het godsdiensonderrig 'n ereplek ingeneem. Die Politieke Raad kon in 1664 oor die heel eerste skool rapporteer dat die leerlinge reeds „het vader ons al kunnen opseggen"[2] Selfs vir slawekinders is daar skole gevra waarin hulle „in leesen en schrijven, en in de fondamenten van de Christelicke Religie" kon onderwys word.[3]

Die Rektor van die Latynse skool wat in 1714 geopen is, Lambertus Slicher,[4] was voorheen predikant in die Moederland en dus kan ons aanneem dat die godsdiensonderwys sy regmatige plek in die skool ingeneem het. Godsdiensonderwys was ook die vernaamste vak op die rooster van die gewone openbare skool. Die onderwyser moes trouens beloof om onderrig te gee in die grondbeginsels van die gereformeerde „religie".[5]

In die Diakonieskole waar daar voorsiening gemaak is vir die opvoeding van minderbevoorregte kinders, is een van die sieketroosters gewoonlik gebruik

as onderwyser....../-55-

---

1) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 2.

2) Brief Politieke Raad aan Here Sewentien (15 April 1664) Uitgaande Brieven 1662-1667, C.494, 645.

3) Cilliers: De Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 13.

4) Resolutien, 1719-1720 (21 Maart 1719) C. 14, 21-22.

5) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795, 110.

as onderwyser. Die leerplan in die skool het nie baie afgewyk van dié van die gewone openbare laerskool in Kaapstad nie. Die onderwysvakke het beperk gebly tot lees, skrywe, reken en godsdiensonderwys.[1)]

Die Latynse skool wat in 1793 tot stand gekom het, is ook soggens geopen en smiddags gesluit met gebed volgens die „Instructie voor Praeceptor der Latijnsche School"[2)] wat deur die Skolarge opgestel is. „En daar zonder de jeugd al vroeg aan den Godsdienst te wennen, en in der tijd niet veel goeds van de zelve te wagten is" moes die praeceptor toesien dat sy leerlinge getrou kerk toe gaan en hulle stil gedra, en hulle die volgende dag na die preek ondervra.

(iv) Christelike onderwys aan die skole wat van die ouers uitgegaan het.

In die skole wat deur gewestelike inisiatief tot stand gekom het, asook in die klein ongeorganiseerde privaatskooltjies is ook Christelike onderwys gegee. Waar die gees en rigting in die staatskool egter deur Kerk en Staat bepaal is, het die ouers hier die bepaling gemaak dat die onderwys Christelik moes wees, deur daarop aan te dring dat die onderwysers wat die Staat stuur, Christelik moet wees.

Op 28 Sept. 1683 het die inwoners van Stellenbosch 'n petisie aan die Politieke Raad gerig en gevra om 'n onderwyser om aan hulle kinders onderwys te gee in lees, skrywe en die beginsels van die Christelike godsdiens. Hulle wys daarop dat dit vir hulle weens die groot afstand van die Kaap af, onmoontlik is om die godsdiensoefeninge by te woon en hulle is daarom bevrees dat die kinders sal opgroei „onwetent van Godes heylsame geboden en instellingen."[3)]

Hulle......../-56-

---

1) S.P. du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 28.
2) Resolution, 1794, 214. Bijlegen tot de Resolutien, 409-414.
3) Resolutien, 1681-1686, (28 Sept. 1683) C.5, 541.

Hulle is bevrees dat die Here onder sulke omstandighede hulle sy seën sal ontsê en daarom versoek hulle die regering om hulle van 'n bekwame skoolmeester te voorsien om aan hulle kinders die nodige onderwys te gee en ook 'n preek op Sondae te lees en die krankes te besoek.[1]

Die Franse vlugtelinge in Drakenstein het byna onmiddellik na hulle aankoms hier die regering genader in verband met 'n skool vir die opvoeding van hulle kinders.[2] 'n Groot aantal Franse het hulle oorkant die Bergrivier gevestig, maar weens die verspreidheid van woonplek en die versperring deur die rivier veroorsaak, was daar nie sprake van 'n effektiewe godsdiensoefening en opvoeding vir hulle kinders nie. Hulle het weer eens die regering genader met die versoek om ander woonplekke te mag kies, omdat hulle tans „verspreijt wonen aan Stellenbosch en aen Drakensteijn, vele uren van elkander, dat seer groote incommoditeijt geeft tot het hooren van Godes Woort en het ter skoole gaan."

Die Hollandse koloniste van Drakenstein het ook aansoek gedoen om 'n skoolmeester en in April 1700 het Willem v.d. Stel aan die Landdros en Heemrade meegedeel dat die regering besluit het om aan die mense se versoek te voldoen. Daar sou 'n skoolmeester gestuur word om te sorg vir die stigting en voortplanting van die ware Gereformeerde religie en ook om „de jonge jeugd in het lezen schrijven te oeffenen."[3]

In die klein ongeorganiseerde privaatskooltjies is, sover daar vasgestel kan word, ook altyd Christelike onderwys gegee. Alhoewel daar in die meeste kontrakte tussen onderwyser en werkgewer nie aangestip is watter vakke gegee moet word nie, kan ons

aanneem......./-57-

---

1) Resolutien, 1681-1686, (28 Sept. 1683) C. 5, 542.
2) Resolutien, 1686-1699 (8 Nov. 1688) C.6, 254.
3) Brief W. v.d. Stel - Landd. en Heemrade. St.Bosch (3 April 1700) Uitgaande Brieven 1699-1700, C.506, 876.

aanneem dat die godsdienstige onderrig by die godvresende ouers die vernaamste van die vakke was. In 'n paar gevalle word die vakke wel vermeld en daarin kan ons sien dat die Christelike onderwys altyd as die belangrikste beskou is. So het Willem de Raat hom in 1693 by Hendrik Molder verbind „als sijner kinderen leermeester in lesen, schrijven en alle Christelijke deugden "[1] en Pieter Deldijk moes behalwe lees en skryf „alle Christelijke leringen en oefeningen"[2] aan die kinders leer. Daar word ook in ander kontrakte die vakke aangegee as lees, skrywe en Christelike leringe.[3]

Ons sien dus dat daar in die wordingsjare Christelike onderwys aan al die skole aan die Kaap was. In die offisiële staatskole, kerkskole en openbare laerskole is dit deur die Staat bepaal dat die onderwys Christelik moet wees, terwyl die ouers self die gees en rigting van die skole bepaal het wat deur hulle toedoen tot stand gekom het.

(c) <u>Die Skoolopvoeding moet nasionaal wees</u>.

Die volksplanting aan die Kaap het plaasgevind in 'n tyd toe die Hollandse kultuurlewe 'n hoogtepunt bereik het.[4] Die Hervorming het gepaard gegaan met 'n nasionale stryd sodat daar noue samewerking tussen Staat en Kerk tot stand gekom het en die onderwys op 'n nasionale grondslag aangepak is.[5]

Met die koms van Jan van Riebeeck is 'n gemeenskap aan die Kaap gevestig wat die Hollandse taal gepraat het, die Protestantse geloof beoefen het, vasgehou het aan die oorgeërfde gebruike en lewensreëls en die Hollandse gedagte onder die Kaapse blankes verteenwoordig het.[6]

Alhoewel die eerste Hollanders aan die Kaap se sentiment aanvanklik op die moederland gevestig was,

het......../-58-

1) <u>Contracten</u> 1692-1694, C.J. 1121 (18 Nov. 1693.
2) Ibid, (28 Febr. 1693).
3) <u>Contracten</u> 1694-1698, C.J. 1123, 112; Ibid 1698-1703, <u>C.J. 1124</u>, No. 25.
4) Van den Heever: <u>Die Afrikaanse gedagte</u>, 15.
5) Nienaber: <u>Die Genootskap van Regte Afrikaners herdenk</u>, 8.
6) Van den Heever: <u>Die Afrikaanse gedagte</u>, 15.

het hulle tog langsamerhand vergroeid geraak met hierdie nuwe aarde.[1] Die Hollandse taal het gaandeweg 'n ander vorm aangeneem en 'n nuwe taalvorm wat op Afrikaanse bodem ontstaan het en gegroei het uit die siel van 'n volk, is gebore.[2] Onafskeidelik hieraan verbonde was die kragtige dadedrang en geloofsywer.

Nadat die Franse element bygekom het, is 'n eie atmosfeer in Suid-Afrika geskep, 'n gesamentlike liefde vir die eie bodem het ontstaan, en die belange van die groepe is saamgesnoer. So is die Afrikaanse gedagte gebore wat onbewus gewerk het en 'n eie Afrikaanse volkskarakter laat ontstaan het. Hierdie volkskarakter het in die 17de en 18de eeue steeds verder ontplooi en die skepping van eie waardes het daarmee gepaard gegaan. Die besef van die Afrikaanse nasieskap het saamgeval met die ontwaking en die besef van die kulturele waarde van Afrikaans as taal.[3]

Gedurende hierdie tydperk het die begrip „nasionaal" nie beteken Afrikaans-nasionaal nie, maar wel nasionaal aan Nederland verbind. Verder is „nasionaal" vereng tot die Moederland. Voor 1803 is Afrikaans reeds gepraat, maar daar was geen sprake daarvan om dit in die skool op te neem nie. Ook is daar geen waarde geheg aan die Afrikaanse geskiedenis nie, alhoewel dit toe reeds 150 jaar oud was.

Die Franse is deur die wet gebind aan Nederlands, maar hulle is deur die Afrikaanse gees oorweldig en opgeneem, nie passief nie, maar hulle het aktief meegewerk aan daardie Afrikaanse gees. Hierdie gees is behalwe in die taal ook in alles in die skool geopenbaar. Die skool het grootliks uit die volk gekom en kon dus niks anders as nasionaal wees nie.

(i) Nasionale..../-59-

---

1) Bosman: Oor die ontstaan van Afrikaans, 122-123.
2) Idem.
3) D. Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 12.

(i) Nasionale onderwys in die skool.

Volgens die gereformeerde beginsel is dit die reg en plig van die ouer om ook in die skool die gees en rigting te bepaal. Waar dit in die tydperk van die Kompanjie nie vir die ouer nodig was om aan te dring op Christelike onderwys nie, vind ons tog dat die ouers soms genoodsaak was om te veg vir nasionale onderwys. In die tydperk van die Kompanjie was daar twee groepe ouers, nl. die Hollanders en Franse. Ons sal die twee groepe apart behandel om te sien of die nasionale beginsel in albei gevalle tot sy reg gekom het.

(1) Die Hollanders.

Die waarde van moedertaalonderwys is terdeë besef deur die Hollandse bevolking, wat by die owerheid aangedring het om onderwysers wat hulle kinders in hulle moedertaal sou onderrig.[1] Aangesien die beleid van die owerheid was om die Hollandse taal te versprei en die Franse taal te laat uitsterf,[2] het die Hollandse bevolking in die meeste gevalle nie moeilikheid gehad nie. Ons vind egter tog dat dit vir hulle nodig was om stappe te doen om nasionale onderwys vir hulle kinders te verseker.

Die volgende geval toon hoe noodsaaklik moedertaalonderwys in 'n nasionale gees destyds reeds algemeen deur die bevolking beskou is. Omstreeks 1707 het ene Pieter Davenraad 'n privaatskool in Kaapstad gehad, waar hy kinders van die waarnemende goewerneur Johan Cornelis d'Ableing onderrig het in lees, skrywe, Rekenkunde, Godsdiens en Latyn. Hy was 'n goeie onderwyser en het derhalwe 'n groot toeloop gehad, waardeur die goewerneur se kinders skade sou gely het. Laasgenoemde het hom toe verbied om die leerlinge

Nederlands....../-60-

---

1) Theal: History of South Africa, 1652-1795, I, 389.
2) Brief Politieke Raad aan Here XVII (20 Maart 1702), Uitgaande Brieven 1701-1703, C.507, 428.

Nederlands te leer „wel wetende dat't latein weinig of niet te pas quam". Toe die ouers van die kinders sien dat hulle kinders nie meer Nederlands leer nie, het hulle die kinders uit die skool geneem, waardeur die goewerneur sy doel bereik het. Skoolonderwys wat nie moedertaalonderwys was nie, was vir die ouers van destyds ondenkbaar en hulle het dus ander planne vir die onderwys van hulle kinders gemaak.[1)]

Soos reeds aangetoon, was dit die beleid van die owerheid om die Nederlandse taal te versprei. Die ordonnansie van De Chavonnes het aangaande die leerboeke die volgende bepaal: „De voorziende Rector en schoolmeesters en zullen andere geen boekken mogen Leeren dan die in't Vaderland de jeugt nut en bequaam zijn geoordeeld.[2)]

In al die skole wat in die tydperk gestig is, sien ons dan ook dat onderrig in die moedertaal geskied het. In die Latynse skool was die rektor 'n predikant uit die Moederland, en is die onderwys gegee in spel, lees, en skrywe van die Nederlandse taal.[3)] Ook is moedertaalonderwys gegee in sowel die gewone openbare laerskole[4)] as in die Diakonieskole.[5)]

Intussen was die Skolarge besig om deur middel van hulle gemagtigde in die Moederland te soek na geskikte leerkragte vir die skool wat aan die kinders Christelike en nasionale onderwys sou gee.[6)]

Waar die ouers dit kon bekostig,het hulle onderwysers gehuur om onderwys te gee in die rigting en gees as wat in die ouerhuis geheers het. Die leergang sover dit in die kontrakte genoem word, het bestaan uit die eerste grondbeginsels van die godsdiens,

„mitsgds......./-61-

---

1) J. Hoge: Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 17de en 18de eeue, II, 11-12.; P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795, 34.

2) Resolutien 1713-1715 (21 Aug. 1714) C.9, 246-252.
3) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795, 104.

4) Resolutien 1733-1734 (18 Maart 1734) C.28, 313.
5) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 28.
6) Ibid, 40.

„mitsgds. het Leezen, Schryven en Cyfferen". Die ouers was skynbaar tevrede dat net die moedertaal aan die kinders onderrig word, want in slegs 'n paar skole word daar ook van Frans melding gemaak.[1)]

As die einddoel van die onderwys is beskou die vorming van die kind dat hy aan sy kerk en vaderland „goede en getrouwe diensten mogen doen."[2)]

(2) Die Franse.

Met die Franse deel van die bevolking het dit in die dae nie so goed gegaan wat betref nasionale onderwys vir hulle kinders nie. Hulle het egter instinkmatig besef dat indien hulle hul as 'n eie volksgroep met 'n eie taal, godsdiens, tradisies en kultuur wou bly handhaaf, hulle soveel moontlik moes saamwoon en hulle eie onderwysinrigtings in hulle eie taal moes hê. So het sommige van die Franse selfs die grond wat aan hulle gegee is, geweier en hulle by ander gaan verhuur net om bymekaar te wees.[3)]

Die Franse vlugtelinge wat hoofsaaklik in Drakenstein gevestig was, het die onderwys van hulle kinders besonder ter harte geneem en nog voor hulle behoorlik gevestig was, die regering genader in verband met 'n skool vir die opvoeding van hulle kinders. Die versoek is toegestaan en Paul Roux is aangestel as onderwyser.[4)] Daar is egter geen geskrifte wat aandui dat hy ooit die skool geopen het nie.

Dit was die beleid van die bewindhebbers om die vlugtelinge tussen die Hollandse koloniste te laat woon om sodoende makliker hulle doel te bereik, nl. inlywing en mortifikasie. As hulpmiddel moes dien gesamentlike skole waar veral aandag gegee is dat die Franse kinders die Nederlandse taal aanleer.[5)]

As........../-62-

---

1) Theal: History of South Africa 1652-1795 I, 327.
2) Resolutien, 1713-1715 (21 Aug. 1714) C.9, 246-252.
3) Theal: a.w., 335.
4) Resolutien 1686-1699 (8 Nov. 1688) C.6, 254.
5) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795, 59.

As onderwyser vir so 'n skool is Jacob de Groot aangestel[1)] en beide die Franse en Nederlanders het van hierdie skool gebruik gemaak.[2)] Die owerheid het egter ingesien dat die voortbestaan van 'n nasie nou verbind is aan die voortbestaan van sy taal, en Frans is dus nêrens positief deur die bewindhebbers aangemoedig nie, met die gevolg dat die Franse taal later 'n natuurlike dood gesterf het.[3)] In 1713 is die volgende besluit deur die owerheid geneem: „Want wat de kinderen aangaan die worden in die duitsche Taal onderwyzen, ene daarom Gods woord mettertyd in die Taal genoeg zullen leeren verstaan, daar de oude lieden niet toekoomen kunnen."[4)]

Na die dood van Paul Roux in 1723 het die Franse gemeenskap andermaal by die owerheid om 'n Franse voorleser aangedring.[5)] Die Politieke Raad het dit egter oorbodig gevind om „iemand expres tot het voorleesen in die Franse taale" aan te stel[6)] en so het dan ook feitlik die enigste moontlikheid vir 'n afsonderlike Franse skool in Drakenstein verdwyn. Verskeie Franse het egter gebruik gemaak van privaatonderwysers[7)] in 'n laaste poging om hulle taal en nasionaliteit te behou.

Opsommend kan gesê word dat sowel die Hollandse as Franse ouers besef het dat hulle moes sorg vir die nasionale onderwys van hulle kinders. Die ouers van die Nederlandse taalgroep is hierin bygestaan deur Kerk en Staat, terwyl die Franse ouers alleen gestaan het en nie by magte was om sonder die hulp van Kerk of Staat sy nasionale onderwys in stand te hou nie. As gevolg daarvan het die Franse taal later 'n natuurlike dood gesterf.

II. Die....../-63-

---

1) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795, 61.
2) Coetzee en ander: Onderwys in Suid-Afrika, 8.
3) D.H. Cilliers: Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 17-18.
4) Resolutien 1710-1713 (21 Maart 1713) C.8, 352.
5) Notulen Kerkraad van Drakenstein 1715-1730 (21 Febr. 1723) I, 82.
6) Brief Politieke Raad aan Here XVII (10 April 1725) Uitgaande Brieven 1724-1725 C. 515, 1095.
7) Coetzee en ander: a.w., 8. Du Toit: Onderw. in Kaapland, 1652-1939, 48-49.

## II. Die Tydperk 1803-1806.

### 3. Inleiding.

In 1795 het die Kaap oorgegaan in Engelse hande en het daar tot 1803 'n periode onder Britse bewind gevolg wat in ons onderwysgeskiedenis met geen belangrike veranderinge gepaard gegaan het nie. Die Engelse het hulle hande vol gehad met politieke vraagstukke en het hulle dus nie baie met onderwyssake bemoei nie. Die onderwys is nog steeds deur die Skolarge behartig wat sedert 1796 bygestaan is deur die Burgersenaat.[1]

In 1803 is die Kaap weer aan Holland gegee en het Kommissaris De Mist, die Republiek se verteenwoordiger, en Goewerneur Janssens sake hier kom behartig.

De Mist was 'n kind van sy tyd en het sterk onder die invloed van die Franse tydgees gestaan. Waar onderwys en opvoeding voor die Franse Rewolusie op godsdienstige vorming van die jeug gerig was,[2] is daar nou betoog dat die skole kweekplekke vir die vorming van 'n nasionale kultuur moes wees.[3] Om hierdie doel te bereik, het die Franse die invloed van die Kerk op onderwysgebied uitgeskakel en geestelikes is verbied om langer onderwys te gee.[4]

Nasionale opvoeding en onderwys het tydens die Franse Rewolusie die volgende ingesluit: i. Die kind ontvang sy onderwys en opvoeding deur leerkragte wat deur die Staat aangestel is. Die invloed van die ouer en die Kerk is heeltemal uitgeskakel. Die Staat het alleen die reg op die kind, die kind het dus van eienaar verander. Terwyl hy vroeër in die invloedsfeer van die ouer en die Kerk sy opvoeding en onderwys geniet het, is hy nou oorgeplaas in 'n nuwe

invloedsfeer..../-64-

1) Wypkema: Die invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der Z.A. Rep. tot 1881, 3.

2) E. Reisner: "Education and Nationalism" since 1789, 9.

3) Ibid, 13.

4) Ibid, 26.

invloedsfeer, nl. dié van die Staat. ii. Waar die kind in die verlede 'n godsdienstig georiënteerde onderwys en opvoeding geniet het, is die hoofdoel nou die opleiding tot die staatsburgerskap. Die kind moet besiel wees met 'n hartstogtelike vaderlandsliefde; die liefde vir die godsdiens is nie meer van belang nie. iii. Die skool is beskou as 'n middel om die vrugte van die Franse Rewolusie te handhaaf en moes dus 'n volkskool wees wat alle lae van die volk kan oplei. Die kinders moes in een skool opgelei word; die beginsels van die ouers kon dus nie gehandhaaf word nie.[1)]

Hierdie nuwe denkbeelde wat heeltemal in stryd was met die tradisies van die Afrikaner, wou De Mist dan op die Kaapse bevolking kom afdwing.

Alhoewel De Mist se regime van korte duur was, het hy die gees van die onderwys van die hele 19e eeu in Kaapland bepaal.

4. <u>Die Gereformeerde beginsel in die skoolopvoeding</u>.

(a) <u>Oprigting, instandhouding en beheer van skole</u>.

(i) <u>Onderwyswette en regulasies</u>.

<u>Die Skoolorder van De Mist</u>.[2)]

Die eerste paar artikels handel oor die beheer oor die onderwys in die hele volksplanting. Die Goewerneur word beskou as die Opper-Skolarg van die hele skoolwese. Dit is sy plig om saam met die Raad te sorg dat die nodige fondse tot die instandhou van die skole gevind word. Die bestuur van die skoolwese word opgedra aan 'n Kommissie van Skolarge wat bestaan uit, 1. die Goewerneur as Opper-Skolarg, 2. 'n lid van die Politieke Raad, deur die Goewerneur benoem, as aanblywende voorsitter, 3. die

tydelike....../-65-

---

1) E. Reisner: "<u>Education and Nationalism</u>" since 1789, 9.

2) Instructiën aan Politieke Raad, Raad van Justitie, Landdrosten, Heemraden, Veldcornets enz. 1803, B.R. 117. Sien ook A. Dreyer: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 31-46. (Skoolorder van De Mist).

tydelike president of ander lid van die Weeskamer, deur die president benoem, 4. twee predikante van die Hervormde- en een van die Lutherse gemeente, waarvan die jongste in jare die werk van sekretaris sal waarneem, 5. die tydelike president van die „Raad der Gemeente" of 'n ander lid deur hom benoem en 6. 'n lid deur die Goewerneur benoem wat teen beloning as tesourier van die fonds wat gestig sal word, moet optree.

Die landdroste en predikante van die buitedistrikte sou honorêre mede-lede van hierdie kommissie wees en by aanwesigheid in die Hoof-plaas as sodanig die sitting van die Kommissie kan bywoon en hom van advies bedien in verband met die onderwyssake van hulle respektiewe distrikte.[1)]

Artikels 4 - 14, 19 en 20 gaan oor leerkragvoorsiening en die oprigting van 'n kweekskool vir toekomstige onderwysers. Die Goewerneur en Raad moet die beste en nodige middele vind vir die oprigting van 'n geskikte gebou vir die kweekskool.

Dit is ook aan die Skolarge opgedra om, na verloop van 5 jaar en namate die fondse dit toelaat, die buitedistrikte van geskikte onderwysers uit die kweekskool te voorsien. Hulle moes ook toesien dat soveel moontlik geskikte geboue vir kos - en dagskole opgerig word.[2)]

Om voorsiening te maak vir die eerste vyf jaar, is aan die Kommissie opgedra om te sorg vir 'n geskikte persoon om aan die hoof van 'n kos- en dagskool te staan, en ook 'n skool vir jong dogters op te rig. Die sorg van alle orige laerskole in Kaapstad is opgedra aan die „Raad der Gemeente" onder die oppertoesig van die Skolarge.[3)]

Die......../-66-

---

1) Skoolorder, art. 1-3.
2) Ibid, art. 15-18.
3) Ibid, art. 25.

Die Kommissie het bepaal dat aan elke geoutoriseerde skoolmeester jaarliks 150 Riksdalers betaal sou word, maar dit wou voorkom asof die onderwysers in hierdie skole hulle maar met die skoolgeld deur hulle leerlinge betaal, tevrede moes stel.[1] Onder die geledere van hierdie gewone laerskole het ook getel dié skole wat meer in die besonder aan die verskillende kerke of gemeentes aan die Kaap verbonde was, die sogenaamde Diakonieskole. Hulle het gesorg vir die onderwys van die minderbevoorregte kinders en die onderwyser, gewoonlik die voorleser, het vergoeding ontvang uit die fondse van die Diakonie.[2]

Wat die Latynse skool betref, het die Kommissie aanbeveel dat 1000 Riksdalers jaarliks aan die onderwyser van die skool betaal moet word, asook die huurgeld vir die skoolgebou.[3] In sy skoolorder het De Mist die skool opgedra aan die sorg en toesig van die Skoolkommissie.[4]

De Mist het dus deur hierdie skoolorder die verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van die kinders op die staat geplaas.

In die 18de art. van sy skoolorder bepaal hy: „de openbare schoolen strekkende tot onderwijzing der jeugt, behooren niet tot eenige byzonder Kerkgenootschap. Het zyn kweekplaatsen, om goede Burgers voor den Staat te vormen; en als zodanige staan dezelve onder het onmiddelyk teozigt en bestuur van het Gouvernment.[5]

Daar was veral twee nuwe denkrigtings wat nou met mekaar verbind is en wat in sy reëling op die voorgrond getree het, nl. die verantwoordelikheid van die staat om volksonderwys te reël en die onttrekking van

die........./-67-

1) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 56.
2) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bat. Rep., 83.
3) Resolutien, Bijlagen (Junie 1805) B.R. 67, 412.
4) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Rep., 73.
5) Skoolorder, art. 18.

die onderwys aan die gesag en direkte invloed van die Kerk met die gepaardgaande vervanging van die Calvinistiese beginsels deur dié van verligte vorming van die jeug tot goeie staatsburgers.[1]

Die skool was wel nie onder die Kompanjie 'n „kerkskool" nie, maar 'n soort „staatskool" en wel 'n Gereformeerde staatskool. Die staat het gebruik gemaak van die Kerk om die onderwysers te ondervra en te ondersoek na hulle gesindheid, en het aan die Kerk die reg verleen om voor te skryf wat in verband met die godsdiens gedoen moes word. De Mist wou hierdie reg van die Kerk ontneem sodat die Kerk nie verdere direkte seggenskap oor die skool sou hê nie.[2]

(ii) Onderwystoestande in die binneland.

De Mist het in sy skoolorder voorsiening gemaak vir verbetering van die onderwystoestande in die binneland. Die blyk uit die „Ordonnantie raakende het bestier der Buitedistricten, in de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Volksplanting" van 23 Oktober 1805, dat die Goewerneur-en-Rade die belange van die onderwys in die buitedistrikte nie uit die oog verloor het nie. In die „Instructie voor Landdroste der respective Buiten-Districten" word bepaal dat die landdros noukeurig moet let op die opvoeding en onderwys van die jeug en probeer om dit binne die bereik van elke huisvader te stel. Hy moes probeer om die jeug „tot nyverheid aan te moedigen, door den arbeidzaamen Landman met onderscheiding te behandelen en den stand van zodanige Landlieden, als eere waardig, en hoogsnuttig voor die Volksplanting te doen beschouwen."[3]

Tot tyd en wyl hieraan uitvoering gegee is, volgens die skoolorder, in soverre dit die beheer oor die onderwys in die buitedistrikte betref, is die skole

vereers......./-68-

1) Van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 180.

2) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Rep., 39.

3) Resolutien, Ordonnantie Rakende het Bestuur der Buitedistrikten 1805, B.R. 116, 6.

vereers deur die kerkrade beheer[1]. Hierdie beheer is egter spoedig oorgeneem deur die regering.[2] Die staatskole is dus opgerig, in stand gehou en grotendeels beheer deur die staat. Die Kerk se seggenskap is baie verminder en die ouers het geen seggenskap gehad nie.

(1) Privaatskole.

Die belangrike privaatskool wat in dié tyd gestig is en wat later 'n belangrike rol in ons onderwysgeskiedenis gespeel het, was die een wat deur die maatskappy „Tot Nut van't Algemeen" geopen is.[3]

'n Aantal vooraanstaande manne van die Kaap het besluit om in navolging van die bestaande maatskappy in die Moederland, 'n soortgelyke hier te stig. Die doel sou o.a. wees „om het alhier zo zeer verwaarloosd onderwijs der Jeugd te verbeeteren".[4]

Die maatskappy het De Mist kennis gegee van die oprigting van die Kaapse tak wat onderworpe aan die wette van die Algemene Maatskappy „wier de ondervinding waarborgt", ook reeds deur andere wette sy huishoudelike sake gereël het, en het hom om 'n blyk van goedkeuring versoek.[5] De Mist het op sy beurt die maatskappy van sy volle goedkeuring en ondersteuning verseker.[6] Hierdie skool is opgerig, in stand gehou en beheer deur die maatskappy genoem die „Tot Nut".

Daar is 'n geskikte gebou aangekoop en om die onderwys binne die bereik van alle stande te bring, is bepaal dat die onvermoëndes die lesse gratis sou kon bywoon, terwyl die kinders uit bemiddelde families

maandeliks....../-69-

1) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806, 133-134.
2) Ibid, 134.
3) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 97.
4) Inkomende Stukken 203 Dept. der Bataafsche Maatschappij tot Nut van het Algemeen - de Mist, 13April 1803. Notule de Mist Dl. VI Kol. Arch. 4362. Aangehaal deur V.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 189.
5) Notulen de Mist 1803, Dl. VI.B.R. 109, 227.
6) Uitgaande Stukken 97, Not. de Mist 1803 Dl. VI.B.R. 109, 379.

maandeliks 5 Riksdalers sou moes betaal.[1)]

(2) Huisonderwysers.

In die buitedistrikte en veral op verafgeleë boereplase, het die ouers gebruik gemaak van die boere-skoolmeesters. Hierdie stelsel het, ten spyte van herhaalde pogings wat gedurende die 18de eeu van owerheidsweë aangewend is om dit tot niet te maak, nog bly voortbestaan.[2)]

Die indiensneem van private meesters het nog steeds die enigste weg gebied in die nakom van die verpligtinge wat daar op die skouers van die ouers gerus het om in die onderwysbehoeftes van die kinders te voorsien.

In die tyd was daar in die distrik Stellenbosch alleen 24 privaat onderwysers wat, „op het land onder de wyd en zyd verspreidde christen familien woonden; en in het onderwys der kinderen werkzaam waren"[3)] terwyl daar in die „Memorie over de Kaap" ook melding gemaak word van 'n privaat meester.[4)] Barrow het in sy „Travels" ook melding gemaak van die skoolmeesters en die skrywer van „Cleanings in Africa" het vermeld dat „Among the better sort of farmers you find a person dignified with the name of Master.... he is, in fact, the private tutor to the children, and instructs them to read and write; besides he is the politician and oracle of the family."[5)]

Hierdie klein privaatskooltjies is opgerig, in stand gehou en beheer deur die ouers, maar ons vind dat die Skoolkommissie van Stellenbosch in Maart 1806 hulle „Instructie voor de Respective Schoolmeesters die by de Ingeseetenen inwoon en buyten den dorpe Stellenbosch en de Paarl waarna zylieden hun sullen moeten gedragen."[6)] opgetrek het.

Hierdie......../-70-

1) Kaapsche Courant, 10 Des. 1803.
2) P.S. du Toit: Onderw. aan die Kaap onder die Bat. Rep., 118.
3) Zuid Afrikaansche Tydschrift, Dl. II, 1825, 416.
4) Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III, 119.
5) Gleanings in Africa, 276. aangehaal deur S.P. du Toit: Onderw. aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 122.
6) Instruksies vir Onderwysers, ens. Skoolkommissie Stellenbosch 1805-1835, 22/183.

Hierdie instruksie het bepaal dat geen skoolmeester toegelaat sou word om skool te hou indien hy nie eers deur die Skolarge van die distrik geëksamineer en goedgekeur is nie. Die Skolarge het hulle ook die reg voorbehou om so dikwels as wat hulle dit sou goeddink, „ondersoek en eksaminasie te doen" na die gedrag en die onderwys van die meesters asook na die vordering van die kinders. Die bedrag van die skoolgeld moes onderling gereël word tussen die onderwysers en die betrokke ouers.[1]

Die Skolarge het besluit om aan elke meester 'n kopie van die instruksies te oorhandig om te verseker dat die reëlings deur hulle bepaal, noukeurig in ag geneem sou word.[2] Verskeie onderwysers het dan ook hulle opwagting voor die vergadering gemaak.[3] Die Staat het dus nou 'n sekere mate van beheer oor die onderwys van die privaatskooltjies gehad wat dit nie voorheen gehad het nie.

Alhoewel die onderwys in die privaatskooltjies dikwels veel te wense oorgelaat het, bly dit as 'n onomstootlike feit staan dat die huisonderwysers in hierdie tydperk belangrike kultuurwerk gedoen het. Hulle het by voortduring die enigste uitweg gebied uit 'n byna onoorkomelike moeilikheid, want ten spyte van die pogings van die owerheid om verbetering aan te bring, was daar niks beters as die dienste van die huisonderwysers in die verafgeleë binnelande te bekom nie.[4]

(b) <u>Die skoolopvoeding moet Christelik wees.</u>

(i) <u>Onderwyswette en regulasies.</u>

In sy <u>Memorandum</u> asook in sy <u>Skool- en Kerkorder</u> sien ons dat De Mist sterk onder die invloed van die Franse tydgees gestaan het. Daarin is die beeld van 'n neutrale volkskool duidelik geteken

en is......./71-

1) <u>Instruksies vir Onderwysers</u>, ens. Skoolkommissie Stellenbosch 1805-1835, 22/183.

2) Idem.

3) <u>Kladnotule Skoolkommissie Stellenbosch</u> (4 April 1806) 1806-1821, 22/170.

4) P.S. du Toit: <u>Onderwys aan die Kaap onder die Bat. Rep</u>. 122-123.

en is die onderwys in die Gereformeerde geloofsleer vervang deur 'n godsdiens bokant geloofsverdeeldheid.[1] In sy Memorie sê De Mist i.v.m. die godsdiens „Men bedoelt hier niet, een of ander bijzonder godgeleerd stelzel maar de openbare erkentenis van het bestaan van een oneindig Opperwezen.."[2]

Volgens sy ordonnansie sluit hy nie alle dogmatiese onderwys uit die skool nie, maar moes die eerste beginsels van die kerkgenootskap, waartoe die ouers van die kind behoort, ingesluit word.[3] Waar die hoofdoel van die onderwys egter gedurende die 17de eeu die lidmaatskap en die bestendiging van die Kerk was en kategetiese onderrig die hoofinhoud van die onderwys gevorm het, moes die Bybel nou 'n ondergeskikte plek inneem en kon die godsdiens nie meer die hele skoolonderwys deurdring en besiel nie. De Chavonnes se onderwysordonnansie van 1714 het die nasionale en christelike as 'n twee-eenheid saamgekoppel. Die ordonnansie van De Mist, daarenteen, het die noodsaaklike eenheid verbreek en slegs die nasionale beklemtoon ten koste van die Christelike.[4]

Van De Mist se skema het egter in die praktyk nie veel tereg gekom nie, en dit kan regstreeks toegeskryf word aan die verbreking van die direkte band tussen die Kerk en die onderwys. Hoewel hy ongetwyfeld 'n knap administrateur was, was hy ook die eerste gesaghebber om deur sy Kerk- en onderwyswetgewing die Afrikanervolk sy Calvinistiese-godsdientige lewensbeskouing en positief-Christelike skool te probeer ontneem.[5]

Greyling sê tereg: „Want alhoewel die ou historiese skoolstelsel nog 'n tyd ná die oorgawe van die Kaap aan Engeland in 1806 sou voortleef, het die gees van...../-72-

1) Wypkema: Die invloed van Nederland op opstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der Z.A. Rep. tot 1881, 11.
2) De Mist: Memorie over de Caap, 24.
3) Skoolorder, Eerste Hoofstuk, art. 21F.
4) D.H. Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 24.
5) Ibid, 23.

van De Mist in die negentiende eeu onder die nuwe bewindhebbers voortgewoeker en is die ou historiese fondament langsamerhand omgestoot en verlê. In die plek van 'n Gereformeerde staat, 'n deur die staat erkende kerk en 'n Gereformeerde staatskool sou daar kom 'n neutrale staatshouding teenoor alle kerkgenootskappe en 'n neutrale skool met neutrale godsdiensonderwys."[1]

Die gereformeerde beginsel in die onderwys wil dat die gees en rigting deur die ouers bepaal word. In De Mist se skoolorder is hierdie beginsel dus heeltemal verontagsaam omdat die <u>staat</u> die gees en rigting bepaal het en nie die ouer nie. Of die beginsel wel in party skole gehandhaaf is, sal ons in die volgende paragrawe bespreek.

(1) <u>Christelike onderwys in die staatskole</u>.

In April 1805 het die Skoolkommissie 'n berig in die koerant geplaas waarin die publiek nader ingelig word omtrent die Pahuds se skool vir dogters. Daarin word aangekondig dat o.a. die grondbeginsels van die Christelike sedeleer, soos dit in die Heilige Skrif gevind word en by die lees daarvan daaruit afgelei kan word, aan die kinders geleer sal word.[2] Ons kan aanneem dat godsdiensonderwys ook nog 'n plek gehad het op die rooster van die Latynse skool, aangesien dit in alle waarskynlikheid dieselfde skool was wat in 1793 tot stand gekom het en waar godsdiens wel onderrig is.[3]

As ons die aansoeke van die onderwysers in die tydperk van die H.O.I.K. om gewone openbare laerskole te open, vergelyk met die aansoeke in die De Mist-tydperk, kom ons voor 'n interessante feit te staan. Die onderwysers in die vroeër tydperk noem altyd

godsdiensonderrig.../-73-

---

1) E. Greyling: <u>Godsdiensonderwys in die skool</u>, 33-34.
2) <u>Kaapsche Courant</u>, 6 April 1805.
3) P.S. du Toit: <u>Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie</u>, 1652-1795, 221.

godsdiensonderrig as een van die belangrikste vakke, terwyl die onderwysers sedert 1803 dit nie eers noem as 'n vak nie. So sien ons dat 'n sekere C.M. Villet per brief aan die Goewerneur te kenne gee dat hy graag die kinders sal wil onderrig in die Franse, Hollandse en Engelse tale.[1] Ook het die here J.B. Renou en J.G. Klijnders in November 1803 die Politieke Raad meegedeel dat hulle begerig is om in die Kaap 'n skool op te rig: „een School tot onderwys der Jeugd in de Nederduitsche en Fransche Taalen, mitsgaders in de Cyferkonst en Aardrykskunde en het geen verder tot eene goede opvoeding der Jeugd dienstig is."[2]

'n Sekere Hammerstein het besluit om 'n „Lyceum of Oefenings School" op te rig waarin die volgende vakke onderwys sou word: „Natuur-Historie, beginzelen van de Natuurkunde, de algemeene Waereldhistorie en Aardryksbeskryving, van den Mensch, van den Menschlyke Gezelschap, Lectuur der Nieuwste Nederduitsche Werken, om zich in deze Taal gantsch eigen te maken!"[3]

Vergelyk hierdie aansoeke met dié van die vorige eeu toe daar van al die onderwysers verwag is om in die eerste instansie godsdiensonderrig op die rooster van werksaamhede te plaas. Hierdie onderwysers het dan ook in hulle aansoeke sonder uitsondering almal aangebied en beloof om onderwys te gee in die gronde van die „Christelike religie"[4] of in die „Hervormde Godsdiens"[5] of in die gronde van die „Gereformeerde Religie".[6]

(2) <u>Christelike onderwys in die „Tot Nut van't Algemeen."</u>

Twee vername kenmerke van die skool was die belangrike plek wat godsdiensonderwys op die leerplan

ingeneem......./-74-

---

1) <u>Res. Bijlagen</u> 1804 B.R. 47, 517.
2) Res. Bijlagen 1803 B.R. 43, 23.
3) <u>Kaapsche Courant</u>, 23 Julie 1803.
4) Resolutien 1737-1738 (19 Nov. 1737), C.30 356.
5) Ibid, 1743 (25 Maart) C. 35, 243.
6) Ibid, 1745 (2 Maart) C. 37, 70.

ingeneem het en die ywer tot die bevordering van die moedertaal. Die doel van die Maatskappy was o.a.: „dat is te bevorderen uwen tydelyken en eeuwigen welvaart, zynde het hoofddoel......beschaving en verbetering der Zeden; brave Burgers - vlytige Werklieden - eerlyke Huisbezorgers - kuische Echtgenoten - verstandige Vaders- en kinderlievende Moeders te vormen; en voornamentlyk verstandige Belyders van den Christelyk en Godsdienst - Hierby komt nog het gewigtig vak der opvoeding van de Jeugd, en de verbetering van het Schoolwezen, en van den Landbouw, zo allernoodzakelykst in deze Colonie."[1)]

By 'n latere geleentheid is die doel van die Maatskappy breedvoeriger uiteengesit deur Nicolaas van Es, een van sy lede. Hy beklemtoon veral die sedelike vorming van die kind, en dat daar by hulle aangekweek word 'n diepe eerbied vir die Opperwese waaruit natuurlik die ouerlike eerbied voortvloei. Van Es haal dan die woorde van 'n digter aan: „dat hy de God vreest geene andere vreeze kent", maar sê dat die omgekeerde ongelukkig ook waar is, „want wie toch God niet vreest en erkent, zulk een is een monster in de Maatskappy, dewyl zeer zeker geen band hem heilig is."[2)]

(3) Christelike onderwys in die onoffisiële skole.

Die beskouinge van De Mist veral ten opsigte van die godsdiens, was in menige opsig vreemd aan die onderwystradisies aan die Kaap. Die ouers het dan ook oral in opstand gekom. „Better no education at all from books than instruction not based on religion was the cry from one end of the colony to the other", skrywe Theal.[3)]

Hierdie ouers het dan nog gebruik gemaak van die

boereskoolmeesters../-75-

1) Kaapsche Courant, 30 April 1803.
2) Idem.
3) Theal: History of South Africa before 1795, III, 99.

boereskoolmeesters en huisonderwysers. Hierdie onderwysers is òf in die huishoudinge opgeneem as een van die familie òf het van plaas tot plaas rondgetrek en 'n paar maande lank by elk vertoef.[1] In al hierdie huise van die ouers het 'n godsdienstige stemming geheers, die Bybel wat dikwels die enigste boek was wat 'n plek in die huishouding gevind het, was die daaglikse bron van lig en krag en huisgodsdiens het 'n ereplek ingeneem.[2] Ons kan begryp dat die ouers gesorg het dat die onderwys wat die kinders van die meesters ontvang het, in dieselfde Christelike gees sou geskied. Hierdie skooltjies was Christelik in die Calvinistiese sin van die woord en dis hulle wat dié gees in die latere Reupblieke ten noorde van die Oranjerivier ingedra het.

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

(i) Onderwyswette en regulasies.

De Mist is baie diep beïnvloed deur die beginsels van die Rewolusie in Frankryk. Die Rewolusie het die ou bestaande tradisies op die gebied van die opvoeding en onderwys uitgewis en reeds in die eerste onderwyswet van die rewolusionêre tydperk in 1791 is beweer dat die skole kweekplekke vir die vorming van nasionale kultuur moes wees.

Die nasionale onderwysstelsel moes die vorming van bewuste staatsburgers beoog, en om hierdie doel te kon bereik, is die invloed van die Kerk op onderwysgebied uitgeskakel en is geestelikes verbied om langer onderwys te gee.[3]

Die Bataafse grondwet van die jaar 1798 was 'n weergawe van die Franse grondwet en het o.a. bepaal dat die volk van die Bataafse Republiek die bevordering van die verligting en beskawing eis.[4] Hierdie gees van vryheid het tot die verste uithoeke van die aarde verbrei en is ook deur De Mist na Suid-Afrika gebring.

Dat........../-76-

1) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bat. Rep. 118.

2) P.B. Borcherds: An Auto-biographical Memoir, 55.

3) E.H. Reisner: Nationalism and Education since 1789, 9,13,26.

4) J.J. Snyman: 'n Histories-Kritiese Studie van die Smuts-Onderwyswet van 1907, 32.

Dat De Mist die Nasionale onderwys as die belangrikste beskou het, blyk uit sy skoolorder wat begin deur te verklaar: „Dat hy van den aanvang zyner Zending naar herwaars, voor een van zyn belangrikste pligten gehouden heeft, om te zorgen dat de middelen van Nationaale bescaaving, den daar onder voornaamlyk die der Opvoeding en Onderwyzing van de Jeugd, binne deze Volksplanting op alle moogelyke wyzen daargesteldt, beschermd aangemoedigd vermeerderd en verbeterd worden."[1]

De Mist was dan ook die eerste in Suid-Afrika om die onderwys voor te hou as 'n nasionale aangeleentheid, om 'n nasionale onderwysraad aan te stel en spesiale aandag te gee aan die taalvraagstuk.[2] In sy Memorie merk hy op dat as gevolg van die langdurige verblyf van Franse en Engelse troepe aan die Kaap daar aan die nasionale gevoel van die jeug heelwat ontbreek.[3] Hy het voorspel dat „zonder de wedergeboorte van eene nationale geest, en smaak tot voorkeur van nationale zeden, gewoonte.....; durft men zich van alle politieke veranderigen, weinig goed beloven."[4]

Teen die nasionale strekking van die opvoeding en onderwys is daar geen besware uitgespreek nie, maar tog het die Afrikaanse tradisie in botsing gekom met De Mist se gematigde, moderne beginsels. Die nasionale doelstellings in die onderwys het te veel plek ingeneem ten koste van die Christelike element.[5] Waar die gereformeerde ouer die twee begrippe „Christelik" en „nasionaal" aaneengekoppel het, het De Mist die twee van mekaar geskei en net die nasionale begrip beklemtoon ten koste van die Christelike.[6] De Mist se verbreking van die Christelike

element......./-77-

1) A. Dreyer: Boustowwe van die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, III, 31.
2) Ibid, 33.
3) Memorandum, 47, „Opvoeding aan der Jeugd aan de Caabstad".
4) Ibid, 48.
5) Jan Ploeger: Inleiding tot die grondslae van C.N.O. in S.A., 26.
6) D.H. Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, 24.

element van C.N.O. het dan ook die nasionale degenerasie vooraf gegaan soos later sal blyk.

(1) Nasionale onderwys in die staatskole.

Om die nasionale opvoeding aan die kind oor te dra, het De Mist besef dat nasionale onderwysers uiters noodsaaklik is en daarom maak hy „in de eerste plaats" in sy Skoolorder voorsiening vir die opleiding van toekomstige onderwysers by „voorkeur Inboorlingen dezer Volksplanting". In die „Normaalskool" moes die leerlinge geleer word om „allereers in die meeste volmaaktheid......zuiver Nederduitsch te leeren spellen, spreeken, leezen en schryven". Die instrukteurs van die Normaalskool sou uit Holland kom en nadat die Normaalskool vyf jaar bestaan het, sou niemand meer toegelaat word om onderwys in Nederlands te gee of enige openbare skool in die land te open tensy hy eers 'n onderwyserskursus aan die Normaalskool deurloop het nie.

De Mist het die aanleer van vreemde tale aanbeveel, maar het gewaarsku dat daar nie deur die leerlinge 'n „meerdere neiging" vir die een of ander nasie gewek sou word nie. Toekomstige onderwysers moes deurdring word van: „onveranderlijk en afkeer voor alle vreemde overheersching en opoffering van al wat zy kunnen en bezitten, of eenmaal verkrijgen moge, ter bevordering of handhaving der onafhanglijkheid der Bataafsche Republiek, en ter bewaaring Haarer buitelandsche Bezittingen".[1]

In die „Instituut van Kost- en Dag-School" in Kaapstad, is as eerste vereiste vir die leergang vasgestel die spel, praat, lees en „sierlyk" skrywe van Nederduits,[2] terwyl vir die gewone laerskool bepaal word dat daarin, „doorgaands de eerste beginselen der Moedertaal geleerd, en de gronden tot de

Nationale......../-78-

---

1) Skoolorder, art. 4-14, 19 en 20.
2) Ibid, art. 21-24.

Nationale Opvoeding gelegd moeten worden."[1]

(2) Nasionale onderwys in die „Tot Nut".

Soos voorheen aangetoon was een van die belangrikste kenmerke van die skool die ywer tot die bevordering van die moedertaal. Die maatskappy het in die koerant geadverteer om 'n geskikte persoon om o.a. die jeug grondig te onderwys in die lees en skrywe van die moedertaal.[2] Die skool het vinnig uitgebrei en in Julie 1804 het die bestuurders 'n tweede onderwyser gesoek. Aansoeke is ingewag van enigiemand van goeie gedrag wat die Nederduitse Taal, skrywe en syfers grondig verstaan en wat geneë mag wees om teen 'n goeie jaargeld „als tweeden onderwyzer" geplaas te word.[3] Die twee onderwysers het hulle met welslae van hulle taak gekwyt en baie daartoe bygedra om groter belangstelling by die publiek in onderwyssake aan te wakker.[4]

(3) Nasionale onderwys in die privaatskooltjies.

Dit was veral die veeboere wat dieper na die binnelande deurgedring het en wat later omtrent geen verbinding met Kaapstad en nog minder met die Moederland gehad het, wat self gesorg het vir die onderwys van hulle kinders. Dit was hierdie mense wat nog vasgehou het aan die tradisies van hulle voorvaders. Keyter sê: „Die bakermat van die Afrikanerkultuur as selfstandige spruit van die Nederlandse moederkultuur was die Afrikaanse platteland, en die draers daarvan daardie stoere ou pioniersvolk wat sy wortels diep in die eie Afrikaanse bodem ingeslaan het."[5]

Al was die onderwys weens groot afstande dikwels gebrekkig, het die ouers alles gedoen om die een-

voudige......../-79-

1) Skoolorder, Art. 25.
2) Kaapsche Courant, 30 April, 1803.
3) Ibid, 21 Julie 1804, 28 Julie 1804.
4) Coetzee en ander: Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1956, 37.
5) J.de W. Keyter: Die Opvoedingsideaal en Opvoedingstrewe van die Afrikaner (Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner) Dl. II, 298).

voudige besit van nasionale kultuurgoedere so goed as hulle kon, aan die jeug te oorhandig.[1] Indien 'n huisonderwyser nie beskikbaar was nie, moes die ouers, gewoonlik die moeder, self sorg vir die onderwys.

Die boeke was baie skaars en gewoonlik het die Bybel, die Psalmboek en Katkisasieboek naas die eenvoudige „ABC.-boek," die „AB-jab" en die „Trap der Jeugd" die totale boekebesitting uitgemaak. Die doel van die onderwys was by hulle nog die elementêre lees, skrywe en reken wat moes dien as middele tot voorbereiding vir lidmaatskap van die Kerk. Hulle het egter ook in die daaglikse samelewing in die klein gesinsgemeenskap die lewensuitkyk van 'n prakties toegepaste Calvinistiese godsdiens en geestesinhoud van 'n langsaam-ontluikende eie nasionale kultuur ontvang.[2]

Opsommend kan gesê word dat die gereformeerde beginsel nie in die staatskool gehandhaaf is nie, aangesien die staat die gees en rigting daarvan bepaal het. In die offisiële skooltjies is beide die Christelike en nasionale aspek gehandhaaf en wel omdat die ouers die gees en rigting daarvan bepaal het.

## III Die Tydperk 1806 - 1836.

### 5. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

#### (a) Oprigting, instandhouding en beheer van die skool.

Met die tweede inbesitname van die Kaap deur Engeland in 1806 was die volgende skole onder die toesig van die Onderwys-kommissie:[3]

(i) Die Latynskool wat in 1793 deur bemiddeling van die Latynfonds van 1791 deur die ou Kommissie van Skolarge opgerig is, en wat in stand gehou is uit die fondse van die Onderwyskommissie.

(iii) Agt...../-80-

---

1) J.de W. Keyter: Die Opvoedingsideaal en Opvoedingstrewe van die Afrikaner (Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner) Dl. II, 298).

2) Idem.

3) Rapport van die Onderwyskommissie aan waarnemende goewerneur Grey, 1 April 1807: C.O. 1806, No.97. Aangehaal Du P. van Wyk: Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 40.

(iii) Agt gewone Hollandse skole wat wel onder beheer van die Onderwyskommissie geval het, maar nie deur hulle in stand gehou is nie. Die onderwysers was afhanklik van die skoolgeld wat die leerlinge moes betaal.

Afgesien van hierdie skole was daar nog skole wat nie deur die Onderwyskommissie beheer is nie, nl. die „Tot Nut" en 'n paar ander privaat- en dameskole. Een van die privaatskole, nl. 'n Engelse privaatskool onder leiding van mnr. Doughty is egter kort na die Engelse inbesitname onder die direkte beheer van die Kommissie geplaas wat ook onderneem het om te sorg vir die instandhouding van die skool.[1]

As die fondse van die Onderwyskommissie nie voldoende was nie, is die tekort aangevul deur die staat. Dit was die gebruik gedurende die Bataafse Tydperk en hierdie beleid is ook deur Goewerneur Caledon gevolg.[2]

(i) <u>Cradock se kosterskole</u>.

Met die kosterskole van Sir John Cradock is daar vir 'n tydlank versoenend opgetree teenoor die Hollandse Koloniste. Hy het weer die kosters- en onderwysersamp verbind: „in as far as possible the offices of the Church Clerk and Schoolmaster were to be combined....."[3] Die kosteronderwysers het onder onmiddellike bestuur en toesig van die predikant, die landdros en die ouderlinge gestaan en sou deur die distrikskoolkommissie aanbeveel word en deur dié liggaam hulle opdragte ontvang.[4]

Met die skepping van die kosterskole is in 1812 voorsiening gemaak vir die oprigting van skole onder gesag van die goewerneur, onder beheer van die onderwyskommissie en onder die onmiddellike toesig van die plaaslike distrikskommissie.[5]

Hierdie....../-81-

---

1) <u>Education Commission Report</u>, G.24, App. V. 23-25.
2) Du Preez van Wyk: <u>Die Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese</u>, 1806-1915, 41.
3) <u>Education Commission Report</u>, G.24, App. V. 14.
4) Ibid, 37-38.
5) Du Preez van Wyk: a.w., 51.

Hierdie kommissie is egter nie plaaslik gekies nie, maar is deur die Goewerneur-en-Raad aangestel en het gewoonlik bestaan uit die resident-Magistrate, predikante en siviele kommissarisse.[1] Hierdeur is die goewerneur gemagtig om na willekeur aanstellings te maak en sodoende is sy houvas op die plattelandse onderwys verseker.[2] Hierdeur is die belange en invloed van die ouer op die onderwys nog verder ingekort, want hulle het geen seggenskap gehad in die skoolsake nie. Dit het ook veroorsaak dat die plaaslike inisiatief en belangstelling van die ouers uitgedoof is en alle samewerking tussen staat, skool, kerk en huis onmoontlik gemaak het. „It stood above and apart from the people; it was too liberal and too governmental."[3]

Die Onderwyskommissie het in die jare 'n geringe verandering ondergaan en is omskep in die „Bible and School Commission". Die Goewerneur is benoem as beskermheer terwyl die Koloniale Sekretaris as nuwe lid opgeneem sou word. Verder is die militêre kapelaan en die predikant van Simonstad bygevoeg as gewone lede, terwyl die predikante van die buitedistrikte, wat reeds as erelede beskou is, versoek is om in noue voeling met die Kommissie te bly om sodoende die belange daarvan in die gemeente te bevorder.[4] Hierdie verandering in die samestelling van die Onderwyskommissie was 'n uitvloeisel van Cradock se beleid om die skole nader aan die Kerk te bring.

Die kosterskole het egter misluk en die „Bible and School Commission" het in 1816 as volg oor die Cradockskole moes rapporteer: „During the three years in which public schools and schoolmasters have existed, not much advantage has been derived from these institutions; at least it is certain that the

schools......./-82-

1) Koloniale Sekretaris aan „Bible and School Commission" Kaapstad 6 Junie 1828; C.O.1501-1828.

2) Du Preez van Wyk: Die Invloed van die Engelseskoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 53.

3) Rowan: „Our Educational System with a short Historical sketch of Systems which preceded it", 8.

4) Du Preez van Wyk: a.w., 45.

schools established by public authority are not much frequented, nor are the public schoolmasters, as might have been expected, preferred by the inhabitants to the private ones, whom every colonist procures as he can."[1]

(ii) Die Somersetskole.

Somerset se Anglisasiebeleid op onderwysgebied het reeds voor die oprigting van die Somersetskole begin. In 1821 is dr. George Hough benoem as hoof van die ou Latynse skool en sy salaris is uit die skatkis betaal. Die skool se betrekkinge met die „Bible and School Commission" is verbreek sodat die skool feitlik 'n staatskool geword het en voorloper van die Somersetskole.[2]

Die Somersetskole het as staatskole onder die direkte beheer van die goewerneur geval. Die onderwysers is deur die regering benoem en uit die koloniale skatkis betaal, heeltemal onafhanklik van die „Bible and School Commission."[3] Primêre onderwys was vry in die regeringskole, terwyl daar 'n klein bedraggie vir meer gevorderde onderwys gevra is.[4] Met die vrye stelsel in die skole is 'n aanvang gemaak met die ondermyning van die belangstelling van die ouers in die onderwys. Waarvoor hy nie betaal nie, waardeer hy nie en die kind word in die mag gestel van dié wat wel betaal, nl. die staat.[5]

Voor 1827 is daar geen duidelike omskrywing gegee van die magte en pligte van die distrikskoolkommissies nie. Dit is eers gedoen in Mei 1827 toe ontwerp-regulasies deur die sekretaris van die „Bible and School Commission" aan die Koloniale Sekretaris vir goedkeuring gestuur is wat dan ook op 23 Mei 1827 bekragtig is.[6] Hierdie regulasies bepaal o.a.

dat........../-83-

1) Education Commission Report, G. 24, xxiii.

2) Du Preez van Wyk: Die Invloed van die Engelseskoolwese op die Kaapseskoolwese 1806-1915, 47.

3) S.G.O. rapport van Rose-Innes 1854.

4) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland 1652-1939, 71.

5) E. Greyling: Christelik en Nasionale Onderwys Dl. II, 36-37.

6) Sekr. van die „Bible and School Commission" aan die Kol. Sek. Kaapstad, 12 Mei 1827: C.O. 537 - 1827.

dat dit die doel van 'n skoolkommissie is om toesig te hou oor die publieke skole van die distrik. Dit sluit in die toesig hou oor die vordering van die kinders, vasstelling van vakansies, uitreiking van pryse, die morele gedrag van onderwysers en leerlinge en oor die skoolgeboue in die algemeen.

In 1827 is daar dus voorsiening gemaak vir distrikskoolkommissies terwyl daar in 1834 'n verdere reeks bepalings gemaak is vir plaaslike skoolkommissies.[1] Hierdie regulasies het o.a. bepaal dat ouers 'n deel sal bydra tot die opvoeding van hulle kinders deur skoolgeld te betaal. Dit moet beskou word as 'n toegewing op kritiek uitgeoefen op die stelsel van vryonderwys in die Kaapse skole. Verder is daar bepaal dat daar vir elke skool 'n plaaslike skoolkommissie sou bestaan wat vir die aanvul van vakatures aanbevelings mag doen by die „Bible and School Commission."

Hierdie kommissies is egter nie plaaslik gekies nie, maar is deur die regering aangestel en het gewoonlik bestaan uit siviele kommissarisse, magistrate, predikante en ouderlinge.[2] Die goewerneur het dus deur hierdie beleid voldoende mag gehad om na willekeur aanstellings te maak en sodoende sy houvas op die plattelandse onderwys te verseker.

In sowel die kosterskole van Cradock as in die Somersetskole is daar wat oprigting, instandhouding en beheer betref, nie volgens die gereformeerde beginsel gehandel nie. Daar was geen samewerking tussen ouer en staat by die oprigting van die skole nie; dit het slegs van die staat uitgegaan. Wat die beheer betref, was daar ook geen samewerking tussen die verskillende groepe nie. Die beleid het hier geleidelik verander van 'n kerklike dominasie van die skoolwese, deur die bepaling van die soort onderwys wat gegee mag word, tot 'n politieke despotisme wat die bevolking wou

Angliseer......./-84-

1) Du Preez van Wyk: Die Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 52.

2) Kol. Sek. aan „Bible and School Commission" Kaapstad, 6 Junie 1828: C.O. 1501 - 1828.

Angliseer. In albei gevalle was die stelsel gesentraliseerd en het die beheer van bo gekom, wat alle samewerking tussen staat, skool en huis onmoontlik gemaak het.[1]

(iii) Die Hollandse laerskole.

Volgens 'n rapport van die koloniale kantoor in April 1807, het die Skoolkommissie agt laerskole onder sy beheer gehad.[2] Die onderwysers was Hollanders wat almal van die regering toestemming gekry het om skole te open. Hierdie skole kon gereeld op 'n groot aantal leerlinge staatmaak, maar oor die algemeen het die meer gegoede inwoners van Kaapstad nie hulle kinders na dié skole gestuur nie, maar het verkies om gebruik te maak van privaatskole.[3]

Die leervakke in hierdie skole het uitsluitlik bestaan uit lees, skryf, rekenkunde en die beginsels van die Christelike godsdiens.[4]

Die vry skole van Somerset het egter baie afbreuk gedoen aan die bestaande plaaslike Hollandse skole, volgens die rapport van P.J. Truter, kommissaris van die hof van Justisie.[5] Die sekretaris van die „Bible and School Commission" het die rapport van Truter aan Somerset gestuur en in 'n begeleidende brief die agteruitgang van die Hollandse skole betreur, aangesien die godsdienssin van die koloniste daardeur benadeel sou word.[6]

In 1827 was daar sewe geprivilegeerde Hollandse skole in Kaapstad waarvan die onderwysers ondersteuning uit die skatkis geniet het.[7] In 1828 het die koloniale kantoor egter kennis gegee dat die salaris

van....../-85-

1) Du Preez van Wyk: Die Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 54.
H.C. Boshoff: Beheer van die onderwys in die Provinsie Transvaal van 1910, 16.
2) C.O. 7 no. 97: Statements relative to the S.A. School Commission, 1 April 1807.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 22.
4) C.O. 25 no. 23 Skoolkommissie aan Caledon, 23 Junie 1808.
5) C.O. 390 (1824). Report on the state and progress of the Government Schools in 1824 (24 Feb. 1824), by Truter.
6) Bible and School Commission to Lord Charles Somerset (19 Febr. 1824) C.O. 390, (1824).
7) C.O. 1501, 92.

van ses van die onderwysers vanaf daardie jaar gestaak sou word, terwyl die sewende onderwyser sy salaris net tot 1829 sou ontvang.[1)]

In dieselfde jaar nl. 1828 het die Koloniale Sekretaris die Siviele Kommissaris van Stellenbosch in kennis gestel dat die betrekking van openbare Hollandse skoolmeester aldaar, asook dié in die Paarl, afgeskaf is.[2)] Hierdie skole het met rasse skrede agteruit gegaan omdat die ouers al meer gebruik gemaak het van die privaatskole.[3)]

(iv) Privaatskole.

Die aanvanklike groei van die Somersetskole was maar van korte duur en daar het geleidelik verval ingetree[4)], en terwyl die Engelse openbare skole tussen 1830 en 1839 'n stilstand getoon het, het die privaatskole van 39 tot 94 vermeerder.[5)]

Die vernaamste privaatskool in dié jare was ongetwyfeld die „Tot Nut" wat sedert sy stigtingsjare voortgegaan het met baanbrekerswerk in 'n tyd toe selfs die onderwys in die hoofstad veel te wense oorgelaat het.[6)] Hierdie skool het voor die dertigerjare 'n periode van kwyning, skynbaar veroorsaak deur 'n tekort aan toegeruste onderwysers, deurgemaak. Die skool is egter in September 1831 onder blyke van groot geesdrif heropen en het in 1832 reeds weer 250 leerlinge op die rol gehad.[7)]

In die buitedistrikte is daar ook merendeels gebruik gemaak van privaatskole omdat die openbare skole nie tevrede gestel het nie. So sien ons dat daar op

Stellenbosch...../-86-

1) C.O. 1501: Bell aan Bible and School Commission, 6/12/1828.
2) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 206.
3) S. 22/168 Notule 6 Mei 1817.
4) Theal: History of South Africa Since 1795 I, 371.
5) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 47-48.
6) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 117.
7) Ned. Z.A. Tydschrift, Julie- Aug. 1832, 321-322.

Stellenbosch 'n memorie geteken is deur vier ouers, waarin oor die agteruitgang van die openbare skole gekla word.[1] Die gevolg was dat 'n privaatskool ontstaan het met N. Jansen as onderwyser.[2] Hierna was daar 'n taamlik vinnige toename van die aantal privaatskole op Stellenbosch, maar die van Jansen was die belangrikste en ook die enigste wat homself lank kon handhaaf.[3]

Ten spyte van hul kortstondige bestaan, het die privaatskole in hierdie jare heelwat vir die onderwys op Stellenbosch beteken, deur aan 'n groot aantal kinders wie se ouers nie van die swak openbare Hollandse skool gebruik wou maak nie, elementêre onderwys te verskaf.[4]

In die Paarl was die ouers ook ontevrede met die openbare skole en het baie hulle kinders na 'n privaatskool gestuur.[5] Ons sien dat die openbare skool daar so agteruitgegaan het dat die onderwyser van die skool, Lindenbaum, by die Kommissie gaan kla het en dat hulle die veldkornet gevra het om op te tree. Laasgenoemde het twee van die privaatonderwysers belet om skool te hou[6] en hulle het ook opdrag ontvang om „zo veel mogelyk tegen de oprigting van alle onwettige en ongeprevilegeerde Scholen te waken, om daar door de ondergang der publicque Schoolen, die op kosten van't Gouvernement onderhouden worden voorte-komen."[7] Hierdie privaatskole is dus gestig, in stand gehou en beheer deur die ouers sonder medewerking van die staat.

Die........./-87-

1) S.22/168: Notule 12 April 1820.
2) Ibid, 19 Julie 1820.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 137.
4) Idem.
5) S. 22/168: Notule 16 Nov. 1815.
6) Ibid, 6 Mei 1817.
7) Idem.

Die Privaatskole het egter in plaas van te verminder, vermeerder tot 8 in September 1821, behalwe nog 'n aantal „geringere by-schooltjies" vir klein kindertjies bedoel[1] en in die begin van 1825 het die openbare skool heeltemal leeggeloop.[2] Nadat die openbare skole van Stellenbosch en dié in die Paarl in 1826 gesluit is, was die kinders wie se ouers hulle in die Hollandse taal wou laat onderrig, op privaatskole aangewys.[3]

(v) Huisonderwys.

Gedurende die eerste jare van die 19de eeu het die boerebevolking op die platteland meestal gebruik gemaak van huisonderwysers. Die uitgestrektheid van die Kolonie met sy verspreidwonende bevolking, die armoede van die huisgesinne, die skaarste aan arbeidskragte in die binneland, die geringe aantal openbare skole en die ontevredenheid van die boerebevolking met die skole, was almal faktore wat die indiensneming van huisonderwysers in die hand gewerk het.[4]

Oor hierdie skole wat deur die ouers opgerig en in stand gehou is, het die „Bible and School Commission" en die plaaslike kommissies weinig, en in sekere gevalle geen beheer uitgeoefen nie.

In die reël was hierdie persone ses maande of 'n jaar, maar soms ook langer of korter tydperke as skoolmeesters in diens.[5] Party van die onderwysers het jare agtereenvolgens in dieselfde distrik en selfs by dieselfde werkgewer bly woon. Meester Arie de Vogel wat reeds in 1800 by D. de Villiers te Moddergat, Hottentots-Holland in diens was, was bv. in 1806 nog by dieselfde baas.[6] Van die 22 privaatmeesters aan wie in 1806 instruksie uitgereik is deur die Skoolkommissie van Stellenbosch, was daar aan die end van 1812 nog agt in daardie distrik werksaam.[7]

Dat......../-88-

1) S. 22/168: Notule 6 Junie 1821 en 5 Sept. 1821.
2) S. 22/169: Notule 18 Feb. 1825.
3) Ibid, Notule 5 April 1826.
4) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 71.
5) W.J. Burchell: Travels in The Interior of Southern Africa I, 199.
6) S. 22/183: Notule 3 Junie 1806. J. Hoge: Privaat skoolmeesters aan die Kaap in die 18de Eeu, 17.
7) S. 22/170: Notule 4 April 1806.

Dat baie van die skoolmeesters nie baie bekwaam was nie, kan ons geredelik aanneem.[1] Daar was egter ook voorbeeldige en redelik bekwame persone onder hulle. In sy „Travels in the Interior of Southern Africa", maak die reisiger William J. Burchell, melding van twee meesters wat nie ongunstig vergelyk het met meeste van dié wat in die openbare skole werksaam was nie. Oor die een wat in diens was by Pieter Jacobs, eienaar van die plaas „Verkeerde Vallei" naby die Heksriviervallei, laat Burchell hom soos volg uit: „He was a very communicative, amusing, and to a certain degree, intelligent, person; he could make himself understood both in English and in French; and, in point of learning and acquirements, appeared fully equal to the task of completing the education of the boor's family."[2]

Aangesien dit nie meer gedurende die 19de eeu vir die kolòniste nodig was om formele kontrakte met privaatskoolmeesters aan te gaan nie, is dit nie moontlik om vas te stel hoe groot die getal skoolmeesters aan die begin van die eeu was nie, of presies onder watter voorwaardes hulle in diens geneem is nie. Volgens opgawes van die veldkornette was daar teen die end van 1812 ses en twintig sulke onderwysers in die Stellenbosche distrik.[3] Ook moes daar in die omgewing van Uitenhage en Bruintjieshoogte in 1813 'n hele paar gewees het, want die publieke-skool-onderwysers van die omgewing het in Julie van daardie jaar gekla dat die „omryzende schoolmeesters" afbreuk aan hulle skole doen.[4]

Hierdie privaatskoolmeesters het tot diep in die 19de eeu 'n baie belangriker rol in die onderwys van

die......../-89-

1) J. Hoge: <u>Privaat skoolmeesters aan die Kaap in die 18de Eeu</u>, 24-26.

2) W.J. Burchell: <u>Travels in The Interior of Southern Africa I</u>, 199.

3) S. 10/39 no. 501; <u>Rapporte van Veldkornette</u>.

4) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 73.

die plattelandse kind gespeel, as die betreklik geringe aantal dorpskole.[1]

Alhoewel daar in die privaatskole en by die huisonderwys, wat die gees en rigting betref, volgens gereformeerde beginsel gehandel is, is dit nie die geval met die oprigting, instandhouding en beheer nie. Dit het hier net van die ouer uitgegaan, terwyl die staat nie saamgewerk het nie. Mens kan ook van hierdie soort onderwys sê dat die gereformeerde beginsel nie in al sy konsekwensies, sy hele draagwydte, gehandhaaf is nie.

(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

(i) Staatskole.

Die Kaapse regering het, as 'n gevolg van die „Godsdienstige Herlewing" in Engeland, wat ook weerklank in die Kaapkolonie gevind het, die hoofstrewe van elke beskaafde volk soos volg saamgevat:[2]

(i) die verspreiding van die Heilige Skrif; en (ii) die daarstelling van 'n opvoedingstelsel, waardeur die mens die Goddelike Lig, vervat in die Heilige Skrif, deelagtig kan word.

In sy toespraak by geleentheid van die opening van die Vryskool het weleerw. Jones dan ook aangetoon watter belangrike plek aan godsdiens en sedelike vorming afgestaan sou word. Hy verklaar „.....It shall be our especial and zealous care to instruct our youth, entrusted to our partronage, in the principles of our common Christianity; in those essentials, in which we all agree; and in the knowledge and practice of those moral virtues, which Christianity, under whatever form of worship it is held, must be calculated to promote".[3] Uit die regulasies wat deur die

„Bible...../-90-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 77.

2) Cape Town Gazette, No. 390. Regeringsminute i/s die skepping van die Bible and School Commission, 1 Julie 1813.

3) Gesiteer uit Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 36.

„Bible and School Commission" vir die Vryskool opgestel is, blyk dit dat aan godsdiens baie aandag geskenk sou word.[1] Voordat 'n kind in die skool toegelaat is, moes sy ouers die naam van die kerkgenootskap waarvan hulle lede is, verstrek, en van elke leerling is verwag om Sondae die openbare diens in sy kerk by te woon.

In die „Publiek Grammar School" wat voorheen die Latynse skool was, is daar van die onderwysers verwag om 'n wakende oog te hou oor die sedelike gedrag van hulle leerlinge. Soggens moes die skool met gebed geopen en smiddags met 'n dankgebed gesluit word en die leerlinge moes aangemoedig word om op Sondae en godsdienstige feesdae die openbare dienste by te woon.[2]

Die algemene regulasies vir die skoolmeesters in die buitedistrikte[3] het o.a. bepaal dat die onderwyser behalwe onderwys in lees, ook godsdiensonderwys moes gee na aanleiding van die Kategismus of ander godsdienstige boek wat die predikant mag voorskryf. Die onderwyser moes, indien moontlik gereeld Sondae saam met sy leerlinge die dienste bywoon en dan gedurende die week weer met hulle die tekste en Bybellesse hersien.

In die vryskole van Somerset sien ons dat die Hollandse boeke waaruit die kinders hulle godsdiensonderrig ontvang het, vervang is met 'n menigte Engelse godsdienstige boeke soos „Our Saviour's Discourses," „Our Saviour's Miracles," ens.[4] Verder is daar aanduidings dat die godsdiensonderwys in die Vryskool sedert 1813 al meer volgens die leerstellings van die Episkopaalse Kerk onderrig is. Volgens 'n korrespondent van De Zuid-Afrikaan is daar selfs beweer dat daar op die leerlinge dwang uitgeoefen is om die dienste in die Episkopaalse Kerk by te woon.[5]

'n Ander......./-91-

---

1) Kaapsche Stads Courant, 28 Aug. 1813: Grondregelen, art. 3 en 4.

2) C.O. 60 no. 25; General Regulations for the Conduct of the Latin School.

3) Bylae by C.O. 91 no. 41.

4) C.O. 706 no. 10.

5) De Zuid-Afrikaan, 4 Mei 1832. Brief van „Een Calvinist."

'n Ander korrespondent skryf onder die skuilnaam „Copresbyter" soos volg: „Can the School Commission or any one, tell me on what grounds so alarming an inroad on the religious privileges of the Colonists is sanctioned as the introduction of the Service of the Episcopalian Church into our Government Free Schools, where it has for the daily occupation of every scholar admitted within their walls?"[1] Onder sulke omstandighede is dit begryplik dat die skole die ondersteuning van die Hollandssprekende element wat tot 1830 oorwegend was, verloor het en die Vryskole misluk het.[2]

(ii) Staatskole met Hollands.

Die leervakke in die Hollandse laerskole het bestaan uit skryf, lees, Rekenkunde en die beginsels van die Christelike godsdiens.[3] Volgens 'n verslag wat een van die onderwysers, Jan Frylinck, nagelaat het, was die eintlike doel van die onderwys in die skole 'n deeglike kennis van die Bybel en die Kategismus as 'n voorbereiding vir lidmaatskap van die Kerk. Bybelstudie en die leer van die Kategismusvrae het die vernaamste rol in die daaglikse werksaamhede gespeel, en op Woensdae en op Saterdae wanneer daar net in die voormiddag skoolgehou is, is feitlik geen ander onderrig gegee nie. Bybelstudie het geskied deur die lees van die Bybel en na aanleiding van Borstius se „Enige Korte Vragen voor de kleine kinderen". Meer gevorderde leerlinge het ook onderrig in die geloofswaarhede ontvang aan die hand van Hellenbroek se „Voorbeeld der Goddelyke Waarheden" en van die „Heidelbergsche Katechismus" wat hulle eenvoudig uit die hoof moes leer. Daarnaas moes hulle ook af en toe die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis hersien, sowel as die psalmnote leer.[4]

Al het........./-92-

1) De Zuid-Afrikaan, 4 Mei 1832.
2) Argief Jaarboek vir S.A. 1953 II, 196.
3) C.O. 25 no. 23: Skoolkommissie aan Caledon, 23 Junie 1808.
4) S. 22/177: Aantekening van het geen in de School plaats gehad heeft by den onder geteekende geduurende de maand Maart 1806 (Jan Frylinck).

Al het die gees en rigting in die openbare Hollandse skole die ouers tevrede gestel, het hulle tog nie baie gebruik gemaak van die skole nie, aangesien dit vir hulle voordeliger was om 'n privaatskoolmeester te huur.[1)]

(iii) Privaatskole en huisonderwys.

Godsdiensonderwys het in die „Tot Nut" altyd 'n besondere plek ingeneem.[2)] Ook is daar in die meeste ander Hollandse privaatskole godsdiens as 'n vak aangebied.[3)]

In die huise waar gebruik gemaak is van privaatskoolmeesters was die hoofdoel van die onderwys nog voorbereiding vir belydende lidmaatskap van die Kerk, soos ons sien uit 'n brief wat die Skoolkommissie van Worcester aan Innes rig. Hulle brief lui „When such private Tutors are engaged the instruction is given by them in the dutch language and consist in reading, writing, the elements of arithmetic and the dutch catechism.[4)]

In hierdie skole waar die gees en rigting deur die ouers bepaal is, het die godsdiensonderwys nog steeds die vernaamste plek op die rooster ingeneem. In hierdie skole het die gereformeerde beginsel tot sy reg gekom, aangesien die gees en rigting deur die ouers bepaal is, terwyl dit in die staatskole deur die owerheid bepaal is.

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

(i) Die staatskole.

Toe die Engelse die Kaap in 1806 oorgeneem het, was daar ongeveer 1000 leerlinge wat hulle onderrig deur middel van Hollands as voertaal ontvang het, met Engels heeltemal op die agtergrond.[5)] Aan die begin van 1807 het hierin egter verandering

gekom......./-93-

1) Argief Jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 155.
2) Coetzee en ander: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 43.
3) Kaapsche Courant-advertensies 14 Jan. 1817; 26 Okt. 1816.
4) W. 19/122: Worcester - Kom. aan Innes, 9 Maart 1840.
5) Du Preez v. Wyk: Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 40.

gekom toe Grey, Caledon se waarnemende voorganger, die Onderwyskommissie gewys het op die wenslikheid om die onderwys van Engels aan te moedig. Die kommissielede maak dan die volgende belofte: „In compliance, therefore, with your Excellency's express desire, the members of the Commission will do their utmost in procuring as soon as possible a proper person for teaching the English language, both at the Latin and the Young Ladies' School, which will cause an additional expense of 50 Rds. per month...

The members of the School Commission accordingly, have the honour to report to your Excellency that they have actually engaged Mr. Doughty for the purpose of keeping an English School, as before, on a salary of 30 Rds per month, which seeming to answer his expectations, they flatter themselves with hopes of seeing Mr. Doughty surrounded with a suitable number of disciples, and himself attached for the future to the School Commission."[1)]

Nie lank na sy aankoms nie, het Sir John Cradock in 'n brief aan F.E. Turr, die rektor van die Latynse skool of „Public Grammar School" opgedra „to promote and establish the cultivation of the English language to the greater extent among your pupils of the highest rank, as the foundation upon which they will in their future life best make their way."[2)]

(ii) Die Hollandse laerskole.

Gedurende die eerste jare na die Engelse inbesitname van die Kaap het die Hollandse laerskole hulle uitsluitend Hollandse karakter gehandhaaf. Hollands het hier deurgaans as medium by die onderwys gegeld en Engels is selfs nie eens as 'n vak onderwys nie. Cradock en sy voorgangers het hier versigtiger te werk gegaan en hul beleid was meer bepaald daarop gerig om Engels naas Hollands 'n plek in

die........../-94-

1) Education Commission Report G.24, 1863: App. V, No. 11,
2) Theal: Progress of South Africa, 110.

die skole te laat inneem. In die vryskool wat in 1813 in Kaapstad opgerig is, het die twee tale dus aanvanklik gelyke behandeling ontvang. Die Goewerneur het egter 100rds as ekstra besoldiging aangebied aan die onderwysers wat ook Engels kon onderwys.[1] Die Hollandse laerskole is dus aangemoedig om aan Engels 'n plek op hulle rooster in te ruim. Die Skoolkommissie moes ook by die aanstelling van onderwysers hul kennis van Engels in aanmerking neem.[2]

Die Kommissie het daarop die Hollandse onderwysers in Kaapstad verwittig van die ekstra voordeel wat 'n kennis van Engels vir hulle sou meebring, en 'n paar van hulle het daarop hul gewilligheid te kenne gegee om dit aan te leer, sodat hulle die grondbeginsels daarvan kon onderwys.[3] Hoewel die regte van die Hollandse laerskole in hierdie periode onaangetas gebly het, is daar tog in 'n sekere mate teen die Hollandse meesters gediskrimineer deur aan die Engelse onderwysers groter salarisse as aan die Hollandse meesters te betaal. Die behandeling van die koloniste was egter in hierdie jare so simpatiek, en hulle vertroue is daardeur in so 'n mate gewen, dat die weg voorberei is vir meer drastiese verengelsingsmaatreëls onder Somerset se regering.[4] Die regering het egter min belangstelling in die Hollandse skole getoon. Aangesien die oogmerk die uiteindelike verengelsing van die Kaap was, kan ons begryp dat die regering min geesdrif sou openbaar vir die verbetering van inrigtings wat juis sou meewerk tot die bestendiging van die Hollandse taal.[5] In 1828 het die Bybel- en Skoolkommissie dan ook kennis gekry dat die salarisse van die onderwysers in hierdie skole gestaak sou word.[6]

(iii) Cradock..../-95-

---

1) C.O. 1470, 36-37: Foster aan Skoolkom, 24 Okt. 1812.
2) Idem.
3) C.O. 91 no. 41.
4) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 31.
5) Ibid, 156.
6) C.O. 1501, 92: Bell aan B. en Skoolkom., 6 Des. 1828.

(iii) Cradock se kosterskole.

Cradock het gehoop dat ook die kosterskole van diens kon wees om die kennis van Engels binne bereik van die plattelandse jeug te bring.[1] Uit 'n brief van die koloniale ondersekretaris aan die Skoolkommissie in verband met die kosterskole merk ons die besliste houding van Cradock t.o.v. die onderrig in Engels. Hy skryf: „His Excellency has further directed you to be informed that, feeling as he does, how much the knowledge of the English language will in future promote the permanent advantage of this Colony, and forward all various interests of individuals, it is his wish that you should bear in mind in your future selection of teachers, and the object presses so forcibly upon his Excellency that he will authorize an annual addition of 100 Rds to the possessers capability and will undertake to instruct his pupils in the English tongue."[2]

(iv) Die Vryskole.

Engelse invloed het hom al meer in die Kaapse onderwys laat geld, want nie alleen is maatreëls getref om die onderwys van Engels te bevorder nie, maar ook die Engelse onderwysmetodes is doelbewus ingevoer en die onderwysbeheer is op Engelse lees geskoei.[3]

Op 3 Julie 1813 het Sir John Cradock die oprigting van vryskole vir behoeftiges aangekondig.[4] In hierdie skole is die monitorstelsel, ooreenkomstig die metodes van Bell en Lancaster, ingevoer.[5] Cradock het dus deur die beklemtoning van die aanleer van Engels nie net die doel van die onderwys in 'n Engelse

rigting......./-96-

1) Coetzee en ander: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 43.

2) C.O. 1470; 1812-1813, 32. Koloniale Sekre. aan OnderwysKom. i/s oprigting van kosterskole en plaaslike skoolkom. deur Cradock, 32.

3) Du Preez van Wyk: Die Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 44.

4) Kaapsche Stads Courant, 3 Julie 1813.
5) Ibid.

rigting gestuur nie, maar het ook die Engelse metodes van onderwys ingevoer, soos blyk uit die Bell-Lancaster-stelsel van monitorskole soos in Engeland beproef.[1] Hierdie beleid is deur sy opvolger, Somerset, verskerp en bestendig.

Somerset het die verengelsingspolitiek op veel drastieser wyse aangepak. Hy het opdrag gehad om die Kaap as 'n permanente Britse kolonie te bestuur en het die beproefde middele, nl. sentralisasie, immigrasie en Anglisasie aangewend om sy doel te bereik.[2] Theal skrywe in hierdie verband: „They were only a little over thirty thousand in number, and it seemed absurd that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that had become part of the British Empire."[3] Dit is dus duidelik dat met die taal ook die uitroeiing van die Afrikaner se hele lewensbeskouing, sedes en tradisies en alle Afrikanernasionalisme en daarmee uiteindelik ook van die Afrikanervolk self beoog is.[4]

Somerset wou so gou moontlik Engelse onderwysers in die skole plaas. Tydens sy besoek aan Engeland het hy op 14 Februarie 1821 'n brief aan die ondersekretaris van kolonies gerig, waarin hy toestemming vra om die Kaapse skole onder beheer van Engelse, en veral Skotse onderwysers te plaas. Hy skrywe hieromtrent; „It being extremely desirable that the children of the Colonists residing the Country Districts at the Cape of Good Hope should have the means of obtaining the English Language, I take the liberty of submitting to Earl Bathurst the Expediency of having all schools in the Colony conducted by English Masters."[5] Op 10 April 1821 het die ondersekretaris van kolonies soos volg geantwoord: „Lord Bathurst has given me

directions......./-97-

1) Du Preez van Wyk: Die Invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 47.
2) Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool 1652-1939, 33.
3) Theal: Progress in South Africa, 110.
4) Cilliers: a.w. 33.
5) Theal: Records of the Cape Colony XIII, 402.

directions to acquaint your Lordship in reply that he entirely concurs with you in opinion as to the expediency and propriety of gradually supersending the Dutch Schoolmasters by Englishmen of a superior class - as affording both the best means of making the English Language more general in the Colony and improving the manners and morals of the people."[1)]

Dit blyk dus uit voorgaande dat waar dit aanvanklik die doel van die Britse owerheid was om die aanleer van die Engelse taal te bevorder, dit ook die hervorming van die sedes en gewoontes ingesluit het.[2)]

In die begin van Julie 1822 het die eerste 6 Engelse onderwysers in Tafelbaai aangekom en is aangestel te Graaf-Reinet, Uitenhage, George, Tulbagh, Stellenbosch en Caledon.[3)] 'n Jaar later is nog twee sulke onderwysers aangestel te Swellendam en Paarl en in 1826 is voorsiening gemaak vir die aanstelling van vier en twintig Engelse onderwysers, nl. drie vir Kaapstad en een vir elkeen van die orige een en twintig distrikte.[4)]

In al hierdie skole was die voertaal uitsluitlik Engels wat natuurlik ook een van die vernaamste vakke was. In sy rapport vir die kwartaal April - Junie 1825 skryf die Engelse onderwyser op Stellenbosch soos volg: „The School goes on well, almost all the Boys and Girls can speak the English Language very well, English exclusively used as well in the business of the School as during play hours. I find the British System of Education admirably adapted for the acquisition of a foreign language, so much verbal communication being required in the different evolutions."[5)]

Die............/-98-

---

1) C.O. 1305: 1820-1822. Henry Goulburn aan Somerset, 10 April 1821.

2) Du Preez van Wyk: Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915, 49.

3) Cape Town Gazette, 6 Julie 1822.

4) Eybers: Die Anglisasie-politiek, in Tydskrif vir Kuns en Wetenskap, Sept. 1926, 35-36.

5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1953 II, 169.

Die Engelse onderwysers het egter spoedig ontdek dat die Hollandse ouers nie tevrede was met die algehele uitsluiting van hulle taal nie, en om die kinders in hulle skole te behou, het sommige van die onderwysers Hollands 'n plek op die rooster gegee. Dit het hulle egter die misnoeë van die owerheid op die hals gehaal soos blyk uit die volgende: Die Engelse onderwyser, A. Brown, van Stellenbosch het Saterdae sy leerlinge 'n hoofstuk uit die Hollandse Bybel laat lees en 'n gedeelte uit die Heidelbergse Kategismus laat leer.[1] Dit het hy gedoen op versoek van 'n aantal ouers, en ook omdat hy gehoop het dat die kinders dan nie die Hollandse skool sou besoek nie.[2] Na aanleiding hiervan is die Algemene Kommissie om 'n verduideliking gevra in hoeverre Hollands in die Engelse Vryskole toelaatbaar is. Hulle antwoord was „that teaching the Dutch Language forms no part of the System and that it is only to be used as a means of communication."[3] Hierop is Brown versoek om die gebruik te staak.[4]

Ons vind ook in die rapport van die Engelse onderwyser van die Paarl dat leerlinge nie toegelaat is om Hollands in die skool te praat nie, „and a plan has been adopted which compels ~~that~~ them to use English, when they converse with each other, out of School."[5]

Hierdie taalbeleid in die Vryskole asook die uitskakeling van die plaaslike seggenskap in die onderwys dinge waaraan die Afrikaner vroeër gewoond was en wat hy ook as 'n Godgegewe reg beskou het - het meer as enige ander faktor tot die agteruitgang van dié skole bygedra.[6] Die gees en rigting wat in die skole deur die Engelse owerheid bepaal is, was vreemd vir die Afrikaner. Hulle het nie in die skole dié soort

onderwys...../-99-

1) C.O. 632 no. 69: Rapport 2e Kwartaal 1830.
2) Idem.
3) S. 22/179: Truter aan Stell. Kom., 8 Sept. 1830.
4) S. 22/169: Notule 6 Okt. 1830.
5) S. 22/184: no. 14 Report, Jan. - Maart, 1827.
6) Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 36.

onderwys vir hulle kinders gekry wat hulle verlang het nie. 'n Verslag van die Skoolkommissie van Worcester wat die gevoel van die ouers in die binneland weerspieël, lui soos volg: „The inhabitants conceive it unnecessary to let their children learn English, for they have found that they get through the world without it; and their religious instruction is in the Dutch language."[1] In the regeringsverslag van 1840 lees ons ook dat 'n ander belangrike rede vir die treurige toestande op onderwysgebied die feit was dat wit en swart, „on terms of equality" saam moes skoolgaan.[2] Geen wonder dus dat die ouers al meer gebruik gemaak het van privaatonderwysers wat die Calvinistiese lewensbeskouing van die ouers in die skole kon voortsit nie.

(v) Privaatskole en huisonderwys.

Hoewel die Afrikanerbevolking die waarde van Engels besef het, het hulle in opstand gekom teen die opsetlike verwaarlosing van hulle eie taal op die staatskole, want hulle het goed besef dat dit sou lei tot die vernietiging van hul Calvinistiese lewensbeskouing by die jonger geslag. Alreeds is daar op 6 Sept. 1826 in die verslag van die kommissie van ondersoek insake die regeringsadministrasie aan graaf Bathurst soos volg gerapporteer: „But even at this moment a different feeling pervades the younger portion of the community, who, born under the British Government, are beginning to acquire a taste for the habits and language of Englishmen, and evince a disposition to adopt their Modes of thinking" 'n verandering wat hulle self aan die invloed van die skole toeskryf.[3] Die ouers het hierdie gevaar ingesien

en al......./-100-

1) Education Commission Report 1863 G.24 App. III, 12-13.

2) Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), 37.

3) Theal: Records of the Cape Colony, XXVII, 375.

en al meer gebruik gemaak van privaatskole, sodat die aantal privaatskole vermeerder het van 39 in 1830 tot 94 in 1939.[1)]

Die ouers het dus hulle kinders aan die Engelse skole onttrek, nie omdat hulle teen Engels as sodanig was nie, maar omdat hulle eie moedertaal verban is. Die redakteur van <u>De Zuid-Afrikaan</u> noem as rede vir die agteruitgang van die Engelse skole: „omdat onze moedertaal, het Hollandsch er niet in geleerd wordt." Hy vervolg: „Zoo lang als onze Godsdienst, en de taal die wy het eerst van onze Ouders hebben leeren spreken, ons dierbaar zyn; Zoo lang moet ook onze moedertaal een voornaam gedeelte in onze opvoeding uitmaken!"[2)]

Die Boerebevolking het dus die Engelse skole geboikot, want hulle het instinkmatig besef dat die algehele verdringing van hulle taal 'n bedreiging was vir hul eie volksbestaan, en as reaksie teen die Engelse skole het orals privaatskole verrys en geweldig toegeneem.[3)] Die Afrikanerbevolking het oor die algemeen die staatskole vermy en hul heil in hul eie aparte moedertaalskole gesoek omdat hulle eie taal, godsdiens, tradisies en lewensbeskouing alleenlik in sodanige skool tot hul regkon kom.[4)]

Ouers wat nie hulle kinders na die privaatskole kon stuur nie, het nog maar gebruik gemaak van privaatmeesters wat by die familie ingewoon het. In sowel die huisonderwys as in die privaatskole met Hollands as voertaal het die nasionale beginsel geseëvier, terwyl dit in die staatskole heeltemal onderdruk is.

6. <u>Samevatting</u>.

Die gereformeerde staatskoolstelsel van Nederland is feitlik heelhuids oorgeplant na die Kaap.

Daar......../-101-

1) E.G. Malherbe: <u>Education in South Africa (1652-1922)</u>, 68 en 82-83.

2) <u>De Zuid-Afrikaan</u>, 12 Okt. 1832.

3) Cilliers: <u>Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool</u> (1652-1939), 39.

4) Idem.

Daar was die nouste samewerking tussen Kerk en Staat en die skoolstelsel was die van die Gereformeerde Staatskool. Die Christelike en sedelike vorming van die kind was die hoofdoel van die onderwys; daarom het leerstellige godsdiensonderwys die hoofdoel van die onderwys gevorm en het die hele skoolinrigting 'n Calvinisties-godsdienstige gees geadem. Die onderwys het in die moedertaal geskied en dit was dus 'n stelsel van Christelik-nasionale skole.

Die gereformeerde onderwysstelsel van die 17de eeu met sy Christelike strekking onder toesig van die Kerk, moes onder De Mist plek maak vir 'n nasionale en gesentraliseerde sekulêre stelsel van staatsbeheerde skole waarin die regstreekse gesag van die Kerk uitgeskakel is. De Mist het net die nasionale beklemtoon ten koste van die Christelike. Die Bybel het 'n ondergeskikte plek ingeneem en die godsdiens het nie meer die hele skool deurdring en besiel nie.

Onder die Engelse is die Afrikaner nie net die Christelike beginsel ontneem nie, maar ook die nasionale.

Ons vind dat die staatskole gedurende al die tydperke, nie volgens die gereformeerde beginsel beheer is nie, In die tydperk van die Kompanjie het die skole wel volle tevredenheid aan die ouers verskaf omdat die gees en rigting in die skole was wat hulle verlang het. Dit was egter nie die ouers wat daardie gees en rigting bepaal het nie, maar die Kerk en die Staat van wie die skole ook uitgegaan het.

Die ouers het ook in die De Mist-tydperk min of geen seggenskap gehad nie, omdat die Staat nou alleen verantwoordelik was vir die oprigting, instandhouding en beheer van skole en ook die gees en rigting van die onderwys bepaal het. Die staat het dan ook die begrip Christelik-nasionaal verbreek en die nasionale beginsel beklemtoon ten koste van die Christelike.

In die Engelse tydperk het die ouer nog minder seggenskap gehad, aangesien die Staat al die mag gehad het in die oprigting, instandhouding en beheer

van die onderwys en ook die gees en rigting bepaal het waar hulle nie alleen die Christelike beginsel verontagsaam het nie, maar ook die nasionale.

Die gereformeerde beginsel in die onderwys is wel gedurende die drie tydperke grotendeels in die onoffisiële skooltjies gehandhaaf waar die ouers baie vroeg op die voorgrond getree het. Hier was dit die ouers wat die inisiatief geneem het by die oprigting, instandhouding en beheer van die skole en die ouer wat bepaal het dat die gees en rigting Christelik-nasionaal moet wees. Daar is sodoende 'n tradisie in ons onderwys geskep wat ons met reg die begin van 'n eie gereformeerde benadering kan noem, alhoewel dit nie volledig die gereformeerde gedagte gedra het nie.

# HOOFSTUK III.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN WORDING VANAF 1836-1881.

### I. Die onoffisiële skool gaan saam op Trek.

#### 1. Inleiding.

In die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk was die Groot Trek ongetwyfeld een van die belangrikste gebeurtenisse. Basson tipeer die oorsake van die Groot Trek tereg soos volg: „Die uitwendige oorsake was slegs die prikkels wat die inwendige nasionale bewuswordingsproses, wat reeds langer as 'n eeu in die volksgemoed aan die ryp word was, opnuut aan die gang gesit het. Dit was 'n onomwonde protesbeweging van die Afrikanervolk teen die ontvreemding van sy volkserfnis."[1]

Gedurende 1836 was daar reeds min of meer drie onderskeie gemeenskappe onder die bevolking aan die Kaap. In Kaapstad self was daar 'n kosmopolitiese gemeenskap waar amptenare, soldate, matrose en handelaars gekom en gegaan het. Die kinders van dié gemeenskap het dan ook die meeste gebruik gemaak van staatskole. In Somerset-Wes, Caledon, ens., was die koring- en wynboere wat van sowel staatskole as van privaatskole gebruik gemaak het. Die derde groep was die veeboere wat steeds dieper in die binneland ingedring het en wat hoofsaaklik gebruik gemaak het van huisonderwysers in die opvoeding en onderwys van hulle kinders.[2]

Soos te begrype is, was die kontakte met die moederland in die hawestad baie omvangryker en gereelder as dié van die boeregemeenskappe, wat spoedig weinig gemeenskaplike belange met die moederland of selfs met die stedelike bevolking gehou het. Dit was veral die geval met die veeboere wat omtrent geen verbinding met Kaapstad en die moederland gehad het nie. Sodoende het die ou tradisies en die Calvinistiese lewensbekouing bly voortleef by hierdie groep en dit spreek vanself dat die eie Afrikaanse gees, taal, kultuur en derhalwe opvoedingsideale en -strewe hier en nie in die stedelike gebied ontstaan het nie.[3] „Die bakermat van die Afrikanerkultuur as self-

standige......./-104-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk.,1956,II, 48.
2) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II, 298.
3) Idem.

standige spruit van die Nederduitse moederkultuur was die Afrikaanse platteland, en die draers daarvan daardie stoere ou pioniersvolk wat wortels diep in die eie Afrikaanse bodem ingeslaan het."[1]

Dit was dan grotendeels hierdie groep, nl. dié wat van die onoffisiële skooltjies gebruik gemaak het, wat die Groot Trek meegemaak het. Hierdie skooltjies is saam met die Trekkers na die binneland en het die Afrikaner se opvoedingsideaal na die Noorde gedra. Die Afrikaner se rotsvaste gereformeerde lewensbeskouing het in die Republieke die grondslag gevorm van die skoolstelsel terwyl dié wat agtergebly het, hierdie kenmerk verloor het. Die Kaapse skole het dus al meer staatskole geword, terwyl die skole wat deur die Trekkers na die Noorde gebring is, ouerskole was. Hierdie skole kan egter ook nie gereformeerd genoem word nie, omdat daar geen plek ingeruim was vir Staat en Kerk nie en die gereformeerde beginsel in die onderwys aan elkeen 'n plek toesê.

Weens die wisselende trekomstandighede was daar aanvanklik geen sprake van georganiseerde onderwys nie. Wanneer die Trekkers moes uitspan, is daar gewoonlik 'n plek reggemaak waar die meester of ouers die kinders kan onderrig. Die rustyd was gewoonlik van korte duur en daar kon nie veel aan skoolgeriewe gedink word nie. Die onderwys was gewoonlik 'n weerspieëling van die sosiale behoeftes van die gemeenskap en omdat hierdie behoeftes gedurende die trektydperk uiters gering was, is daar ook geen hoë eise aan die onderwys gestel nie.[2] Dit was beperk tot die essensiële: kernagtig, kerngerig en kerngesond.[3] Dit was 'n praktiese opvoeding wat gerig was op die tydelike en ewige lewe. Die hoogste eis was dat die kinders voldoende geleerdheid moes ontvang sodat hulle Gods Woord met gemak kon lees en dat hulle daardeur tot die aflegging van die belydenis van die geloof kon kom. Aanvullend by die

leesonderwys......./-105-

1) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II, 298.
2) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 49.
3) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 261.

leesonderwys was die syferkuns en die spel- en skryfonderrig.[1]

## 2. Die Gereformeerde beginsel in die skoolopvoeding.

### (a) Oprigting, instandhouding en beheer.

Die Trekkers was uiters gesteld op twee sake, nl. die godsdiens en die opvoeding van hulle kinders.[2] Hoewel daar etlike onderwysers was wat saam met die trekgeselskappe gegaan het, was hulle nie voldoende om in die onderwysbehoeftes te voorsien nie en moes die ouers dikwels self hand bysit. Smôrens vroeg en saans het die ouers, veral die moeders, die kinders onderrig.[3]

Hoewel daar vanselfsprekend gedurende die Trektydperk nie veel aandag gegee kon word aan skoolgeriewe soos banke en skoollokale nie, het die ouers tog hier gedoen wat hulle kon. Soms was dit slegs 'n tent wat moes dien as skoolgebou, maar soms is daar selfs 'n tydelike geboutjie opgerig om in die behoeftes te voorsien.[4]

In die vroegste jare van die Trek het die onderwys dus net van die ouers uitgegaan. Die „staat" het egter in 1838 al na vore gekom en getoon dat ook hy belang het by die onderwys. Die Trekkers het geen onderwyswetgewing gehad nie, maar in die Natalse grondwet van Oktober 1938, nl. „Regulatien en Instructien voor den Raad van Representaten van het Volk, aan Port Natal en omliggende Land", word gestipuleer: „De Raad zal ook een wakend oog over die Godsdienst en Scholen moeten houden en aanwenden tot bevordering derzelve."[5] Dit is dus 'n stappie nader aan die gereformeerde beginsel wat 'n plek vir die ouer, staat en Kerk wil hê.

Net voor die anneksasie van Natal het 'n aantal Nederlanders hulle vir die Trekkers se onderwysbelange beywer. Deur hulle bemoeiinge het 'n Nederlandse skip met 'n sekere Smellenkamp aan boord Port Natal besoek.[6] Smellenkamp

rig........./-106-

1) J.Chr. Coetzee en ander: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 261.
2) Idem.
3) Die Huisgenoot, Des. 1938, 177.
4) Dagboek van Erasmus Smit 4 Mei 1838; 7 Mei 1838; 3 Nov.1838.
5) Preller: Voortrekker-Wetgewing, 1839-1845, XIII, art. 13.
6) H.M. Commissioner - H. Cloete 1842 - 1846 II/I, 3.

rig dan ook 'n skrywe aan die Volksraad waarin hy vra op watter manier die beste in hulle behoeftes voorsien kan word en wat hulle die meeste nodig het. Die Volksraad antwoord hierop: ten eerste predikante en ten tweede skoolmeesters, en dan eers ander materiële middele.[1] Smellenkamp het op hierdie oproep geantwoord, want op 26 Maart 1842 kom hy hier aan met 'n hoeveelheid boeke en Bybels, asook L. Martineau as onderwyser. Die Engelse wat Port Natal ingeneem het, wou hom nie toelaat om te land nie en Martineau is op die verdere reis na Lourenco Marques oorlede.[2]

In 1848 het Smellenkamp sukses behaal toe hy H.R. Bührmann na Transvaal gebring het as onderwyser. Al hierdie pogings vanuit Nederland was te danke aan prof. U.G. Lauts. In 1850 word drie onderwysers na Transvaal gestuur, nl. H. van der Linde wat in 1852 onderwyser word te Potchefstroom, W. Poen word in 1851 onderwyser te Lydenburg en J.W. Spruyt word in 1852 onderwyser te Rustenburg.[3]

Die Groot Trek was egter afgeloop en daar was nou ook meer bestendigheid. Die onderwys het met die Van der Linde-Reglement in bepaalde bane begin beweeg.

(b) <u>Die skoolopvoeding moet Christelik wees.</u>

Die eerste saak wat Piet Retief as goewerneur van die Trekkers in orde gebring het, was die reëling van die godsdiensonderwys en die bediening van die sakramente. In die eerste grondwet word nie met soveel woorde melding gemaak van godsdiens of onderwys nie. Eerw. Smit het hierdie gebrek ingesien en daarom het hy aan Piet Retief by die aflegging van die „Heilige Eed" in die kerk versoek om sy hand te lê op „... waar de Heidelbergse Katechismus begint, of 't Onderwys in de Christelik Leer, die in de Nederduits Gereformeerde Kerken en scholen gebruikt wordt. Mitsgaders de Belijdenis des geloofs bestaande in 37 Artikelen en de Liturgie derzelve Kerken;..."[4] Uit hierdie simboliese handeling sien ons dat die leiers van die

Trek........./-107-

1) Preller: <u>Voortrekker-Wetgewing</u>, 1839-1845, 198-199.
2) Bird: <u>Annals of Natal</u> 1495-1845 II, 361.
3) <u>Die Huisgenoot</u>, Des. 1938, 177.
4) <u>Dagboek van Erasmus Smit</u>, 106.

Trek die verband tussen Kerk en Staat en Kerk en onderwys wou handhaaf.[1]

Die vader en moeder het van kleins af hulle kinders in woord en voorbeeld gewys op die weg van die Here. Wanneer daar 'n geskikte oomblik soggens of saans was, het die ouers hulle kinders vertel van die wonderlike dade van die Here sodat hulle al baie geweet het van die Bybelse geskiedenis lank voordat hulle kon lees. Die doel van die opvoeding was egter om die kinders te bring tot die selfstandige lees van die Bybel en daardeur tot die belydenis van die geloof. „Sufficient religious knowledge for admission of membership in the established Church was the end sought. To this extent the majority of the European population were anxious for the education to their children. Their devotion to their church gave a value to education and desire for it, which would scarcely otherwise have existed."[2] Daarom was die eintlike opvoeding 'n godsdienstige, want vir die Trekker was „Godsdiens" die mees praktiese saak in sy lewe. J.Chr. Coetzee sê in dié verband: „Die Trekkerkind is dan gebring tot die diens van die Here en tot die Woord van die Here op 'n ernstige, welbewuste en saaklike wyse, en daarop is die verstandelik-geestelike vorming van die kind van kleins af gerig en ingerig."[3]

In die Voortrekkerskole is feitlik dieselfde leerplan gevolg soos wat deur die ordonnansie van De Chavonnes bepaal is. Die Bybel was die belangrikste boek in die skool.[4] Nadat die kinders voorbereidende onderwys in lees, spelling, skryf, taal, ens., ontvang het, het die eintlike kern van die opvoeding gevolg, naamlik die godsdienstige opvoeding vir die belydenis van die geloof. Dit was 'n langdurige onderrig wat 'n deeglike kennis van die Bybelse geskiedenis, 'n noukeurige onderrig in die geloofswaarhede van die Gereformeerde Kerk, 'n sorgvuldige oefening in die godsdienstige sang en 'n voortgesette

lesing......../-108-

---

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 11.

2) Education Commission Report 1863, (G.24), VII.

3) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1652-1956, 13.

4) Leo Fouche: „Onze Eerste Scholen - iets over de Opvoeding in Z.A. in die XVIIIe Eeuw", Het Kristelik Schoolblad, 1 Jul. 1910.

lesing van die Bybel en godsdienstige, geestelike stof ingesluit het.[1]

Die kinders het die kennis van die Bybelse geskiedenis gekry uit die vertellinge van die ouers, uit die lees en leer van die Bybel self en uit die leer van Jocobus Borstuis se „Enige Korte Vragen voor de kleine kinderen." Die „Heidelbergsche Katechismus", die studie van „Het Kort Begrip der Christelijke Leer" en die boeke van Abraham Hellenbroek het alles meegehelp tot die onderrig in die geloofswaarhede. Baie aandag is gegee aan sang en onderrig daarin het meestal bestaan uit die sing van psalms en gesange in gebruik by die erediens, maar ook in die sing van sogenaamde „geestelike liedere" van Willem Sluyter, Jodocus van Lodenstein en Johannes en Jocobus Groenewegen, e.a. Ten slotte is vereis die voortgesette lesing van die Heilige Skrif, veral van die „Statenbijbel" - uitgawe met kant aantekeninge wat gewoonlik aangevul is deur werke van die sogenaamde gereformeerde outeurs soos C. Mell, W. a'Brakel, B. Smytegeld, A. Hellenbroek, C. van Niel en ander.[2] Hierdie kennis het die kinders dikwels opgedoen terwyl hulle die vee moes oppas. McKerron sê in dié verband: „Children might take out their Bibles or Psalm books into the veld to learn from them in the intervals of tending the flocks."[3]

Hierdie gehegtheid aan die Bybel was ook die behoud van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika, want dit het die Voortrekker bewaar van vermenging met die oorspronklike bevolking van hierdie land. Die Calvinisme erken die leiding van God in die lotgevalle van volke en nasies. God het die blanke en swarte van mekaar geskei en wat Hy so geskei het, mag die mens nie saamvoeg nie.[4]

Hierdie eie identiteit is dwarsdeur die Groot Trek waarneembaar. Die ou instellinge en tradisies wat byna 'n anderhalf eeu saam met die Kaapse Afrikaner ontwikkel het, wat deel van die Afrikaner uitgemaak het, maar wat egter deur die Britse bewindhebbers afgeskaf is, het nou in die

Trekkergemeenskappe....../-109-

---

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 14.
2) Ibid, 14-15.
3) McKerron: A History of Education in South Africa, 60.
4) E.L.J. Venter: Die verband tussen Kerk en skool in Suid-Afrika, 11.

Trekkergemeenskappe van die noorde geleentheid gehad om ongehinderd verder te ontwikkel.[1]

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

Die Groot Trek was nie soseer 'n protesbeweging teen die knellende toestande van Engelse oorheersing nie, dit was 'n uiting van 'n ingebore vryheidsin - 'n nasionale ontwaking. Die Engelse vlag was 'n weersinswekkende faktor wat die Trekkers nie langer kon duld nie. Daardie mense aan die oosgrens van die Kaapkolonie was min in getal en hulle het die grootste onreg gely. Teen die owerhede kon hulle hul nie verset deur middel van wapengeweld nie; ook geen georganiseerde protes sou iets baat nie. Hulle kon hulle nie by die regeringsbeleid neerlê nie. As dit die geval sou wees, sou hulle ontrou wees aan hulle historiese ontwikkeling wat eie was aan die Boer in Suid-Afrika. Hierdie dinge sou beteken nasionale ondergang. Die materiële dinge was vir hierdie mense van minder belang. As groep het hulle nie na beter weivelde vir hulle vee gesoek nie - dié het hulle genoeg gehad waar hulle gewoon het - maar na vryheid en 'n eie nasionalisme soos blyk uit die woorde en dade van leiers soos Trichardt, Potgieter, Retief en Pretorius. Hierdie mense het vir Suid-Afrika 'n vryheidsideaal voorgehou.[2]

Met die uittog uit die Kolonie het die eiewordende Afrikaanse opvoedingsideaal saam gegaan om daar ver in die Noorde weer wortel te skiet en so vir die nageslag bewaar te bly.[3] Dit was 'n klompie godsdienstige boere met 'n sterk drang na vryheid: vryheid van taal, vryheid van godsdiens, vryheid van gewete en die wil om as 'n aparte volk met 'n eie goddelike roeping te bly voortbestaan. Met die Bybel in die een hand en die geweer in die ander hand het hulle die onbekende aangedurf. Hierdie geloof in die Bybel het meegehelp om ook die nasionale te bewaar. Keyter sê tereg: „Wat die eenvoudige Protestantse godsdiens wat hierdie wense van dag tot dag byna kinderlik

uitgeleef......./-110-

1) Die Huisgenoot, Des 1938, bydrae van J.A. Wiid: „Die Betekenis van die Trek", 21.

2) Ibid, 19.

3) Lubbe: Lewensomstandighede en Opvoeding van die Voortrekkerkind, 73.

uitgeleef het, beteken het om die huweliks- en gesinslewe vir die nageslagte te sterk en die gesonde Calvinistiese opvattinge en tradisies van die gesinslewe vir die nageslagte te bewaar en te handhaaf, sal nooit na waarde geskat kan word nie. Trouens ons kan met reg aanneem dat in daardie klein groepie om die Groot Wetboek onder leiding van die vader die eerste aanwakkering van gemeenskaplike geloof en belange, van die eenheid en strewe en verantwoordelikhede by die jong geslag plaasgevind het, wat 'n eie volksbewussyn en eie volksbestaan as natuurlike vrugte afgewerp het."[1]

Ook Langenhoven verklaar dat hierdie opvoeding wat die kinders by die ouers ontvang het, hul redding was wat hulle met 'n onbevlekte karakter deur die Groot Trek gehelp het. „Nie geleerdheid nie", verklaar hy „maar opvoeding; nie skoolopvoeding nie, maar huisopvoeding: Afrikaanse opvoeding - die enigste opvoeding met Afrikaans as medium wat ons Afrikaners nog ooit in ons eie land geniet het."[2]

Die Groot Trek se waarde vir die behoud van die Afrikanervolk en van die Hollandse taal is moeilik te oorskat. Tereg sê dr. S.G. Preller: „As daar geen Trek was nie - dan was daar vandag na alle waarskynlikheid geen Hollandse-Afrikaners meer nie...."[3] Dr. Elizabeth Conradie skryf weer: „Een ding staan onomstootlik vas, vir die behoud van die Hollandse taal en die Dietse kultuur was daar geen belangriker gebeurtenis in ons ganse geskiedenis nie."[4] Dit was 'n „positiewe staatkundige bevrydingsdaad ter verwesenliking van die afsonderlike volkskap, ter vervulling van die afsonderlike goddelike roeping."[5]

Die Voortrekkerouers het alles gedoen om die eenvoudige besit aan nasionale kultuurgoedere so goed moontlik aan die jeug oor te lewer.[6] Ten opsigte van die skoolvakke en boeke het die Voortrekkers die Kaap-Hollandse

tradisie......./-111-

1) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II, 299.
2) Langenhoven: Versamelde Werke X, 62.
3) Preller: Piet Retief, 35.
4) E.J.M. Conradie: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, Dl. I (1652-1875), 185.
5) Meyer: Die Afrikaner, 88.
6) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II, 300.

tradisie gevolg waar die moedertaal, naas godsdiens die belangrikste vak op die rooster was.[1]

By die aanvangsonderwys moes die kinders die letters van die alfabet uit die kop leer, eers van A. to Z en dan ook van Z tot A. Daarna en soms gelyktydig daarmee het gekom die eerste kennismaking met 'n boek, nl. die Hollanse„ABC met de Haan". Nadat die „ABC". geleer is het speloefeninge gevolg en daarna leesoefeninge. Na hierdie leesboekie het hulle met die volgende boekie, nl. die „ABjab," waarin tweelettergrepige woorde voorgekom het, begin. Dit is weer gevolg deur die „Trap der Jeugd". Behalwe leeslessies moes die kinders uit die „Trap" leer om die taal suiwer te gebruik en te spel. Daarom word hierdie boekie ook genoem 'n „Lees-, Spel-, Schrijf- en Taal-" boekie. Die kinders het verder daarin geleer die eerste beginsels van Aardrykskunde, geskiedenis, digkuns, grammatika, syferkuns en sangkuns. Na hierdie voorbereidende onderwys in lees, spel, skryf, taal, ens., het dan gevolg die kern van die opvoeding, nl. godsdienstige opvoeding. Hier is dan gebruik gemaak van die Bybel en ander godsdienstige geskrifte soos reeds aangetoon.[2] Die doel van die onderwys was die elementêre lees, skrywe en reken wat moes dien as middele ter voorbereiding vir lidmaatskap van die Kerk, maar in die daaglikse samelewing in die klein gesinsgemeenskappie het hulle egter ook die lewensuitkyk van 'n praktiese toegepaste Calvinistiese godsdiens en die geestesinhoud van 'n eie nasionale kultuur ontvang.[3]

Ons sien dus dat wat die Christelike en nasionale aspekte van die onderwys betref, die Voortrekkers volgens die gereformeerde beginsel gehandel het omdat die ouers die gees en rigting van die onderwys bepaal het. Ons kan egter nie dieselfde sê wat betref die oprigting, instandhouding en beheer van die skole nie. Dit het alles van die ouer uitgegaan en Staat en Kerk het nie hul regmatige plek gehad nie, alhoewel dit toegeskryf kan word aan die omstandighede van daardie tyd.

II. Offisiële......./-112-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk.,1956,II, 54.

2) G.H. van Rooyen: Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk, deel II, 46-50.

3) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II, 300-301.

II. Offisiële onderwys in die beginjare (1852-1871).

3. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

(a) Oprigting, instandhouding en beheer.

Persoonlike inisiatief i.v.m. onderwyswetgewing het in die jong samelewing besonder sterk op die voorgrond getree en word op oortuigende wyse bewys deur die twee oudste onderwysreglemente nl. dié van Van der Linde en dié van ds. Dirk van der Hoff.[1]

(i) Die eerste reglement vir die onderwys.

Van der Linde het aan die Volksraad 'n voorstel tot reëling van die onderwys voorgelê, en as gevolg hiervan is die eerste wetlike reglement vir die onderwys in Transvaal deur die Volksraad op 18 Maart 1852 goedgekeur.[2] Die volgende artikels handel oor oprigting, instandhouding en beheer van skole „Art. 1. De onderwijzer worde van de Gemeente[3] van een school en woonhuis voorzien.
Art. 3. De Schoolbenodigdheden worden, of door de Gemeente voorzien, waartoe bij hen dezelve zullen voorhanden zijn en de onderwijzer op aanvrage (daarover) zal mogen beschikken, of hij voorziet zich tegen vergoeding van dezelve.
Art. 4. De Gemeente verzekere den onderwijzer van zijn bestaan, of hij ontvangt van den ouders maandelijks schoolgeld, (om nader te bepaalen).
Art. 5. Het opzigt van den school zij aan het Gemeente-Bestuur opgedragen;......"

Volgens dié wetgewing word die onderwys staatsonderwys genoem: die Volksraad moes die onderwysers aanstel en alhoewel die gemeentebestuur moes sorg vir die oprigting en instandhouding van die skole het hulle nogtans onder beheer van die Volksraad gestaan.

Hierdie groter rol wat aan die Staat toegeken is, moet toegeskryf word aan die feit dat Van der Linde pas uit Holland hier aangekom het, en dus die onderwysidees van dié land in sy reglement sou insluit. In Holland het

die........./-113-

---

1) J. Ploeger: Inleiding tot die studie van die grondslae van C.N.O. in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse Republiek, 57.

2) V.R. Notule, art. 24, 18 Maart 1852. E.V.R. 3.

3) Die term „Gemeente" was destyds alhier nog taamlik algemeen gebruik. Hierdie gemeentelike bestuur was nie 'n gemeente in kerklike sin nie. Dit het beteken die dorpsbestuur of soos ons sal sê die dorpsraad.

die Staat van die aanvang van die 19de eeu sy aandag aan die onderwys gegee. Die Hollandse Grondwet van 1815 het dan ook bepaal: „Het openbaar onderwijs is een aanhoudend voorwerp van zorg der Regering."[1] In die eerste onderwysreglement van Transvaal het sake soos staatsonderwys, die leerplan en die verpligtinge van die onderwyser, duidelike Hollandse invloed getoon.

In die Van der Linde-reglement word daar 'n plek toegesê aan die Staat, aan die Kerk asook aan die ouers deur middel van die gemeentebestuur. Volgens die gereformeerde beginsel was die rol van die Staat op hierdie stadium nog heel gering. Alhoewel hy saam met die gemeentebestuur toesig gehad het oor die onderwys, het hy nie sy regmatige plek ingeneem wat betref oprigting en instandhouding nie. Ons is dus hier 'n stappie nader na die gereformeerde beginsel in die onderwys omdat Kerk, Staat en ouer 'n aandeel gehad het, maar volgens die gereformeerde beginsel was die pligte van hierdie drie samelewingsvorme nie reg versprei nie.

In 1853 het ds. Dirk van der Hoff in Potchefstroom aangekom as predikant[2] en hy het 'n nuwe reglement vir die skole ontwerp, wat ook deur die Volksraad aangeneem is.[3] Die groot rol wat die gemeente, deur die kerkraad, in die onderwys ingeneem het, blyk uit die volgende artikels:

„Art. 1. Niemand zal zich hier te lande als onderwijzer der jeugd mogen vestigen dan die daartoe behoorlijk geregtigd is, en van deze zijne bevoegdheid heeft doen blijken bij den Eerw. Kerkeraad, ter plaatse waar de leeraar gevestigd is.

Art. 2. Dat er voorlopig op elk dorp niet meer dan een onderwijzer zijn mag daartoe door het Goevernement aangesteld in ooreenstemming met den Kerkeraad.

Art. 3. Dat indien op eender dorpen men een kinderschool wil oprigten, dit geoorloofd zijn zal onder de volgende voorwaarden: I. geene ander kinderen in zulk eene school op te nemen, dan die beneden de vijf jaren zijn; II. de school te stellen onder opzigt der Kerkeraad; III. sich niet te vestigen dan met toestemming van den Kerkeraad.

Art. 4. ....../-114-

---

1) H. Douma: De Ontwikkeling van het Lager Onderwijs in Nederland, 123-137.

2) S.P. Engelbrecht: Gesk. van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 73.

3) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, Aanhangsel II, Bl. 262.
E. Greyling: Godsdiensonderwys in die skool, 69-70.

Art. 4. Dat als iemand als huisonderwijzer op de buiteplaatsen wenscht werkzaam te zijn, hij zich zal moeten vervoegen bij den Kerkeraad, waar de predikant is, en zich aan een behoorlijk onderzoek bij den predikant zal moeten onderworpen; die hem daarvoor een behoorlijk bewijs geven zal......? onderzoek voldoende bevonden is."

Alhoewel die Kerk dus in die jare 'n belangrike rol in die onderwys gespeel het, het die Staat se magte sedert 1853 uitgebrei, wat die offisiële onderwys betref, terwyl die ouers se seggenskap met betrekking tot die onderwys aangeleenthede minder geword het.

In die Transvaalse Grondwet word vermeld dat die Volksraad verplig is om toesig te hou oor skole en daarmee het die Staat die hoogste gesag met betrekking tot die onderwys in die hande gekry en was die skool gevolglik 'n staatskool.[1]

In die konsepgrondwet van 1855 is dieselfde gedragslyn gevolg en is die volgende gedagte uitgespreek: „Het volk verlangt den opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat, en uit den hoofde voorziening in de behoeften aan Nederduitsche Hervormde Predikanten en Schoolonderwijzers."[2]

Uit die konsep blyk ook dat die verpligtinge wat die Staat deur die Van der Linde-reglement opgelê is, erken sou word, want ons sien verder in artt. 254 en 267 dat die staatsuitgawes o.a. insluit onderwysersalarisse.

Die staat het dus sedert 1853 meerdere regte vir hom toegeëien en daar was geen wetlike bepaling van die regte en magte van die ouer nie. Die rol wat die Staat en die Kerk in dié jare gespeel het, blyk duidelik uit 'n brief wat aan die kerkraad van Potchefstroom gerig is en soos volg lui:[3]

Governements Kantore.
Potchefstroom, den 18de Juny 1857.

Aan de Eerwaarde Kerekenraad van Potchefstroom.
Eerwaarde heeren,
daar de jeugd hier ongeleerd opgroye, het ZHED. den president het eindelyk gelukt een bekwaam onderwyzer te venden

namentlyk......./-115-

1) J. Ploeger: Inleiding tot die studie van die grondslae van C.N.O. in Suid-Afrika, 58.

2) Konsep-grondwet van 1855 Art. 29: V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek 1893-1918, 48.

3) R. 1601/57 ; R - Stukke in Argief Pretoria.

namentlyk den WED. Heer A.F. Schubart het welk aan Uwe Ewdw onderzoek verder gelaten zyn.

Nu is de wens van ZHED. den president dat de Kerkraad, by het venden van zyne bekwaamheid, de kerk wilde leenen om in school te houden todat wy in staad zyn een schoolgebouw kunnen opregten.

de kerkenraad gelieve hierop te wille andwoorden, en ook hun gevoelen hiermede kenelyk te make terwyl de jeugd hier verslons worde en de ongeleerdheid van dag tot dag toeneeme.

Namens de president
heb ik de eer my te moemen
U Ewde dw dienaar (ongeteken).

Soos blyk uit briefwisseling tussen die kerkraad van Potchefstroom en die regering is die onderwyser Schubart toe nie te Potchefstroom as onderwyser deur die regering benoem nie. 'n Ander onderwyser, 'n sekere A. Scheurkogel, is op versoek van die regering deur die kerkraad van Potchefstroom ondersoek m.b.t. sy gesindheid, want op 6 Julie 1857 antwoord die kerkraad by 'n skrywe deur ds. Van der Hoff soos volg: „In minzaam antwoord op uwe geëerde missive van 29 Junie 1857, ons verzoekende de papieren na te zien van den door UEd. ontboden en hier aangekomen onderwyzer, den heer A. Scheurkogel, is dienende dat wy ZEds papieren nagezien en in orde bevonden hebben, zoodat wy ZEd. erkend hebben als onderwyzer alhier. Bereids heeft onzer leeraar alhier hedenmorgen de school plegtig in de kerk geopend en uitgezien naar een geschikt schoollokaal, het welk ZEerw. verkregen heeft van den heer Grimbeek - voorts heeft ook voorlopig een woonhuis gehuurd voor den onderwyzer, voor een pond st. in de maand, in de hoop dat het Goevernement, voor de betaling ervan zal zorgen."[1)]

Aan die einde van dieselfde jaar word hierdie Scheurvogel deur die landdros by die regering aangekla dat hy 'n kind onmenslik geslaan het en word die regering versoek om hom af te dank „Niet dat ik ijmand een inkomme misgun neen, dat zy verre van my Caracter, doch ik voor my zouw denke dat Scheurkogel uit zyn Post moest geset worden, en dat hy ten eenemaal onwaardig is, om Gouvernement onderwyzer te zyn over die gepleegde daad, van mishandeling aan het kind

van de........./-116-

1) R. 1630/57. Argief Pretoria.

van de WelEd heer Visagie.......", skryf die landdros (Grimbeek) van Potchefstroom aan die President en Uitvoerende-raad op 12 Nov. 1857.[1]

Hieruit blyk dit dus dat die staat nou sy regmatige plek ingeneem het i.v.m. die oprigting, instandhouding en beheer van die onderwys. Die Kerk moes nou net toesig hou oor die onderwys. Volgens gereformeerde beginsel is die plekke wat Staat en Kerk nou ingeneem het, korrek, maar nou het die ouer te veel op die agtergrond verdwyn, want die Staat het nie aan hom reg toegeken i.v.m. die oprigting, instandhouding en beheer nie. Die ouers het hulle self nog verantwoordelik gehou vir die opvoeding van hulle kinders, want ons lees bv. dat hulle skrywe: „Zend tog een onderwyser voor de arme jeugd. God zal hun zielen van ons eischen, indien wij hen in de diepe onkunde doen voortgroeien."[2]

(ii) Onderwys onder die „Algemene Kommissie vir Onderwys" (1859-1867) en die Uitvoerende Raad (1868-1871).

Die kenmerk van hierdie tydperk is dat in die plek van die Kerkraad 'n „Plaatselijke Schoolcommissie" en namens die Volksraad 'n „Algemene Schoolcommissie" tot stand gekom het.

Kragtens 'n besluit van die Volksraad van 7 April 1859 het die Potchefstroomse skoolkommissie opdrag gekry om dadelik 'n reglement vir goewermentsonderwysers op te stel[3] wat hulle ook op 19 April 1859 ingelewer het.

Die Staat het met die opstelling van hierdie reglement duidelik die inisiatief in eie hande geneem en rigting aan die onderwys gegee. Dit was trouens die eerste onderwyswetgewing van die nuwe Republiek en vorm die grondslag van sy staatsonderwys.

(iii) Die Reglement van 1859[4]

Die volgende artikels het betrekking op die oprigting, instandhouding en beheer van die onderwys. „1. De schoolonderwijzer geniet een jaarlijksch traktement van £75, behalve de schoolgelden, alsmede een vrije woning en schoollocaal, en indien mogelijk met een stuk grond

voor......./-117-

1) R. 1784/57. Argief Pretoria.
2) R. 1767/57.
3) Staatscourant, 21 Mei 1859.
4) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 263-266.

voor zijn gebruik.
2. De Schoolgelden voor de kinderen worden volgenderwijze bepaald:-

(a) De ouders zijn verpligt iedere maand de schoolgelden aan de onderwijzer te betalen.

(b) Er zal elk jaar in tegenwoordigheid der school commissie een openbaar onderzoek (examen) over de schooljeugd plaats hebben.....

18. Na afloop van het jaarlijksch examen zal de president van de schoolcommissie een verslag van hetzelve aan den president van den Uit. Raad inleveren....
21. De leden der schoolcommissie hebben ten alle tijde het regt om de school te bezoeken......"

Met hierdie wetgewing is daar weer verder weggedwaal van die gereformeerde beginsel wat oprigting, instandhouding en beheer betref. Die Kerk is nou onthef van alle beheer oor die onderwys. Die Staat is verantwoordelik vir oprigting, instandhouding en beheer van die skole. Die plaaslike skoolkommissies is nie deur die ouers gekies nie, maar direk deur die regering aangestel. Die onderwysers was ook staatsamptenare en het hulle aanstellings van die Staat ontvang. Die ouerreg om 'n keuse te hê in die benoeming van die onderwyser wat sy kinders moes opvoed en onderrig, is dus heeltemal deur die reglement verontagsaam. Hierdie verontagsaming van die ouerreg is op hierdie tydstip nog nie as 'n gevaar beskou nie, omdat daar 'n sterk eenheid tussen die volk en die Staat bestaan het. Die volk was tevrede met die toestand van sake.[1]

Die kommissie wat deur die Volksraad gelas is om die reglement op te stel en die onderwyssake van die Republiek te behartig, was vir sy werksaamhede feitlik net tot Potchefstroom beperk.[2] Daarom het ds. Van Heyningen, predikant van Lydenburg, op 3 Mei 1859 die volgende brief aan die Volksraad gerig.[3]

De Lezer Heil:

De ondergeteekende stelt voor aan den Hoog Edelen Volksraad: eene commissie van onderwijs te benoemen voor de Z.A.Republiek bestaande uit de H.H.D. vander Hoff.../-118-

---

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk.,1956,II, 57.
2) Idem.
3) R. 2786/59 - ds. P.A.C. van Heijningen aan die Volksraad, 3 Mei 1859.

vander Hoff, V.D.M. Proes adv. van der Linden, Hoofdonderwijzer en P.A.C. van Heijningen, V.D.M.

Genoemde Commissie is belast met het oppertoezigt over het onderwijs in de Republiek en zal, zoo spoedig mogenlijk, hun reglement ter goedkeuring aan den Hoog Edelen Uitvoerende Raad aanbieden.

't welk doend enz., enz.
(Get.) P.A.C. van Heijningen,
Predikant.

Potchefstroom, 3 Mei 1859.

Op 4 Mei is volgens 'n besluit van die Volksraad dan ook die aanstelling van 'n kommissie van Onderwys vir die Suid-Afrikaanse Republiek goedgekeur.[1] Die kommissie het toe geword die „Algemene Kommissie van Onderwys" in die genoemde gebied en het toesig gehad oor die onderwys in die S.A. Republiek. As sodanig het dit bly funksioneer tot 1867.

Ons kan die in die lewe roep van hierdie Algemene Kommissie in 1859 as 'n belangrike mylpaal in die onderwysgeskiedenis van die S.A. Republiek beskou, omdat die Transvaalse Onderwysdepartement in die loop van tyd hieruit ontwikkel het.[2]

(iv) Die onderwyswet van 1866.

In 1866 het die Algemene Skoolkommissie 'n nuwe onderwyswetsontwerp opgestel.[3] Die volgende artikels van die „Algemene Bepalingen" is van belang:
„1.De Volksraad bepaalt jaarlijksch, hoeveel geld voor het schoolwezen mag betaalt worden.
2. Overeenkomstig de middelen de Algemeene Schoolkommissie zooveel zij kan, in het onderwijs der jeugd voorzien.
3. De onderwijzers genieten een jaarlijksch traktenment te bepalen door de Algemeene Schoolcommissie, onder goedkeuring van den Uitvoerenden Raad."

Behalwe die „Algemene Bepalingen" bestaan die Onderwyswet van 1866 nog uit die reglement vir die algemene skoolkommissie en die reglement vir die plaaslike skool-

kommissie....../-119-

---

1) Staatscourant, 13 Mei 1859.
2) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 57.
3) E.V.R. Notule 6B,Art. 529 - 547, 23 en 24 Maart 1866.

kommissie. Die reglement vir die algemene skoolkommissie bepaal:

„1. De Algemeene Schoolcommissie bestaande uit drie leden, door den Volksraad aangesteld, is met de zorg voor het onderwijs belast.

5. Bij aftreding van een lid vult de Volksraad de open gevallene plaats in door een nieuw lid te benoemen volgens de vereisten in artiekel 2 vermeld, op voordragt van den President van den Uitv. Raad.

8. Zij stelt onderwijzers bij de Gouvernementscholen aan, na vooraf de aanstelling door het Gouvernement te doen bekragtigen.

14. Waar geen Plaatselijke Schoolcommissie bestaat, schrijft de Secretaris den Landdrost aan eene Schoolcommissie te vormen en aan te stellen onder goedkeuring van den President van den Uitv. Raad."[1]

Ons sien dat ouers en Kerk volgens hierdie wet nie veel seggenskap gehad het nie en al die verordeninge in die wet het daarop gewys dat dit suiwer staatsonderwys was.[2]

Die Algemene Kommissie is aangestel deur die Uitvoerende Raad wat ook weer die vakatures gevul het. Art.14 van die nuwe onderwyswet dui aan dat ook die plaaslike kommissie indirek deur die regering aangestel is. Die landdros moes 'n kommissie aanstel, nie noodwendig uit ouers van skoolgaande kinders nie. Die vakatures op die kommissie word deur die kommissie gevul sonder verpligte raadpleging met die ouers van kinders - 'n suiwer staatsreëling dus.[3]

Die nuwe onderwyswet het nie baie bevrediging gegee nie sodat die Algemene Kommissie reeds in 1867 'n gewysigde konsep voorgelê het wat egter nooit wet geword het nie.

Indien hierdie konsep aangeneem is, kon dit weer 'n belangrike stap nader aan die gereformeerde beginsel gewees het. Art. 23 gee aan plaaslike kommissies die kontrole oor die distrikskole, wat voorheen alleen onder die Algemene Kommissie gestaan het. Om hierby aan te pas het die reglement vir distriksonderwysers bepaal: „De Districts onderwyzers staan onder direct opzigt van de Plaatselyke School Commissie" dus nie meer onder die

toesig....../-120-

---

1) Onderwyswet van 1866 in die Staats Courant, 4. Sept. 1866.

2) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 268.

3) Idem.

toesig van die Veldkornet soos in die wet van 1866 bepaal nie.[1]

Intussen het ds. Dirk van der Hoff bedank as lid van die Algemene Kommissie. Daarop het die Staatspresident aan die hand gegee die aanstelling van 'n Superintendent van Onderwys.[2] Dit is egter van die hand gewys en die onderwys is toevertrou aan die Uitvoerende Raad self.[3] Die Uitvoerende Raad was egter weens sy veelvuldige pligte en werksaamhede nie in staat om die saak van die onderwys tot sy volle reg te laat kom nie, en die goeie beheer en toesig van die onderwys in die S.A. Republiek het verswak en later eintlik gekwyn.[4]

Nie alleen op onderwysgebied was daar agteruitgang nie, maar ook op politieke gebied. Staatspresident M.W. Pretorius het as gevolg van die moeilikhede in Maart 1871 sy amp neergelê en is in Julie 1872 opgevolg deur ds. T.F. Burgers.[5]

(b) Die Skoolopvoeding moet Christelik wees.

Gedurende die eerste gedeelte van hierdie begintydperk was die gees en rigting van die onderwys Christelik-nasionaal. Dat die ouers so tevrede was om die onderwys grotendeels in die hande van die Staat te laat, moet toegeskryf word aan die feit dat die onderwys in die skole wat betref die gees en rigting daarvan, 'n voortsetting was van die onderwys wat die ouers in die huise gegee het.

Reeds in die tweede Voortrekkergrondwet, dié van 1838 word in art. 13 neergelê: „De Raad (van Presentaten) zal ook een wakend oog over het Godsdienst en Scholen moeten houden en alle aanwenden tot bevordering derzelve."[6]

Die Transvaalse grondwet van 1858 het bepaal dat die Ned. Herv. Kerk die Staatskerk sou wees en die onderwysers was dus verplig om lidmate van die Staatskerk te wees.[7]

(i) Die......./-121-

---

1) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 81.
2) Staats Courant nr. 216, 11 Sept. 1867.
3) E.V.R. Notule art. 381, 10 Maart 1868, in Staats Courant nr. 245, 20 Mei 1868.
4) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 83.
5) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 35.
6) Preller: Voortrekker-wetgewing, 1839-1845, XIII, art. 265.
7) Grondwet Z.A.R. van 1853, art. 26.

(i) Die Van der Linde-reglement.

Art. 5 van die reglement bepaal: „Het opzigt van den school zij aan het Gemeente-Bestuur opgedragen; het onderwijs zal zich bepalen tot lezen, schrijven, rekenen en andere vakken van onderwijs, zijnde de onderwijzer verpligt aan alles een godsdienstige strekking te geven."[1]

(ii) Die Van der Hoff-reglement.

Artt. 1 en 4 het vasgelê dat die onderwyser deur die predikant getoets moes word[2] (Sien vorige paragraaf).

(iii) Die Reglement van 1859.

Die volgende artikels is hier vir ons van belang:

„8. Het onderwijs zal gegeven worden, in lezen, schrijven, rekenen, getal en vormleer, taal - en aardrykskunde, vaderlandsche, algemene en bijbelsche geschiedenis en het zingen der Psalmen en Gezangen, bij de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in gebruik, terwijl tevens ook in de zangkunde onderrigt zal gegeven worden.

26. Geene andere Gouvernementsonderwijzers dan die lidmaten der Nederd. Geref. Kerk zijn, zullen worden toegelaten, en die bewijzen van bekwaamheid en bevoegdheid tot het geven van onderwijs, aan de schoolcommissie kunnen vertonen, en door dezelve zijn goedgekeurd.

(iv) Onderwyswet van 1866.[3]

In die „Reglement voor de Gouvernements Onderwijzers" word i.v.m. die Christelike onderwys die volgende bepaal:

„Art. I De Gouvernements onderwijzers moeten een onderwijzers rang bezitten, hier of elders verkregen, en leden zijn der Protestantsche Kerk vòlgens art. 21 en 24 der grondwet.

Art. 2. Zij moeten onderwijs geven in het lezen, schrijven, rekenen en zingen (vooral van de Psalmen en Gezangen bij de Nederduitsch Hervormde Gemeente in gebruik) voorts in de bijbelsche en vaderlandsche geschiedenissen, aardrijkskunde en taal-kunde.

Art. 3. ......./-122-

---

1) Van der Linde-Reglement aangeneem in die Volksraadsitting van 15 Maart, 1852, art. 5.

2) Van der Hoff-Reglement aangeneem in die Volksraadsitting van November, 1853, Artt. I en 4.

3) Onderwyswet van 1866, Reglement voor de Gouvernements Onderwijzers, artt. 1, 2, 3.

Art. 3. Zij stellen zich bij hun onderwijs steeds ten doel, de ontwikkeling van de verstandelijke en zedelijke vermogens der kinderen."

Ons sien dus dat die regering in hierdie jare alles gedoen het om die jeug godsdienstig te vorm.[1] Omdat die Staat egter bepaal het dat die onderwysers lidmate van die Ned. Herv. Kerk moet wees, kon die staatskole nie aan al die ouers tevredenheid gee nie en het 'n gedeelte van die bevolking oorgegaan tot die stigting van privaatskole.

(c) Die skoolopvoeding moet Nasionaal wees.

Ook is die nasionale opvoeding van die kind in die eerste jare nie verwaarloos nie, want die doel van die onderwys was die vorming van goeie staatsburgers.[2] Die onderwys in die skool het in die moedertaal geskied sodat die ouers ook in hierdie opsig geen rede gehad het om te kla nie.[3]

Die Voortrekkers het die nasionale idee na die Noorde voortgedra en bestendig. Eric Walker sê hieromtrent: „The national idea took root and grew up round the Trekker republics, especially that which lay beyond the Vaal."[4] Die stigting van 'n onafhanklike republiek was inderdaad die verwesenliking van 'n belangrike volksideaal.[5]

In hierdie tydperk het die Voortrekkers hulle oë na die stamland, Holland, gekeer. Die onderwys in hierdie periode is dan ook op Hollandse en Kaaps-Hollandse grondslag ingerig en die Hollandse invloed was oorheersend. In die sestigerjare het daar egter 'n nuwe invloed in die Transvaalse onderwys ingesypel, nl. die Britse invloed soos spreek uit die Onderwyswet van 1866. „Er zal zooveel mogelijk gezorgd worden, dat op de Gouvernementsscholen behalve de Hollandsche ook de Engelsche taal onderwezen worde", art. 3. „De Onderwijzers die tevens de Engelsche taal leeren, genieten bovendien jaarlijksch de som van...", art. 5. „Een onderwijzer der Engelsche taal, aan den Hollandschen onderwijzer toegevoegd, geniet jaarlijksch de som van......" art. 6.[6]

Die............./-123-

1) J. Ploeger: Inleiding tot die studie van die grondslae van C.N.O. in Suid-Afrika, 60.
2) Wypkema: „De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881", 475.
3) M.A. Basson: Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese, 15-16.
4) E.A. Walker: The Great Trek, 11.
5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 57.
6) Sien Onderwyswet van 1866, E.V.R. Notule van 22 Feb. 1866.

Die onderwyswet van 1866 het nie alleen die ouerseggenskap verminder nie, maar het Engels vir die eerste keer in onderwysgeskiedenis van die S.A. Republiek amptelik ingevoer in die skole.[1] Die Engelse taal is deur hierdie wetgewing vir goed in die onderwys van die S.A. Republiek gevestig. Die Algemene Kommissie moes sorg dat Engels naas Hollands onderwys word en by die aanstelling van onderwysers moes die Kommissie toesien dat diegene wat 'n kennis van Engels het, voorkeur kry.[2] Van hierdie jaar af het Engels dan ook vinnig veld gewen en populariteit verwerf en die nasionale beginsel in die onderwys het as gevolg daarvan gekwyn.

Dit sal egter onjuis wees om te verklaar dat die Staat die invoer van Engels op die bevolking afgedwing het. Dit is juis as gevolg van betogings van die kant van die bevolking dat die Staat tot so 'n stap oorgegaan het.[3] Dit was ook nie net die Engelse in Transvaal nie, maar ook die Afrikaanssprekende wat op meer Engels in die skole aangedring het en skoolkommissies het daartoe oorgegaan om ook Engelse onderwysers naas die Hollandse te benoem.[4]

In 1865 het die Skoolkommissie van Potchefstroom die regering versoek om toestemming te verleen om Engels op die staatskool van die dorp te laat onderwys. Die Kommissie sou die nodige reëlings tref om 'n Engelse onderwyser te verkry. Uit die verslag van die Skoolkommissie blyk dit dat die onderwyser kort daarna aangestel sou word, en daardeur sou in 'n ernstige behoefte van die gemeenskap voorsien word.[5]

„Uit die voorafgegane anneksasies was die Transvaal bewus van die Britse gevaar - daarom moet goeie betrekkings met die Britse regering en die onderdane ten alle koste bewaar word. Daarby moes in gedagte gehou word dat die Transvaalse leiers van destyds nog geen duidelike beeld van 'n bewuste volksidee gehad het nie. Die ontwikkeling van 'n eie volkstaal het vir hulle seker weinige betekenis gehad. Deur die onbewuste druk van die handel het hulle

ongetwyfeld......../-124-

1) E.V.R. Notule, Maart 1866.
2) Onderwyswet van 1866, art. 10. „Reglement van de Algemene Schoolcommissie."
3) Skoolkommissie-verslag: Staats Courant nr. 131, 9 Jan. 1866.
4) O.D. Ia: O'Reilly aan H. v.d. Linde, 9 Aug. 1867.
5) Staats Courant nr. 131/1866: Verslag van die Potchefstroomse Skoolkommissie 9 Jan 1866.

ongetwyfeld besef dat 'n kennis van Engels vir die opgroeiende geslag 'n onontbeerlike vereiste was. Trouens, die geskiedenis toon duidelik aan dat die Transvaalse bevolking nie teen die Brit se taal was nie, maar teen sy politiek van anneksasie en Anglisasie. Die invoering van Engels in die Transvaalse skole was dus nie 'n gril van die wetgewers nie - dit was meer 'n erkenning van 'n bestaande toestand."[1]

Lugtenburg wys op die belangrike gevolge van die invoering van Engels in die Transvaalse onderwys deur middel van hierdie wet. „Hierdie stap het in die praktyk daartoe gelei dat sowat al die genoemde skole van toe af in parallel-mediumskole ontwikkel het, en dit het herhaaldelik gebeur dat die Engelse afdeling, wat vir 90 persent uit Afrikaanssprekende kinders bestaan het, by ver die grootste was."[2]

4. Reaksie van die ouers.

Baie ouers was in die jare nie tevrede met die staatsonderwys nie en daar is baie privaatskole gedurende hierdie jare opgerig. Lugtenburg wys daarop dat daar aan die begin van 1872 net soveel kinders in privaatskole as in Goewerments- en distrikskole was.[3]

Daar het gedurende hierdie jare ook heelwat privaatskole tot stand gekom wat onder besieling van die Kerk vir sy lidmate opgerig is. Dit was veral die geval by die Gereformeerde Kerk. Hierdie Kerk was feitlik verplig om sy eie privaatskole te stig omdat die skole in die S.A. Republiek Nederduits Hervormde staatskole was met die bepaling dat geen onderwyser daarin onderrig mag gee wat nie lidmaat van dié Kerk is nie. Die enigste uitweg was dus privaatskole onder leiding en toesig van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk.[4]

In Potchefstroom het die plaaslike kerkraad van die Gereformeerde Kerk in 1864 aansoek gedoen by die owerhede om 'n stuk grond om daarop 'n kerk, 'n skool, 'n pastorie en 'n kosterswoning te bou.[5] In Rustenburg is daar 'n privaatskool vir kinders van die Gereformeerde Kerk opgerig deur ds. D. Postma.[6] Die plaaslike gemeente het alle

verantwoordelikheid./-125-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 61.
2) Jubileum - Gedenkboek van die Nederduits Herv. of Geref. Kerk, 271.
3) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 16.
4) Idem.
5) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 5 Feb. 1864, art. 3.
6) Ibid. 15 April 1864, art. 9.

verantwoordelikheid in verband met hierdie skool gedra.

Na die Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1869, gehou te Potchefstroom, vind ons dat die skoolvraagstuk deur die Kerk op 'n stelselmatige wyse aangepak is.[1] Die afgevaardigdes van twee gemeentes het voorgestel dat die onderwys van die jeug in die gemeente meer onder die toesig van die Kerk moes kom, wat ook die Sinode baie wenslik geag het. Die Sinode het aan die Kollegie van Kuratore opdrag gegee om die belangrike saak te behartig in oorleg met die leraar van die Teologiese skool van die Kerk en om die eersvolgende Sinode met advies te dien.[2]

Op 4 Julie 1870 het die Kuratore die volgende besluit geneem:[3] Die Sinode moedig die kerkrade aan om soveel moontlik gemeenteskole op te rig; net onderwysers wat by die kerkraad 'n goeie naam het, moet deur die gemeente aangestel word; 'n verslag van die toestand van die skole in sy wyk, moet elke nagmaal deur die ouderling gedoen word; die leraar moet gereeld eksamen hou in die buiteskole as hy huisbesoek doen; daar moet 'n vrywillige kas opgerig word, waaruit na bevinding van die kerkraad aan onderwysers in die distrik 'n beloning gegee word en waaruit pryse vir die beste leerlinge gekoop word. Hierdie voorstel van reglement vir die gereformeerde onderwys is deur die Sinode van 1873 goedgekeur.

Alhoewel die gees en rigting in hierdie skole van die ouers uitgegaan het, kan ons nie beweer dat hierdie skole wat oprigting, instandhouding en beheer betref, volgens gereformeerde beginsel ingerig was nie, omdat die Staat hier glad geen plek gehad het nie. Die ouers het egter daardeur probeer om nog die ou tradisies te handhaaf, en te keer dat vreemde invloede in die onderwys insypel.

(a) <u>Die Ned. Herv. Kerk</u> het as staatskerk oudergewoonte die staatsonderwys gesteun, maar het steeds 'n wakende oog gehou oor die godsdiensonderrig in die skool. Op die Algemene Kerkvergadering gehou op Pretoria in 1863 is besluit „een opwekking te richten aan de ouders om voor de onderwyzing en't brengen tot lidmaatschap hunner kinderen te

zorgen......../-126-

1) <u>Handelinge van die 4de Sinodale Vergadering van die Geref. Gemeentes in S.A.</u>, 1869, art. 116.

2) J.Chr. Coetzee: <u>Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal</u> 1859-1937, 17.

3) <u>Handelinge van die 5de Sinodale Vergadering van die Geref. Gemeentes in S.A.</u>, 1873, Bylaag 4.

zorgen."[1] Kerk, skool en ouers het pragtig saamgewerk en in 1867 het ds. N.J. van Warmelo van hierdie kerk in 'n brief aan die Uitvoerende Raad gemeld dat die kerkraad alles moontlik gedoen het vir Kerk en skool, „die twee groote krachten van een volk, dat prys stelt op den naam van een Christelyk en beschaafd volk te worden genoemd."[2]

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk het op sy heel eerste Algemene Kerkvergadering in Des. 1866 besluit om die Christelike onderwys van die kinders te behartig. Om die skoolwese te bevorder, is aan die Kerklike Kommissie opgedra om te ageer as 'n Kommissie van Onderwys en Evangelisasie. Dit sou die taak van die Kommissie wees om die dokumente van aspirantonderwysers te ondersoek, hulle aan te beveel en ook as katkiseermeesters en godsdienstige onderwysers te eksamineer en in werkkringe te plaas.[3]

Dat die Ned. Geref. Kerk ook gebruik gemaak het van privaatskole blyk uit die getuienis van die Potchefstroomse gemeente, nl. „Geen kinderen van leden onzer gemeente wonen de gouvernements school te Potchefstroom by."[4] Daar is by verskeie geleenthede besorgdheid uitgespreek oor die ontoereikende onderwys en die gedagte is sterk beklemtoon dat kerklike toesig oor die onderwys dringend noodsaaklik is.[5]

Nadat die Staat dus vir hom alle beheer oor die onderwys toegeëin het, het die drie Kerke, elk op sy eie manier, probeer om private inisiatief aan te moedig in sy eie gemeentes. Sodoende wou hulle weer soos vroeër 'n streng wakende oog oor die Christelike strekking van die onderwys hou.[6]

## III. Burgers en die gereformeerde beginsel in die onderwys 1872-1877.

### 5. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

#### (a) Oprigting, Instandhouding en beheer.

##### (i) Inleiding.

Beskawing......./-127-

1) Ned. Herv. Kerk: Notulen der Algemene Kerkvergadering, 9.10.63.
2) Afskrif in Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Pietersburg 1852-1952, 60.
3) Spoelstra: Het Kerkelyk en Godsdienstig Leven der Boeren na den Grooten Trek, 329.
4) Ned. Geref. Kerk: Handelinge der Algemeene Kerkvergadering 1867 (bundel 1866-1885), 40, 47, 50 ens.
5) Ibid (1868 - Notule), 43, 55, 62, 81.
6) J.H. Bekker: Godsdiens in die Onderwys van Blankes in Transvaal tot 1953, 78.

Beskawing en voorligting was die doel en inhoud van Burgers se onderwysbeskouing en dit kon alleen bereik word deur verstandelike ontwikkeling. Hierdie lewensbeskouing van sy leermeester, prof. Opzoomer, het hy dan ook gehuldig in 'n gemeenskap wat nog nie ryp was vir die verligte idees nie. Skole moes gebou word sodat misdaad kan verminder, want die oorsaak van die kwaad lê in die onkunde.[1] Die enigste teëwig teen geestelike agteruitgang was ons intelektuele ontwikkeling en nie, soos die ouers in die Suid-Afrikaanse Republiek geglo het, geestelike ontwikkelling geput uit die Bybel en by „Moeders knie geleer nie."

Die onderwys was ten tye van die President se ampsaanvaarding in 'n slegte toestand. Hy het reeds in antwoord op die rekwisisies om hom verkiesbaar te stel gewys op die noodsaaklikheid om ernstige aandag aan die onderwys te skenk.

(ii) Onderwyswet van Burgers.

Die Onderwyswet van Burgers het die gereformeerde beginsel wat oprigting, instandhouding en beheer betref, gehandhaaf in dié opsig dat die beginsel hier vasgelê is dat die ouers in die beheer van die onderwys en in die benoeming van onderwysers 'n aandeel moes hê. Die skole het nou geword staatsondersteunde inrigtings, want toelae is volgens skoolinskrywings bepaal.

In sy toespraak in die Volksraad in sy eerste sessie van 1874 maak die President in die volgende woorde melding van sy voorgenome onderwyswetgewing: „Bovenaan staat de zaak van het onderwijs. Al onze behoeften tezamen genomen wegen niet op tegen die van onderwijs voor onze jeugd; en niemand die zijn tijd verstaat zal ontkennen, dat elke jonge staat en vooral deze Republiek geen grooter gevaar te duchten heeft dan onkunde en in niets zoveel kracht en steun zal vinden als in een degelijk systeem van onderwijs, dat de middelen van kennis en beschaving binnen het bereik brengt van elke huisgezin. Dat onze tegenwoordige wet daartoe volstrekt ontoereikend is, heeft de ervaring geleerd. Ik zal derhalve het genoegen hebben U eene wet op het onderwijs voor te leggen, die, ik vertrouw, wel berekend is voor het gewenschte doel."[2]

Die Burgerswet bestaan uit 'n „Inleiding" en 141

artikels,......./-128-

1) S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 132.
2) Staats Courant, 30 Sept. 1874.

artikels, verdeel onder 7 hoofde. Die onderwys sou beheer word deur die volgende: Aan die hoof staan 'n Superintendent, wat verantwoordelik sal wees aan die Volksraad en Uitvoerende Raad, aan wie hy rapporte moes voorlê oor die onderwys. Hy moes skole minstens een keer per jaar besoek en besluit oor geskille tussen onderwysers en skoolkommissies.

Daar sal skoolkommissies wees, gekies deur die burgers van 'n wyk of dorp. Die veldkornet of landdros sal die ex officio-voorsitter wees vir die wyk - en distrikskole respektiewelik. Deur die skoolkommissies word: a. onderwysers aangestel of afgedank, met die goedkeuring van die Superintendent ('n diploma van bevoegdheid word vereis); b. skole opgerig; c. eksamens bepaal en pryse uitgereik asook belangstelling gewek in die algemene aktiwiteit van die skool; d. gesorg vir meubels in die skool; e. gelde ingesamel, die toekenning van die regering ontvang en die onderwysers betaal en f. elke maand rapport aan die Superintendent gestuur. Die skole word verdeel in drie klasse: wykskole (een in elke veldkornetskap) distrikskole (een in elke hoofplek van 'n dikstrik); gimnasia, eers in Pretoria, dan een in Potchefstroom en later in ander stede en dorpe.[1)]

Deur die Burgerswet is die magte van die skoolkommissies heelwat uitgebrei en was hulle die spil waarom die hele onderwysstelsel gedraai het. Die skoolkommissiestelsel was 'n voortsetting van die Kaap-Hollandse tradisie waar die ouerseggenskap 'n vername rol in die onderwys gespeel het.[2)]

Die Staatspresident het 'n besondere voorsiening aan sy onderwyswet toegevoeg, nl. dat die ouers soveel moontlik vry moes wees behoudens die toesig van die regering[3)] en sodoende is die geleentheid geskep vir die stigting van vrye skole, gestig en onderhou deur die ouers, 'n vereniging of 'n kerkgenootskap. Die wet het dus ruimte oopgelaat vir die ontplooiing en die inisiatief van die ouers.[4)]

Die wet......../-129-

1) E.G. Malherbe: Education in South Africa (1652-1922) 242 - 245.

2) P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland 1652-1939, 88-89.

3) Wet No. 8 van 1874. Inleiding.

4) J. Ploeger: Inleiding tot die studie van die grondslae van C.N.O. in Suid-Afrika, 66.

Die wet kon egter nie dadelik in werking tree nie, as gevolg van die hangende benoeming van 'n superintendent, die gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers en die voorsiening van die nodige staatsgelde vir die onderwys.

Eers in 1876 is dit in werking gestel, en op 16 Feb. 1876 het die eerste superintendent sy amp aanvaar. Opdrag is gegee om skoolkommissies saam te stel, en die eerste distrikskool kon eers op 1 Mei 1876 deur die Superintendent geopen word. Gedurende die jaar is slegs 18 plaaslike skoolkommissies saamgestel, maar dit was nie juis 'n sukses nie, omdat dit moeilik gegaan het om die regte persone daarin te betrek.[1)]

(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

Die President met sy liberale denkbeelde was reeds voor sy ampsaanvaarding die skyf van die meeste ortodokse burgers in die Suid-Afrikaanse Republiek. Reeds as predikant van Hanover is hy deur sy mede-predikante aangeval en beveg vanweë sy liberale opvattings. Baie het hy geïmponeer deur sy welsprekendheid, maar daarin het hulle ook gesien die wêreldse eiewaarde-gevoel wat hy saamgebring het van die buiteland waar die liberalistiese lewens - en wêreldbeskouing hoogty gevier het. Sy lewendige belangstelling in die onderwys was gekonsentreer op „Verligting en vooruitgang" wat die slagspreuk van die liberalis was.[2)]

Die onderwyswet van 1874.

Die Onderwyswet is deur die Volksraad aangeneem in weerwil van die volk se teenkanting teen die President se vrysinnige idees. In die inleiding van dié wet word bepaal[3)] „dat de inrigting van het openbaar onderwijs, met aanbieding van ieders godsdienstige begrippen door de wet worde geregeld, gelyk dezelve van Staatswege geldelijk ondersteuning vindt", Art. 26 van die konsep lui soos volg: „Geen Godsdienst onderwijs wordt gedurende de schooluren gegeven; echter zullen de schoollocalen buiten de schooluren met goedvinden der schoolcommissieën, daartoe beschikbaar zyn voor Godsdienstleeraars of onderwyzers."

Art. 41 ....../-130-

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 41.
2) S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 35.
3) Staats Courant, 4 Februarie 1874.

Art. 41 wat die kwalifikasies van die onderwysers vasstel vra nie lidmaatskap van 'n kerk nie, ook eis art. 74 dit nie vir die Superintendent nie. Art. 51 van die konsep: „De onderwyzers of -essen zullen zich onthouden van iets te doen of te laten dat strydig is met de eerbied verschuldigd aan de godsdienstige begrippen van andersdenkenden, van het geven van onderwys in de Godsdienst gedurende schooluren, niet mede inlaten, tenzy op uitdrukkelyk versoek van de ouders of voogden der kinderen."

Artikel 26 was duidelik teen die gees van die volk: geen godsdiensonderwys, of altans nie soos hulle dit by die huis geleer het toe daar geen toereikende skoolgeleentheid was nie. Hierdie artikel het die volk geïnterpreteer as 'n verbod om in die skool godsdiensonderrig te mag gee, en dit het bepaald veroorsaak dat die volk tot die gevolgtrekking geraak het dat Burgers se godsdienstige gevoelens nie gestrook het met die wat hulle gehuldig het nie. Die wysiging wat deur 'n kommissie aanbeveel word, werk egter dadelik kalmerend in op die gevoel van die volk, en die artikel is verander tot die oorspronklike plus „zullen verder in iedere school in den Bybel worden gelezen en in de bybelgeschiedenis onderwezen worden."[1] Die betekenis is dus nou aan die artikel geheg dat dogmatiese onderwys geregverdig was. Hierdie byvoeging bewys dat die meerderheid van die lede van die Volksraad nie kon saamstem met die President nie, en dat die Transvaalse samelewing die neutraliteitsgedagte van president Burgers nie kon aanvaar nie, omdat dit gebots het met die bestaande tradisie.[2]

Ook artikel 41 wat net die kwalifikasies van die onderwysers vasstel, vra nie lidmaatskap van 'n kerk nie, en artikel 74 eis dit ook nie vir die Superintendent nie - dus 'n absolute neutrale houding van onderwysers; soos die President was, so ook sy werknemers. Ook hier is egter die byvoeging gemaak „lidmaat van 'n Protestantse Kerk".

'n Groot deel van die bevolking - waaronder Paul Kruger - het onder die indruk gekom dat die onderwyswet die Christendom bestry het,[3] en in 1876 was die verset teen die wet so groot[4] dat die Volksraad besluit het

om........../-131-

1) A.H. Lugtenburg: <u>Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek</u>, 97.
2) J. Ploeger: <u>Inleiding tot die studie van die grondslae van C.N.O. in Suid-Afrika</u>.
3) S.P. Engelbrecht: <u>Thomas Francois Burgers</u>, 124.
4) Idem.

om art. 21 van die grondwet soos volg te wysig: „Het volk begeerig zijnde met eerbiediging van iedere Godsdienstige overtuiging, de meest mogelijke vrijheid van godsdienst aan de burgers te verzekeren bepaalt: dat voor altoos de meest onbelemmerde vrijheid aan ieder burger of inwoner van de Republiek zal verleend worden voor de uitoefening van zijnen godsdienst; en dat het aan allen vrij staat om dien naar eigen overtuiging uit te oefen, en daartoe kerken en scholen te stichten zoolang dezelve bestaanbaar zijn met de zedelijkheid, de goede orde en de veiligheid van den Staat."[1)]

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

Die Burgerswet was te on-Afrikaans deurdat dit té Hollands en te Engels was.[2)] Art. 36 van die wet lui: „Het onderwijs wordt gegeeven in die Hollandsche taal, doch staat het den onderwijzer vrij zich bij afwisseling ook van het Engelsch te bedienen. Waar twee onderwijzers zijn, een voor het Hollandsch en een voor het Engelsch, gebruikt ieder de taal waarin hij onderwijs geeft."[3)] Die kommissie wat benoem is om die wetsontwerp te oorweeg, het 'n wysiging van die oorspronklike art. 36 voorgestel en die volgende sin is dus voor genoemde artikel geplaas: „Iederen ouder of voogd staat vrij, naar verkiezing sijne kinderen in de Nederduitsche of Engelsche taal te doen onderwijzen."[4)]

Asgevolg van hierdie artikel het die onderwys deur die medium van Hollands gaandeweg afgeneem terwyl die Engelse klasse en Engelsmediumskole in grootte en invloed toegeneem het. In 1873 het die Hollandse onderwyser in Potchefstroom onderwys gegee aan dertien kinders, terwyl die Engelse onderwyser sewe en veertig gehad het.[5)]

Die „verligte" amptenare vanuit Holland, wat Burgers se opvatting toegedaan was: W.J. van Gorkom, Superintendent, dr. E.H.P. Jorissen, hoof van die Gimnasium, en Rooda Smit, was beslis nie 'n aanbeveling vir die onderwys nie; trouens deur hulle toedoen is daar meer agterdog gesaai. Die haat teen die Hollanders was ook een van die

redes......../-132-

---

1) V.R.B., art. 17 van 11 - 12 September 1876.
2) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 42.
3) V.V.O.O.Z. Gedenkboek, 56.
4) E.V.R. Notule 1/ 12, 8.
5) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 107.

redes wat die mense na die Engelse skole en meesters gedryf het.[1]

6. <u>Reaksie van die ouers</u>.

Die Burgerswet het groot teenkanting van 'n groot deel van die ouers uitgelok. Die kritiek was grootliks gerig teen die moderne gees wat Burgers aangekweek het.[2] Hy het vreemd gestaan teenoor die gees en rigting van die Voortrekkervolk.[3] Die gevolg was dat daar verskeie memories voor die Raad gelê is versoekende „de bepalingen aangaande godsdienstig onderwys op de scholen in de schoolwet in dien voegen te veranderen, dat: op elke door de staat ondersteunde school gedurende de schooluren in den Bybel gelezen en onderwijs in de bybelsche geschiedenis gegegen zal worden, en dat verder geheel en al in de handen der schoolcommissie (als verteenwoordigers der ouders die kinderen ter school zenden), zal laten worden of er op de onderscheidene scholen godsdienstig onderwijs zal gegeven worden of niet!"[4]

Volgens artikel 21 van die grondwet was die burgers egter vry om hulle eie skole te stig as hulle nie met bestaande skole tevrede was nie. Hiervan het baie ouers dan ook gebruik gemaak.

Die Sinode van <u>Die Gereformeerde Kerk</u> van 1873 het die rapport van die kommissie wat in 1869 i.v.m. die onderwys saamgestel is, aanvaar en hierop word 'n „Hoofd-Commissie in zake het onderwys" in die lewe geroep. Hierdie kommissie het 'n plan uitgewerk wat deur die Sinode aanvaar is en sedertdien as „Het Plan" bekend gestaan het. Hierdie plan het jare lank die gereformeerde onderwysaksie reglementeer.[5] Volgens hierdie plan word aanbeveel dat die aandag toegespits moet word op die oprigting van buurtskole in die buitedistrikte.[6]

in 1876......../-133-

---

1) A.H. Lugtenburg: <u>Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek</u>, 103.
2) Ibid, 107.
3) E. Greyling: <u>Godsdiensonderwys in die skool</u>, 75.
4) Aangehaal uit A.H. Lugtenburg: <u>Geskiedenis van onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek</u>, 107-108.
5) J.Chr. Coetzee: <u>Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal</u> 1859-1937, 17.
6) <u>Handelinge van die 5de Algemene Sinodale Verg. van die Geref. Kerk in Suid-Afrika</u>, 10 April 1873.

In 1876 is besluit om „Kerkscholen" op die dorpe op te rig.[1] Alhoewel dit veel opoffering en geldelike uitgawes sou meebring, is die hoop deur die Algemene Vergadering uitgespreek dat die lidmate gebruik sou maak van hierdie skole want „...zy vindt voor zich geen vrymoedigheid om de leden onzer kerk aan maar veeleer af te raden van die scholen (die staatskole) gebruik te maken."[2]

Volgens die artikels van hierdie reglement wou die Gereformeerde Kerk sy eie skole hê waarin gereformeerde onderwys aan die kinders verskaf word. Die inisiatief moes van die kerkrade uitgaan daarin dat die wyksouderling onder 'n kommissie van die kerkraad die leiding in sy wyk moes neem deur die ouers op te wek om skole op te rig, te onderhou en te beheer, maar onder toesig van die kerkraad.[3]

Die Gereformeerde Kerk het dus in 1873 gekom tot 'n eie onderwyskema, nl. eie kerkskole waarin hulle onderwys aan hulle kinders kon verskaf. Hulle het dus uitgegaan van die standpunt dat die ouers verantwoordelik is vir die onderwys aan hulle kinders, onder toesig van die Kerk. „En hiermee is nie in die minste teenstrydig gehandel met die besluit van Dordt nie en wel omdat Dordt die aandeel van die ouers stilswyend aanvaar, maar net soos hier die geval was, die onderwys onder die toesig van die kerk plaas. Omdat landsomstandighede dit egter genoop het,het die kerk dan self vir die onderwys gesorg."[4]

<u>Die Ned. Herv. Kerk</u> het hom ook gedurende hierdie jare sterk vir die onderwys beywer. Die ou kerk op Rustenburg waar ds. Smits predikant was, is meermale as skool gebruik en in 1873 het die kerkraad een vleuel van die nuwe kerk vir hierdie doel afgestaan.[5] Ook het ds. L. Biccard hom besonder veel vir die belange van die onderwys beywer en het hy tydens sy ampsbediening vanaf 1875 waar daar geen skole was nie, self skoolgehou.[6] Ds. Van Warmeloo, vir wie Burgers die betrekking van Superintendent van Onderwys

aangebied......./-134-

---

1) <u>Handelinge van die 6de Algemene Sinodale Verg. van die Geref. Kerk in Suid-Afrika</u>, 10 April 1876, art 248.
2) <u>Handelinge van die 5de Algemene Sinodale Verg. van die Geref. Kerk in Suid-Afrika</u>, 10 April 1876, art. 132, bylae 6.
3) Handelinge 6de Sin. Alg. Verg. 1876, 4.
4) Aangehaal uit P.W. Bingle: <u>Die Geref. Kerk en die Onde[illegible] in Suid-Afrika</u> 1859-1959, 41.
5) S.P. Engelbrecht: <u>Die Ned. Herv. Gemeente Rustenburg</u>,85-86.
6) <u>De Hervormer</u>,8.8.1928, 59.

aangebied het, was nog 'n predikant wat veel vir die onderwys gedoen het.[1]

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk het in Okt. 1875 tydens die Algemene Vergadering aan die Kerklike Kommissie opdrag gegee om ernstige aandag aan die onderwys te gee en planne te beraam dat, waar skole in die gemeente bestaan het of gestig sou word, hulle onder bestuur van die Algemene Kerkvergadering en kerkrade geplaas word. Die Kerk het hom dus ook op die beginsel van kerkskole gestel. Die Kerk wou egter ook sy invloed in die openbare onderwys laat geld en wou die Volksraad versoek om toe te sien dat geen persone wat van die grondbeginsels van die Bybel afgewyk het, in goewermentskole aangestel word nie. Die Engelse het egter aan bewind gekom voordat hierdie opdrag uitgevoer is.[2]

In 1877 het hierdie Kerk sy ernstige besorgdheid oor die onderwys van die jeug uitgespreek en is 'n beskrywingspunt ingedien om in samewerking met die ander twee Kerke „een stelsel van zuiver Christelyk en Protestantsch onderwys tot stand (te) brengen, en alzoo voorzien in de groote behoefte van dit land."[3] Hierdie Kerk het dus ook nie kans gesien om met die Staat saam te werk nie.

## IV. Engelse bestuur en die gereformeerde beginsel 1877 - 1881.

### 7. Inleiding.

Op 12 April 1877 is Transvaal deur Shepstone geannekseer.[4] Van Gorkom is in 1878 vervang deur die nuwe Superintendent van Onderwys, dr. J. Vacy Lyle.[5] Laasgenoemde het 'n belangrike verslag oor die onderwystoestande opgestel,[6] die eerste gepubliseerde verslag van die Onderwysdepartement in Transvaal.

### 8. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

#### (a) Oprigting, instandhouding en beheer.

##### (i) Die Verslag van Vacy Lyle.



1) Ned. Herv. Kerk: Almanak 1907, 51
2) Ned. Geref. Kerk: Notule van Algemene Vergadering, Okt 1875, 23.
3) Ned. Geref. Kerk : Notule van Algemene Vergadering, 4 Jun. 1877, 10, 14, 15.
4) Leyds: Eerste Anneksasie, 265.
5) S.S. 1878. Band 315, 222.
6) Gouvernements Courant, 21 Jan. 1879.

Lyle stel in sy verslag voor om min of meer die volgende stelsel in te voer:

a. Die normale inrigting sal die ondersteunde skole wees wat „grants - in aid" van die regering ontvang. Alle private inrigtings, wat aan sekere vereistes voldoen, sou ondersteuning van die Staat geniet.

b. Staatskole sou alleen in die distrikte opgerig word waar die nood die dringendste is.

c. Die plaaslike kommissies sal bly bestaan en toesig hou oor die skool.

d. Die Kerk sou toesig hê oor die skool deurdat die predikant die Superintendent sou bystaan met inspeksie.[1]

(ii) Voorlopige regulasies van 1879.

Hierdie beginsel van staatsondersteunde skole is goedgekeur deur die regering wat 'n aantal regulasies vir die uitbetaal van subsidies aan skole goedgekeur het.[2] Hierdie regulasies was bedoel om reeds dadelik die nuwe idee van ondersteunde skole van toepassing te maak op alle privaatinrigtings wat aan die vereistes voldoen het. Die bydrae het 5/- per leerling per maand bedra vir laer onderwys, terwyl 'n spesiale toelae gegee is vir kinders wat st. 3 en 4 slaag.

Staatsondersteuning aan rondtrekkende onderwysers sou volgens dieselfde skaal as die onderwysers in die gevestigde skole geskied, nadat hulle die Superintendent van Onderwys oortuig het dat hulle bekwaam is om onderwys te gee, dat hulle op die voorgeskrewe wyse aanbeveel is. Verder moes hulle hul skole aan inspeksie onderwerp, en hul verslae van skoliere maandeliks aan die Superintendent van Onderwys stuur.

In dié regulasies is egter een belangrike afwyking van die voorstelle van Lyle, nl. dat die skool nie noodwendig onder die jurisdiksie van die skoolkommissie, wat onder die bestaande wet saamgestel is, val nie. Die beheer kon nou min of meer heeltemal in die hande van die ouers wees. Die toelae word uitbetaal aan die besture wat in die geval van privaatskole gewoonlik deur die ouers saamgestel is, terwyl daar ook opening gelaat word vir die skole wat deur 'n onderwyser of partikulier self opgerig word.

Wat........../-136-

1) Gouvernements Courant, 7 Jan. 1879, artt. 71, 72.
2) E.G. Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 252.

Wat oprigting, instandhouding en beheer van die skole betref, het Lyle dus die gereformeerde beginsel gehandhaaf in dié opsig dat daar vir die ouer, Staat en Kerk plek ingeruim is. Die skool moes opgerig en instandgehou word deur ouers en Staat terwyl beheer uitgeoefen word deur die Staat d.m.v. sy inspekteurs en deur die ouers en Kerk d.m.v. skoolkommissies.

(iii) Verslag van ds. H.S. Bosman.

Dr. Vacy Lyle is in 1879 oorlede en is opgevolg deur ds. H.S. Bosman.[1] Aan die begin van 1880 het hy reeds sy eerste rapport uitgebring.[2] Hy wil nie ingrypende veranderings voorstel nie, maar is van mening dat die twee bestaande stelsels, nl. staats - en ondersteunde skole, nog vir 'n rukkie aangehou moet word.

In sy verslag verklaar ds. Bosman dat die ondersteunde skole veral deur die verskillende kerkverbande opgerig en onderhou is. Die staatskole se vooruitgang het grotendeels afgehang van die verkryging van bevoegde onderwysers van goeie sedelike karakter.

Bosman was nie ten gunste daarvan om ouers 'n seggenskap in die opvoeding van hulle kinders te gee nie. Plaaslike predikante moes die werk van skoolkommissie verrig ten opsigte van aanbevelings.[3]

Lugtenburg skryf van hierdie verslag van Bosman soos volg: „Opvallend in Bosman se rapport is die houding wat aangeneem word teenoor die kommissies, veral teen die van die wykskole. Dis in lynregte opposisie teen die stelsel deur Burgers ingevoer en deur Lyle verdedig, om die ouers 'n sê te gee in die opvoeding van hulle kinders. Dis wonderlik om dit te hoor uit die mond van 'n dominee, want die kerk is steeds teen dinge van die soort, aangesien hulle as grondstelling aanneem dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders. In hierdie geval sou dit volgens die opvatting nog erger wees as staatsonderwys. Aan die anderkant staan natuurlik die feit dat Ds. Bosman die volle verantwoordelikheid voor oë gehad het en daarvan

oortuig......./-137-

1) Transvaalse Gouvernements Courant nr. 124, 10 Jun. 1879: Gouvernementskennisgewing nr. 73/1879.

2) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 125.

3) Transvaalse Gouvernements Courant, 20 April 1880 - Rapport van die Superintendent van Onderwys.

oortuig was dat baie van die destydse kommissies die skool, deur hulle eindelose twiste, meer nadeel dan voordeel gebring het. Tog bly dit 'n sterk kontras met die simpatieke houding - teoreties miskien - van Lyle."[1]

(iv) Die Onderwyswet van 1880.[2]

Hierdie Onderwyswet het gedeeltelik die skema gevolg deur Lyle voorgestel, en het maar min gebruik gemaak van die aanbevelings van Bosman.

Die doel was om soveel moontlik later alles aan private inisiatief oor te laat. Die ouers was volgens hierdie wet direk of indirek verantwoordelik vir die onderwys. Die Staat sou egter 'n sekere toelaes betaal vir salarisse, terwyl ook hulp gegee sou word by die oprig van skoolgeboue. Die Staat sou beheer uitoefen deur die ondersoek na die bekwaamheid en sedelikheid van die onderwyser, maar verder sou sy aanstelling geheel buite die regering plaasvind.

Een punt, wat direk teen sowel die voorstelle van Lyle as van Bosman ingaan, is die uitsluiting van rondgaande onderwysers uit die stelsel. Volgens die Wet word hulle feitlik verhinder om aansoek te doen vir ondersteuning omdat geen ondersteuning toegeken word voordat 'n skool drie maande bestaan het nie, en hierdie onderwysers dan alweer in baie gevalle verder getrek het.

Hierdie onderwyswet van 1880 het dan net soos die vorige een die gereformeerde beginsel in die onderwys gehandhaaf wat oprigting, instandhouding en beheer betref. Die nuwe onderwysregulasies het egter geen kans gehad om getoets te word nie, want op 13 Desember 1880 is die Republiek opnuut uitgeroep op Paardekraal. Na die slag van Majuba op 22 Maart 1881 is vrede gesluit en op 8 Augustus 1881 het Transvaal weer 'n vrye Boererepubliek geword.[3]

(b) Die......./-138-

---

1) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 125.

2) Ibid, 127-129.

3) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 269.

(b) Die Onderwys moet Christelik wees.

(i) Die verslag van Vacy Lyle.

Lyle maak in sy verslag melding daarvan dat die ouers mense was met 'n standvastige geloof in die Bybel en aan hulle eie vorm van Protestantisme. Hulle het so sterk oor die saak van godsdiens en onderwys gevoel, dat hulle in die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek spesiaal vir albei gesamentlik voorsiening maak.[1]

Hy skryf die mislukking van die Burgerswet veral toe aan die uitsluiting van alle godsdiensonderrig tydens skoolure. Godsdiensonderwys is 'n noodsaaklike deel van die onderwys met die oog op die belydeniskatkisasie en dit is die plig van die skool om daarmee te help, aangesien die predikante te min is en die ouers nie altyd daartoe in staat nie.[2]

Lyle maak bekend dat hy self 'n onderwysstelsel sou ontwerp wat na die godsdienstige wense van die bevolking ingerig sal word. Die Bybel sou in die skool gelees word, die Bybelgeskiedenis onderrig en 'n beperkte hoeveelheid godsdiensonderwys gegee word.[3]

Dit was die volk se begeerte dat op al hierdie dinge aangedring sou word, en daarvoor sou die nuwe stelsel sorg, natuurlik onderhewig aan sekere veiligheidsmaatreëls wat almal se godsdienstige oortuigings sou beskerm. Lyle meen in art. 68:[4] „For this purpose the wording of the Conscience Clauses of the English Law[5] will afford a guide, framed as they are, to secure to all who desire it religious instruction for their children, and secular Education only for those who desire secular Education only".

Hy stel dus voor dat daar vyf uur per dag aan skoolwerk gegee moet word, waarvan een uur afgesonder moet word vir die gee van godsdiensonderwys, insluitende die behandeling van die Heilige Skrif. Daar sou selfs ook 'n geringe mate van leerstellige onderwys toelaatbaar wees, maar dit

moes......../-139-

---

1) Staats Courant, 7 Jan. 1879, artt 2 en 3.
2) Ibid, artt. 42, 43.
3) Staats Courant, 7 Jan. 1879.
4) Rapport van Lyle in Staats Courant no. 95, 7 Jan. 1879.
5) Hy bedoel hier waarskynlik die Engelse Onderwyswet van 1870.

moes alle strydpunte vermy.

Volgens die gewetensklousule sou geen leerling egter verplig wees om aan enige godsdienstige verrigtinge deel te neem of onderrig in godsdiens by te woon nie.[1]

Lyle het dus uiters simpatiek en taktvol opgetree en het die kernvereiste vir 'n suksesvolle skoolreëling ingesien, nl. 'n stelsel waarin die mense se godsdienssin geken sou word.[2] Hy het samewerking gesoek tussen Staat, Kerk en ouer by die bepaling van die gees en rigting van die skool.

(ii) Verslag van Bosman.

Die verslag van Bosman het niks nuuts i.v.m. die Christelike onderwys gelewer nie. Hy het verklaar dat die Afrikanervolk aan die gebruik vasgekleef het om meesters vir 'n paar maande te huur om daardie beginsels in die onderwys tuis te bring wat, tesame met godsdienstige onderwys, voldoende was om hul kinders in staat te stel om as lidmate van die Kerk aangeneem te word.[3]

Ook het die Onderwyswet van 1880 nie gegaan oor die Christelike onderwys nie, maar oor ondersteuning uit die staatskas. In die regulasies wat 'n paar maande later uitgevaardig is, is die sedelike karakter van die onderwyser egter as noodsaaklik vir die sukses van die onderwys beskou en was dit 'n voorwaarde vir staatsondersteuning.[4]

(c) Die onderwys moet nasionaal wees.

(i) Die Verslag van Vacy Lyle.

Dr. Vacy Lyle was 'n persoon met veel gesonde opvattings oor onderwysaangeleenthede. Die gesonde opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys het by hom meer gewig gedra as die belange van die Britse Ryk, meer as die verengelsing van die Afrikaanse kind. Wat Lyle veral getref het, was die algemene sterk begeerte onder die bevolking om hulle onderwys deur medium van Engels te ontvang. In sy rapport oor die onderwystoestande in Transvaal sê hy: „.... het argument daarvan tengunste't

welk......../-140-

1) Staats Courant, 7 Jan. 1879.
2) J.H. Bekker: Godsdiens in die onderwys van blankes in Transvaal tot 1853, 98.
3) De Volkstem, 24 April 1880.
4) Transvaalse Gouvernements Courant, 31 Aug. 1880.

welk ik over en weder hoorde gebruik is, „Onze kinderen leeren te huis Hollands wij wenschen ze op school het Engelsh te doen leeren."[1)]

Lyle kom dan tot die volgende slotsom: „Bearing in mind the wording of the Proclamation of 12 April, 1877, annexing this country to the British Empire, I cannot conceive that it would be just to make it a rule absolute that English shall be the vehicle of instruction, and it would not fully satisfy the people under existing circumstances to make Dutch the vehicle, and yet to teach the rudiments of knowledge in two languages at the same time seems to me overtaxing young and undeveloped brains."[2)] Hy stel dus voor die stigting van aparte skole waar Engels of Hollands die voertaal sou wees. Die medium wat op die betrokke skool gebruik sou word „should not be decided by the Government or by any authority at a distance, it should be, it must be, decided by those immediatly interested, whose children are to be educated at the school they are founding."[3)]

(ii) Die Onderwyswet van 1880.

Ds. Bosman het in hoofsaak die beleid van Lyle nagevolg. Die nuwe Superintendent het egter die toekenning aan skole wat staatshulp ontvang het, volgens die Natalse stelsel van „payments by results" verander, wat natuurlik 'n Britse skepping is. Hy het die stelsel met die volgende woorde aanbeveel: „The Payments - by - Results system if adopted, will be a great blessing to the community - encouraging good teachers, stimulating indifferent ones, and allowing bad ones to drop off."[4)]

Hierdie aanbeveling was feitlik 'n letterlike navolging van die Natalse onderwysverslag van 1874.[5)]

9. Reaksie van die ouers.

Tydens hierdie periode het die onderwys sterk onder Britse invloed geraak. Baie predikante het hulle sterk

beywer......../-141-

1) Gouvernement Courant van 21 Januarie 1879. Verslag over den toestand van het Onderwijs in de Transvaal, deur J.V. Lyle.
2) Rapport en aanbevelings oor die Onderwys deur J.Vacy Lyle; Government Gazette, no. 95 van 7 Januarie 1879.
3) Transvaal Government Gazette, No. 95 van 7 Jan. 1879.
4) Report of the Superintendent of Education 1880.
5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk.,1956 II, 81.

beywer vir Engelsmedium-onderwys en het hulle invloed by die goedgesinde owerheid gebruik om Engelse onderwys uit te brei. Hier het ds. Bosman die voortou geneem.[1]

Dr. A.H. Lugtenburg beweer tereg: „Die goewermentskole, byna sonder uitsondering onder leiding van 'n Hollander, het nog steeds die volle haat van die Burgersstelsel moet dra, en daarom was die algemene neiging om hulle, waar moontlik, nie te gebruik nie, en die voorkeur te gee aan Engelse skole. 'n Enkele skool het probeer omslaan in Engels. Hierdie deurslaan na die kant van Engels was algemeen, en waar dit nie in die goewermentskool self was nie, is daar gou 'n private skool opgerig, waar dit uitsluitend die medium was. Hierdie skole was groot ondersteun."[2]

Dit was egter nie al die ouers wat so gereageer het nie. Vervolgens wil ons let op die optrede van die Afrikaanse Kerke ten opsigte van die onderwys.

10. <u>Die standpunt van die Kerk</u>.

(a) <u>Die Gereformeerde Kerk</u>.

Dr. C.J. Uys beweer dat die Transvaalse bevolking in hierdie tydperk uit twee groepe bestaan het. Die eerste groep was die Doppers wat konserwatief, godsdienstig, nasionaalbewus en anti-Brits was. Hulle wou 'n eie politieke, maatskaplike en ekonomiese lewe opbou. Die tweede groep was hul teenstanders wat liberaal, progressief en Britsgesind was. Dr. Uys sê van hulle: „They favoured the line of least resistance, namely that of being assimilated by the British and of forming an Anglo-African Dominion wholly dependent on Britain."[3]

Die Gereformeerde Kerk het nog steeds die buurtskole ondersteun omdat hul net so min die onderwys van hulle kinders aan die Engelse wou toevertrou as wat hulle dit aan die liberalisties-gesinde Burgers wou doen. Daar was egter nog 'n ernstige tekort aan onderwysers sodat die Algemene Vergadering van Oktober 1880 soos volg besluit het:

„Daar........./-142-

---

1) <u>Argief-jaarboek vir S.A. Gesk.</u>, 1956, II, 81.

2) A.H. Lugtenburg: <u>Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek</u>, 118.

3) C.J. Uys: <u>In the Era of Shepstone 1842-1877</u>, 283.

„Daar het uit de verslagen der gemeenten blijkt dat het onderwijs overal nog veel te wenschen overlaat en dat vooral door gebrek aan geschikte onderwyzers, die leden onzer kerk zijn, gaat deze Vergadering er toe over om uit haar midden eene Commissie te benoemen, die staande de Vergadering een plan berame, ten einde in genoemd gebrek zoo spoedig mogelijk eene voorziening te maken."[1] Die Kommissie rapporteer „dat zij geen ander plan weet dan aan te bevelen om Art. 15 der Syn. Bepalingen beter te behartigen". Genoemde artikel handel oor „die onderwys aan die jeug" en bevat drie belangrike punte: die aanbeveling vir die oprigting van buurtskole onder bestuur van die kerkraad, die „plan" reeds in 1873 aanbeveel deur die Hoofkommissie van Onderwys, die oordeel van die Sinode dat die ouers self die onderwys vir hulle kinders moet besorg en bekostig.[2]

Ds. J. de Ridder van Rustenburg het 'n „skema van onderwys" uitgewerk wat op die Algemene Vergadering van Oktober 1881 in sy geheel aangeneem is.[3] Die Reglement vir „De Vereeniging voor Gereformeerde Onderwijs" het vir etlike jare die gereformeerde poginge in verband met die onderwys bepaal. Die leerplan is min of meer soos in die ou Sinodale „plan" vervat: Hollands lees en skryf, reken, geskiedenis van Suid-Afrika, veral van Transvaal, hoofgebeurtenisse uit die algemene geskiedenis, soveel moontlik met aardrykskunde verbind, die sing van psalms, en elke oggend word begin met die lees en kort verklaring van die Woord van God. Ons sien dat Engels nou glad nie meer in die leerplan voorkom nie.[4] Die nasionale beginsel van liefde vir die eie op die grondslag en binne bestek van die Christelike beginsel het hom dus doeltreffend laat geld in die gehele inhoud van die onderwys.

(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Hierdie Kerk het sy predikante uit die Victoria-kollege en die Kweekskool op Stellenbosch getrek - 'n inrigting wat gedurende die tydperk taamlik sterk onder Britse invloed gestaan het.[5]

Vir........./-143-

1) De Maandbode, 1 Januarie 1881.
2) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 19.
3) De Maandbode, 1 April 1882.
4) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 20.
5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 82.

Vir hierdie predikante was Engels 'n onontbeerlike deel van hul opvoeding en baie van hulle het hulle sterk beywer vir meer Engelse onderwys en het selfs Engelsmedium skole opgerig. Die belangrikste persoon in hierdie opsig was ds. H.S. Bosman wat die Prospect Seminary opgerig het. In 1879 het die Ned. Herv. of Geref. Kerk hom op die Algemene Vergadering tot die geldelike ondersteuning van hierdie inrigting verbind.[1] Ds. Bosman het as onderwyspersoneel twee Engelse onderwyseresse direk uit Amerika ingevoer[2] en dit spreek dus vanself dat die onderwys aan hierdie inrigting volkome deur medium van Engels geskied het. Hierdie skool was baie gewild onder die bevolking.[3]

Op Potchefstroom het ds. J.P. Jooste hom sterk beywer om Engelse onderwys te bevorder en met minder sukses 'n soortgelyk skool as ds. Bosman gestig.[4] Later het nog heelwat meer predikante uit Kaapland hul invloed ten behoewe van die Engelse onderwys in Transvaal laat geld.[5]

Ten gevolge van die anneksasie en Vryheidsoorlog vind daar egter in hierdie jare 'n verrassende ommeswaai van Engels na Hollands plaas. Hierdie verandering kan duidelik gesien word in die geskiedenis van ds. Bosman se „Prospect Seminary". Die saak van hierdie skool is weer bespreek op die algemene vergadering van die Nederduits Hervormde Kerk wat op 23 Nov. 1881 plaasgevind het. Die Kerk het dit betreur dat die inrigting geheel en al op Britse lees geskoei was en stel 'n kommissie aan om die saak behoorlik in oorweging te neem. Die Kommissie beveel aan:

1. dat die Hollandse taal in die skool op die voorgrond gestel word;
2. dat die inrigting verander moet word in 'n seuns- en meisiekosskool;
3. dat die skool onder toesig van 'n kerklike skoolkommissie wat deur die algemene vergadering van die Kerk benoem is, sal staan;

4. dat......../-144-

1) A.D.W. Wolmarans: Kerkhistoriese Feiten II, 48-49.
2) V.V.O.O.Z.A.- Gedenkboek, 90.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 83.
4) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 119.
5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, II, 83.

4. dat die naam van die skool verander sal word na Ebenhaezer.[1]

Dit dan was die toestand toe die land weer 'n vrye Boere-republiek geword het. Tydens die anneksasieperiode het dit vir die Engelse taal alles voor die wind gegaan. Dit het alle sfere van die Transvaalse samelewing deurdring, en eers deur 'n Vryheidsoorlog is die trae nasionale sentiment so opgewerk dat die volk gaan opeis en hom gaan toeëien het wat sy eie was.[2] So eindig dan ook die stryd teen die onnasionale rigting in die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, en begin 'n nuwe tydperk waarin die gereformeerde beginsel in die onderwys 'n hoogtepunt bereik het.

## 11. Samevatting.

In die vroegste jare van die Trek het die onderwys net van die ouers uitgegaan. Die ouers het meestal self die kinders geleer. Die doel van die opvoeding wat in die moedertaal geskied het, was om die kinders te bring tot die selfstandige lees van die Bybel en daardeur tot die belydenis van die geloof.

Wat oprigting, instandhouding en beheer van die skole betref, het die Voortrekkers nie volgens gereformeerde beginsel gehandel nie omdat dit alles van die ouer uitgegaan het en Kerk en Staat nie hul regmatige plek gehad het nie. Wat die gees en rigting egter betref, is heeltemal volgens gereformeerde beginsel gehandel omdat dit die ouers was wat bepaal het dat die onderwys Christelik en nasionaal moet wees.

Die Vander Linde - reglement het 'n plek toegesê aan ouers, Staat en Kerk, alhoewel die aandeel van die Staat op hierdie stadium nog baie gering was. In die Vander Hoff - reglement het die Staat sy regmatige plek ingeneem i.v.m. die oprigting, instandhouding en beheer van die skole, maar ten koste van die ouers wat nou op die agtergrond geskuif is.

Onder......./-145-

---

1) Notule der Algemeene Kerkvergadering der Ned. Herv. Kerk, gehouden in Heidelberg 1881, 18-25.

2) M.A. Basson: Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese, 28.

Onder die „Algemene Kommissie vir Onderwys" is daar nog verder weggedwaal van die gereformeerde beginsel wat oprigting, instandhouding en beheer betref, omdat die Staat nou feitlik alleen daarvoor verantwoordelik was. Die Kerk is onthef van alle beheer oor die onderwys en die ouerreg om 'n keuse in die benoeming van die onderwysers te hê, is verontagsaam. Ook wat die gees en rigting betref, is nie volgens die gereformeerde beginsel gehandel nie, omdat die Staat en nie die ouer in medewerking met die Staat en onderwysers nie bepaal het dat die onderwys Christelik en nasionaal moet wees.

Baie ouers was ontevrede met die staatsonderwys en het privaatskole opgerig. Ook het die drie Afrikaanse Kerke, nadat die Staat vir hom alle beheer oor die onderwys toegeëin het, elk op sy eie manier probeer om privaat inisiatief aan te moedig in sy eie gemeentes. Sodoende wou hulle weer soos vroeër 'n wakende oog oor die Christelike strek- van die onderwys hou.

Die Onderwyswet van Burgers het die gereformeerde beginsel wat oprigting, instandhouding en beheer betref, gehandhaaf in die opsig dat die beginsel hier vasgelê is dat die ouers in die beheer van die onderwys en in die benoeming van onderwysers 'n aandeel moes hê. Die skole was nou staatsondersteunde inrigtings.

Burgers het vreemd gestaan teenoor die gees en rigting van die Afrikanervolk, en sy liberale wet, veral ten opsigte van die godsdiens, het groot teenkanting uitgelok. Daar moet egter onthou word dat die ouers tog nog in 'n groot mate die gees en rigting in die skole kon bepaal omdat hulle deur skoolkommissies die nodige Christelike en nasionale onderwysers kon benoem. Die Gereformeerde Kerk en die Ned. Geref. Kerk het hulle in die dae beywer vir eie kerkskole, omdat hulle nie met die staat op onderwysgebied kon saamwerk nie.

Na die anneksasie van Transvaal deur Engeland het dr. J. Vacy Lyle Superintendent van Onderwys geword. Lyle het die gereformeerde beginsel wat oprigting, instandhouding en beheer betref, gehandhaaf in dié opsig dat hy

vir ouer, Kerk en Staat plek ingeruim het. Die skool moes opgerig en instandgehou word deur die Staat terwyl beheer uitgeoefen word deur die Staat d.m.v. sy inspekteurs en deur ouers en Kerk d.m.v. skoolkommissies. Ook wat die gees en rigting betref, het Lyle samewerking gesoek tussen Staat, Kerk en ouers. Hy het ingesien dat die ouers Christelike onderwys wou hê en dat die ouers, en nie die Staat nie, moes besluit in watter medium hulle kinders onderrig moet word.

Alhoewel Lyle dus veel gesonde opvattings gehad het wat die onderwys betref, wou baie ouers nie die onderwys van hulle kinders aan die Engelse toevertrou nie en het hulle nog steeds gebruik gemaak van privaatskole. Dit was veral die geval by die Gereformeerde Kerk wat nog steeds die buurtskole ondersteun het.

## HOOFSTUK IV.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VASGELê IN DIE TYDPERK VAN S.J. DU TOIT 1881-1891.

1. Inleiding.

(a) Aanstelling van S.J. du Toit as Superintendent.

Een van die eerste take van die Driemanskap, wat bestaan het uit S.J.P. Kruger, P.J. Joubert en M.W. Pretorius, was om te soek na 'n geskikte superintendent van onderwys. Die onderwystoestande was nou baie swak en heeltemal uit voeling met die behoeftes van die volk.

Die Driemanskap het besef dat die volk van Transvaal Gereformeerd-Christelik is en dat die skool dus Gereformeerd-Christelik moet wees. Die Bybel het die ereplek in die huis ingeneem en moet dit dus ook in die skool inneem. Alte goed het hulle besef dat een van die vernaamste redes vir die ongewildheid van die Burgersonderwyswet juis die uitsluiting van die Bybel uit die skool was. 'n Volk wat groot geword het met die Bybel, kon nooit tevrede wees met 'n onderwyswet wat die vrysinnige oortuigings van Burgers weerspieël het nie. Nog minder kon hulle tevrede wees met die onderwystoestande soos dit was onder die Engelse van 1877 tot 1881.

Die lede van die Driemanskap het dus gesoek na 'n man met (i) dieselfde godsdienstige oortuigings en (ii) dieselfde nasionale oortuigings as die volk van Transvaal. So 'n man het hulle gevind in die persoon van ds. S.J. du Toit van die Paarl en op 1 Augustus 1881 ontvang hy 'n halfamptelike telegram van Ewald Esselen met die volgende inhoud: „Will you come to Transvaal as Superintendent of Education. This is indirectly official. Do come, if possible. Wire reply.[1] Nadat ds. du Toit die voor - en nadele goed oorweeg het, neem hy die aanbod aan op voorwaarde „i. dat hij sijn leraarsamb behou, ii. dat sijn grondbeginsele re onderwijs aangeneem word, iii. dat hom later 'n bekwame sekretaris gegee word."[2]

In............/- 148-

1) R. 3381/81 by 5296/86.

2) Die Afrikaanse Patriot, 4 November 1881.

In 'n skrywe aan die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek op 18 November 1881, meld hy dat hy die pos aanvaar en dat hy van dr. A. Kuyper verneem het dat gereformeerde onderwysers in Nederland bereid is om na die Republiek te kom.[1]

(b) Die invloed van dr. A. Kuyper.

Die gedagtes van ds. Du Toit in sy geskrifte[2] oor die onderwys en opvoeding, is gedagtes ontleen aan dr. Abraham Kuyper, die groot kampvegter vir die vrye skool in Nederland.[3] Hierdie gedagtes het ds. Du Toit sy geestelike eiendom gemaak en dit ook in sy onderwyswet laat geld.

Die beginsels van die „Anti-Rewolusionêre Party", die grondslae waarvan deur dr. Abraham Kuyper gelê, is uit Nederland oorgedra in die Suid-Afrikaanse Republiek deur ds. S.J. du Toit in sy Onderwyswet van 1882.[4] In 1878 het dr. Kuyper 'n vaste grondslag neergelê vir sy party in sy „Program der Beginselen" wat in verband met opvoeding en onderwys die volgende bepaal het:

„dat de staat (voor zoover ontstentenis van veerkracht bij burgerij hierto niet noodzaakt) het beginsel late varen, alsof de overheid geroepen zou sijn om van harentwege onderwijs te doen geven; voorkome dat de overheidsscholen, voor zoover noodig, tot propaganda van godsdienstige of tegen den godsdienst gekeerde begrippen misbruikt worden; en alzoo ook in zake onderwijs aan alle burgers, onverschillig welke hunne godsdienstige of paedagogische zij, gelijke rechten geven."[5]

Dr. Kuyper het van die standpunt uitgegaan dat die onderwys 'n deel van die opvoeding uitmaak en aangesien God hierdie plig opgelê het aan die ouers, is die ouers dan ook in die eerste plek verantwoordelik vir die stigting en instandhouding van skole. Hierdie verantwoordelikheid sluit ook die godsdienstige opvoeding van die kinders in. Daar moet dus vrye skole wees omdat slegs

hierdie......./-149-

---

1) R. 5500/81. S.J. du Toit aan Staatsekretaris, S.A.R. Paarl, 18 Nov. 1881.

2) „De Christelike School in hare verhouding tot Kerk en Staat". „Program van Beginselen van de Nationale Partij". „Program van Beginselen van den Afrikaander Bond".

3) A. Kuyper: „Ons Program".

4) S.J. du Toit: Program van Beginselen van den Nationale Partij. IV art. 11. Vgl. A. Kuyper: „Ons Program". art. 12.

5) Jan Ploeger: 'n Inleiding tot die grondslae van Chr. Nas. Onderwys, 99.

hierdie soort skole aanpas by die verskillende geestestromings wat daar lewe in die lede van die nasie. Met die „vrye skole" sal elke bevolkingsgroep in die geleentheid gestel word om, deur eie inisiatief, skole te stig wat al die groepe sou bevredig. Die Staat was alleen geoorloof om in te gryp as dit by die bevolking aan voldoende inisiatief ontbreek. Die Staat se taak was slegs aanvullend, nl. ondersteuning in die vorm van geldelike toelaes.

Die party van dr. Kuyper was gekant teen „Christianisering" van die staatskool omdat hierdie skole gelei het tot 'n Christendom bokant geloofsverdeeldheid.[1)]

Op sy oorsese reis het ds. S.J. du Toit met die teorie van dr. Kuyper kennis gemaak en hy het dit feitlik net so oorgeplant in die „Program van Beginselen van den Afrikaander Bond". Die Afrikanerbond was 'n Afrikaanse politieke organisasie, waarin alle Afrikaners hulle tuis kon voel en waar hulle kon saamwerk tot die heil van 'n verenigde Suid-Afrika.[2)] Die houding van die Bond met betrekking tot onderwys en opvoeding was ook dat die Staat die beginsel laat vaar „alsof de overheid geroepen zou zijn om van harentwege onderwijs te doen geven."[3)]

2. Die gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

(a) Oprigting, instandhouding en beheer.

(i) Onderwyswette en regulasies.

Nadat ds. Du Toit offisieël sy amp as Superintendent van Onderwys aanvaar het, het hy dadelik aan die werk gespring. Gou het hy in die Staatskoerant sy grondbeginsels vir die Transvaalse onderwys bekend gestel. Hy bring ook besoek aan die distrikte Heidelberg, Potchefstroom en Rustenburg waar hy die werking en die beginsels van die onderwyswet aan die burgers verduidelik.[4)] Met die besoeke en toesprake wat hy gelewer het, het hy ongetwyfeld die ouers aangespoor om skole te stig sodat

daar........./-150-

1) Jan Ploeger: 'n Inleiding tot die grondslae van Chr. Nas. Onderwys, 103.
2) J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 143.
3) S.J. du Toit: Program van Beginsel en van de Nationale Partij, III-IV.
4) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 136.

daar reeds in Maart 1882 sestien skole met 345 leerlinge bestaan het, teenoor die nege dorpskole met 206 leerlinge in 1881, volgens die Burgersonderwyswet, wat staatsondersteuning ontvang het. Nadat Wet no. 1 van 1882 in werking getree het, het die aantal skole ook vinnig vermeerder. In Desember 1882 was daar reeds drie en veertig staatsondersteunde skole met 872 leerlinge en is die groei grootliks toegeskryf aan die goeie samewerking van die verskillende kerkgenootskappe en die hulp van predikante en kerkrade.[1]

In Die Afrikaanse Patriot van 14 Julie 1882 word 'n toespraak gepubliseer wat ds. Du Toit op Rustenburg gehou het, waarin hy sy grondbeginsels weergee en toelig. Ds. Du Toit stel dit duidelik en ondubbelsinnig wat hy beoog en hoe die onderwys van die land ingerig moes word. Die grondbeginsels wat hy daar saamgevat het, was na die wense van die inwoners van die Republiek m.b.t. die onderwys van hulle kinders.

Die Superintendent het geglo dat die ouers verantwoordelik was vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders. Die Onderwyswet van 1882 (Wet no. 1 van 1882) maak dan ook voorsiening vir die gereformeerde grondgedagte in die onderwys. Artikel 1 van die Onderwyswet lui: „De Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeiïngen met het Schoolwezen; (a) Tot het aanmoedigen van Partikulier inisiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van Scholen; (b) Tot het Schoolopzigt, voor zoo ver zij zich geroepen acht, toe te zien, dat hare toekomstige burgers de vereischte Christelijke opvoeding ontvangen; en (c) Tot het stichten van eene inrigting voor hooger onderwijs, voornamelijk ter opleiding van onderwijzers en andere ambtenaren, volgens een later afzonderlijk te maken Reglement."

Artikel 2......./-151-

---

1) Z.A.R. Onderwysverslag oor 1882, par. 11 in die Staatskoerant van 3 Mei 1883.

Artikel 2 bepaal dat die verskillende gemeentes en kerkrade self, sover moontlik die inisiatief sal neem in die stigting van skole en die kies van skoolkommissies.

Artikel 3. „De Regering wenscht, zooveel mogelijk door hare ondersteuning het onderwijs toegankelijk te maken voor alle burgers der Zuid-Afrikaansche Republiek, inzonderheid ook voor de ver uiteen wonende Boerenbevolking, en biedt daartoe eene jaarlijksche toelage aan voor alle scholen die voldoen aan de eischen van dit Reglement, gerekend en naar het aantal leerlingen en naar den standaard van onderwijs in de respectieve Scholen".

Artikel 6. „Waar het onderwijs voldoet aan de eischen van die Reglement, geeft de Regering een jaarlijksche toelaag van £3 voor elken leerling die elementair, en £5 voor elken leerling die middelbaar onderwijs ontvangt.....".

Onder B. „Bijzondere Bepalingen" van Wet No. 1 1882 word in art. 8 bepaal: „Ieder ondersteunde school zal onder het onmiddellijk toezicht van eene Schoolcommissie, die het recht heeft hare eigene huishoudelijke bepalingen te maken, welke echter niet in strijd mogen zijn met deze Wet, en waarvan een copij moet opgezonden worden aan den Superintendent van Onderwijs", en art. 9 bepaal: „Elke Schoolcommissie zorgt voor een behoorlijk Schoolgebouw, met meubilair en verder toebehooren, tot bevrediging der Regering, onderworpen aan de inspectie van den Superintendent van Onderwijs."[1)]

S.J. du Toit het dus in sy onderwyswet 'n plek toegeken aan ouer, Staat en Kerk.

Die <u>ouers</u> was hier die belangrikste, want hulle moes volgens die grondbeginsel van die wet vir die onderwys sorg; dus weer soos vroeër en in ooreenstemming met die doopbelofte. Die oprigting van die skole is dus oorgelaat aan partikuliere plaaslike inisiatief, omdat die skool geen staatseiendom en die onderwysers geen staatsamptenare was nie.

Die <u>Kerk</u> het ook 'n taak gehad om te vervul. Leerstellige onderwys is na die Kerk en kerkbesture verwys. Kerkrade en

gemeentes......../-152-

---

1) <u>Locale Wetten</u>, 1849-1885. Wet no. 1 van 1882, art. 1, 3, 6, 8 en 9.

gemeentes moes die inisiatief neem om skole te stig en die skoolkommissie te laat kies. Die opvoeding was vir Du Toit 'n saak van ouerreg en ouerplig, maar onder toesig van die Kerk. Du Toit verklaar: „Door de Kerk as hoofdfaktor in het onderwys te erkennen wordt vooreerst de netelige godsdienstkwestie vermeden en ontvangen wy zeer gewaardeerde hulp van Leeraren en Kerkbesturen, waaruit duidelik blykt, dat de opvoeding der jeugd best bevorderd wordt, wanneer Kerk en Staat elkander hand reiken, de Kerk door zich het bestuur en de Staat door zich de ondersteuning der scholen tot taak te stellen."[1] Ons sien hier dat Du Toit voorlopig die Kerk in plaas van die ouers as hooffaktor beskou het, al is daar in art. 1 uitgegaan van die beginsel dat dit die taak „van die ouers" is om vir die onderwys van hule kinders te sorg.[2]

Die Staat het ook 'n rol gespeel in die onderwys, nl. aanmoediging van die partikuliere inisiatief deur geldelike bydraes en toesig oor die vereiste Christelike opvoeding van die toekomstige burgers.[3]

(ii) Toepassing.

Omdat daar nou onder die nuwe reëling die geleentheid gebied word vir die onderwys van die wydverspreide bevolking, het daar nou orals op die platteland skole tot stand gekom. Die gesonde beginsel van die skool na die kind bring, is hier toegepas. Die grondslag van ondersteuning, naamlik die aantal kinders op die skool, het gedien as 'n kragtige aansporing vir sowel ouers as onderwysers en skoolkommissies: hoe meer kinders hoe groter toelaag.[4]

Die normale ontwikkeling van die onderwys onder diè wet het vinnig vooruit gegaan. Ds. Du Toit het, nadat hy sy werksaamhede as Superintendent van Onderwys begin het, 'n rondreis deur die Republiek onderneem en het oral sy wet toegelig en verduidelik en soos reeds voorheen aangetoon is, was daar daadwerklike vooruitgang. Die aantal

skole......../- 153-

1) Superintendent van Onderwys: Verslag 1882, art. 11(e).
2) J.H. Bekker: Godsdiens in die Onderwys van blankes in Transvaal tot 1953, 111.
3) Locale Wetten, 1849-1885. Wet no.1 van 1882.
4) Wet no. 1 van 1882, art. 6.

skole en leerlinge het van die begin af aan heelwat vermeerder.[1]

Nog 'n belangrike faktor in die snelle vooruitgang van die onderwys was die wyse waarop die regering die onderwys ondersteun het. Ons merk dat daar op die begroting vir die tydperk van 1 Mei- 31 Des. 1882, o.a. die volgende poste i.v.m. onderwys voorkom: £2000 vir subsidie vir 1000 leerlinge en onderwysers vir laer onderwys; £1666 vir 500 leerlinge en onderwysers vir middelbare onderwys. Daar is ook 'n pos van £300 vir behoeftige kinders goedgekeur.[2] Hierdie geldelike tegemoetkomings het ongetwyfeld ook hul deel daartoe bygedra dat die Staatspresident in sy jaarlikse toespraak in die Volksraad in Mei 1883[3] kon getuig: „Niettegenstaande de moeielijke omstandighede, zijn de vorderingen van het onderwijs dit afgeloopen jaar onder het bestuur van onzen ijverigen en bekwamen Superintendent van Onderwijs, zeer bevredigend te noemen." Voorts het die President gekonstateer dat die onderwyswet reeds uitmuntende resultate gelewer het en dat dit nie uitgesluit is dat dit van krag tot krag sal voortgaan nie.

Die vordering het voortgeduur tydens die hele tydperk van ds. Du Toit se beheer: in 1885 was die aantal dorpskole 14 en wykskole 79 met 2111 leerlinge, en in 1887 was daar 16 dorpskole en 100 wykskole met 2795 leerlinge.[4]

Wat spesiaal die aandag trek, is die feit dat soveel buiteskole in daardie tyd ontstaan het - 'n sekere bewys dat die doel wat ds. Du Toit so duidelik voorgestaan het, die bereik van die kinders in die distrikte, tog wel moontlik was. Die wysheid van die stap om geen minimum aantal kinders te stel nie, soos in die vorige wette wel gedoen is, kom hier ook aan die lig; maar dis seker dat 'n hele paar van die nuutgestigte wykskole onder die vorige wet nie vir steun in aanmerking sou kom nie; die aantal kinders

was........../-154-

---

1) Volgens die Onderwysverslag oor 1881, was daar in Jan. 1881 nege dorpskole met 206 leerlinge. In Maart 16 skole met 345 leerlinge. In Des. 1882 43 staatsondersteunde skole met 872 leerlinge.
2) Staatskoerant, 27 Julie 1882.
3) V.R. Notule, 8 Mei 1883, art. 13.
4) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, 51.

was te min.[1]

In die Wet van 1882 is ook voorsiening gemaak vir 'n inrigting vir hoër onderwys. Die inrigting is in 1883 in Pretoria geopen as „De Opleidingsschool" onder H. Louis. Van die ingebruikneming sê „De Volkstem" onder andere die volgende: „De Superintendent prees deze als een bekwame onderwijzer en wijst er op dat het volk getoont had een hart te hebben voor het onderwijs van de jeugd. Toen hij hier kwam bestonden er slechts 3 scholen in het land voor elementair onderwijs. Tans waren er reeds 70 tot stand gebracgt en nog ruim zoveel in een staat van voorbereiding. Nu word er voorziening gemaakte in de dringendste behoefte aan onderwijzers. Voorheen moest er gesocht worden voor onderwijzers in de Vrijstaat, Kaap Kolonie en zelfs in Holland. Deze inrichting stelt zich ook ten doel opleiding van ambtenaren. Wij moeten den vreemdelingen die ons tot nog toe geholpen hebben niet minachten maar als een volk selfstandig wil wezen moet het sichzelven helpen en dat ons volk dat wil, heeft het getoond."[2]

In 1886 is besluit om voorbereidende klasse aan die inrigting in te stel, en dit het ontwikkel tot die „Voorbereidingsschool" onder J. Boekhorst. In 1884 is ook 'n „Dames skool" onder mej. Van Pommeren begin.[3]

Onder die simpatieke leiding van ds. Du Toit het die aantal privaatskole, wat gedurende 1866-1881 sterk toegeneem het onder die Boerevolk, nou baie afgeneem. Ook die skole wat deur die Kerke gestig is, het begin kwyn, omdat hulle in ds. Du Toit 'n man na hulle hart gehad het wat betref sy opvatting met betrekking tot die opvoeding en onderwys.

Sommige ouers, veral onder die wydverspreide Boerevolk het nie die noodsaaklikheid van meer wetenskaplike vorming van hulle kinders begeer nie. Die algemene toestand van die onderwys was nog steeds soos dit ingerig was op die oosgrens in die Kaapkolonie en gedurende die Groot Trek. Daar is nog van die rondreisende onderwyser

gebruik......../-155-

1) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrika Republiek 1836-1900, 141.
2) De Volkstem, 10 Jan. 1883.
3) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, 54.

gebruik gemaak. Daar was bv. die heer O.L.W.van der Ploeg Borne wat saam met die gesin J.M. Jansen van Rensburg uit die Vrystaat na die Suid-Afrikaanse Republiek getrek het en by hulle vertoef het te Langlaagte tot 1886. Hy het die volgende getuigskrif van sy werkgewer ontvang: „Den Heer O.W. Born heeft bij mij drie maanden schoolgehouden en beveel hem aan iemand wel geschikt om school te houden en ook voor verscheidene andere bezigheden. Hij is een man sober en zonder complimenten en altoos tevrede."[1])

Nog 'n ander voorbeeld is dié van Herman Saidt wat in 1881 in Transvaal kom boer het en wel in die distrik Utrecht. Hy is deur verskillende ouers versoek om aan hulle kinders onderwys te gee. Hoewel hy aan die begin met die Nederlandse taal gesukkel het, is hy tog later deur die owerheid as gesubsidieerde onderwyser erken.[2])

Op plekke waar omstandighede dit toegelaat het, het ouers van verskillende gesinne bymekaar gekom, 'n skoolkommissie gevorm en subsidie van die regering gevra. As voorbeeld sien ons die rapport van inspekteur J.K.M. te Boekhorst oor die skooltjie te Brandspruit as hy subsidie weier weens dronkenskap en die „allerakeligst Hollandsch" van die onderwyser.[3])

Wat oprigting, instandhouding en beheer betref het S.J. du Toit die gereformeerde beginsel gehandhaaf aangesien hy aan ouer, Staat en Kerk 'n plek toegeken het. Ouer en Staat het gesorg vir oprigting en instandhouding terwyl ouer, Staat en Kerk toesig gehou het oor die onderwys. Volgens die moderne siening van die gereformeerde beginsel was die aandeel van die Staat in die tyd van S.J. du Toit egter klein, terwyl die aandeel van die Kerk te groot was en as hooffaktor beskou is i.p.v. die ouers.

(b) <u>Die skoolopvoeding moet Christelik wees.</u>

(i) <u>Onderwyswette en regulasies.</u>

Artikel 2 van Wet no. 1 van 1882 het betrekking op die godsdiensonderwys in die skool en lui

soos....../-156-

---

1) O.D. 11. Argief Pretoria.

2) O.R. 7080/94. Argief Pretoria. H.K.F.W. Saidt aan Superintendent van Onderwys. Goede Hoop. P.K. Machadodorp, 15 Des. 1894.

3) O.D. 11. Argief Pretoria. J.K.M. te Boekhorst aan Superintendent van Onderwys, 15 Mei 1892.

soos volg: „Erkennende dat het Godsdienstonderwijs als zoodanig tehuis behoort bij de Kerk en niet bij den Staat, zoo eischt de Regering slechts dat, in alle van Regeringswege ondersteunde scholen, het burgerlijk onderwijs behoorlijk gegeven worde:

(a) In Christelijke geest;

(b) Waarbij begrepen is het openen en sluiten der School met Gebed, en het lezen van Gods woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de Schooluren;

(c) Terwyl het bepaald confessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respectieve Kerkbesturen wordt overgelaten;

(d) Waarin de verschillende Schoolbesturen naar omstandigheden zullen behulpzaam zijn, door de vrijstelling van schoollokalen als anderzins;

(e) Waarbij de Regering de wenschelijkheid uitgespreekt, dat de verschillende Gemeenten en Kerkraden zelf, zooveel mogelijk is, het initiatief nemen in stichten van Scholen en het kiezen van Schoolcommissien."[1]

Die Superintendent gee nou sy toeligting van die Wet en sê in verband met die Christelike gees van die onderwys die volgende: „Het onderwijs moet gegeven worden in Christelijke (hoewel niet juist konfessionele) geest, de Bijbel moet de ereplaats hebben in de school..... Ik weet dat de bevolking des lands met mij daarin overeenstemt: De Bijbel heeft ons gemaakt wat wij zijn als volk; het in ere houden van dat boek is ons behoud, de verwerping daarvan onze ondergang als volk."[2]

As ons die Onderwyswet van 1882 met die Burgerswet van 1874 vergelyk, sien ons dat daar twee verskillende lewenshoudings die grondslag van die twee wette vorm. Die wet van 1874 is die liberale, terwyl die wet van 1882 die Christelike voorstaan.

Wet no. 8 van 1874 het verklaar dat die Bybel in die skool gelees moet word en dat Bybelgeskiedenis onderwys moet word.[3] Ons vind dieselfde gedagtes in die wet van

1882........../-157-

---

1) Locale Wetten, 1849-1885. Wet no. 1 van 1882, art. 2.

2) J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 50.

3) Wet No. 8 van 1874 van die Z.A.R., art. 26.

1882, behalwe dat die woordkeuse verskil, wat blyk gee van 'n ander lewensopvatting. Superintendent Du Toit het veral nadruk gelê op die Christelike gees wat alle onderwys moet besiel; die skool staan dus in die teken van die Christendom.[1)]

Alhoewel S.J. du Toit net soos Burgers ook leerstellige onderwys uit die skool geweer het deur te bepaal dat dit aan die verskillende kerkbesture oorgelaat sou word, het hy aan die ander kant die wens uitgespreek dat die verskillende gemeentes en kerkrade self die inisiatief moet neem in die stigting van skole en die samestelling van skoolkommissies. Die stigting van skole, beheer deur die ouers en besoek deur kinders van dieselfde kerkgenootskap word dus nie uitgesluit nie.

In artikel 2(a) en artikel 2(b) het ds. Du Toit ons geleer wat 'n Christelike skool is. Dit is 'n skool waarin die godsdiensonderwys nie alleen as leervak tot die burgerlike vakke bygevoeg is nie, maar dit is ook 'n vak waardeur die burgerlike vakke beheers en deuradem moet word.[2)]

(ii) Toepassing van die Christelike beginsel.

As ons die onderwysverslae van die jare 1883-1891 nagaan, sien ons dat daar heelwat sorg bestee is aan godsdienstige opvoeding van die jeug. Die eerste inspeksierapporte van Du Toit toon dat daar baie aandag gegee is aan sing uit die Kinderharp, Psalme, Gesange, aan Bybelgeskiedenis en Sondagkatkisasie.[3)]

In die onderwysverslag van 1883 word vermeld dat daar sonder uitsondering in al die skole Bybelgeskiedenis onderwys word.[4)]

Die verslag van 1885 verklaar dat leerstellige onderwys gedurende skoolure tot die uitsondering behoort. Daar word uitdruklik vermeld „des avonds ook catechisatie."[5)] In dieselfde verslag word vermeld dat daar baie aandag aan Bybelgeskiedenis gewy word.

Ons............/-158-

1) Wet No.1 van 1882 van die Z.A.R., art. 2.
2) L.J. Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 48.
3) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 143.
4) Z.A.R., Onderwysverslag 1883, 13 en 16.
5) Ibid., 1885, 10 en 49.

Ons sien dat klagtes van die inspekteurs insake godsdiensonderwys selde voorkom.

Hier volg 'n paar voorbeelde van inspeksierapporte in verband met Bybelgeskiedenis uit die jare 1882-1884: „School van P. Genis, te Scheerpoort, District Rustenburg, op 15 April geinspecteerd en als ondersteunde school opgenomen.

Zingen; uit Kinderharp, Psalmen en Gesangen, zeer goed.
Bybelgeschiedenis: zeer goed.

21 April, School van W. Louis.
Bybelgeschiedenis: Goed.

School te Lichtenburg 29 Junie 1882.
Bybellezen: in't Hollansch en Engelsch by beurten, zeer goed.

School geopend: met gezang en gebed in't Engelsch."

In 1885 het die Volksraad besluit om die kennis van kerkmusiek as onderdeel van sangonderwys te beskou, en in sy verslag oor die jaar 1884 het die Superintendent by die inspekteurs daarop aangedring om te let op die uitvoering van die besluit.[1)]

Dat daar wel deeglik deur die inspekteurs en deur die Superintendent tydens inspeksietogte op die Christelike beginsel gelet is, ly geen twyfel nie. Die inspekteursrapporte getuig dan ook dat die godsdienstige aspek in die onderwys aan die skool „zeer goed" is. Daar is dus met nougesetheid deur die onderwysers gestreef na Christelike onderwys en opvoeding.

Ook in die klein privaatskooltjies het godsdiensonderrig die belangrikste plek op die rooster gevul. Die gedagtegang van die meeste Transvaalse ouers was dat godsdiensonderwys die essensiële deel van die onderwys en opvoeding vorm en dit het hulle ook van die onderwysers verwag. Uit 'n skrywe van die voorsitter van die skoolkommissie op Mooirivier aan die Waarnemende Superintendent van Onderwys[2)] blyk dit duidelik wat die ouers van 'n onderwyser verlang

het........./-159

---

1) V.R. Notule, 1885, art. 101.

2) O.D. 11. Argief Pretoria. J.J. Grobbelaar aan Waarn. Superintendent van Onderwys. Mooirivier, 7 Junie 1891.

het en waarop die skoolkommissie gelet het. Die skoolkommissie het die kinders eksamineer na 'n gebed en die sing van 'n psalm. Die jongste kinders se kennis is in Bybelkennis, lees, skrywe, sang en rekenkunde getoets terwyl 'n groepie ouer leerlinge ondervra is nadat hulle eers uit die Kinderbybel gelees het.

Die onderwysers het vanselfsprekend probeer om aan die eise van die ouers ten opsigte van godsdiensonderwys te voldoen. 'n Sekere onderwyser[1] wat nie deur die Departement van Onderwys erken is nie en 'n skool wou oprig, het by die Departement „1 groote bijbel, 1 gezangen 'n psalmboek met noote" en ander skoolbehoeftes aangevra. Later het hy geskryf „gedenkt toch hoe ik in de tijd van zes maanden gewerkt heeft dat er een tal van 12 Leden door mij litmaad geworden zijn."

Die regering het ook sy deel bygedra om te sorg dat die onderwysers Christelik is. President Kruger het by verskeie geleenthede gepraat oor godsdiensonderwys op skool, en was bang dat die onderwysers wêreldse en onchristelike idees sou verkondig. Hy verklaar o.a.: „De onderwijzers moeten dienaar zijn van de Kerk en de gemeenten, volgen's Heeren bevel, die de zorg der kinderen opdraagt aan de geestelijke macht."[2] Hy het nie wetenskaplike kennis verwerp nie, maar vir hom was onderwys in die godsdiens 'n dure plig. Daarom beveel hy aan: „Ondersteun de godsdienst en de wetenschap beide."[3]

Die staatsekretaris, dr. Leyds, het verskeie pogings aangewend om onderwysers uit Nederland vir die Republiek te werf. As voorwaardes vir hierdie onderwysers het dr. Leyds gestel dat hulle positief Christelik moes wees, want dan kon die opgroeiende geslag in 'n Christelike gees opgroei.[4]

(c) <u>Die Skoolopvoeding moet nasionaal wees.</u>

(i) <u>Onderwyswette en regulasies.</u>

„Met........../- 160-

1) O.D. 694. Argief Pretoria. Nos. 8, 12 en 15. P.C. Bonthuys aan Superintendent van Onderwys Witfontein, 19 Jan. 1892.
2) V.R. Notule, 7 Junie 1889, art. 388.
3) V.R. Notule, 11 Junie 1889, art. 391.
4) L.A. 250. Argief Pretoria.

„Met 'n stelsel van onderwijs, wat moet uitloop op die vernietiging van die taal van ons Kerk, kan ons g'n vrede hê nie en sal ons nooit mê versoen nie, al word ook gepraat dat Hollands nie moet verwaarloost worde nie. Dit is egter nie net daarom dat ons die stelsel bestrij nie; mar in die eerste plaas omdat dit nadelig is ver die verstandelike ontwikkeling van ons kinders; en geheel ondoelmatig ver die kinders wat nie in die geleentheid is om in die skole groot te worde nie."[1)]

So voel en skryf ds. Du Toit oor die nasionale beginsel in die onderwys. Dat dit die rede was waarom hy geroep word om as Superintendent van die Transvaalse onderwys op te tree, is vir die Transvaalse bevolking heeltemal genoeg. Hierdie nasionale karakter van hom word dan nou ook beliggaam in die Onderwyswet No.1 van 1882.

Artikel 4 van hierdie wet bepaal dat die onderwys verdeel word in:

a. Elementair (lager) onderwijs, omvattende het lezen, schrijven, reken en zingen, en de beginselen der Nederduitse taal; b. Middelbaar onderwijs, omvattende behalve het bepaalde voor elementair onderwijs (4.a), een grondige kennis van de taalkunde der Nederduitse, en waar zulke verlangd wordt ook der Engels en Hoogduitse talen; de beginselen der aardrykskunde en die der geschiedenis, zowel algemene als die van Zuid Afrika en der Zuid Afrikaansche Republiek in het bijzonder, waaronder als aanbeveling gevoegd wordt: onderwijs in de beginselen der wiskunde en letterkunde, het teekenen en boekhouden, benevens muziek en handwerken voor meisjes; en c. Hoger onderwijs, overeenkomstig nader te maken bepalingen. Artikel 7. Het onderwijs zal gegeven worden in de Nederduitsche taal."[2)]

In antwoord op 'n adres uit Rustenburg ontvang, lig ds. Du Toit die Wet soos volg toe. Hy vat die vasgestelde grondbeginsels onder drie hoofpunte saam, nl. „(i) Het onderwijs moet gegeven worden in Christelike geest. (ii) De ondersteuning der H.E. Regering moet gelijkelik toegekend worden aan dorpeling en buiteman. (iii) Het onderwijs

zelf......../-161-

1) J.D. du Toit: S.J. du Toit in Weg en Werk, 39.
2) Locale Wetten 1849-1885. Wet no.1 van 1882, art. 4 en 7.

zelf moet ingericht sijn overeenkomstig de behoeften van ons land en volk."[1]

In die Boerebevolking van die Republiek sien ds. Du Toit die behoud van die nasionale karakter. Die dorpsbewoners is vir hom die mense wat vreemd staan teenoor die sedes en tradisies van die Afrikaner. In sy „Toeligting"[2] van die Wet verduidelik ds. Du Toit soos volg: „Maar vooral op punt 2 (ii soos hierbo) leggen wij nadruk, als van groot belang voor onze bevolking. Vroeger werd de dorpsbevolking uitsluitelik ondersteund, en de Boerenbevolking - zijnde toch de eigenlike bevolking des lands - kreeg bijna niets uit staatskas voor onderwijs. Ziet hier een proeve. Volgens gespecificeerde Begroting voor het departement van onderwijs voor 1881, op onskantoor aanwezig, bedroeg de toelage voor dorps-scholen £4,991, voor de kaffers £1,560, en voor de gehele Boerenbevolking slechts £552. Hieruit blijkt:

a. De kafferbevolking ongeveer driemaal en de dorps bevolking ruim negenmaal zoveel kregen voor onderwijs als de Boerenbevolking.

b. Berekent men de dorpsbevolking als slechts èèn tiende van de blanke bevolking des lands, dan betaalde de Regering voor het onderwijs van èèn dorpscholier zoveel als voor 100 boerenkinderen".

Hierdie uiteensetting van ds. Du Toit insake die subsidering van die onderwys impliseer dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek vir sy eie ondergang as volk betaal.

Punt (iii) soos hierbo, verduidelik hy soos volg: „Wij willen dat onze kinderen de gelegenheid hebben om alles wat nuttig is te leren, maar zij moeten beginnen met het noodzakelikste. Zij kunnen andere talen leren zo zij willen, Engels, Duits, Latijn, enz., maar eerst onze Hollandse taal. Zij kunnen leren zingen Kinderharp, Sankey, enz., zo zij het verlangen, drie- of vierstemmig; maar laat hen eerst onze Psalmen en Gezangen kunnen zingen. Laat hen desverkiezende Geschiedenis, Aardrijkskunde, enz., leren; maar altoos

in de........./-162-

---

1) J.D. du Toit: S.J. du Toit in Weg en Werk, 50.
2) J.D. du Toit: Versamelde Werke Deel 1, 68-69.

in de eerste plaats die van ons eigen land, en daarna van andere landen. Zo doet men in alle landen en waarom moeten onze kinderen dan tot vreemdelingen gemaakt worden door slechts het vreemde te leren? En ter praktiese toepassing van dit punt hebben wij opzettelik de vereisten bij het lager onderwijs zo gesteld, dat zij slechts omvatten wat voor elke Boerenzoon onmisbaar is: lezen schrijven, zingen, rekenen."[1]

In 'n antwoord aan die burgers van Rustenburg haal hy aan uit sy vermaarde preek getiteld: „Geen smid in Israel," wat gepubliseer is in die „Huiskerk".

„En hiermee is meteen aangewezen het beginsel en einddoel van ons streven in zake het onderwijs: de vorming van een eigen volk. Daartoe is natuurlik eis, onze jeugd niet wetenschappelik op een vreemde baan te voeren en tijd en krachten te verspillen in een vreemde taal, in een vreemde geschiedenis en in geheel vreemde denkbeelden, als of het hoogtepunt der geleerdheid bereikt ware in het uitblussen van alle eigen nationaliteit, gelijk tot hiertoe maar te veel het geval was. Neen, daartoe zij ons pogen de wetenschap op eigen bodem over te planten en in onze eigen nationaliteit te doen wortelen volgens onze maatschappelike en staatkundige behoeften.

Om, ten slotte, onze mening te verduideliken, slaan wij een bladzijde op uit de geschiedenis van't oude volk Israel, nu nog voor ons zo leerrijk. Leest het in 1 Sam. 13: 19-22. Saul meende een eigen volk gevormd te hebben. Maar èèn zaak had hij vergeten: „Er was geen smid in Israel." Men moes naar de Filistijnen gaan om ploegijzer of houweel te doen scherpen. En gevaarlik is't steeds voor een volk, in enig opzicht van een ander volk afhankelik te zijn, Dat bleek weldra. Er kwam krijg tussen Filistijnen en Israelieten, en't gevolg was: de Israelieten hadden geen zwaarden, want de Filistijnen weigerden wapenen tegen zichzelven te smeden.

ongeveer......../- 163-

---

1) J.D. du Toit: Versamelde Werke Deel 1, 68.

Ongeveer aldus stond 't ten onzent met het onderwijs tot hiertoe. 't Was meestal in handen der vreemden, en die deden hun best om (listiglik) onze zonen tot vreemdelingen te maken. Wat wij op wetenschappelik gebied behoeven, is: eigen smeden. Ons Afrikaanse staal is goed; het moet maar behoorlik gesmeed en gescherpt worden."[1]

Op hierdie grondslae loods ds. Du Toit die opbou van die nasionale karakter van die Transvaalse bevolking en wil ons nagaan die toepassing van die Onderwyswet van 1882.

(ii) Toepassing van die nasionale beginsel.

Volgens artikel 36 van die Burgerswet kon Engels parallel met Hollands gebruik word, maar dit was tog ondergeskik daaraan. Volgens artikel 7 van die Du Toit-wet bestaan Engels nie, behalwe as 'n gewone vreemde taal. Daar was dus geen sprake van 'n onderwyser vir Engels aan 'n skool nie.[2]

In die onderwysinrigtings moes die voertaal Nederlands wees. In die laerskool sou daar net Nederlands as taal onderwys word, maar in die middelbare skool kon Engels en Duits onderrig word indien dit verlang word.[3]

Ons vind dat daar heel vroeg moeilikheid ontstaan het i.v.m. die taalklousule en omdat daar nie met die subsidie suiwer gehandel is nie. In 1882 het ds. G.W. Smits namens die Kerklike Skoolkommissie van die Ned. Hervormde Kerk aan die regering gevra of goewermentstoelaes nie toegestaan word as 'n kind sy onderwys uitsluitend deur medium van Engels ontvang nie. Hy het die volgende antwoord van die Staatsekretaris ontvang: „dat de regeering verpligt is zich stiptelijk te gedragen naar de wet en dit artikel (nl. art. 7) alzoo opvat dat alle kinderen die op gesubsidieerde scholen van het onderwijs gebruik maken, doch geen Hollandsch volgens de wet beoefenen, niet zullen kunnen medegerekend worden, als tot de eigenlijke scholieren te behooren....."[4]

In dieselfde jaar het die Sinode van die Anglikaanse

Kerk........./-164-

---

1) J.D. du Toit: Versamelde Werke Deel 1, 70-71.
2) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 50-51.
3) Locale Wetten 1849-1885. Wet no.1 van 1882, art. 4b.
4) R. 4875/82.Argief Pretoria. Ds. G.W. Smits aan Staatsekretaris, 30 Aug. 1882.

Kerk 'n poging aangewend om staatsondersteuning vir Engelse skole te kry. Die versoek is geweier en die sekretaris het aangeteken: „De regeering is niet van plan een dergelijke wijziging van de wet voor te stellen en zal een dergelijke memorie niet ondersteunen."[1]

Ons vind nogtans dat die taalklousule van die Du Toit-wet ontduik is en dat Engels dikwels in plaas van Hollands die hooftaal van die skole was. Die Wesleyaanse Kerk het in 1883 staatsondersteuning verkry vir leerlinge wat onderwys in Nederlands geniet het.[2] Hoe hierdie reëling in die praktyk gewerk het, het 'n jaar later aan die lig gekom toe die Superintendent die skool geïnspekteer het. Die hoof en een van die drie assistente kon nl. geen woord Nederlands verstaan nie en dit was dus onmoontlik om Nederlands as medium van onderwys in al die vakke te gebruik.[3]

Uit inspeksieverslae blyk dit dat art. 7 by baie skole verontagsaam is. Ds. H.L. du Toit wat op Bloemhof inspeksie gehou het, rapporteer dat die diktee-oefeninge in sowel Nederlands as Engels en vertaalwerk van Nederlands in Engels tot die skoolvakke in die dorpskool aldaar behoort het.[4] In Zeerust het ds. J.C. de Vries bevind dat die leeskennis van Nederlands en Engels goed was terwyl die Superintendent self in Standerton inspeksiewerk gedoen het en in sy rapport vermeld: „Lezen redelijk in Hollandsch en Engelsch. Dictaat: Hollandsch zeer goed, Engelsch vrij goed."[5]

Dat die verontagsaming van die taalklousule 'n groter omvang aangeneem het as uit die onderwysverslae afgelei kan word, blyk uit die besprekings tydens die Volksraadsitting van 1884. Een van die lede het na die Wesleyaanse skool in Pretoria verwys en verklaar dat aan daardie skool slegs een onderwyser was wat 'n bietjie Hollands verstaan en dat die skoolkommissie hierdie dame slegs aangestel het om die geldelike ondersteuning van die regering te ontvang.[6] Ook is daar op die vergadering

verwys......../- 165-

1) R. 6241/82 by R. 6086/82. Argief Pretoria. Superintendent van Onderwys aan Staatsekretaris, 15 Nov. 1882.
2) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 140.
3) Z.A.R. Onderwysverslag oor 1884, 11-12.
4) Z.A.R. Onderwysverslag oor 1883, 8.
5) Ibid, 9.
6) V.R. Notule 3 Okt. 1884, art 748.

verwys na ander skole waar die onderwys nie in die Nederlandse taal gegee is nie, maar wat tog nog subsidie ontvang het.[1] Raadslid Schalk Burger het op 'n ander geleentheid in die Volksraad tot die gevolgtrekking gekom dat „zulk een toestand niet bevorderlijk (was) voor de ontwikkeling van het Nationaliteitsgevoel, en dat moes tooh ten grondslag liggen aan het onderwijs."[2]

Die Volksraad was gevolglik verplig om op 3 Okt. 1884 die volgende besluit te neem : „De Raad in overwegende nemende dat er redenen bestaan te gelooven dat er scholen worden ondersteund uit's lands kas waar het medium van onderwijs niet is de Hollandsche taal, draagt de Regering op naar deze omstandigheden onderzoek in te stellen door middel van Z.Ed. den Superintendent van Onderwijs en de wet stiptelijk toe te passen."[3]

In sy jaarverslag oor 1885 het die Superintendent verklaar dat daar streng op gelet is „dat het onderwijs gegeven worde door middel der Nederduitsche taal in alle leervakken" en dat die aandag van die onderwysers en skoolbesture daarop gevestig is om „niet te vroegtijdig met het Engelsch onderwijs te beginnen, alsmede het Engelsch onderwijs niet onregtmatigen invloed te laten uitoefenen op de klasverdeling en organisatie der school."[4]

Die onderwysverslag van 1885 het egter geen verbetering in die toestand getoon nie, want by baie skole is daar in stryd met die wet gehandel. Die Superintendent het as rede hiervoor aangegee die gebrek aan leer- en leesboeke in die Nederlandse taal en het verklaar dat indien die Raad 'n strenge handhawing van die wet sou eis, 'n groot aantal leerlinge die staatsondersteunde skole sou verlaat.[5] Hierop het die Staatspresident geantwoord: „Hollandsch moest het medium zijn en blijven." Daar kon rekening gehou word met die bestaande toestande solank daar nog geen voldoende leerboeke was nie „maar't ging niet aan om deze bepaling te laten varen."[6]

Hierdie......./-166-

---

1) V.R. Notule 3 Okt. 1884, art 748.
2) V.R. Notule 15 Sept. 1884, art. 468.
3) Jeppe en Kotze: <u>De locale wetten der Z.A.R.</u>, 1268.
4) Z.A.R. Onderwysverslag oor 1885, 6.
5) V.R. Notule 15 Junie 1885, art. 404.
6) Ibid.

Hierdie tekort aan Hollandse lees- en taalboekies het die deeglike onderrig van Hollands baie bemoeilik.[1] Boekreekse vir die verskillende klasse was omtrent onbekend, en waar daar nog boeke beskikbaar was, was die voorraad gewoonlik ontoereikend, Aangaande boekies vir leesonderwys het daar verwarring geheers. Volgens die onderwysverslae was o.a. die volgende boeke in gebruik: De Trap der Jeugd, Spel en leesboek (Prinsen), Eerste schooljaren (H. Bouman), Jan Ploeger's Prentjes, Fondamentsteenen, Van Eigen Bodem (Eigenhuis), Kinderschat (J.A. Goeverneur), Honderdtallen (Smid).[2]

Ook ten opsigte van nasionale vorming het die kinders die verkeerde boeke gebruik. Hulle handboeke vir Geskiedenis was Engelse boeke soos Collier se „British Empire" en „General History."[3] Laasgenoemde boek is selfs deur die leerlinge van die Wesleyaanse skool in Pretoria gebruik om in Hollands te vertaal.[4]

Die Republiek het sy skoolboeke veral van die Kaapkolonie en Nederland ontvang. In die Kaapkolonie is hoofsaaklik gebruik gemaak van Engelse boeke[5] terwyl die Nederlandse boeke dikwels ongeskik vir gebruik in Transvaal was.[6]

In sy eerste rapport lê ds. Du Toit nadruk daarop dat daar vir die Transvaal 'n eie stel skoolboeke nodig is en suggereer ook dat ons hier 'n eenvoudige Nederlandse taalkunde nodig het.[7] In 1884 het hy die saak weer eens aangepak en by die Volksraad aanbeveel om aan moontlike skrywers honoraria te betaal. Die plan is deur die Raad opgevolg,[8] en op 'n prysvraag is die volgende jaar twee rekenboekies ontvang, waarvan die rekenboek van J.R. Joubert van Potchefstroom gekies is as die geskikste.[9]

Die ........../- 167-

1) Z.A.R. Onderwysverslae oor 1883-1891.
2) Z.A.R. Onderwysverslae oor 1885 en 1886 op bl.11, 39, 42, 50, 37, 19 en 24.
3) Ibid 1886, 64 en 66.
4) Ibid, 66.
5) De Gids, 3e deel, 1901, 504.
6) Staatskoerant 3 Mei 1883. Onderwysverslag oor 1883, par 9, 10.
7) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 142.
8) V.R. Notule, Junie 1885, art. 400.
9) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1826-1900, 143.

Die Superintendent het by 'n ander geleentheid verklaar dat die jeug eers die aardrykskunde en geskiedenis van eie land en daarna van ander lande moet leer. Hulle mag nie as vreemdeling in hulle eie land opgroei deur slegs die vreemde en uitheemse te leer nie.[1)]

In Mei 1887 het die Nederlandsch- Zuid-Afrikaansche Vereeniging 'n aanbod gemaak om manuskripte van skoolboeke vir Rekenkunde en Aardrykskunde na die Transvaal te stuur. Nadat 'n kommissie veranderings aangebring het, is die boeke in Nederland laat druk onder die titels „Aardrijkskunde van Zuid-Afrika", „Nieuwe Methode voor Onderwijs in het Rekenen" en „Nieuw Rekenboek."[2)]

Met 'n Geskiedenisboek het dit nie vlot gegaan nie. Die Nederlandsch- Zuid-Afrikaansche Vereeniging het die bekende historikus George M. Theal genader om 'n boek saam te stel. Sy boek „Beknopte geskiedenis van Zuid-Afrika" het voorlopig die leemte gevul, totdat D. Aitton, 'n dosent aan die Grey-kollege te Bloemfontein 'n werk gelewer het onder die titel „Leesboek over geschiedenis voor scholen in de Zuid-Afrikaansche Republiek." 'n Tweede druk van die boek het verskyn onder die titel „Geschiedenis van Zuid-Afrika met een inleiding over de algemeene geschiedenis voor de scholen in de Zuid-Afrikaansche Republieken."[3)]

Wet no. 10 van 1888 het die gebruik van Hollands verpligtend gemaak in die Republiek, en Engels is as 'n vreemde taal bestempel. Artikel 1 van hierdie wet bepaal: „De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle ander talen zij vreemde talen."[4)]

Nietemin lewer 'n noukeurige ondersoek van die onderwysverslae van 1883-1891 blyke dat in die meeste skole sowel Engels as Hollands as skoolvakke onderrig is. Vir die Superintendent was dit onmoontlik om alleen al die skole te inspekteer, en Malherbe sê: „On this account also the Act on the use of the Dutch language was very difficult to enforce."[5)]

Nog............/-168-

---

1) J.D. du Toit: Versamelde Werke D 1, 68.
2) Verslag van N.Z.A.V., 1886 en 1887, 8-10.
3) Ibid, 1891 en 1892, 21.
4) Eybers: Select constitutional documents, 482.
5) E.G. Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 265-266.

Nog 'n saak wat die vordering van nasionale onderwys op skool bemoeilik het, was die gebrek aan geskikte onderwysers. Die Staatspresident het tydens sy besoek aan Nederland in 1884 aan verskillende Nederlandse onderwysers meegedeel dat daar 'n groot behoefte aan jong Christelike onderwysers in Transvaal bestaan en hulle aangespoor om na die Republiek te kom.[1] Die meeste onderwysers het egter hulle opleiding aan Kaaplandse inrigtings geniet en volgens dr. Leyds het die onderwysers geglo „dat men de wetenschap alleen in het Engelsch, in Engeland van Engelschen, leeren kan." Volgens hom was die meesters oortuig „dat al het goede, dat op deze wereld te vinden is, na onzen Lieven Heer te danken is aan de grootste natie ter wereld, de Engelschen."[2] Dit was dus 'n toestand wat sekerlik nie bevorderlik was vir nasionale onderwys nie.

Die vooruitgang in die tyd van ds. Du Toit was groot. Daar was aan die begin veral 'n algemene ontwaking op nasionale gebied. Die burgers het taalbewus en nasiebewus geword.

Ds. Du Toit het sy lewe gewy aan die onderwys en opvoeding van die Afrikanervolk, en toe sy lewe verby was en hy op sy sterfbed lê, kon hy sê: „Al heb ik zwaar moeten strijden voor de rechten onzer taal, dikwels gesmaad en misken, ja zelfs door eigen landgenoten, mede-Afrikaners, lange tijd bijna alleen moeten vechten in die taalstrijd, toch ben ik dankbaar dat mijn werk niet te vergeeft was, want ik heb mijn volk wakker geschud, de grond werd geploegd en bezaaid en nu schiet 't zaad overal welig op, en brengt heerlike vruchten voort."[3]

Ons kan nie wegkom van die feit dat ds. S.J. du Toit baie gedoen het om die Christelike en nasionale beginsels te bevorder nie. In sy wet het hy egter een belangrike punt uit die oog verloor, nl. dat die gees en rigting in die onderwys alleen deur die ouers bepaal mag word en dat die Staat alleen moet toesien dat dit nie staatskadelik

moet......./-169-

---

1) O.R. 2336/96. Argief Pretoria.

2) L.A. 250. Dr. W.J. Leyds aan Prof. G.A. van Hamel, Pretoria, 1885.

3) J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 433.

moet wees nie. Dit was dan ook die grootste rede vir die ontevredenheid van die ouers en die ontoereikenheid van die wet. Hier het ons die bewys dat sodra die Staat die gees en rigting alleen wil bepaal, die onderwys nie kan vorder nie omdat daar in elke land groepe is wat nie saamgevoeg kan word nie.

Alhoewel S.J. du Toit dus die Christelike en die nasionale beginsels in die onderwys gehandhaaf het, het hy nie volgens die gereformeerde beginsel gehandel nie omdat die Staat grootliks die gees en rigting van die onderwys bepaal in plaas daarvan dat die ouers dit gedoen het.

3. Die standpunt van die kerk.

(a) Die Gereformeerde Kerk.

In April 1882 is die beginselvraag geopper of dit geoorloof is vir Christelike skole om ondersteuning uit die landskas aan te neem, waarop die Sinode soos volg besluit: „De Synode is van oordeel, dat ouders zelf het onderwijs voor hunne kinderen moeten bezorgen en bekostigen. Kan een Kerkeraad eene Kerkschool oprichten, dan doet die dit namens de gemeente ter harer hulp en met hare kosten. Besluit de Regeering het Onderwijs te helpen bevorderen en aan elke school, waarin voldoende onderwijs in de noodige burgerlijke wettenschappen gegeven wordt, eene toelaag uit's lands kas toe te kennen naar een reedelijken maatstaf, dan mag eene Christelijke School die toelaag met evenveel recht ontvangen als elk andere School, behoudens onafhankelijke vrijheid in het Godsdienstig Onderwijs."[1]

Hier het ons dus 'n belangrike verandering van standpunt ten opsigte van oprigting, instandhouding en beheer. Tot hiertoe was die Kerk ten gunste van die kerkskool, d.w.s. 'n skool opgerig en in stand gehou deur die lidmate en onder toesig van die Kerk. In 1882 word die beginsel vir die eerste keer geformuleer dat die skool moet

uitgaan......./-170-

1) Notule van die 8e Sinodale Vergadering, 1882, art. 139.

uitgaan van die ouers, desnoods met die hulp van die Kerk. Ook ten opsigte van staatsondersteuning het daar 'n verandering in sienswyse gekom. Waar die Kerk vroeër teen ondersteuning van die Staat gekant was, keur hulle dit nou goed dat die owerheid plaaslike inisiatief ondersteun met behoud van onbelemmerde vryheid ten opsigte van die godsdienstige.[1]

Die Gereformeerde Kerk het dan ook gedurende hierdie tydperk heelwat skole opgerig. In 1882 het die Gereformeerde gemeente van Pretoria 'n kommissie benoem om te ywer vir die oprigting van gemeenteskole.[2] In Oktober van dieselfde jaar kon gerapporteer word: „De hulpbesturen zyn in verschillende wyken gekozen en pogingen worden aangewend voor de oprichting van scholen."[3] Die volgende jaar is bekend gemaak dat daar reeds drie wykskole was, en dat hulle besig was om in die ander wyke ook skole te stig.[4] In 1884 was daar tien skole in Rustenburg, ses in Pretoria, vier in Potchefstroom en twee in Waterberg.[5]

Die Gereformeerde Kerk het hom egter ook in die jare beywer vir die verbetering van die goewermentsonderwys ten opsigte van die opleiding van Christenonderwysers, en in die besonder onderwysers van die Gereformeerde Kerk.[6] Ook het die invoer en samestelling van Christelike leerboeke vir gebruik aan die goewermentskole, die Kerk se aandag geniet.[7]

(b) Die Ned. Geref. Kerk.

Ook hierdie Kerk het sy belangstelling in die onderwys daadwerklik getoon. Die Algemene Vergadering van die Ned. Geref. Kerk het reeds 'n paar maande voor die Onderwyswet van 1882 in werking getree het, ernstige bespreking gewy aan die klein aantal skole in die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit was egter 'n verblydende verskynsel

dat........../-171-

1) D.H. Cilliers: Die Gesk. van Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole in Kaapland, 1652-1949, 158.
2) Geref. Gemeente, Pretoria: Kerkraadsnotule, 21 Julie 1822.
3) Ibid, 12 Okt. 1882.
4) Geref. Gemeente, Pretoria: Kerkraadsnotule, 6 Julie 1883.
5) J.Chr. Coetzee: Die Geref. Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 1859-1937, 22.
6) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk in Suid-Afrika van 1888, art. 19.
7) Ibid 1896, art. 42.

dat die gemeentes druk besig was om fondse in te samel vir die stigting van skole. Die Kerk kon nou gebruik maak van die regering se ondersteuning, terwyl hy nie voorheen geneë gevoel het om met die Engelse regering saam te werk nie. Daar moes kommissies wees wat die onderwys sou bevorder, nl. 'n Uitgebreide Kommissie, wat bestaan het uit die plaaslike kerkrade wat plaaslike probleme moes opspoor en voorlê aan die Kerklike Kommissie, wat die uitvoerende liggaam gevorm het. Lg. moes probeer om skole op te rig en onderwysers te vind.[1]

Ouers van die Ned. Geref. Kerk het dan ook in alle gemeentes skole onder die subsidiestelsel van die skoolwet gestig.[2] Die eerste Hollandse skool in Johannesburg, die Gouvernmentschool is in 1889 deur hierdie Kerk gestig en die kerkraad het ook deel van die skoolkommissie gevorm.[3] Verder lees ons van verskeie ander skole wat in die tydperk deur die Ned. Geref. Kerk opgerig is, bv. op Zeerust en Jacobsdal, terwyl die Superintendent die skoolkommissies van die Ned. Geref. Gemeentes van Potchefstroom, Heidelberg, Utrecht en Zandfontein ontmoet het en gevra het om die inisiatief te neem.[4]

(c) Die Ned. Herv. Kerk.

Hierdie Kerk het hom steeds beywer vir die verbetering van die onderwys. Die Superintendent het dan ook doelbewus die samewerking van die Ned. Herv. Kerk in die stigting van skole gesoek, en dit ook gevind.[5] Die kerkrade van die Ned. Herv. Kerk op Zeerust en Jacobsdal het die belange van die onderwys op die hart gedra.[6] Die Superintendent het ook Rustenburg besoek op aandrang van die leraar van hierdie kerk en op 'n gemeentevergadering die grondbeginsels van die Wet toegelig.[7] Ook in Pretoria en by Zandfontein is die hulp van die Ned. Herv.

Kerk........../- 172-

1) Ned. Geref. Kerk: Notule van Alg. Verg. 1886-1886, 15, 29, 30.
2) Idem.
3) P. Venter: Die Groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg 1886-1920, 34.
4) Superintendent van Onderwys: Verslag 1882, 220-222.
5) J.H. Bekker: Godsdiens in die onderwys van Blankes in Transvaal tot 1953, 118.
6) Superintendent van Onderwys: Verslag 1882, 220-222.
7) Idem.

Kerk ingeroep met die oog op die stigting van skole.[1]

Ook het die predikante van die Hervormde gemeentes hulle vir die onderwys beywer. Ds. L.G.F. Biccard van Soutpansberg het soms self skoolgehou [2] en ds. Van Warmelo „bleef zich met allen yver wyden aan de belangen der kerk en vooral ook aan de opvoeding der kinderen en het onderwys op de scholen."[3]

4. Samevatting.

Ds. S.J. du Toit het die idees van dr. A. Kuyper insake die onderwys uit Nederland oorgedra in die Suid-Afrikaanse Republiek.

In sy dienstydperk as Superintendent van Onderwys is die gereformeerde beginsel in die onderwys wat betref oprigting, instandhouding en beheer deur hom gehandhaaf in die sin dat hy vir ouers, Staat en Kerk 'n plek toegestaan het. Hy het die stigting van skole aan die inisiatief van die ouers oorgelaat. Die ouers was ook saam met die Staat, mede-verantwoordelik vir die instandhouding en beheer van die skole terwyl die Kerk moes toesig hou oor die skole. Die inisiatief tot die stigting van skole het dikwels van die Kerk uitgegaan i.p.v. die ouers.

Wat die gees en rigting van die onderwys betref, het S.J. du Toit nie volgens gereformeerde beginsel gehandel nie. Hy het wel gesorg dat die onderwys in die skool dieselfde is as dié wat deur die ouers in die huise onderrig is, m.a.w. Christelik-nasionaal. Waar die gereformeerde beginsel egter eis dat die gees en rigting van die onderwys deur die ouers bepaal word, is dit in hierdie tydperk uitsluitlik deur die staat gedoen. Staat en ouers was dus nie saam verantwoordelik vir die bepaling van die gees en rigting van die onderwys nie.

Du Toit......../-173-

1) Superintendent van Onderwys: Verslag 1882, 220-222.
2) De Hervormer, 8 Aug. 1928, 29.
3) Ned. Herv. Kerk: Almanak 1907, 51.

Du Toit het egter deur die godsdiensklousule getoon dat hy 'n ware Christelike skool wou hê, d.i. 'n skool waar die Christelike gees alle onderwys moet besiel; 'n skool dus in die teken van die Christendom.

Die snelle ontwikkeling van die onderwys onder die Wet het voortgeduur tydens die hele tydperk van Du Toit se beheer. Daar is nog gebruik gemaak van privaatonderwysers, maar waar die aantal privaatskole in die tydperk 1866-1881 sterk toegeneem het, het dit geleidelik afgeneem onder die bewind van Du Toit.[1)]

Die hele bevolking was egter nie tevrede met die onderwyswet van Du Toit nie. Dit was veral art. 7 wat bepaal het dat Hollands die medium moet wees wat die moeilikheid veroorsaak het, en die feit dat daar met die toekenning van subsidies nie suiwer gehandel is nie.

Alhoewel die Christelike beginsel in die tydperk ten volle gehandhaaf is in die skole, het dit met die nasionale beginsel nie altyd so goed gegaan nie, ten spyte van die feit dat Du Toit 'n sterk voorstander was van nasionale onderwys. Dit moet toegeskryf word aan 'n gebrek aan doeltreffende boeke en 'n tekort aan nasionaalgesinde onderwysers.

Die drie Afrikaanse Kerke het in hierdie tydperk hulle volle ondersteuning aan die Staat gegee om die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek te bevorder.

---

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 54.
J.V. Coetzee en J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863-1938. Die Geskiedenis van die Kerklike lewe en Onderwys, 45.

## HOOFSTUK V.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL BESTENDIG IN DIE TYD VAN DR. NICOLAAS MANSVELT.

1. Inleiding.

Na die bedanking van ds. S.J. du Toit as superintendent op 14 Januarie 1888, het die heer Hendrik Stiemens opgetree as waarnemende superintendent.[1] Die stelsel van onderwys het gedurende die dienstydperk van Stiemens onveranderd gebly.

In Oktober 1891 is Stiemens opgevolg deur dr. Nicolaas Mansvelt. Hy het dadelik 'n reis deur 'n gedeelte van die Suid-Afrikaanse Republiek onderneem om persoonlike indrukke te versamel asook om in noue aanraking te kom met diegene vir wie die skoolopvoeding noodsaaklik en onmisbaar was. Hy was vasbeslote om „zonder de bestaande eigenaardige toestanden dezer Staat zoo in te richten, dat de opvoeding van de kinderen des volks moge beantwoorden aan de verhoogde eischen door den tegenwoordige tijd gesteld, en dat dus het opgroeiend geslacht moge worden opgeleid tot ontwikkelde Christelijke mannen en vrouwen, die het erfdeel hunner vaderen met kennis en wijsheid kunnen bouwen, bewerken en besturen."[2]

2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

(a) Oprigting, instandhouding en beheer van skole.

(i) Onderwyswette en regulasie.

In die vorige hoofstuk het ons daarop gewys dat art. 7 van Du Toit se Onderwyswet wat bepaal het

dat........../-175-

1) R. 1013/88 by R. 493/88. Ds. S.J. du Toit en H. Stiemens aan Regering, Pretoria, 31 Januarie 1888.

2) Superintendent van Onderwys: Verslag 1891, 5.

dat Hollands die medium moet wees, baie moeilikheid veroorsaak het. Dit het geblyk onprakties en onuitvoerbaar te wees. In die Volksraad is daar dan ook herhaaldelik voorgestel dat aangesien dit so moeilik was om art. 7 te handhaaf, die Wet dan liewer gewysig moes word. As gevolg hiervan is daar kort na sy aanvaarding van die superintendentskap, aan Mansvelt opgedra om 'n nuwe onderwyswet op te stel.

Die konsepwet is reeds op 5 Mei 1892 deur die Volksraad behandel en 'n kommissie is benoem om die wetsontwerp te oorweeg.[1] Daar is nie veel veranderings deur die kommissie aangebring nie, en op 2 Junie het die Eerste Volksraad die konsep as Wet nr. 8 bekragtig.[2]

Hoewel baie uitvoeriger, is hierdie wet in hoofsaak op die Du Toit-wet gebaseer. Daar was egter 'n hele paar afwykings wat van die grootste belang was. Die algemene inleidende bepalinge is egter feitlik heelhuids uit die Du Toit-wet oorgeneem.
Art. I lui: „De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek uitgaande van het beginsel, dat het de taak van der ouders is te zorgen voor de opvoeding en het onderwijs der kinderen, beperkte hare bemoeiingen met het schoolwezen:
(1) Tot het aanmoedigen en ondersteuning van particulier inisiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van scholen;
(ii) Tot het schoolopzicht voor zoover zij zich geroepen acht er voor te waken, dat hare toekomstige burgers de vereischte Protestantsch-Christelijke opvoeding ontvangen; en (iii) Tot het stichten van een inrichting voor Hooger Onderwijs, voornamelijk ter opleiding van amptenare en onderwijzers,.......".[3]
Art. II van 1882, die godsdiensklousule, word ook feitlik net so oorgeneem met weglating van onderafdeling (e) wat die inisiatief op die kerkrade wou skuif.[4] Genoemde

onderafdeling...../-176-

1) E.V.R. Notule 5 Mei 1892.
2) E.V.R. Notule 2 Junie 1892, art. 362.
3) Wet No. 8 van 1892. Staats Courant, 1 Junie 1892.
4) Locale Wetten der Z.A.R., 1890-1893, 422.

onderafdeling het gebots met die hoofbeginsel van die wet, nl. ouerverpligting. Mansvelt het met die weglating daarvan die skool losser van die Kerk gemaak.
Art. III van die Wet nr. 8 lui soos volg: „De regeering wenscht, zooveel mogelijk, door hare ondersteuning het onderwijs toegankelijk te maken voor alle burgers en andere blanke bewoners der Z.A. Republiek, inzonderheid ook voor de ver uiteen wonende boerenbevolking, en biedt daartoe eene driemaandelijksche toelage aan voor alle scholen, die voldoen aan de eischen dezer Wet een aan den Superintendent van Onderwijs vastgestelde Standaarden van Onderwijs, welke toelage bereken zal worden:
(a) Naar den Standaard van Onderwijs in de respectieve scholen; (b) Naar het gezamentlik bedrag der betaalde schoolgelden en der vrijwillige bijdragen tot stijving der schoolfondsen, zooals nader bepaald en beperkt in art. 17, letters (a) en (b), uitgezonderd bijdragen voor het bouwen van schoollokalen." Artikel 17 het bepaal dat die subsidie deur die regering toegeken, bereken sou word volgens die totale skoolgeld wat gedurende die kwartaal ontvang is. Vir elke twee pond wat die skoolkommissie gee sou die regering vyf pond bydra.

Die eerste gedeelte van art. 3 van die twee wette stem dus ooreen. Mansvelt het egter 'n belangrike byvoeging gemaak waardeur die ouers indirek gedwing word om by te dra tot die opvoeding van hulle kinders. Die Du Toit-wet het alles oorgelaat aan die inisiatief van die ouer en tog is die verpligtinge geheel en al uit die hande van die ouers weggeneem. Mansvelt het besef dat daar faktore was wat bygedra het om die grondslag van die bestaande onderwyswet, die inisiatief van die ouers, nie tot sy reg te laat kom nie. Hy het besef dat die plattelandse bevolking nie genoeg belangstel in die opvoeding van hulle kinders nie en dit vir die Staat nodig sal wees om in te gryp waar die private inisiatief ontbreek. Doen die Staat dit nie, sal die kind daaronder ly.

Artt. 3 en 17 is druk bespreek in die Volksraad. Die Superintendent het sy sienswyse uitgespreek deur op die pligsgevoel van die ouers te wys. Die burgers moes

die........./-177-

die noodsaaklikheid van onderwys leer besef. Die Staatspresident het met hierdie sienswyse saamgestem en gesê dat die ouers geleer moes word om iets te betaal. Volgens hom sou 'n deel van die ouers altyd hulle kinders soveel laat leer as nodig is om lidmaat van die Kerk te word en hierdie burgers sou seker daarvoor wil betaal, Dié ouers wat hulle kinders verder wou laat leer, sou ook geen besware hê om daarvoor te betaal nie.[1] Dit was egter die standpunt van party lede[2] dat hierdie wyse van subsidiëring 'n verpligting aan die volk oplê en dat die onvanpas was by 'n ondersteuning. Die ander lede het egter na die doopsbelofte van die ouers verwys waar die ouers belowe het om vir die onderwys te sorg. Volgens hierdie groep was die verpligte bydraes van die ouers gering en nog 'n voordeel van die voorgestelde reëling was „dat het juist zulk een groot gebrek van de oude Wet was dat die als't ware die verplichting geheel en al uit de handen der ouders had weggenomen".

Artikels 9-16 en 20-23 gaan oor die oprigting van skole en die skoolbestuur. Indien die skoolkommissie 'n skool wou oprig, moes hulle aansoek doen by die regering om 'n stuk grond om die skool op te bou (art. 9). Die regering sou dan die skool subsidieer indien dit onder toesig gestaan het van 'n skoolkommissie wat soos volg saamgestel is: Vir wykskole moes die kommissie uit minstens drie lede en vir dorpskole uit minstens vyf lede bestaan wat deur en uit die daartoe bevoegde stemgeregtigdes gekies is. Alle vaders van huisgesinne wat binne 'n redelike afstand van die betrokke skool woon, en verder „alle mannelijke personen, die door een bijdrage ten behoeve van het schoolfonds, ten genoegen van de meerderheid der eerstegenoemde stemgerechtigden, zich het stemrecht zullen verwerven" is stemgeregtig (art. 11).

Elke skoolkommissie moes sorg vir 'n behoorlike skoolgebou met meubels en ander toebehore, (art. 14) en het die

reg........./-178-

1) Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1952, dl. I, 83.

2) Hierdie lede was J. du P. de Beer en J.M. Malan verteenwoordigers van die distrikte Waterberg en Rustenburg. Vgl. Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,1952,dl. I, 84.

reg besit om op sy eie voorwaardes die onderwysers aan te stel met goedkeuring van die Superintendent van Onderwys (art. 15).

Hier het ons dus in die Mansvelt-wet 'n belangrike verandering. Die Staat het ook nou 'n aandeel in die aanstelling van onderwysers, waar dit vroeër uitsluitlik in die hande van die ouers gelê het.

Die oppertoesig oor al die skole sou toegewys word aan die Superintendent van Onderwys wat aangestel word deur die regering. Hy sou bygestaan word deur inspekteurs wat op aanbeveling van die Superintendent deur die regering aangestel word (artt. 5-8).

Mansvelt het net soos Du Toit vir ouer, Staat en Kerk 'n plek ingeruim in sy onderwyswet. Hy het egter die aandeel van die Staat vergroot terwyl hy dié van die Kerk verminder het.

Die ouers was nog verantwoordelik vir die onderwys van hulle kinders, en die inisiatief moes nog van hulle uitgaan. Hulle was mede-verantwoordelik vir die oprigting en beheer van die skole. Die ouers is egter direk deur die Staat gedwing om by te dra tot die instandhouding.

Die Staat was saam met die ouers mede-verantwoordelik vir die oprigting, instandhouding en beheer van die skole. Sy aandeel ten opsigte van die beheer is vergroot deurdat die onderwysers nou met goedkeuring van die Superintendent van Onderwys aangestel sou word.

Die Kerk se aandeel is verminder deur die verwydering van onderafdeling (e) van art. 2 van die Du Toit-wet, wat die inisiatief op die kerkrade wou skuif in die stigting van skole en die kies van skoolkommissies.

(ii) Toepassing.

In sy onderwysverslag van 1894 kla die Superintendent oor die groot aantal kinders wat nie skole besoek nie omdat hulle ouers nie genoeg belang stel nie. Hy vra: „Wat moet er van dese kinderen des volks worden, als

zij zo opgroeien. Wat zal over eenige jaren de positie van de kleinkinderen der oude Voortrekkers in dit land zijn.[1]

Baie ouers het nog geglo dat drie of ses maande onderwys voldoende was om hulle kinders volleerd te kry. Daar was selfs gevalle waar ouers enige vorm van skoolonderwys oorbodig geag het of waar armoede, verdeeldheid op kerklike gebied of gebrek aan werkkragte, onoorkomelike hindernisse was.[2] Daar het ook talle klagtes van onderwysers gekom wat beweer het dat die skoolkommissies geen belang in die onderwys stel nie.

In 1893 kla die onderwyser op Vaalkop in die distrik Ermelo: „Gebrek aan Fondsen, en onderlinge samewerking, verscheidene ouders konnen hunne kinderen naar school sturen, maar ieder, of de meesten, willen zelf een onderwijzer huren voor een salaris, daar geen goed onderwijzer voor wil werken."[3] In dieselfde jaar skryf die latere inspekteur J.L. Moerdijk dat dit die taak van die ouers is om vir die onderwys te sorg, maar dat dit moeilik gaan en dat heelparty ouers hulle daaraan onttrek. Op Zwagershoek was daar tussen 50 en 60 kinders wat geen onderwys ontvang het nie, maar slegs ses van hulle kon op ondersteuning aanspraak maak.[4]

Ook kla ds. P. Postma in 1895 by die geleentheid van die opening van die eerste algemene vergadering van die V.V.O.O.Z.A. dat daar by die ouers behoefte aan onderwys behoort te bestaan, „want als de ouders zoo onverschillig bleven zou men komen op het punt van Staatsscholen." Ds. Postma was as predikant van die Gereformeerde Kerk gekant teen staatskole, maar het getuig dat sy ervaring hom geleer het dat daar op die platteland in die afgelope twaalf jaar nie veel vooruitgang bespeur kon word nie.[5]

Ds. Postma het dan ook soos dr. Mansvelt besef dat dit 'n gesonde beginsel is, 'n beginsel om ná te streef, maar dat dit moeilik is om dit toe te pas as die



1) Superintendent van Onderwys: Verslag 1894, 8.
2) Idem.
3) O.R. 1633/94.
4) O.R. 353/93 van 10 Maart 1893.
5) T.O.-Argief: Notule van eerste Algemene Vergadering. Die V.V.O.O.Z.A. ('n Onderwysersvereniging wat in April 1893 gestig is. Op die tweede samekoms van die vereniging op 26, 27 en 28 Maart 1894 is die Statuut van die vereniging aangeneem.)

samewerking van die ouers nie daar is nie.

Hierdie gebrek aan belangstelling aan die kant van die ouers het dus meegewerk om die grondslag van die bestaande onderwyswet, die inisiatief van die ouers, nie tot sy volle reg te laat kom nie. In 1893 het een van die lede van die Volksraad verklaar dat die plattelandse bevolking te min liefde vir die opvoeding van hulle kinders besit.[1)]

Dat die Superintendent gou aan staatsonderwys begin dink het, sien ons uit sy toesprake in die Volksraad, alhoewel hy altyd te kenne gegee het dat dit wel die ideaal behoort te wees dat die inisiatief van die ouers moet uitgaan. In 1893 het hy in die Volksraad verklaar dat die ouers vir die opvoeding van hulle kinders moet sorg met geldelike ondersteuning van die Staat. Daarna het hy daarop gewys dat daar twee weë is: óf hierdie beginsel handhaaf óf staatsonderwys invoer.[2)]

In die volksraadsitting van 1895 het die Superintendent verklaar dat hy oor staatsonderwys nagedink het. Hy het te kenne gegee dat hy besef dat dit teen die beginsel van ouerplig is wanneer die Staat onderwys in die hande neem. Daarom moet die Staat soveel moontlik die onderwys tegemoet kom, maar die inisiatief moet van die ouers uitgaan.[3)]

Na die Jamesonstrooptog het die Superintendent nog meer getwyfel aan die waarde van die hoofbeginsel van die Onderwyswet. Hy verklaar dat die privaatinisiatief geen gelyke tred hou met die hoër eise wat die tyd aan die opvoeders van die opgroeiende geslag stel nie.[4)] In sy onderwysverslag verklaar hy dat dit, na die Jamesonstrooptog, vir hom 'n groot vraag is „of men terwille van een beginsel, zich aan het gevaar mag blootstellen van alles te verliezen door te veel aan „particulier inisiatief"

over........../-181-

1) <u>Volksraadnotule</u>, 3 Augustus 1893, art. 980.
2) Ibid, 5 Augustus 1893, art. 986.
3) Ibid, 22 Mei 1895, art. 153.
4) <u>Superintendent van Onderwys</u>: Verslag, 1895, 18.

over te laten." Hy ag dit die plig van die leiers van die volk om in die streke waar die behoefte aan 'n beter opvoeding en 'n beter ontwikkelde onderwys nog nie gevoel word nie, die mense daartoe in die geleentheid te stel, onder andere deur verplaasbare skoolgeboue en onderwyswonings beskikbaar te stel.[1)]

Die Superintendent staan dus nou by die kruispunt van twee paaie. In die toekoms sou hy, volgens opdrag van die Regering en die Volksraad, albei bewandel. Daar sou staatskole wees vir die uitlanders en gesubsidieerde skole vir die Boerebevolking.[2)]

Waar dr. Mansvelt se voorganger, ds. S.J. du Toit, staatskole veroordeel het, het dr. Mansvelt weer etlike goeie hoedanighede daarin gesien, alhoewel hy altyd 'n voorstander was van die idee dat die inisiatief van die ouers moet uitgaan.

Nadat die wet in werking getree het, was daar 'n sekere afname in die aantal leerlinge op skool, maar gou het verbetering ingetree. In 1892 was daar 484 skole met 7,932 leerlinge, in 1893 'n vermindering na 412 skole met 5,909 leerlinge, in 1894 'n styging na 419 skole met 6,626 leerlinge, in 1895 422 skole met 7,217 leerlinge, in 1896 'n afname na 395 skole met 7,738 leerlinge, in 1897 457 skole met 10,777 leerlinge en in 1898 'n geweldige styging van 509 skole met 13,561 leerlinge.[3)]

Hierdie aanvanklike daling in die aantal leerlinge moet grootliks toegeskryf word aan die weiering van subsidie aan skole wat nie aan die wet voldoen het nie en dit sal in 'n volgende paragraaf breedvoerig behandel word.

(b) Die Skoolopvoeding moet Christelik wees.

Dat die onderwys Christelik moet wees, besef dr. Mansvelt terdeë. Hy verorden dit nie net alleen deur wetgewing nie, maar praat ook daaroor. Op 16 Desember 1891 lewer hy 'n toespraak te Paardekraal, waarin hy

sy........../-182-

1) Superintendent van Onderwys: Verslag, 1895, 18.
2) Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Gesk., 1952, dl. I, 133.
3) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 64.

sy gedagtes oor die onderwys aan die gehoor uitspreek.[1]

Hy wys in sy toespraak op die gevare wat die bevolking van die land bedreig. Hy toon aan dat jong Afrikaners geneig was om die ondeugde van die vreemdeling oor te neem, bv. die gebruik van onwelvoeglike taal, drankmisbruik en die ontheiliging van die Sabbatdag. Om hierdie euwels te bestry, is daar nodig, „een onderwijs gegrond op Gods Woord, op de geschiedenis en de overlevering van ons volk, op de aard en zeden onzer natie."[2]

Dat Mansvelt die godsdienstige onderwys heel eerste gestel het, blyk uit sy toespraak. Hy beweer dat taal en volk een is, en om onderwys waarlik nasionaal te laat wees, „is het, naast een gezond, godsdienstig onderwijs, van het hoogste belang dat een kind grondig onderwezen worde in zijn moedertaal."

Spreker beklemtoon vervolgens dat daar baie Afrikaners is wat vir goud of voordele hul selfstandigheid, sedes, godsdiens en nasionaliteit verloën en dat die ou, standvastige geslag uitsterf, sodat dit nou nodig geword het om die posisie te red.

In 'n lesing, saamgevat in die boekie „Het Onderwijs in Zuid-Afrika", verklaar Mansvelt dat die mislukking van die Burgerswet toegeskryf moet word aan die verontagsaming van die godsdiens. Hy sê: „Deze wet door President Burgers ontworpen, bleef onvruchtbaar, omdat zij, zoals Lion Cachet terecht opmerkt, gegrond was op een beginsel, lijnrecht in strijd met het godsdienstig bewustzijn der natie."[3]

Hieruit blyk dat dr. Mansvelt besef het dat die onderwys op Christelike beginsel gebaseer moet wees.

Dat hy die vertroue van die Staatspresident en Regering gehad het, blyk uit woorde wat hy in dieselfde toespraak gebesig het: „Ondanks allen tegenstand en verdachtmakerij waren er door het geheel land menschen die mij begrepen en vertrouwen, en ook in den Eerste Volksraad, voor welken ik mij jaarlijks te verantwoorden had,

werd......../-183-

1) De Volkstem, 7 Januarie 1892.
2) Idem.
3) Mansvelt: Het Onderwijs in Zuid-Afrika, 44.

werd ik door de meerderheid hartelijk gesteund. Bovendien mogt ek mij in't blijvend en zelfs toenemend vertrouwen van den Staatspresident en van bijna alle Regeeringspersonen verheugen en dit, gevoegd bij de innerlijke overtuiging, dat ik mijn plicht deed en naar mijn beste weten en geweten het waarachtig heil van het Transvaalsche volk trachte te bevorderen, stelde mij in staat, met moed en vertrouwen op den ingeslagen weg voorwaarts te gaan."[1)]

(i) <u>Die Transvaalse Onderwyswet van 1892 met betrekking tot die Christelike onderwys.</u>

Artikel 2 van Wet no. 8 van 1892 lui:

„Erkennende dat het leerstellig godsdiensonderwijs als zoodanig thuis behoort bij de Kerk, en niet bij den Staat, zoo eischt de Regering slechts, dat in alle van Regeeringswege ondersteunde scholen het onderwijs in de verschillende leervakken gegeven worde:

(a) In Protestantsch-Christelijke geest;

(b) Waarbij begrepen worden het openen en sluiten der school met gebed, het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren;

(c) Terwijl het bepaald confessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respectieve Kerkbesturen wordt overgelaten;

(d) Waarin de verschillende Schoolbesturen naar omstandigheden alleen zullen behulpzaam zijn door het ten dienste stellen van schoollokalen als anderzins."

Aangaande die onderwysers bepaal artikel drie en dertig van die besondere bepalinge betreffende die laer- en middelbare onderwys: „Alle onderwijzers aan ondersteunde scholen moeten, voor zij als zodanig erken kunnen worden, aan den Superintendent van Onderwijs bewijzen voorleggen, dat zij leden zijn eener Protestantsch-Christelijke Kerk en tevens van goed zedelijk gedrag." Artikel 40 van die Wet bepaal ook dat waar daar in die Wet van „onderwijzer" of „kweekeling" gepraat word, dit sowel vroulike as manlike persone geld, en, waar dit nie uitdruklik vermeld word nie, dit die bedoeling van die Wet is dat die persone aan 'n Protestants-Christelike kerkgenootskap moet behoort.

Dr. Mansvelt...../-184-

---

1) Mansvelt: <u>Het Onderwijs in Zuid-Afrika</u>, 36.

Dr. Mansvelt het in die Volksraad gesê dat hy hom so-veel as moontlik aan die Du Toit-wet gehou het.[1] Die volgende artikels van die Du Toit-wet is letterlik oorgeneem: „Waarbij begrepen word het openen en sluiten der school met gebed, het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren; terwijl het bepaald confessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respectieve Kerkbesturen word overgelaten." Die volgende is egter in die Mansvelt-wet uitgelaat; „Waarbij de Regering de wenschelijk uitspreekt, dat de verschillende Gemeenten en Kerkraden zelf, zooveel mogenlijk is, het initiatief nemen in het stichten van scholen en het kiezen van schoolcommisiën."[2]

Nog 'n verskil tussen die Wet van 1882 en dié van 1892 is die volgende: Die Wet van 1882 bepaal dat die Regering dit as sy plig beskou om daar oor te waak dat die toekomstige burgers „de vereischte Christelijke opvoeding"[3] ontvang. Die konsep van 1892 stel dit duideliker deur die term „Protesstantsch Christelijk" te gebruik en sluit sodoende Rooms-katolieke en Jode uit.

Mansvelt wou graag 'n Transvaalse gimnasium hê en in sy „Memorie van Toeligting" verklaar hy dat die Regering beoog om „Althans eene inrichting in de Republiek te hebben, waarin knapen in echt Christelijke en Nationalen geest worden opgeleid, tot zij geheel rijp en vatbaar zijn voor het eigenlijk Universitair Onderwijs in Europa of elders.[4] Ook hier wou hy sorg dat daar 'n Christelike gees heers.

Ook die inspekteurs moes 'n Christelike lewensbeskouing besit, want die Wet bepaal: „De inspecteurs zullen bewijs moeten overleggen van hun wetenschaplijke bekwaamheid tot satisfactie der Regeering, van onbesprokenheid van wandel en moeten lidmaten zijn van een Hollandsch-Protestantsche Kerk."[5]

(ii) Toepassing.../-185-

1) Volksraadnotule, 25 Mei 1892, art. 266.
2) Wet no. 1 van 1882, art. 2(e).
3) Ibid, art. 1(b).
4) Memorie van Toeligting, art. 51a. Art. 47a van Wet No. 8.
5) Wet No. 8 van 1892, art. 8.

(ii) Toepassing.

Mansvelt het besef dat indien daar Christelike onderwys aan die skole gegee moet word, daar in die eerste plek gesoek moet word na Christelike onderwysers. Waar hy dus onderwysers uit Nederland ingevoer het, het hy altyd daarop aangedring dat hulle streng godsdienstig moet wees. In 'n skrywe aan prof. C.B. Spruyt in Amsterdam verklaar dr. Mansvelt dat daar streng gelet word op die godsdienssin van die uitgestuurde en toekomstige Nederlandse onderwysers in Transvaal.[1] Veral ten opsigte van Bybelkennis en godsdienstige gesindheid van die sollisitante moet die Kommissie 'n strenge ondersoek instel, „omdat zoo ontzaglijk veel van deze zaak afhangst en m.i. de handhaving van het godsdienstig onderwijs onder onze menschen een sine qua non is voor het welslagen van ons streven d.i. de handhaving van het Holl. Afr. element in Z.-Afrika.[2]

In 1895 het dr. Mansvelt die Regering versoek om £1000 ter verkryging van onderwysers uit die buiteland beskikbaar te stel.[3] Die Superintendent het gehoop om „de beste onderwijzers uit de buitenland te lokken en toezicht (te) houden dat alleen mannen, die door Christelijke belijdenis en Christelijken wandel uitmunten, de opvoeding van kinderen onzes volks in handen houden en die in nationalen zin leiden."[4]

Waar dit egter dr. Mansvelt se beleid was om onbekwame onderwysers te ontslaan en die onderwys op 'n hoë peil te bring, is dit interessant om die beskouing van president Kruger in verband met die saak te ondersoek. In 1893 het 'n sekere ongekwalifiseerde onderwyser sy ontslag gekry en het hy daarop by die President gaan kla. Die President het die onderwyser op sy Bybelkennis geëksamineer, want in 'n skrywe word vermeld: „Z.HEd. de Staatspresident vond, dat Botha veel te goed in den Bijbel thuis was om hem te ontslaan, beter dan de meerderheid van onze

Hollandsche....../-186-

---

1) L.A. 696, 20 Julie 1894. Argief Pretoria.

2) Idem.

3) R. 6921/95 in R. 2666/95. Supt. van Onderw. aan Staatsekr., 15 Julie 1895.

4) Idem.

Hollandsche onderwijzers die toch te modern waren."[1] In hierdie geval is daar van regeringsweë sterk druk uitgeoefen, en die Superintendent was verplig om die afgedankte onderwyser in sy pos te herstel.

Hierdie voorbeeld toon net wat die houding van die meeste ouers was ten opsigte van die Bybelkennis en die godsdiensonderwys aan die skole. As 'n onderwyser die Bybel goed ken, is hy 'n gelowige en kan hy dus die Bybelwaarhede oordra aan die opvoedeling, wat die vernaamste beginsel is in die Christelike onderwysing.

Tweedens het Mansvelt en die Departement baie moeite gedoen om geskikte boeke vir die skole te verkry. Ons sien dat die Departement in Maart 1896 aan die wens van die Gereformeerde Kerk, nl. dat daar Christelike boeke in die skole gebruik word, voldoen het."[2] In 'n brief wat die Sekretaris van Onderwys aan die Kerk geskrywe het, het hy die Kerk daarop gewys dat daar 'n lys van geskikte boeke beskikbaar is.[3] Ouers, Staat en Kerk het dus saamgewerk om Christelik-nasionale onderwys te verseker deur geskikte onderwysers en boeke te verkry.

In die skole sien ons dat die Bybelgeskiedenis een van die belangrikste vakke was en ook een van die vakke waarin inspeksie gehou is.[4]

Wat die Christelike aspek in die onderwys betref, het die Mansvelt-wet die bevolking heeltemal tevrede gestel.

(c) Die............/-187-

---

1) O.D. 228 Bb. 1460/93. G.A. Ode aan G.C. de Jonge, 18 Okt. 1893.

2) Op die Algemene Vergadering van 1895 van die Geref. Kerk is aandag aan die skoolboeke gegee na aanleiding van 'n beskrywingspunt: „De Alg. Vergadering benoemde een Com. om in overleg met het Departement van Onderwijs aanwijzing te doen van schoolboeken die door de Geref. Kerk kunnen aanbevolen worde" (art. 42 en 44). Hierdie lys van boeke is opgestel en voorgelê aan die Algemene Vergadering van Maart 1896 (art. 44).

3) Het Kerkblad, 15 April 1896.

4) E.G. Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 27.

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

Die gereformeerde beginsel dat die skoolopvoeding nasionaal moet wees, word deur dr. Mansvelt streng gehandhaaf. Voor sy aanstelling as Superintendent van Onderwys, toe hy nog dosent in die moderne tale op Stellenbosch was, het hy al 'n groot aandeel geneem in die stryd teen verengelsing van die Kaapse Afrikaner en het hy op die belange van die gebruik van die moedertaal gewys..[1]

Van dr. Mansvelt het verskillende geskrifte verskyn waarin hy sy nasionale gevoel sterk laat deurskemer het en as kampvegter opgetree het vir die Hollandse taal.[2]

In 'n toespraak wat hy in 1890 gehou het,[3] het Mansvelt verklaar dat onderwys in die Nederlandse taal en veral meer Nederlandse studieboeke baie sal bydra om die Engelse invloed te bestry. Dit is die plig van die ouer om die kind in die moedertaal te laat onderrig, en doen hy dit nie„dan is hij zelf de oorzaak, dat zijn kind noch de andere taal leert en zijn korten kostbaren leertijd verspilt in plaats van zoo veel mogenlijk die kennis op te doen, die onmisbaar is voor zijn later leven als lid van kerk en maatschappij."

Op 16 Desember 1891 het dr. Mansvelt by die feesviering op Paardekraal sy idees in verband met nasionale onderwys duidelik bekend gemaak. Hy het beweer dat die taal en volk een is, en om onderwys waarlik nasionaal te laat wees, is dit van die grootste belang dat die kind in sy moedertaal onderwys word, „niet alleen omdat daaroor de rechte

gevoelens........./-188-

---

1) Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1952, dl. I.

2) Van hom het o.a. verskyn: The Dutch Language in South Africa; Kaapstad, 1880; Proeven van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon; Kaapstad, 1884; Beknopte Handleiding bij de Taalkundige Tafels; Johannesburg, 1892; De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het Onderwijs; A.N.V., 1900; „De Hollandsche Taal en het Onderwijs in Zuid-Afrika van 1874 tot 1899"; De Gids, III, 1901; De Betrekking tusschen Nederland en Zuid-Afrika; Utrecht, 1904; Het Onderwijs in Zuid-Afrika, vooral met betrekking tot de Ned. Taal; Amsterdam, 1902; Hollands-Afrikaanse Liederbundel; Amsterdam-Kaapstad, 1907.

3) De Volkstem, 5 Februarie 1891.

gevoelens als mensch en burger van den Staat bij hem aangekweekt worden, maar ook omdat alleen door het onderricht in en door de moedertaal de menschelijke geest op de natuurlijkste en geleidelikste wijze kan worden ontwikkeld."

Hy beklemtoon dat onderwysers, ouers en kinders moet saamwerk daartoe dat ook in 'n ander opsig onderwys 'n nasionale gees gegee word „dat niet alleen de moedertaal in de eerste plaats grondig worde geleerd, maar ook, dat het onderwijs worde ingericht overeenkomstig de eischen van onzen tijd en met het oog op de toekomstige maatschappelijke betrekking het leerlingen."

Die Transvalers kon wel 'n ander taal leer, maar „dat hoeft en mag juist niet geschieden door onze eigen zelfstandigheid en nasionaliteit te verloochenen en af te sweren. Eendracht maak macht, maar den eendracht eischt niet, dat de een zijn zelfstandigheid, zijn persoonlijkheid, zijn aard en karakter verloochene en opgeve ter wille van den anderen, en allerminst is het noodig dat de Afrikaner zijn taal en nationaliteit afzwere om in vrede met zijn Engelsche landgenoten te leven."[1)]

Die koerant, De Volkstem, wat die mening van die regering en veral die president van die Suid-Afrikaanse Republiek verkondig het, sê die volgende van die Superintendent van Onderwys na aanleiding van sy toespraak op 16 Desember 1891: „Wij gelooven in hem een man te hebben aangetroffen die niet met woorden, maar met daden aan de zoo hoog noodige hervorming van het nationaal onderwijs al zijne onvermoeide krachten zal wijden. Van hem verwachten we dat hij de onuitroeibare wortels die de Hollandsche taal in Zuid-Afrika bodem geslagen heeft - zal doen gedijen."[2)]

Mansvelt het dit dus sy taak gemaak om „in de eerste plaats ons nationaal onderwijs en onze nationale taal te helpen opbouwen en handhaven.[3)] Dit was sy mening dat

toekomstige...../-189-

---

1) De Volkstem, 7 Januarie 1892.

2) Idem.

3) O.R. 445/99 in O.D. 285. Argief Pretoria.

toekomstige hoë amptenare nie op te jeugdige leeftyd aan die invloed van hulle ouers en die nasionale onderwys onttrek moet word nie. Daarom het hy 'n gimnasium vir seuns beoog waar hulle in 'n egte Christelike en nasionale gees opgelei sou word. Dit sou dan nie nodig wees om die seuns op jeugdige leeftyd weg te stuur en hulle „op een nog onrijpen leeftijd aan vreemde en voor onze nationaliteit schadelijke invloeden bloot te stellen."[1]

Die Superintendent het dit ook as teen die nasionale belang beskou „dat de jonge dochters, de toekomstige moeders van een komend geslacht" na die buiteland gaan „waar zij onder invloeden komen, die hoogst verderfelijk kunnen zijn voor het nationaal belang."[2]

Dat dr. Mansvelt die waarde van nasionale onderwys terdeë besef het, blyk uit 'n lesing deur hom gegee en saamgevat in sy boekie „Het Onderwijs in Zuid-Afrika." Hy verklaar daarin dat dit sy vaste oortuiging is dat „indien in de beide Zuid-Afrikaansche Republieken het onderwijs steeds in echt nationalen geest ware geleid en gegeven worden, er voor en na het uitbreken van den oorlog heelwat minder halfslachtigheid en weifelachtigheid zou geheerscht hebben en daaroor of de aanstokers van den oorlog door het vereenigd front van het Afrikanerdom zouden zijn afgeschrikt of, indien toch de oorlog ware door gedreven, deze in den aanvang met meer beslistheid zou gevoerd zijn, terwijl er zeker in den loop van den oorlog minder verraders zouden zijn gevonden."[3]

(i) <u>Wet No. 8 van 1892 met betrekking tot nasionale onderwys</u>.

Artikel 24 van afdeling C van die „bijzondere bepalingen betreffende het lager en middelbaar onderwijs" bepaal: „Alle onderwijs moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreemde talen is het den onderwijzer geoorloofd, zich

van de......../-190-

1) R. 4262/91 in R. 770/91. Supt. van Onderw. aan Staatsekr., 27 April 1892.

2) Memorie van Toeligting, ad. art. 50b.

3) Mansvelt: <u>Het Onderwys in Zuid-Afrika</u>, 8-9.

van de taal te bedienen, welke hij onderwijst."[1)]

Wat die skoolboeke betref, bepaal die Wet die volgende: „Alle leerboeken moeten in de Hollandsche taal geschreven zijn, behalve die welke bij het onderwijs in eene vreemde taal gebruikt worden." (art. 27)

Verder bepaal artikel 25 dat daar by die laer onderwys „des vereischt" in die derde standerd, drie van die vyf en twintig skoolure aan die onderwys van 'n vreemde taal bestee mag word, terwyl by die middelbare onderwys „waar de ouders dit verlangen," vier uur aan 'n vreemde taal gewy mag word. Die res van die skoolure moet al die onderrig egter deur en in die Hollandse taal geskied.

In sy „Memorie van Toeligting" het die Superintendent verklaar dat die ure wat toegestaan is vir die leer van 'n vreemde taal, net vir die leerlinge bestem is wat langer op die skool kan bly en hulle studie wil voortsit. Hy ag dit skadelik vir ander kinders om in die beperkte skooltyd nog tyd en aandag tussen twee tale te verdeel. Hy verklaar verder dat dit meer in belang van die kinders van die staat is om die moeder-taal deeglik te leer as om „deze en een vreemde taal slechts gedeeltelijk en gebrekkig te leeren."[2)]

Dat die meeste van die burgers dieselfde standpunt gehuldig het, blyk uit die besprekings in die Volksraad in verband met die punt. Raadslid A.A. Stoop (Wakkerstroom) het verklaar: „We moesten al onze krachten inspannen om onze nationaliteit op te houden zooveel we kunnen en de bewaring van onze eigen taal is daarvan een der vereischten....." Raadslid J.P.L. Lombaard (Standerton) het daarop gewys dat die Afrikaner sy bloed gegee het om sy vryheid te herwin en sy nastionaliteit, waarvan sy taal die fondament is, op te hou. Hy sluit sy betoog met die volgende woorde af: „Men moest niet van het standpunt uitgaan, dat die geen Engelsch had geleerd, niet hier terecht kon komen." Die voorsitter van die Raad (F.G.H.

Wolmarans)...../-191-

---

1) Wet No. 8 van 1892, art. 24.

2) Memorie van toeligting by artikel 28 van die Konsep. Wet, art. 24.

Wolmarans) het hom met hierdie sienswyse vereenselwig en verklaar: „Laat men niet redeneeren alsof men zonder Engelsch niet een bekwaam ambtenaar kon zijn, want spreker hield staande dat juist de kinderen die hun Hollandsch goed verstaan de mannen zullen worden, die we hier hebben moeten."[1)]

Die voertaal het dus dieselfde gebly as onder die Du Toit-wet. Die enigste verskil was dat dr. Mansvelt meer klem gelê het op die taalmedium en toegesien het dat die taalbepalings stiptelik in die praktyk toegepas is.[2)]

(ii) Toepassing.

Dr. Mansvelt het alles in sy vermoë gedoen om die onderwys op 'n nasionale grondslag te plaas. Omdat hy so sterk gevoel het oor die Hollandse taal, sou hy nie toelaat dat daar willekeurige verontagsaming van die Wet plaasvind nie.

Hoe het hy dan te werk gegaan om die aspekte van die Wet wat betrekking het op nasionale onderwys, te handhaaf?

Eerstens het hy gesorg dat daar strenge toesig gehou is en dat die bepalings toegepas word. Om dit te kon doen, moes hy die inspeksiestelsel op 'n meer uitgebreide grondslag organiseer. Die inspekteurs moes toesien dat die taalbepalings streng toegepas is en indien dit nie gedoen is nie, is verdere subsidie aan die skole geweier.

Dat die toepassing van art. 24 vir Mansvelt 'n ernstige saak was, blyk al duidelik uit sy eerste onderwysverslag. Hy het op sy inspeksiereis opgemerk dat daar by sommige skole te vroeg met die onderwys van die Engelse taal begin word. Hy meld dat dit lei tot vertraging in die moedertaal en aangesien baie kinders vroeg die skool verlaat, kry hulle nie genoegsame onderleg in die belangrike vakke nie.[3)]

In die verslag van 1892 kom hy op dieselfde punt terug en wys op die „misverstand, dat bij vele ouders, inzonderheid onder die dorpsbewoners, bestaat en dat niet

alleen......./-192-

---

1) Volksraadnotule, 27 Mei 1892, art. 288.
2) Basson: Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese, 32.
3) Z.A.R.-Onderwysverslag 1891, 9.

alleen het onderwys grootslijks belemmert, maar ook ernstige gevolgen voor ons nationaal volksbestaan kan hebben. Ik bedoel het wanbegrip, dat zich uitspreekt in den dwazen eisch dat jonge kinderen reeds beginnen zullen met het leeren eener vreemde taal, met name Engelsch, voor zij daartoe de noodige ontwikkeling hebben verkregen en geleerd, in hun eigen taal te lezen, geregeld te denken en zich behoorlijk uit te drukken."[1)]

Die uitbetaling van subsidie aan etlike skole wat nie behoorlike uitvoering aan die taalklousule gegee het nie, is sommer tydens die eerste inspeksie gestaak.[2)] Een hiervan was die Arcadiaskool op Pretoria waar ds. H.S. Bosman voorsitter van die skoolkommissie was.[3)] Ook aan die Excelsior en Wesleyaanse skole is subsidie geweier.[4)] Op Johannesburg is subsidie geweier aan die „Oxford House" skool,[5)] die „Marist Brothers" en die „Convent School."[6)] Die Opvoedings Instituut van George Hofmeyr het ook nie streng volgens die wetsbepalings gehandel nie, met die gevolg dat die uitbetaling van subsidie ook hier gestaak is,[7)] asook aan die Villa Nassau-skool van Doornfontein.[8)]

Tweedens het dr. Mansvelt die gebruik van Engelse skoolboeke beperk, behalwe by die onderwys van 'n vreemde taal. In 'n toespraak wat hy in 1890 gehou het, het hy meer onderwys in die Nederlandse taal en meer studieboeke in Nederlands bepleit om so die Kaapse Afrikaner te help om die Engelse invloed te oorwin. Die gevaar van Engelse boeke en die Engelse taal was volgens Mansvelt dat die volk daardeur sou verengels.[9)]

Dr. Mansvelt..../-193-

1) Z.A.R.- Onderwysverslag 1892, 7.
2) Idem.
3) O.D. 223- Brieweboek 1892: Wnd. Sekr. van Onderw. aan ds. H.S. Basson, 7 Maart 1892.
4) Verslag van de Schoolinspectiën - Z.A.R.: le Kwartaal 1892, 5, 7, 12.
5) Ibid, 47.
6) O.D. 223 - Brieweboek 1892: Suprt. van Onderw. aan F.P. Crots 15 Feb. 1892.
7) R. 12324/92 by S.S. 949/92.
8) Verslag van Schoolinspectiën: le kwartaal 1893, 41.
9) De Volkstem, 5 Feb. 1891.

Dr. Mansvelt het dan ook voorsiening gemaak vir die nodige skoolboeke, wat oorspronklik uit Nederland moes kom, maar later deur die Transvaalse boekies vervang is.[1]

Derdens wou hy die onderwys nasionaal maak deur te sorg dat leerkragte met die regte nasionale gesindheid aangestel word. Dit was die beleid van dr. Mansvelt om meer onderwysers uit Holland in te voer, want daarmee het hy gehoop om die Engelse gesindheid te bestry. Vir die Kaapse onderwysers het hy nie veel omgegee nie, omdat hulle hoofsaaklik 'n Engelse opvoeding geniet het. Hollands was vir hulle 'n aangeleerde boek-taal, en hulle het derhalwe nie veel vir Hollands omgegee nie. Die Kaapse onderwysers, altans 'n groep van hulle, het dan ook die leiding geneem in die beweging vir meer Engels op skool.[2]

Dat hy egter altyd voorkeur gegee het aan Afrikaners indien hulle reg gesind was, blyk uit 'n antwoord op 'n brief van een van die ontevredenes.[3] Daarin verklaar hy: „Elk Afrikaner, die de vereischte bekwaamhede bezit en omtrent wiens gezindheid ik geen wantrouwen koester, heeft bij mij de voorkeur zelfs boven mijn eigen oorspronkelijken landgenoten."

Mansvelt het gevolglik in sy onderwysverslae oor 1893 en 1894 die noodsaaklikheid van die opleiding van jong Transvalers as onderwysers(esse) bepleit. As voordele het hy genoem: (a) voorsiening in „de reeds lang bestaande" behoefte aan deeglik gekwalifiseerde onderwyskragte; (b) versterking van die nasionale element in die geledere van die onderwysers(esse); (c) die vormende Transvaalse onderwysstelsel sal gouer die stempel van Transvaal kry, waardeur 'n bolwerk vir onafhanklikheid en die selfstandige karakter van die Suid-Afrikaanse Republiek geskep sal word;(d) deur as onderwysers opgelei te word sal die seuns van die burgers teenoor vreemdelinge met die nodige kennis bewapen word.[4]

Gevolglik....../-194-

---

1) Bot; Honderd jaar Onderwys in Transvaal, 1836-1936, 21.
2) Ibid. 50-51.
3) L.A. 696-Superintendent van Onderw. i/s P.R. Viljoen. Argief Pretoria.
4) Z.A.R.: Onderwysverslae oor 1893 en 1894.

Gevolglik is daar beurse beskikbaar gestel om kinders van behoeftige ouers op te lei as onderwysers. In 1894 het die Raad dan ook twintig beurse van £60 per jaar toegestaan[1] wat toegeken is aan 11 seuns en 9 meisies wat hulle opleiding aan die Staatsmodel- en die Staatsmeisieskool respektiewelik ontvang het. Vanaf 1895 het ons dan 'n Normaalklas aan beide inrigtings, wat dus die begin is van die opleiding van toekomstige onderwysers(esse) direk deur die Staat.[2]

3. Reaksie van die ouers.

Soos reeds vroeër aangetoon is het die Volksraad besef dat art. 7 van die Du Toit-wet, wat Hollands as medium verpligtend maak, onuitvoerbaar was, en is Mansvelt gevra om die betrokke art. van Wet no. 8 van 1892 te wysig. Mansvelt het egter geen wysiging aangebring nie, maar gesorg dat die wet streng toegepas word. Lugtenburg spreek hom soos volg daaroor uit: „Die wysiging van die skoolwet is 'n direkte uitvloeisel van die onuitvoerbaarheid van art. 7 en tog word in die gewysigde wet hierdie groot faktor, wat vernaamlik oorsaak was van die wysiging,glad nie in aanmerking geneem nie. Het die Supt. wat nog kort tevore gepredik het, dat elkeen in Suid-Afrika (nie net in die Kolonie nie) Engels moes leer, die debatte omtrent hierdie onderwerp, wat vir die laaste ses of sewe jaar gereeld in die Raad gehou was, noukeurig deurgelees, dan sou hy miskien gesien het dat die bevolking van die Republiek vir 'n baie groot gedeelte dit roerend met hom eens was."[3]

Die gevolg hiervan was dat Mansvelt net soos sy voorganger, weer eens nie die ondersteuning van al die ouers gehad het nie.

In hierdie tydperk was daar vier groepe wat daarby betrokke was, nl.:

(i) 'n Groep wat van Engels niks wou weet nie;

(ii) 'n Groep wat die moedertaal met hand en tand wou handhaaf en slegs Engels verdra het omdat dit deur die wet voorgeskryf was;

(iii) 'n Groep....../-195-

---

1) Volksraadnotule, 1894, art, 1600.

2) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 229.

3) Ibid, 181.

(iii) 'n Groep wat van 'n tweetalige land gepraat het;
(iv) 'n Groep Uitlanders wat onderwys in Engels begeer het en net Nederlands wou leer as daar tyd was.[1]

Ons sien dat die Volksraad nie onverskillig teenoor die onderwys van die uitlanderkinders gestaan het nie. Dit blyk uit die stigting van die s.g. „Besluitskole" in 1892. Volgens spesiale besluit van die Volksraad is daar bepaal dat skole waarin die medium nie Hollands was nie, tog subsidie mag ontvang vir kinders van die nie-Hollandsprekende ouers, op voorwaarde dat hulle onderwys in die Hollandse taal ontvang van 'n deur die Superintendent goedgekeurde onderwyser.[2] Die uitlanders was egter nie tevrede nie en het geweier om die „Besluitskole" te steun.

In 'n openbare toespraak het H.S. Caldecott in April 1895 die aandag gevestig op die, volgens hom, onbevredigende toestand van die onderwys op die goudvelde van die Witwatersrand en die skuld daarvan toegeskryf aan die nalatigheid van die Regering. Hy het die inwoners van Johannesburg aangemoedig om vrye skole te stig waarin Engels die voertaal sou wees en het aanbeveel dat 'n kwartmiljoen pond ingesamel moes word vir die doel. Ook moes daar 'n Raad van Onderwys vir die Engelse skole benoem word.[3] So het dan op die Witwatersrand 'n Engelse „Council of Education" ontstaan met 'n eie direkteur van onderwys in die persoon van John Robinson.[4]

Dit is egter nie net in die uitlanderkringe waar verset teen die onderwysbeleid bestaan het nie, maar ook onder die Afrikaansprekende bevolking. Hier het ons veral te doen met vier groepe wie se gebrek aan samewerking die uitbreiding van nasionale onderwys gekortwiek het. Eerstens was daar die politieke partye en die pers wat elkeen hulle eie idees oor die onderwys verkondig het, tweedens die drie Hollandse kerkgenootskappe wat in sommige opsigte verskillende idees voorgestaan het, derdens die stryd tussen die

Kaaplander-....../-196-

1) H. Visscher, Onderwyskonferensie, 17 Des. 1895. Notule van Eerste algemene vergadering van die vereniging.
2) Volksraadnotule, 1 Junie 1892, art. 344.
3) Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Gesk., 1952, dl. I, 102-103.
4) The Star, 22 Aug. 1895.

Kaaplander- en Hollanderonderwysers, en vierdens die ouers wat nie almal dieselfde soort onderwys vir hulle kinders verlang het nie.

4. Die stryd in die Volksraad.

In die Volksraad was daar skerp meningsverskil oor meer Engelse onderwys in die skole, Aan die een kant was daar die ondersteuners van die Staatspresident en die Superintendent van Onderwys en aan die anderkant die s.g. progressiewe party met leiers genl. Joubert en Ewald Esselen. Die sienswyse van die President ten opsigte van nasionale onderwys, sien ons in talle toesprake. By geleentheid van sy inswering op 12 Mei 1893 het hy aan die jeugdiges onder sy gehoor gesê: „Het is my innige begeerte des harten om **al mijne** krachten in te spannen U op te leiden tot nuttige leden der maatschappij. Het is een groot voorrecht dat de Staat **Christelijk** onderwijs begeert. Gij hebt een groot voorrecht van het onderwijs in het land, en het is niet alleen eenigen die daaroor bevoorrecht moeten worden, maar het is ons doel het onderwijs tot allen te brengen om allen daarin te doen deelen....... Het is ook een groot voorrecht dat Uwe Wetgewende Macht en Regeering waken voor de taal des lands, de taal die uwe voorouders door strijd en worsteling lief gekregen hebben; de taal waarin uw Bijbel tot u komt. waarin gij uwen **Bijbel** leest." Hy het verder sy toehoorders vermaan deur te sê: „Wanneer gij onverschillig wordt jegens uwe taal, dan zijt gij ook onverschillig jegens uwe voorouders, en eveneens jegens uwen Bijbel en naderhand ook jegens uwen godsdienst, ja zelfs wordt gij dan onverschillig jegens uwe nationaliteit. Staat toch vast bij die taal...... Wel is het noodzakelijk vreemde talen te leeren en vooral de taal van hen waar gij mee omgaat, maar laat het u steeds eene bijtaal **zijn**."[1]

Die sienswyse van die Staatspresident is onderskryf deur „De Volkstem" wat as regeringsorgaan natuurlik die onderwysbeleid van die Staat gesteun het.[2]

Die........../-197-

1) Volksraadnotule, 12 Mei 1893, art. 80.
2) De Volkstem, 8 April 1893, 14 Junie 1899.

Die Progressiewe Party wat teen die beleid van die Regering was, het met betrekking tot onderwysaangeleenthede geen beswaar teen meer Engels gekoester nie. Die ondersteuners van die party was aanhangers van genl. Piet Joubert en 'n aantal Kaaplandse Afrikaners wat teen die negentigerjare na Transvaal gekom het. Hierdie groep het tydens die verkiesingsveldtog in 1892 toenadering gesoek by die uitlanders.[1] In hulle kritiek teen die Regering is hulle ondersteun deur die koerant „Land en Volk."[2]

5. Die standpunt van die Kerk.

(a) Die Gereformeerde Kerk.

Die Gereformeerde Kerk het hom neergelê by die goewermentskole met hulle Christelike gees en rigting. In hierdie tyd was die hoofoorwegings by die Kerk die voorsiening van Christelike skoolboeke en onderwysers aan die staatsgesubsidieerde skole.[3]

Dit is egter deur die Kerk neergelê dat dit nie raadsaam was om die kinders van sy lidmate te laat onderrig in 'n leer wat in stryd met die leer van die Kerk was nie, en „dat het noodzakelyk is dat er ernstig gewerkt worde tot het oprichten van Geref. Scholen."[4]

In 1898 is daar op die Algemene Vergadering na aanleiding van 'n beskrywingspunt om oprigting van kerkskole op die vrywillige beginsel besluit: (art. 61) „De vergadering vereenigt zich met den uitgesproken wensch daar vrye Kerkscholen op beginsel het zuiverst syn, maar daar voor het tegenwoordige by de subsidie der Regeering geen bepalingen in de wet zyn die ons kerkelyk beginsel belemmeren, en wy dankbaar mogen zyn dat wy in de Z.A. Republiek Gouvernementscholen mogen hebben die waarlyk Christelyk zyn - acht de vergadering het nu niet de tyd om op dit punt aan te dringen."[5] Teen 1898 het die aandrang op kerkskole dus weer dringender geword.

(b) Die......./-198-

1) De Volkstem, 8 April 1893, 14 Junie 1899.
2) Land en Volk, 25 Julie 1895, 22 April 1897.
3) Het Kerkblad, 15 April 1896, 4.
4) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk, 1897, art.157.
5) Ibid, Januarie 1898.

(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Die opvoedkundige kommissie het op die sesde Algemene Vergadering aanbeveel dat die Kerk instemming moet betuig met die beginsel dat die onderwys by die ouers en die Kerk moet berus en dat die Kerk die inisiatief tot die oprigting van skole moet neem. Die Kerk verklaar hom teen staatsonderwys en neem die standpunt in dat alle skole deur die Staat opgerig, noodwendig godsdiensloos moet wees.[1]

Die standpunt van die Kerk is in die kerklike orgaan „De Vereeniging" verduidelik. Die opvoeding en onderwys van die jeug is 'n plig van die ouers en daarna van die Kerk. Die ouers mag egter hulle verpligting oordra aan iemand anders wat dieselfde beginsels toegedaan is. „Welke godsvruchtige ouders durven er aan denken, om de opleiding hunner kinderen toe te vertrouwen aan een ongeloovige of zelfs aan iemand, die geene liefde heeft tot het Woord Gods, maar het onderwys daaruit geeft als een koude plicht, eenvoudig omdat de ouders zulks verlangen?"[2] Daarom is dit nodig dat daar baie meer op die godsdienstige gesindheid van die onderwysers gelet word.[3]

In sy veldtog teen Hollanderindringing en staatsonderwys, asook dié ter bevordering van opvattings ten gunste van die Engelse en Kaapse onderwys, het daar skerp artikels oor die onderwystoestande in Transvaal in „De Vereeniging" verskyn.[4]

'n Aantal van die predikante uit Kaapland afkomstig, het hul invloed ten behoewe van meer Engelse onderwys baie sterk laat geld. Alhoewel hierdie predikante sekerlik eerlik en opreg in hulle strewe was en oortuig was dat hulle die beste vir die opvoeding van hulle kinders beoog het, neem dit egter nie weg dat hulle pogings veel daartoe bygedra het om die planne van die vyande van die Suid-Afrikaanse Republiek te bevorder nie. Deur hulle toedoen is

die......../-199-

---

1) Ned. Herv. of Geref. Kerk: Notule van die sesde Algemene Vergadering, 18 Nov. 1897.
2) De Vereeniging, 13 April 1898.
3) Idem.
4) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 130.

die Britse invloed deur middel van die Kerk in die Transvaalse onderwys aansienlik versterk.[1] Die predikante wat die meeste bygedra het om die nasionale onderwys van die Staat te ondermyn, was ds. H.S. Bosman, - wat ook later sy kinders na Engelse of Kaaplandse inrigtings gestuur het,[2] di. Jooste, Neethling, Frans Lion Cachet en M.P.A. Coetzee.[3] Die Superintendent van Onderwys skrywe van laasgenoemde dat sy Eerwaarde, wat kort gelede uit Kaapland aangekom het, „Zoo spoedig.......een besliste meening omtrent onderwijstoestanden in deze Republiek gevormd hadt, en dat die meening zoo beslist ten gunst is van hen, die de rechten van de landstaal dezer Republiek miskennen en die inplaats van alle wettige middelen aan te grijpen om die rechten te helpen handhaven tegenoverde aanmatiging van de vreemde indringster, haar baan zoo gemakkelijk mogelijk trachten te maken."[4]

Ds. Coetzee het dan ook dienste in Engels begin hou en in 1894 is hy in die pers beskuldig dat hy op Pietersburg en Nylstroom dienste in Engels waargeneem het, dat hy Engelsgesind was en dat hy die Engelse skool steun ten nadele van die goewermentskool.[5]

Ds. Bosman het veral deur middel van „De Vereeniging"[6] die stryd teen die Hollanderonderwysers onverpoos voortgesit sodat die redakteur van „De Volkstem"[7] hom verwyt het dat hy elke week die Departement van Onderwys aanval en verdag maak. Hy het ds. Bosman die stigter van „eene venijnige onheilzame oppositie tegen ons oogenblikkelijk onderwijsstelsel" genoem „wetende dat hy daardoor den meeste gevoeligen slag ons nationaal volksbestaan zal toebrengen, indien zijn invloed in dezen zoude mogen gelukken."

Dit moet egter onthou word dat die agitasie teen die Regering en Superintendent nie deur die hele Kerk gesteun

is nie........./-200-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 128.
2) L.A.696. Supt. v. Onderwys aan J.K.G. van Zijl, 23 Aug. 1895.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 128.
4) L.A. 696.
5) De Volkstem, 20 Okt. 1894.
6) De Vereeniging, orgaan van die N.G. Kerk onder redaksie van ds. H.S. Bosman en d.i. Coetzee en Meiring.
7) De Volkstem, 19 Des. 1893. Opskrif hierin „De Volksvereeniging en ds. H.S. Bosman."

is nie. Dit blyk uit kerknotules dat die inisiatief van die genoemde leiers uitgegaan het, en dat die ander predikante passief gevolg het.[1] Nogtans het die gebrek aan samewerking daartoe bygedra om die ontwikkeling van nasionale onderwys te belemmer.

(c) Die Ned. Herv. Kerk.

In die amptelike verslae van die Kerk is daar min aangaande die onderwys te vind. Ons weet egter dat die Ned. Herv. Kerk hom op die grondslag van Christelik-nasionale onderwys, soos in die Suid-Afrikaanse Republiek gevind, gestel het. Engelbrecht verklaar die volgende ten opsigte van die houding van die Herv. Kerk teenoor die onderwys: „Van Christelik-nasionaal onderwys was die Hervormde Kerk altyd 'n warme voorstander, maar die beweging om tot groepskole te kom pas nie in sy lyn nie. Die Hervormde Kerk wou nooit sektaries wees nie."[2]

Die Kerk het, net soos die Gereformeerde Kerk, die Krugerbeleid gesteun,[3] en het hom nie met die agitasies van die Ned. Ger. Kerk vereenselwig nie, omdat sy predikant in hierdie tyd uit Holland gekom het en dus nie onder die Kaaps-Britse invloed gestaan het nie.[4]

## 6. Die stryd tussen die Kaaplander- en Hollanderonderwysers.

In die tyd van dr. Mansvelt was daar al 'n taamlike sterk groep onderwysers en predikante wat uit die Kaapkolonie na die Transvaal gekom het. Hierdie onderwysers het onder die Britse vlag groot geword en onder Brits-Kaapse toestande hul opvoeding ontvang en ons kan dus begryp dat hulle hul moeilik kon aanpas in 'n republikeinse staat met Hollands as enigste amptelike taal. Hulle het ten opsigte van die onderwys heeltemal van die gebore Transvaler verskil en het geen gevaar vir die nasionale selfbehoud van die staat daarin gesien om meer Engelse onderwysers in die

skole......../-201-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 131.
2) S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitst Hervormde Kerk van Afrika, 426.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1952, dl. II, 112.
4) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 131.

skole in te voer nie. In Kaapland was dit die opvatting dat dit vir elke Suid-Afrikaner noodsaaklik is om tweetalig te wees en daarom het die Kaapse onderwysers aangedring op meer Engelse onderwys in die skole. Hierdie veldtog was vir die uitlander-agitasie 'n magtige wapen in die hand en het baie daartoe bygedra om die Britse invloed in die Transvaalse onderwys uit te brei en te verseker.[1)]

In hierdie stryd het die heer G.M. Hofmeyer, destyds hoof van 'n skool in Johannesburg, die voortou geneem en is hy ondersteun deur genoemde leiers van die Ned. Herv. of Ger. Kerk wat sy artikels in „De Vereeniging" geplaas het.[2)] Hy het dr. Mansvelt skerp gekritiseer en sy belangrikste aanvalspunt was die onvoldoende voorsiening vir Engelse onderwys.

Teenoor hierdie groep het die Hollanderonderwysers gestaan wat betoog het dat die voorsiening wat daar in die **Wet** vir die onderwys van die Engelse taal gemaak word, voldoende is. Volgens hulle lê dit in die roeping van die jong Republiek om deur medium van sy eie taal tot 'n eie bestemming te ontwikkel.[3)]

Daar is nie aan te twyfel nie dat hierdie twis die nasionale onderwys baie belemmer het en die Britse invloed aan die ander kant weer bevorder het nie. Die botsing tussen die twee groepe onderwysers was dan ook 'n instrument in die hande van die Britse pers om die pogings van die Onderwysdepartement doeltreffender te saboteer en die onderlinge twis tussen die twee bevolkingselemente nog verder aan te vuur.[4)]

7. Die verskillende standpunte van die ouers.

Ook by die ouers was daar twee verskillende groepe, nl. dié wat meer Engelse onderwys wou hê en dié groep wat tevrede was met die nasionale onderwys van Mansvelt.

In......../-202-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 124.
2) De Vereeniging, 14 Sept. 1898, 4 Jan. 1899.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 125.
4) Ibid, 134.

In 'n hoofartikel wat in „De Volkstem" verskyn het, verklaar die redakteur dat daar beweer word dat baie ouers Engels as medium van onderwys wil hê.[1] Carl Jeppe het in die Volksraad verklaar[2] dat baie Afrikaanse ouers vind dat daar in die gesubsidieerde skole te min aan die Engelse taal gedoen word en dat hierdie ouers hul kinders na Engelse skole stuur.

Nege memories met 2,881 handtekeninge, waaronder 2,650 van die Witwatersrand, waarin versoek is om Engels in standerd II te onderwys en om die Volksraadbesluit van 1892 sodanig te wysig, is in 1893 by die Volksraad ingedien.[3] Die Superintendent het hierdie aksie van die ouers daaraan toegeskryf dat die meeste van die dorpsbewoners uit Kaapland gekom het. Hulle het grootgeword met die idee dat Engels die enigste taal is wat 'n beskaafde mens behoort te praat, terwyl Nederlands goed genoeg is vir die kombuis en die kraal. Dit was die plig van die Volksraad om die kinders te red waar ouers reeds verlore is.[4]

In die meeste dorpe was 'n groep ouers wat hulle nie met die nasionale onderwysbeleid van dr. Mansvelt kon vereenselwig nie. In 1892 skryf C.A. Cilliers van Klerksdorp dat daar aan die gesubsidieerde skool afbreuk gedoen word omdat daar 5 of 6 privaatskole bestaan wat uitsluitlik onderwys in Engels gee.[5]

In Middelburg het 'n aantal leerlinge van die ondersteunde seuns- en meisieskool na 'n Engelse skool oorgeloop, maar nadat die voorsitter van die skoolkommissie, ds. A.P. Burger, belowe het om beter voorsiening vir Engels te maak, het heelwat leerlinge teruggekom. 'n Onderwyseres vir Engels is deur die skoolkommissie aangestel.[6]

Ds. C.J. Hefer wat voorsitter was van die „Vereenigde Kerkschool" in Rustenburg het ook gevra of die Wet nie

meer....../-203-

---

1) De Volkstem, 8 April 1893.
2) Volksraadnotule, 15 Mei 1893, art. 91.
3) Volksraadnotule, Julie 1893, art. 509.
4) Volksraadnotule, 5 Aug. 1893, art. 993.
5) O.D. 14. C.A.-Cilliers aan Supt. v. Ond., 29 Okt. 1892.
6) Z.A.R.: Inspeksierapport, le Kwartaal, 1894, no. 12.

meer Engels kon toelaat nie, 'n versoek wat deur die Superintendent geweier is.[1]

Ook in Heidelberg, Wakkerstroom, Krugersdorp, Hartbeesfontein, Potchefstroom en ander dorpe, het sommige ouers in die vorm van memories die Volksraad om meer Engelse onderwys in die Staatsondersteunde skole versoek.[2]

Teenoor hierdie groep het die ouers wat nie meer Engels in die skool wou hê nie, gestaan. 'n Ouer het van Ventersdorp aan die Departement van Onderwys geskryf en meegedeel dat hy sy kind uit die skool moes neem omdat die onderwyser die gebruik van Nederlands in en by die skool verbied het.[3] Hy skrywe „Een kind dat in school Hollandsch spreekt krijgt wat onder de schoolkinderen genoemd wordt, the Dutch Mark". As die inspekteur egter verskyn, is die taal orals Nederlands. Hy het die onderwysers en die skoolkommissie blameer. Nadat die Departement aan die voorsitter van die skoolkommissie om inligting gevra het, is die volgende antwoord ontvang: „Er wordt Engelsch gesproken om de school, omdat het een verzoek was van ondersteuners der school. Deze gewoonte bestand reeds van af 1890.... In de school is er natuurlijk geen conversatie onder de leerlingen terwijl't medium strikt Holl. is."[4]

Hierdie groep ouers het ook memories aan die Volksraad gestuur waarin hulle hulle stem verhef het teen die wysiging van die Wet of uitbreiding van die taalklousule van die Wet. Hierdie burgers se doelstelling was: „om de landstaal ongeschonden te handhaven in de nationale school, zoodat de Engelsche taal daar als een vreemde taal zal worden behandel."[5]

'n Memorie afkomstig van die distrik Utrecht het soos volg gelui: „Onzes inziens is het eenige goede middel om de kinderen van uitlanders met ons nationaal element te doen samesmelten, dat zij onze taal op de door den Staat

ondersteunde...../-204-

1) O.D. 227. B.B. 342/93. Supt. van Ond. aan Ds. J.C. Hefer, 18 Maart 1893.
2) Volksraadnotule, 7 Sept. 1894, art. 1617.
3) O.R. 6217/95. F. Lemmer aan Supt. van Ond., Ventersdorp, 16 Aug. 1895. Die Onderwyser was C.J. Pienaar.
4) O.R. 8379/95. Ds. D.J. Kriel aan Supt. van Ond., Ventersdorp, 14 Okt. 1895.
5) E.V.R. 968/95. Ds. J. van Belkum en 22 ander, Rustenburg, 25 April 1895.

ondersteunde scholen en als hooftaal leeren gebruiken. Wij zien in de begeerten der voorstanders van de Engelsche taal een ernstig gevaar voor onze landstaal en voor onze vrije volk."[1]

Uit die distrik Pretoria, wyk Witwatersrand, het 'n memorie wat deur 76 persone onderteken is, gekom. Hulle verklaar dat „daar genoeg tijd wordt besteed aan het leeren van vreemde talen...... en wij vrezen dat zij onze onafhankelijkheid in gevaar zullen stellen door het toegeven aan het verzoek van gezegde memories......"[2]

Hierdie gebrek aan samewerking het veroorsaak dat die verhoudings en toestande teen die einde van die eeu een groot warboel was - ook op onderwysgebied. Die oorlog het egter 'n einde aan die stryd gemaak en die Afrikaners en Hollanders gedwing om saam te werk. „Waar die Afrikanervolk nog nooit 'n ongestoorde, doelbewuste nasionale opvoeding gehad het nie, daar sou die volk, en ook sy Kerk, eers deur die smeltkroes van die oorlog gelouter word voordat hy tot 'n hoër volksbesef kon geraak."[3]

## 8. Samevatting.

Mansvelt het voortgegaan op die ingeslane weg van sy voorganger, wat betref die verantwoordelikheid van die onderwys en opvoeding. Sy wet was in hoofsaak op die Du Toit-wet gebaseer, maar daar was 'n paar belangrike afwykings.

Net soos Du Toit het hy plek ingeruim vir ouers, Staat en Kerk in die onderwysprogram. Hy het egter die aandeel van die Staat vergroot, terwyl hy dié van die Kerk verminder het. Hy het ook van die beginsel uitgegaan dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding van sy kind, maar het later sy vertroue in privaat inisiatief begin verloor en besef dat die Staat meer sal moet ingryp om die onderwys tot sy reg te laat kom. Die ouers het nie

altyd......./-205-

1) E.V.R. 940/95. F. Pieterse en 41 ander, Wyk II, distrik Utrecht, April 1895.
2) E.V.R. 919/95. L.J.A. Erasmus en 75 ander, 3 April 1895.
3) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 135.

altyd hul verpligtinge besef nie en moes reeds deur sy wet indirek gedwing word om te help met die instandhouding van skole.

Wat die oprigting, instandhouding en beheer van die skole betref, het Mansvelt die gereformeerde beginsel gehandhaaf deur aan die ouers, Staat en Kerk 'n plek toe te ken. Die plek wat hy aan elkeen toegeken het, is volgens die gereformeerde beginsel meer korrek as Du Toit se indeling, omdat die Staat se aandeel vergroot is, en die inisiatief wat Du Toit op die kerkrade wou plaas, weer op die ouers geplaas is.

Wat die gees en rigting van die onderwys betref, het Mansvelt dieselfde fout as sy voorganger gemaak. Weer eens was dit die Staat wat bepaal het wat die gees en rigting moet wees i.p.v. die ouers. Mansvelt het dus ook nie die gereformeerde beginsel hier gehandhaaf nie, al het hy bepaal dat die onderwys Christelik en nasionaal moet wees.

Mansvelt het selfs nog meer teëstand as sy voorganger ondervind, hierdie keer ook van die Ned. Geref. Kerk. Veral sy bepaling dat Hollands die enigste taal is wat gebruik mag word, het baie teëstand uitgelok, nie net van die Engelse bevolking nie, maar van baie Afrikaners.

## HOOFSTUK VI.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VERWAARLOOS ONDER KROON-KOLONIE-BESTUUR 1900-1906.

### I. Onderwys gedurende die oorlogsjare 1900-1902:

### 1. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

#### (a) Oprigting, instandhouding en beheer.

#### (i) Die Kampskole.

In die middel van die Anglo-Boereoorlog het die Britse administrasie onder beheer van Lord Milner vir E.B. Sargant, 'n gewone lid van die Britse staatsdienskommissie, benoem as Direkteur van Onderwys om met die organisasie van die onderwys te begin. Toe hy op 6 Nov. 1900 in Kaapstad aanland, het hy gevind dat die militêre administrasie nog geen voorsiening vir die onderwys gemaak het nie en dat die grootste gedeelte van die kinderbevolking in konsentrasiekampe saamgetrek was.[1)]

Lord Methuen het wel 'n skooltjie in Zeerust aan die gang gehad en verder het Sargant klein privaat-skooltjies aangetref, waar die onderwys nog in die gees van die ou Suid-Afrikaanse Republiek was en deur steun vanuit Holland aan die gang gehou is.[2)]

In Januarie 1901 het Sargant in Kaapstad kennis gemaak met die onderwyswerk van die Greenpointse Kampskool wat deur die krygsgevangenes self opgerig is. Dit het hom die idee gegee om soortgelyk skole te stig in die konsentrasiekampe. Die eerste „kampskool" deur hom opgerig en waar hy self twee weke lank as hoofonderwyser opgetree het, was op Norvalspont. Die ander onderwysers het hy uit die kampbewoners aangestel.[3)]

Die........../-207-

1) A.K. Bot: Die ontwikkeling van onderwys in Tvl. 1836-1951, 39.
2) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 72.
3) A.K. Bot: a.w., 40.

Die tekort aan onderwysers is vanaf 1902 aangevul deur die aankoms van ingevoerde Engelse onderwysers, eers uit Groot-Britanje en toe uit ander dele van die Britse Ryk. Daar is omtrent 300 onderwysers ingevoer waarvan die oorgrote meerderheid dames was.[1] Die dames is orals geplaas in die verskillende kampe en Sargant se probleem was „to establish friendly relations between them and the teachers in the camps, who were, of course chiefly of Dutch extraction."[2]

Tydens die oorlog was die onderwysadministrasie feitlik in alle opsigte gesentraliseerd.[3] Die owerheid het die akkommodasie, meubels, skoolmateriaal en onderwysers voorsien.[4] Dit was die beleid van die Britse owerheid om die twee Boerestate so spoedig moontlik in twee suiwer Britse koloniesom te skep en daarom wou hulle alle mag en beheer oor die onderwys in eie hande behou. Hoewel plaaslike inisiatief en seggenskap van sowel die ouers as die Kerk erkende Britse onderwys-beginsels was, is dit geheel en al aan bande gelê.[5] Die wense van die ouers vir wie se kinders die onderwys bedoel was, is nie in die minste in aanmerking geneem nie en alle opdragte in verband met die onderwys het van die regeerders gekom.[6]

Sargant het uitgegaan van die standpunt dat die oorlog 'n einde gemaak het aan die onderwysstelsel wat in die Suid-Afrikaanse Republiek toegepas is, en wou van die magte wat die krygswet aan hom verleen het, gebruik maak om privaatskole onder sy beheer te plaas. Hy sou dan alle onderwys onder sy beheer kon hê om 'n nuwe begin te maak. In dié verband skryf hy dan ook aan Lawley:[7] „.....why lose this opportunity which the war has offered us by sweeping away all institutions, and by making unnecessary the illogical compromises which have had to be made in England and Scotland."

Die........./-208-

1) A.K. Bot: <u>Die ontwikkeling van onderwys in Tvl</u>. 1836-1951, 39.
2) Gesiteer uit Coetzee: Onderwys in Transvaal 1936-1937, 73-74.
3) E.G. Malherbe: <u>Education in South Africa</u> (1652-1922), 300.
4) T.O.D.: <u>Verslag</u>, 1900-1904, Bylae VI, 87.
5) <u>Argief-jaarboek vir S.A. Gesk</u>., 1956, dl. II, 148.
6) <u>Ibid</u>.
7) Lt. Gen. 129/114/ Genl.: Brief van Sargant aan Lawley.

Die beheer oor die onderwys was dus aanvanklik honderd persent gesentraliseer en burokraties. Die goewerneur-in-rade was die hoogste wetgewende gesag terwyl die onderwysdepartement, met sy direkteur van onderwys direk onder die Koloniale Sekretaris gekom het.[1)]

Wat die plaaslike beheer betref, moes Sargant rekening hou met Milner se opvatting. Milner was sterk gekant teen enige vorm van plaaslike beheer.[2)] Dit was dus nie die plan om plaaslike skoolkomitees te laat herlewe nie en die burokratiese stelsel is dwarsdeur die Milnerregime toegepas.[3)]

Milner het op 8 Februarie 1902 by wyse van 'n proklamasie[4)] alle skoolkomitees, ingestel deur die voormalige regering van die Suid-Afrikaanse Republiek volgens wet No.8 van 1892, herroep. Vanaf die datum van proklamasie sou die skoolkomitees ophou om te bestaan;[5)] alle vaste eiendomme wat in die naam van die skoolkomitees geregistreer is, is sonder koste, seëlregte en toestemming van die verbandhouers aan die direkteur van onderwys oorgedra;[6)] vervoerbare eiendom is aan die direkteur oorgedra vir gebruik in staatskole, terwyl skulde aangegaan deur skoolkomitees waarvoor bewyse gelewer kon word, vergoed sou word deur die koloniale tesourier.[7)] Sargant is versoek om 'n volledige lys op te stel van skoolkomitees en eiendomme wat deur die proklamasie geraak sou word[8)] en binne 'n maand het hy dan ook die inligting gereed gehad en het hy aanbeveel dat 'n komitee aangestel word om die oorname te behartig.[9)]

Die Kampskoolstelsel was nie 'n stelsel wat bedoel was om by die behoeftes van die volk aan te pas nie, maar 'n stelsel waarby die volk noodgedwonge verplig was om homself aan te pas.[10)] Dit was 'n stelsel wat op die Britse lees geskoei was en waarin die ou gevestigde Boeretradisies: taal, onderwysbeleid en ouerseggenskap, uitgeskakel

is......../-209-

---

1) Ex. Co. Minutes, 2. Besluit no. 1 van 4 April 1901.
2) Pells: <u>300 Years of Education in South Africa</u>, 72.
3) E.G. Malherbe: <u>Education in South Africa</u> (1652-1922), 315.
4) Proklamasie no. 9 van 1902.
5) Artikel I.
6) Proklamasie no. 9 van 1902, artt. 2 en 3.
7) Ibid, artt. 4 tot 7.
8) Col. Sec. Correspondence. 70/1826/02: Brief Kol. Sek. aan Sargant 26 Feb. 1902.
9) Ibid. 77/2842/02: Brief van Sargant aan Kol. Sek. 26 Maart 1902.
10) Snyman: <u>Smutsonderwyswet 1907</u>, 112.

is,[1] 'n stelsel dus wat die gereformeerde beginsel in die onderwys heeltemal verontagsaam het.

(ii) Reaksie van die ouers.

Alhoewel baie ouers van die onderwysgeleenthede in die kampe gebruik gemaak het, het daar ook heelwat agterdog aan Boerekant teen die Kampskole bestaan. Die vernaamste beswaar was ongetwyfeld die plan om die Boerejeug te verengels.

Baie van die oud-onderwysers van die Suid-Afrikaanse Republiek wat in die kampe beland het, het egter met die stigting van privaatskooltjies begin en het hulle kragte ingespan om „de kristelik nationale beginselen ook onder die moeilikste omstandigheden te doen gelden."[2] Sodra Britse onderwysers egter beskikbaar geword het, is die skole deur die regering oorgeneem. Dit het bv. op Pretoria gebeur waar die Oost-Eindskool op 1 Junie 1897 met W. Klooster as hoof gestig is. In Maart 1901 het die Britse owerheid op die skool beslag gelê en dit in 'n regeringskool omgeskep.[3]

In die burgerkamp op Klerksdorp het mnr. H.A.W.Hesse ook op 1 April 1901 'n skool geopen wat egter op 1 Mei van dieselfde jaar deur die regering oorgeneem is.[4] Ander gevalle waar skole onder Britse beheer geplaas is en die Hollanderhoofde vervang is, is die skool in die burgerkamp op Balmoral[5] en die Kampskool op Middelburg.[6] In Johannesburg het die gemeente Fordsburg van die Ned. Herv. of Geref. Kerk daarin geslaag om 'n skool met oor die 200 kinders teen 'n jaarlikse koste van £1200 aan die gang te hou.[7] In Vrededorp het 'n sekere Brink en sy assistente, mej. Kruger, 'n privaatskool in stand gehou wat egter op 25 Feb. 1901 'n goewermentskool geword het.[8]

So........../-210-

1) Adresses and Papers - British and South Africa Associations for Advancement of Science, 1905, 257-288 - Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die kroonkolonie periode 1900 tot 1907, 138.
2) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 1893-1918, 162.
3) Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonieperiode 1900 tot 1907, 316.
4) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 1893-1918, 162.
5) Cd. 893 - 1902, 144.
6) Cd. 893- 1902, 150.
7) P. Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 309.
8) The Star, 19 Feb. 1902.

So was daar talle voorbeelde waar die oorwonne Boerenasie gepoog het om iets van hul eie vir hul kinders te bewaar, deur hulle eie skole te stig, maar waar dit weer deur die Britse owerheid voor hulle weggegryp is.

(iii) Die rol van „Vriendekring."

Tydens die oorlog, waardeur die hele onderwysstelsel van die Transvaal ontwrig is, en die lot van baie van die Hollanderonderwysers - wat nog in die tyd van dr. Mansvelt hierheen gekom het - allesbehalwe benydenswaardig was, is in Junie 1901 in Pretoria 'n kommissie van onderwysers gevorm om noodlydende onderwysers en hulle gesinne te steun. Die kommissie het hulleself „Vriendekring" genoem.[1] Hierdie kommissie het bestaan uit die here N. Tromp, H.H. van Rooyen, J.J. de Visser, W. Klooster, H. Boneschans en M. Vaandrager.[2]

Na die beëindiging van die oorlog het die aantal leerlinge op die Hollandse skole in Pretoria snel afgeneem as gevolg van die vertrek van soveel Boerefamilies na die platteland. Die vraag wat die onderwysers hulleself afgevra het, was: Moes hulle die stryd vir die behoud van die Hollandse taal opgee en probeer om maar op ander maniere hulle brood verdien? Op dié vraag het hulle self „nee" geantwoord en die voorneme is versterk deur die bemoedigende woorde van die groot Boerevriend in Nederland, die heer H.J. Emous, redakteur van die „Christelyk Schoolblad" wat soos volg skryf: „Indien het Afrikaanse Volk de taal zou prijs geven, zo ware het ondergegaan en verzwolgen en daarom wie tans iets voelt voor de zaak der Hollandse Afrikaners, late niet na het Nationale Onderwijs in de eigen taal met alle krachten te bevorderen. De weg daartoe is reeds gebaand."[3]

Die „Vriendekring" is deur die heer Emous versoek om saam met ander bevriendes 'n organisasie of liggaam te

vorm......../-211-

---

1) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 1893-1918, 145.
2) Ibid, 144.
3) Ibid, 147.

vorm vir hulp aan veral buiteonderwysers. „Vriendekring" het toe teen die end van 1902 oorgegaan in 'n uitgebreider kommissie, nl.„Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelik Nasionale Onderwys" na die gees van die onderwys volgens die ou wet van die Suid-Afrikaanse Republiek. So het dan ontstaan die belangrike beweging vir „Vrye Christelik Nasionale Skole," vry van inmenging en beheer van die kant van die Engelse, en Christelik-nasionaal in gees en strekking. Die onderwys wou voortbou op die verlede, op die godsdiens, die geskiedenis, die taal en die kultuur van die oorwonne Boerenasie.[1] „We stonden voor 'n heerlike, maar reusachtige taak: tegenover't overwegende Engelse goevernement-onderwijs moesten wij komen met 'n stelsel van schole, die rekening hielden met de godsdienst, de taal en de geschiedenis der Hollandse Afrikaner dus met 'n stelsel van Kristelik-Nationale scholen uitgaande van de ouders."[2]

(b) <u>Die skoolopvoeding moet Christelik wees</u>.

Sargant het gou uitgevind dat die Afrikaner 'n godsdienstige volk is en dat hulle godsdiensonderrig in 'n vreemde taal as kettery sou beskou.[3] Hollands is dus net in die geval van Bybelgeskiedenis as medium van onderrig toegelaat. Sargant lig die saak soos volg toe: „The religious instruction of all Cape Dutch children should be given in their own spoken language, and in the written language of their Bible. It should be our aim to make their parents understand that we recognise the value which they attach to their language, both written and spoken, and we wish to do nothing to deprive them of its use."[4]

Sargant het ook uitgevind dat die skool voorheen 'n groot rol gespeel het by die katkisasie, en het toe die volgende aanbeveel: „Apart from admitting catechisms and other dogmatic teaching into the school, you should do

all............/-212-

1) J.Chr. Coetzee: <u>Die Gereformeerde beginsel in die Onderwys in Transvaal</u> 1859-1937, 25.
2) M. Vaandrager in <u>V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek</u>, 147-148.
3) Rapport Direkteur van Onderwys 1901, 14. Cd. 549, 71.
4) Cd. 547 - 1901, 71.

all in your power to assist the parents and the Ministers of Religion to prepare the children to become full members of the church to which their parents belong."[1]

Ons wil aanneem dat Sargant se toegewendheid wat die godsdiensonderrig betref, nie heeltemal sonder 'n gevoel van bedagsaamheid teenoor die Afrikaner was nie, maar dat hy ook 'n ander oogmerk gehad het, is nie aan te twyfel nie. Hy sê onder andere: „I have great hopes that by giving rather more time to religious instruction than in England, we may win over the Dutch Reformed Church to our side and make them willing to have all the rest of the teaching in English."[2]

In sowel die kampe vir krygsgevangenes, waar skole vir die jonger seuns opgerig is, as in die privaatskole wat in die konsentrasiekampe ontstaan het, is die Christelike beginsel in die onderwys nog steeds gehandhaaf.[3] Aan die privaatskooltjies wat elders nog aan die gang gehou is deur Hollandse onderwysers, was die onderwys ook Christelik en nasionaal.[4]

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

(i) In die Kampskole.

Die Britse owerheid wou die onderwys gebruik om vir die Afrikanerkind die Engelse taal te leer en om by hom lojaliteit aan te kweek teenoor die Britse Ryk. Die idee van hierdie siening straal uit die woorde van Milner: „Next to the composition of the population, the thing which matters most is its education..... In the new Colonies (the O.R.C. and Transvaal) the case will be easier to deal with, provided we make English the language of all higher education. Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else. Language is important, but the tone and spirit of the teaching conveyed in it is even more important."[5] Met hierdie siening het

sy............./-213-

1) Cd. 549, 71.
2) Brief van Sargant aan Wilson, 10 Feb. 1901. Ongekataliseerde lêer. Argief Pretoria.
3) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 162, 169.
4) Arnold: Die Christelik-nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika Gedurende die Tydperk 1907-1920, 18.
5) The Milner Papers Deel II, 243. Kursivering deur Milner.

sy raadgewer E.B. Sargant hom getrou nagevolg, want in 1901 gee laasgenoemde die volgende opdrag aan sy skoolhoofde: „The curriculum and standards in secular subjects should generally be those of the Cape Colony, and the instruction be given in English. It is to be remembered that the fact that some children scarcely know a word of English is not a reason for speaking to them in Dutch. The modern theory of teaching a language is to immerse the children completely in the new sounds, and atmosphere, not to translate from one language into the other. It is well to make the time table as simple as possible, and only to include the most essential subjects. The history of South Africa is best left untaught at present."[1)]

Hierdie beleid is ook deur <u>The Star</u> van Januarie 1902 uiteengesit wat die taak van die onderwysers soos volg stel: „Their work will not be limited to imparting merely knowledge to Dutch children. They should realise that they have been permitted to assist and very materially, in the cause of the Empire, and by winning with ready sympathy and tact the hearts of the people both young and old." Dit was egter vanselfsprekend dat die onderwys net in die Engelse taal gegee sou word. „It is, perhaps, superfluous to state that all secular education will be given in English, in as much as English can be the only language in South Africa for all purposes of modern life, official or otherwise."[2)]

Reeds is daarop gewys dat Sargant aanbeveel het dat Suid-Afrikaanse geskiedenis nie gegee moet word nie. Deur hom is dan ook die sienswyse van Milner ten uitvoer gebring soos l.g. in sy skrywe opmerk: „I attach especial importance to school history books. A good world-history would be worth anything. At present children are only taught the history of South Africa, with at most a little English history, of the narrowest purely English type, thrown in. Everything that make South African children

look........../-214-

---

1) Cd. 547 - 1901: Instructions for the Headmasters or Temporary Assistants to the Education Department, O.R.C., 70-71.
2) <u>The Star</u>, 22 Januarie 1902.

look outside South Africa and realize the world makes for peace. Everything that cramps and confines their views to South Africa only (limits their historical reading, for instance, to Slagter's Nek and Dingaan's Day and Boomplaats and Majuba) makes for Afrikanderdom and further discord."[1)]

In Augustus 1901 is die saak van Suid-Afrikaanse geskiedenis op die konferensie van organiserende inspekteurs wat op Pretoria gehou is, bespreek, en „the opinion was unanimous as to the undesirability at present of dealing with this subject.......It was agreed that universal history from the point of view of exploration, trade and colonization would be a good subject to be studied."[2)] In die „Report on the Education Needs of the Transvaal Colony" van 1901 vind ons 'n duidelike uiteensetting van die onderwys van geskiedenis in die Milner-gees. Aangesien „disloyalty to England" deur Suid-Afrikaanse geskiedenis aangewakker is, moes dit vermy word en vervang word deur geskiedenis waar voortreflikheid van die Britse regering geloof is en die grootsheid van die Britse Ryk geskilder is.[3)]

By die onderrig van Aardrykskunde is min of meer dieselfde standpunt ingeneem. Daar moes nie begin word met Suid-Afrika as uitgangspunt nie, want daardeur mag die leerlinge miskien onder die indruk kom dat die voormalige Republieke die middelpunt en die belangrikste deel van die wêreld is. Die Britse Ryk moes dus as uitgangspunt geneem word.[4)]

Om hierdie ideaal te bereik, was dit dus absoluut noodsaaklik om die regte onderwysers te hê. Hoewel daar verskeie gekwalifiseerde onderwysers in die kampe was, wou die Engelse nie van hulle dienste gebruik maak nie, omdat hulle geweier het om die eed van getrouheid aan die Britse koning af te lê. „Considering the enormous

influence......./-215-

1) The Milner Papers Deel II, 243.
2) Colonial Secretary to Transvaal Administration 4100/1901.
3) <u>Argief-jaarboek vir S.A. Gesk</u>., 1956, dl.II, 156.
4) Col. Sec. a.w. 4100/1901. Eerste Inspekteurskonferensie.

influence upon the future of South Africa which the education of the rising generation will exercise politically as well as intellectually, I think that it would be advisable that the headmasters in all the schools in the burgher camps should be loyal Britishers, and if possible, at least half of his assistants should be the same."[1)]

In Oktober 1901 roer Sargant weer eens die saak van geskikte hoofde vir skole aan. Hy vra 12 Engelse hoofde, want op die oomblik is hy genoodsaak om gebruik te maak van Afrikaanse hoofde en „...however carefully these men may be watched by my organizing inspectors, I cannot feel certain that they are imparting the right tone to the scholars under their charge."[2)]

Milner het ook 'n beroep op Engeland gedoen om Britse dogters na Suid-Afrika te stuur, en het met nadruk aangedring dat, „....what we want out here at present are women, thoroughly good teachers and of patriotic mind....... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals."[3)]

(ii) <u>Reaksie van die Boerebevolking</u>.

Dit is te begrype dat die Boerebevolking nie gediend sou wees met 'n stelsel van onderwys waar hul moedertaal heeltemal uitgesluit is nie. Hulle kon egter bloedweinig aan die saak doen, want geen Hollandse skool is in die kampe toegelaat nie. Waar so 'n skool soms wel gestig is, soos in die Irenekamp, is dit tot niet gemaak en die volgende daaromtrent gerapporteer: „I relate this incident to point out the glaring impudence or lawlessness of these people and how necessary it is to imprint on their minds, during their life in the burgher camps, that they must bow to discipline and will have to respect law and order, and that there will be no more back-door influence or escapes."[4)]

Die............../-216-

---

1) Cd. 819, 1901, 298.
2) Col. Sec. to Transvaal Administration 5445, 15 Oktober 1901
3) Report of Department of Education, 1900-1904, Bylae III, 10-11.
4) Cd. 819 - 1901, 352.

Die Boere-ouers het besef dat dit die plan van die Britte was om die Boerejeug te verengels en dit was dan o die vernaamste beswaar teen die kampskool-onderwys. Tyde: die vredesonderhandelinge het generaal Louis Botha hierdi punt beklemtoon en gesê dat dit die gevoel van die volk i dat die opvoeding van hulle kinders nie sodanig moet wees dat hulle hul moedertaal, die taal van die huis en Kerk, sal vergeet nie.[1)]

Sargant het ook kennis gedra van die vyandige gevoel van die kampbewoners en skryf in een van sy verslae soos volg: „There is great difficulty in inducing the parents to send their children. They say they will wait till the war is over; if the English win, then their children will have to learn English; but if not, then they will learn i Dutch."[2)]

Generaal J.C.G. Kemp skryf van die kamponderwys soos volg: „Deur middel van 'n spesiale Engelse onderwysstelsel moes dit (die Anglisasieproses) op ons kinders toegepas word om hulle nasionale bewussyn te vernietig, om hulle te denasionaliseer en van hulle halfgebakte Engelse te maak."[3)] Dat die Engelse in 'n sekere mate daarin geslaag het, is nie aan te twyfel nie. F.C. Symington sê hieromtrent: „Een van die grootste doelstellings van die skole, naamlik om by die Boerekind 'n gevoel van lojaliteit aan en simpatie vir Engels en die Engelse kultuur te laat posvat, is ongetwyfeld tot 'n groot mate bereik. Die tyd wat in die Engels-georiënteerde skole deurgebring is, veral onder invloed van die Engelse onderwyseresse, kon nie anders as op baie ander leerlinge 'n blywende invloed ten gunste van die Engelse kultuurgoedere en taal nalaat nie."[4)]

Aan die ander kant het die Tweede Vryheidsoorlog ook 'n merkwaardige oplewing van die nasionale bewussyn gebrin In sy rede by die eerste A.C.V.V.-kongres in 1905 het

Onse........../-217-

---

1) J.A. Vogel: Education during the Milner Regime, 46.
2) Cd. 819 - 1901, 195.
3) J.C.G. Kemp: Die Pad van die Veroweraar, 78.
4) F.C. Symington: Die Konsentrasiekampskole, 66.

Onse Jan dit soos volg uitgedruk: „Ik heb Afrikaanders-mannen en vrouwen - gekend die zelfs niet door den Jameson strooptocht konden worden wakker geschud uit hun schijnbaren doodslaap of hun gevoelloosheid voor taal en volk; maar die als in eèn oogenblik door den oorlog werden getransformeerd tot toonbeelden van nationalen ijver die hun tijd; hun geld, hunne talenten den offer brachten aan wat zij als de nationale zaak beschouwden."[1)]

Die kampskoolstelsel het in soverre in sy doel geslaag dat dit gedien het as grondslag van 'n hegte Britse onderwysstelsel. Dit het nie gedien as onderwysstelsel om in die behoeftes van die Afrikaanse bevolking te voorsien nie, maar om die Anglisasieplan van die outokraat Milner 'n voldonge werklikheid te laat word. Alle beginsels van die oorwonne Afrikanerdom is doelbewus verontagsaam. Nie alleen is die Afrikaner vertrap en vergruis deur die oorlog nie maar word die oorgeblewe Afrikanerkind eiendom van die staat gemaak en onderwys en opvoeding so kleurloos en beginselloos aan hulle gegee dat die „erwe van die vadere" en eie geestesgoedere, godsdiens en nasionalisme, in die niet verdwyn het. Met wapengeweld is die Afrikaner tot oorgawe gedwing, die onafhanklikheid is verloor, maar nie die geloof nie. Die stryd om beginsels nog altyd geput uit die Woord van God ten opsigte van onderwys en opvoeding van hulle kinders, sou voortgaan.

II. <u>Onderwys onder die Kroonkolonie-Bestuur 1902-1905.</u>

2. <u>Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.</u>

(a) <u>Oprigting, instandhouding en beheer.</u>

<u>Ordonnansie no. 7 van 1903.</u>

Na die vredesluiting op 31 Mei 1902 het die stelsel van Kampskole natuurlik aan hulle einde gekom. Sargant het as Direkteur van Onderwys aangebly tot Julie

1903........./-218-

---

1) <u>De Zuid-Afrikaansche Christelijke Vrouwen Vereeniging.</u> Oproeping der Presidente van het Eerste congres - Kaapstad, 1905, 8 - 10.- D.H. Cilliers: <u>Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool</u> (1652-1939), 140.

1903 en is as opvoedkundige raadgewer van Milner aangestel.[1] Met die formulering van onderwyswetgewings was Sargant dan ook altyd in voeling met Milner. Die eerste merkbare verandering in die wetgewing was die afskaffing van die gereformeerde beginsel in die onderwys. Waar die inisiatief in die stigting van skole tydens die Republiekperiode van die ouers uitgegaan het, is dit nou uit die hande van die ouers geneem en deur die Britse owerheid gedoen.[2]

Artikel I van die ordonnansie lui: „It shall be lawful for the Lieutenant-Governor, out of the public revenue of the Colony, to:-

(a) establish a Department of Public Education under the Director of Education, whose duties in regard to this Colony shall be defined by regulation;

(b) provide for establishment, maintenance, inspection and control of any or all of the following kinds of Government schools, classes, and institutions for children both of whose parents are of European birth or descent:-

Schools to afford elementary education in all districts.

High schools.

Classes in such subjects as are usually studied in the Universities of the United Kingdom and other countries. Normal schools for the training of teachers. Mining, agricultural and other technical schools. Schools for the mentally or physically defective Reformatory schools. And such other kinds of schools, classes, or institutions as may seem to him necessary."[3]

Ons kan begryp dat hierdie wet wat so verskillend was van die onderwyswette van die Republiek, groot ontevredenheid by die Afrikanerbevolking veroorsaak het. Waar die gereformeerde beginsel, dat die ouer verantwoordelik is vir die onderwys en opvoeding van die kind, in die vroeëre stelsels toegepas is, het die nuwe stelsel alle verantwoordelikheid op die regering geplaas.

Onder......./-219-

---

1) Report of Department of Education 1900 - 1904, 25.

2) Ordonnansie no. 7 van 1903, art. 1 en 2.

3) Ibid, art. 1.

Onder die ou stelsel moes die ouers die grootste deel van die finansiële las dra en was dit dus vanselfsprekend dat hulle ook deur middel van skoolkommissies, die onderwysers wat hulle kinders moes onderrig, benoem het. Met die nuwe stelsel het die onderwysers staatsamptenare geword en het die ouers geen seggenskap by die benoeming gehad nie.[1)]

Artikel 8 van die ordonnansie het egter skoolkommissies in die vooruitsig gestel en op aandrang van die ouers is daar nog in die jaar 1903 uitvoering gegee aan hierdie klousule. As ons egter die taak van hierdie skoolkommissies nagaan, sien ons dat daar wel 'n lang lys van pligte voorgeskryf was, maar dat hulle hoegenaamd geen magte gehad het nie.[2)] Hulle kon advies gee oor verskillende aangeleenthede, maar daar is geen waarborg gegee dat dit aangeneem sou word nie. Daar is egter van hulle verwag om heelwat te doen, maar vir alles moes hulle self die fondse vind.

Oor die ware belangrike sake soos die benoeming van onderwysers, medium van onderwys en die bepaling van gees en rigting in die skool waarvoor hulle verantwoordelik was, het hulle geen seggenskap gehad nie.

Fabian Ware wat in Julie 1903 vir Sargant opgevolg het as Direkteur van Onderwys[3)] was die Afrikaner baie meer simpatiekgesind en het gereken dat die eise van die Afrikaanssprekende heeltemal redelik was. Na sy aftrede as Direkteur het hy in Engeland verklaar dat die versoek dat die ouers 'n seggenskap in die aanstelling van leerkragte moet hê, heeltemal billik is.[4)] Enige neiging om meer regte aan die Afrikaner toe te ken, is egter met hand en tand deur Milner en die imperialistiesgesindes beveg.

(b) <u>Die skoolopvoeding moet Christelik wees.</u>

Artikel 5 van Ordonnansie no. 7 van 1903 lui soos volg:

„(1) In......../-220-

---

1) Ordonnansie no. 7 van 1903, art. 3.
2) <u>Rapport Director of Education</u>, 1903, bylae T; „School Committee Regulations."
Col. Sec. 7688/03.
3) Col. Sec. 6564/03. Ook T.K., 41.
4) <u>The London Times</u> 13 Nov. 1905. - <u>Argief-jaarboek vir S.A. Gesk.</u>, 1956, dl. II, 221.

„(1) In all the schools established under section one clause (b) of this Ordinance in which elementary education is provided not being expressly established for the children of persons belonging to other than Christian bodies instruction shall be given by the teachers in Bible History for periods not exceeding in all two hours a week, such instruction may be given in the Dutch language.
(2) Whenever parents or guardians request on behalf of their children that supplementary religious instruction may be given according to the specific doctrines of the denominations to which the said parents or guardians belong opportunity shall be afforded to ministers of religion recognised by Government to give supplementary instruction of this character in the usual school hours and within such portion of the school premises as may be set apart for the purpose. Provided always that no scholar shall be required to be present whose parent or guardian has not expressed a desire for such instruction; provided further that such instruction shall not occupy more than one hour in each week. Such instruction may be given in the Dutch language.
(3) No scholar shall be required to attend such instruction in Bible History or any other religious instruction or observance if exemption there from is requested by his parent or guardian."

Sargant was bewus daarvan dat die godsdienssin by die Afrikaner diep gewortel is. Om moontlike ontevredenheid by die ouers te voorkom, het hy toegegee dat Bybelgeskiedenis in Hollands onderwys kon word. Hy was ook bevrees dat die ouers ontevrede sou wees as die godsdiensonderrig gegee sou word deur onderwysers wat nie die godsdienstige gesindheid gehuldig het waaraan die ouers waarde geheg het nie, en dat hulle dan sou oorgaan tot die stigting van privaatskole. Daarom sou kinders in goewermentskole die godsdiensonderwys van hulle keuse geniet en is die klousule ingevoeg wat die ouers die reg gee om te vra dat hulle kinders deur hulle eie predikant vir een uur per week godsdiensonderrig ontvang.[1] „It was calculated to

disarm......../-221-

1) Leg. Council, Hansard, 21 Julie 1904, par. 332.

disarm a certain amount of opposition."[1]

Uit sowel Engels- as van Afrikaanssprekende geledere is egter beswaar gemaak teen die gee van sektariese onderrig deur kerkleiers gedurende skoolure.[2] Die gevolg daarvan was dat 'n kommissie van ondersoek[3] versoek is om op die saak in te gaan. Op 2 Mei 1905 is die rapport van die kommissie voltooi en het hy in sy verslag daarop gewys dat die oorgrote meerderheid ouers teen die handhawing van die klousule was.[4] Die regering het egter nie sy weg oop gesien om die klousule te herroep nie.[5]

Dit was egter nie net teen die tweede gedeelte van art. 5 waarteen die Afrikaanssprekende ouer beswaar gemaak het nie, maar ook teen die eerste deel daarvan. Volgens die artikel kon twee uur per week aan godsdiensonderrig gewy word, en hierdie onderwys kon deur medium van Hollands gegee word. Sargant het die artikel so gewysig dat die vyf uur tyd wat vir onderwys van Hollands toegestaan is, godsdiensonderrig ingesluit het. As die ouers dus Bybelse geskiedenis in Hollands verlang het, het daar net drie uur oorgebly vir Hollandse taalonderrig. As hulle egter aangedring het op vyf uur Hollandse taalonderrig, kon daar geen godsdiensonderrig gegee word nie.

W.A. Russel, die Vrystaatse onderdirekteur van onderwys, het hierdie optrede van die Regering teenoor die Boerebevolking sterk veroordeel: „At his (Sargant's) instigation the Government did not act with good faith towards the Dutch Church in the matter of five hours instruction in the Dutch language."[6]

Dit was voorwaar 'n opdraande stryd wat die Afrikaner om behoud van die volkseie moes voer.

(c) Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

Artikel 6 van Ordonnansie no. 7 van 1903 lui: „Any scholar shall at the request of his parent or guardian....../-222-

---

1) Milner Papers, IV, 279: Milner aan Chamberlain, 29 Sept. 1902.
2) Lt.Gen. 128: 113/8. Telegram Witwatersrand Church Council aan Sir Arthur Lawley, 20 Julie 1904.
3) Leg. Council, Hansard III, par. 335.
4) Report of the Religious Instruction in School: Commission, T.K. 175, no. 9.
5) T.K. 95, parr. 30 en 31.
6) W.A. Russel: An Answer to the report of the Director of Education for the Tvl. and O.R.C., S.A. 43-48.

guardian receive instruction in the Dutch language for three hours a week. The instruction under this section may be additional to instruction in Bible History and religious instruction given in the Dutch language under the provisions of the last preceding section; provided that the total time devoted to instruction given in the Dutch language under this section shall not exceed five hours a week."

Hier was dus 'n totale verontagsaming van die Vredesonderhandelinge en die Traktaat van Vereeniging ten opsigte van die onderwys van Hollands. Artikel 5 van hierdie verdrag lees soos volg: „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and the Orange River Colony, where the Parents of the children desire it, and will be allowed in Courts of Law when necessary for the better and more effectual Administration of Justice."[1)]

Hiervan het egter in die praktyk weinig tereggekom en die verontagsaming van die Hollandse taal in die onderwys was so algemeen dat dit van verskillende kante protes uitgelok het. In 'n brief wat in The (London) Times in 1903 gepubliseer is, het generaal Louis Botha die beleid van Milner en Chamberlain kwaai gekritiseer. Hy sê o.a.: - „The Government has imported a number of English educational experts, under whose care and instruction the education of the Boer children is now directed to a goal which no Boer professes to foresee or understand. An intensely religious, moral, and conservative people, the Boers find their whole existence torn up by the roots, as it were, their children educated by strange people who may be Romonists or Sacerdotolists, and probably are, who do not know their language or modes of thought, who teach the children Dutch without knowing it, who teach them history which every child knows to be a travesty of the facts, and whose whole influence is unconsciously directed to making plain to the ordinary Boer the gulf which seperates him from his conquerors."[2)]

Op........../-223-

---

1) J.D. Kestell en D.E. van Velden: The Peace Negotiations, 134.

2) The Times, 15-7-03. - Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 192.

Op hierdie aanklag het die Direkteur van Onderwys (Fabian Ware) geantwoord dat hy die uur per dag wat aan die onderrig van Hollands bestee word, as voldoende beskou, en hy wys daarop dat ds. H.S. Bosman aan Chamberlain verklaar het dat hy tevrede was met die aantal ure wat aan die onderrig van die Hollandse taal toegestaan is. In verband met die Geskiedenisonderwys meld hy dat hy aan die inspekteurs opdrag gegee het om geen Geskiedenis in die skole te laat onderrig nie, totdat spesiale boeke wat vir die doel opgestel word, voltooi is.[1]

Pres. Steyn het dit ook nodig gevind om protes aan te teken teen die verontregting van die Hollandse taal in die onderwys. Hy verklaar: „We want England to carry out the treaty of Vereeniging and the promises made at that time... by having the Dutch language seriously taught in the schools. At present it is only make-believe. In fact we want the two languages to be placed on an equal footing."[2]

Die gevoel van die Afrikaners oor die verontagsaming van art. 5 van die Traktaat van Vereeniging is deur De Volkstem soos volg weergegee: „Uitvoering van de konstruksie die de Regering geplaatst heeft op artikel 5 van het Vereenigingtraktaat wordt toevertrouwd aan ingevoerde vreemde onderwijzers, die onze nationaliteit niet begrijpen, onze vaderlandsliefde niet billiken en onze godsdienst niet belijden. Onze schone geschiedenis durft men niet op de Goevts. school onderwijzen, en onze godsdienst heeft er geen tijd - of wij moeten die van de taal afknijpen."[3]

Ramsay MacDonald verklaar ook dat art. 5 van die Vereeniging-verdrag verontagsaam is. „According to the proposals of the Education Department, all that the comprehensive statement in the Fifth Article means is, the Bible used in Scripture reading will be in Dutch..... English alone is to be the language of textbooks and the medium of instruction. No fair-minded man can honestly say that this is a fulfilment of the Fifth Article."[4]

Hierdie......./224-

1) Transvaal Legislative Council. Hansard I, 1903, 263.
2) The London Times 13-2-06. - Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl, II, 193.
3) De Volkstem, 6 Jan. 1906.
4) Ramsay MacDonald: What I saw in South Africa, 96.

Hierdie verontagsaming van art. 5 van die verdrag bevestig Sargant self as hy verklaar: „We use the English language in all subjects of secular instruction, because the Dutch, as well as the British Africander population, recognise that the material advancement (to name no other form of advancement) of the children in these colonies is bound up with an adequate knowledge of the English tongue!"[1)]

Soos reeds aangetoon, is die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur Sargant uit die leerplan uitgesluit, maar Engelse geskiedenis is wel onderwys.[2)] In Rustenburg waar 'n vergadering deur 'n inspekteur toegespreek is, is aan hom gevra dat vaderlandse geskiedenis tog ook moet onderwys word. „South African history, you mean?" het hy gevra, „Oh, dear me, no!" en verduidelik dat „English History" wel geleer sou word tesame met wêreldgeskiedenis.[3)]

As ons die inspeksierapporte van die jare nagaan, sal ons sien hoe min waarde daar werklik aan die onderwys van Hollands geheg is. Van die twaalf inspekteurs wat moes rapporteer oor die werk van 1904 het vyf baie vaag melding gemaak van die Hollandse onderwys, terwyl sewe nie 'n enkele woord daaroor gerep het nie.[4)]

Ons kan begryp dat die gehalte van die onderwys in Hollands veel te wense oorgelaat het; trouens dit sou baie swak wees, aangesien die meeste Engelse onderwysers geen Hollands geken het nie. Een inspekteur rapporteer soos volg oor die gebrek: „We are meeting this demand (for Dutch) as adequately as we can, but I cannot say that my qualified teachers have shown any enthusiastic desire to render themselves competent to teach Dutch, and the casual help which we obtain locally is not, as a rule, valuable."[5)]

Die Britse idee was om die Afrikaner as 'n aparte entiteit deur die oorlog te vernietig. Daarna het hy die onderwys gebruik om die Afrikaner te denasionaliseer.

Alles........./-225-

---

1) Report of Director of Education, 1900-1904, Bylae V, 15.
2) De Volkstem, 7 Mei 1904.
3) Idem.
4) Report of Director of Education, 1900-1904, Bylae C., 31-42.
5) Ibid, Bylae E., 42.

Alles moes Engels wees - die stelsel, die direkteurs, die inspekteurs, die onderwysers, die boeke en die medium.[1]

Al het hierdie beleid van Anglisasie onuitwisbare spore op die onderwys van Transvaal nagelaat, het dit tog ook in 'n groot mate die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat die Engelse beoog het. Oor hierdie bewering skryf Walker soos volg: „So far from dooming the national idea, the strain of war and shock of defeat made the Afrikander as a people. These things were for them a greater spiritual experience even than the Great Trek, and almost at once they began to draw together on a cultural basis, in the Cape Colony first and then in the North. They challenged Milner's English education policy, and no part of Afrikanderdom did so more vigorously than the once placid Orange River Colony; they launched a second language campaign which was destined to make of Afrikaans a leterary language so fast that, by 1925, it had Superseded High Dutch as the other official language of the Union alongside English."[2]

## 3. Die C.N.O.-beweging.

Die nasionale bewuswording was die groot krag agter die beweging van Christelik-nasionale onderwys.[3] Die ouers het deur die afskaffing van skoolkommissies hulle enigste houvas op die onderwys verloor en die ontstammingsproses kon toe makliker plaasvind. Die Boerleiers het toe as teenwig die Kerk aangewend om die nasiebewuste Afrikaner koers te laat hou en het oorgegaan om die C.N.O.beweging in die lewe te roep. Die beweging sou sorg vir die oprigting van skole waar die volkseie aangekweek, en die Christelike volkskarakter uitgedra sou word.[4]

Aan die begin van 1903 het die belangrike beweging vir „Vrye Christelik Nasionale Skole," wat vry was van beheer en inmenging van die Engelse owerheid, en Christelik-

nasionaal....../-226-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 189.
2) E.A. Walker: Lord Milner and South Africa, 24.
3) Koers; Feesnommer: Die Selfstandigwording P.U.K. vir C.H.O. art. Prof. Coetzee: Die Onderwys en Opvoeding van Afrikaner in die 20ste Eeu, 201.
4) Het Christelyk Schoolblad, 1 Maart 1905: „Ons Ideal op't Gebied van Onderwys."

nasionaal in gees en rigting, ontstaan.[1] „Vriendekring" het homself ontbind en sy werk oorgedra aan die Hoofkommissie vir C.N.O. wat 'n kantoor geopen het onder leiding van H. Visscher, oud inspekteur van skole in die Suid-Afrikaanse Republiek.[2]

Reeds op sy eerste vergadering het die „Algemene Kommissie" vir C.N.O. 'n reglement opgestel vir die Hollandse buiteskole, en dit in 1903 gepubliseer saam met die „Leerplan" vir C.N.O.-skole.

Die reglement bevat 10 artikels. Die Kommissie gaan uit van die beginsel dat dit die taak van die ouer is om te sorg vir die onderwys en opvoeding van hul kinders en stel hom ten doel om die ouers wat nie kan betaal nie, by te staan in die vervulling van hulle pligte. Die onderwys moet gegee word in 'n Protestants-Christelike gees. Die verpligte leervakke is: Bybelse Geskiedenis, Hollands lees, Aanskouingsonderwys, Nederlandse taal, Skryf, Rekene, Sang, Resitasie, Geskiedenis, Aardrykskunde van Suid-Afrika. Die Kommissie beveel verder aan dat 'n grondige aanlering van die Engelse taal noodsaaklik is en gee dus sekere maksimum tye daarvoor per dag aan vir die verskillende standerds. Die voertaal van die onderwys sal vir Bybelse Geskiedenis, Geskiedenis van Suid-Afrika en Sang net deur medium van Hollands gegee word. Elke skool moet 'n eie bestuur hê wat gekies word deur die ouers van die skoolgaande kinders.

Die C.N.O.-beweging het snel gevorder. Van 'n paar skole het die getal toegeneem tot 250 en die geldelike bydrae uit Holland het gedurende 'n paar jaar gestyg tot £1500 per maand[3]

Die heer J.K.M. te Boekhorst is aangestel om die C.N.O.-skole te inspekteer.[4]

Dié stelsel van opposisieskole het dwarsdeur die land in 'n krag ontwikkel waarmee die offisiële onderwysoutoriteite rekening moes hou.[5]

In....../-227-

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 25.
2) A.K. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951, 52.
3) A.K. Bot: a.w., 52.
4) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 157.
5) A.K. Bot: a.w., 52.

In werklikheid is die C.N.O.-skole slegs 'n voortsetting van die ou Republikeinse skoolwese en is dit in die lewe geroep ter wille van rassebehoud, en nie ter wille van rassehaat nie.[1] Daar was veral drie hoofbesware teen die staatskole wat die boerebevolking deur middel van die C.N.O.-skole uit die weg wou ruim. Dit was: (a) die verontregting van die Hollandse taal, (b) die godsdiensonderwys in die staatskole en (c) die uitsluiting van ouerseggenskap uit die beheer van die onderwys.

Om hierdie drie sake meer in ooreenstemming met die begeerte van die Afrikaanssprekende bevolking te bring, het die Hollandse Kerke die voortou geneem.

## 4. Die rol van die drie Afrikaanse Kerke. Die standpunt van van die Kerk.

### (a) Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.

Kort na die vredesluiting het die onderwyssaak die aandag van hierdie Kerk begin geniet en op 3 Okt. 1902 is 'n reeks vrae wat deur 'n kerklike kommissie opgestel is, aan die Koloniale Sekretaris gestuur.[2]

Uit die antwoord van die Direkteur van Onderwys (Sargant) het dit duidelik geblyk dat die owerheid nie van voornemens was om van sy gesentraliseerde onderwysstelsel wat reeds tydens die oorlog aan die gang gesit is, af te wyk nie. Die skole sou nog direk deur die Onderwysdepartement bestuur word, die ouers sou geen seggenskap hê nie en Hollands sou tot 'n minimum beperk wees.[3]

Op die sitting van die sewende algemene vergadering van die Kerk wat op 1 Mei 1903 op Pretoria 'n aanvang geneem het, het die voorsitter, ds. H.S. Bosman gerapporteer dat hy in 'n private onderhoud met Chamberlain die onderwys bespreek het. Hy het aan Chamberlain gesê dat indien daar samewerking tussen Staat en Kerk moet wees, dit op die volgende drie voorwaardes moes geskied:

(1) Die......../-228-

---

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 195.
2) Lt. Gov. of the Transvaal 137-120/6: Kommissie aan Kol. Sekr., 3. 10. 02.
3) Ibid: Kol. Sekr. aan ds. H.S. Bosman, 15. 11. 02.

(1) Die regte van ons taal moes behoorlik erken en gehandhaaf word,
(2) Die reg om hulle eie skoolbesture te kies, moes aan die Afrikaanssprekende toegeken word, want die ouers het die reg besit om te weet aan wie hulle kinders toevertrou is.
(3) Die onderwysers moes deur die skoolbesture wat deur die ouers gekies is, benoem word.[1]

Op dieselfde vergadering is 'n petisie opgestel wat aan die Luitenant-goewerneur voorgelê sou word. Die kerklike kommissie vir onderwys en opvoeding wat verder i.v.m. die saak sou onderhandel, is, bekend gemaak. Aangesien al hulle pogings om verbeterings in die onderwystoestande te bewerkstellig vrugteloos was, het die kommissie aanbeveel dat 'n memorandum aan die Luitenant-goewerneur gerig word om hom te versoek dat groter regte aan die ouers d.m.v. skoolbesture gegee en dat daar meer tyd vir die onderwys van die Hollandse taal toegestaan moes word.[2]

Op 12 Mei is die memorandum aan die Luitenant-goewerneur voorgelê en hy het op 18 Mei geantwoord dat dit noodsaaklik is vir die Departement van Onderwys om die aanstelling van onderwysers in sy eie hande te behou.[3] Die Kerk het nou besluit om in samewerking met die Kommissie vir C.N.O. vrye skole op te rig, 'n leerplan uit te werk en die nodige fondse in te samel. Daar sou egter nog, in samewerking met die Gereformeerde- en Hervormde Kerke, onderhandelings met die regering voortgesit word.[4]

Waar hierdie Kerk voor die oorlog, onder die leiding van ds. H.S. Bosman, hom sterk beywer het vir meer Engelse onderwys in die skole, het die Kerk nou duidelik van standpunt verander.[5]

(b) <u>Die Nederduits Hervormde Kerk</u>.

Die Nederduits Hervormde Kerk het ook sy bydrae tot die Christelik-nasionale onderwys gelewer en was gedurende die bestaan van die Suid-Afrikaanse

Republiek....../-229-

---

1) Notule van die Sewende Sitting van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 8. 5. 03.
2) Lt. Gov. of the Transvaal 137-120/6: Verslag van Kommissie van Onderwys en Opvoeding, 8. 5. 03.
3) Notule van die Algemene Vergadering van die N.H. of G. Kerk, 1903, Bylaes XI en XII.
4) Ibid, 19. 5. 1903.
5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 214.

Republiek 'n sterk teenwig teen Britse invloed, veral soos voortgedra deur verengelste predikante wat van Kaapland na Transvaal gekom het.[1]

Aan die begin van 1904 is daar op die Algemene Vergadering van hierdie Kerk 'n kommissie aangestel om onderwyssake te behartig. Die lede was ds. M.J. Goddefroy (voors.) A.D.W. Wolmarans, F.A. Smith, W.J. Basson en L.L. Steen. Hierdie kommissie doen in Februarie 1904 soos volg verslag:
(1) die Kerk is gewillig om met die regering te onderhandel op voorwaarde dat die ouers die leerkragte en skoolkommissies kan benoem en dat op die skole wat deur die staat ondersteun word, die twee tale gelyk beregtig sal word;
(2) die C.N.O.-kommissie moet die toelae aan arm kinders verhoog;
(3) daar moet met die ander twee Hollandse Kerke saamgewerk word om fondse vir die onderwys in te samel;
(4) daar moet maandeliks kollekte in al drie Kerke vir die onderwys gehou word.[2]

(c) <u>Die Gereformeerde Kerk</u>.

In die strewe vir C.N.O.-skole waar die gereformeerde beginsel gehandhaaf sou word, het die Gereformeerde Kerk 'n groot rol gespeel.

Reeds in 1902 rapporteer die resident-magistraat oor die onderwys van die Rustenburgse distrik soos volg:
„I consider that more energetic action is required on the part of the Education Department to open their own schools and to anticipate the action of the Rev. D. Postma, who is establishing Dutch Schools, and persuading people in the district to give him facilities as against the Government officials.....I consider (this matter) to be of grave political importance."[3]

Op die eerste algemene vergadering van die Gereformeerde Kerk na die oorlog, gehou in April 1903, het die Kerk die C.N.O.-beweging met woord en daad gesteun. Die

volgende......../-230-

---

1) S.P. Engelbrecht: <u>Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika</u>, 83, 91, 300.
2) <u>De Volkstem</u>, 20 Februarie 1904.
3) Col. Sec. - Transvaal Administration 14998/02: Kemball-Cook aan Col. Sec., 12. 11. 02.

volgende besluit is geneem: „De Vergadering oordeelt, dat het in de tegenwoordige tijden de ernstige roeping der respectieve Kerkeraden is, om alles, wat in hun vermogen is te doen tot bevordering van het Christelijk Nationaal Onderwijs bij onze gemeenten, zooals dit onderwijs reeds aan den gang is, en oordeelde, dat de geëerbiedigde Regeering het beginsel van gelijken rechten en vrije opinie stelt en dientengevolge het Christelijk Nationaal Onderwijs toelaat, zoo besluit de Vergadering eene Commissie af te vaardigen naar de Regeering om te bespreken de bezwaren, die er bij ons sijn tegen het tegenwoordig stelsel van onderwijs. Deze Com. doet rapport bij de volgende Vergadering en als Commissies van andere kerken, in overleg met onze Com. wenschen te gaan naar de Regeering in dien tusschentijd, zal onze Com. ook daarvan gebruik maken."[1] As kommissie is benoem di. P. Postma, D. Postma en ouderlinge N.J. Grobler en E.E. Jordaan.[2]

Daar is in 1903 heelwat C.N.O.-skole in die verskillende gemeentes gestig sodat in „De Almanak" van 1904 'n breedvoerige verslag oor die onderwys in die Transvaalse gemeentes vir 1903 kon opgestel word: „Met dankbaarheid kan de kerkeraad melding maken van den goeden voortgang van het Christ. Nat. Onderwijs in deze gemeente. Dadelijk na den vrede hebben de leden der gemeente ingezien het onbevredigende van het Staatsonderwijs wat betreft gehalte en beginsel. Met de hulp door Nederland voor het onderwijs verleen en fondsen door onze generaals uit Europa voor dat doel gebracht, is men ineens begonnen scholen op te richten, soms in tenten waar de gebouwen afgebrand zijn, en men niet de middelen had in eens gebouwen op te richten. Soms werd er een schoolhuis gebouwd, waar de eigenaar der plaats nog maar ten dele een onderdak voor zich zelven had. Als men de toekomst, wanneer het met de boerderijen beter gaat, met dien ijver blijft voortgaan, is er hoop voor het behoud van ons Christ. Nat. beginsel."[3]

Die......../-231-

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk van Transvaal, April 1903, art. 29.
2) Idem.
3) De Almanak, 1904, 67-73.

Die Algemene Vergadering van die Kerk in Transvaal het in Januarie 1904 die saak van die C.N.O. weer breedvoerig behandel. Die kommissie op die vorige vergadering benoem, het soos volg verslag gedoen: (i) 'n leerplan vir C.N.O. is opgestel saam met die kommissie van ander kerke; (ii) 'n konferensie is gehou met die Direkteur van Onderwys, wat gewillig is om ouers beter verteenwoordiging te gee op die skoolkommissies en self die onderwysers te kies; die regering sal twee-derdes en die ouers een-derde van die onderwyskostes dra, maar dit kan geen belofte doen in verband met die eis van Hollandsmedium nie; (iii) Die milde ondersteuning uit Nederland vir die C.N.O. alhier word ingetrek na 1 April. Na 'n lang bespreking word 'n kommissie van advies benoem om tydens die Vergadering rapport uit te bring. Die kommissie, bestaande uit ds. G.H.J. Kruger, ds. M. Postma, dr. J.D. du Toit en ouderlinge H.P. Breijtenbach en J.P.L. Snijman, het 'n meerderheidsrapport uitgebring, wat ook aangeneem is en inhou: (i) „Zij stelt te dezer zaak ons gereformeerde beginsel, nl. dat de ouders behoorende tot onze kerk op grond van Gods Woord geroepen zijn de opvoeding hunner kinderen te behartigen en te bekostigen. (ii) Zij neemt echter ter deze in aanmerking met andere Hollandsche kerken in ons land; eveneens neemt zij kennis van onderhandelingen die tusschen het Bestuur van het C.N.O. eenerzijds en de Regeering anderzijds gevoerd worden. (iii) Zij wijst verder op den ontredderden toestand van ons land, op het gebrek aan offervaardigheid, die thans by het volk met alle kracht moet worden aangekweekt. (iv) Zij.... raadt de kerkeraden in al wat het onderwijs betreft, het oog op Gods Woord en ons beginsel te vestigen."[1)]

Die jaarverslae in „De Almanak" van 1905 oor die jaar 1904 is ook baie gunstig: „De kerkeraden kunnen nog steeds met dankbaarheid melding maken van den goeden voortgang en het toenemen der scholen op Christ. Nat. beginsel in de gemeenten."[2)]

Aan die begin van 1905 het daar 'n gebeurtenis plaasgevind wat van besondere betekenis was vir die gereformeerde

beginsel..../-232-

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk van Transvaal, Januarie 1904, art.
2) De Almanak, 1905.

beginsel in die onderwys in Transvaal, nl. die verplasing van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk vanaf Burgersdorp na Potchefstroom. Sedert 1905 vind dan ook feitlik alle aksie vir Christelik-nasionale onderwys van gereformeerde kant sy bron in Potchefstroom om die Teologiese Skool en sy Litterariese Departement.[1)]

III. Die Selborne-Minute van 17 November 1905.

5. Inleiding.

'n Paar gebeurtenisse het gedurende die jaar 1905 plaasgevind wat die onderwysbeleid in Transvaal beinvloed het.

(a) Lord Milner word deur Lord Selborne vervang.

In 1905 het Selborne vir Milner as Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika en Goewerneur van Transvaal en die Oranje-Vrystaat opgevolg. Dit was sy taak om die bestuur van die verowerde Republiek gedurende die oorgangstydperk van kroonkolonie tot teenwoordigende regering te behartig.[2)]

Selborne was baie meer simpatiek as sy voorganger, en ten opsigte van die onderwysvraagstukke het hy self nader met die onderwystoestande van die land kennis gemaak voordat hy sy beleid aangekondig het.[3)]

(b) Sir John Adamson word Direkteur van Onderwys.

John Adamson wat in 1905 as Direkteur van Onderwys aangestel is, het byna twintig jaar aan die hoof van die Onderwysdepartement in Transvaal gestaan. In sy eerste verslag van 1905-1906 het hy sekere fundamentele beskouings uiteengesit. Hierdie beskouings het ongetwyfeld 'n sterk invloed op die Smutswetgewing uitgeoefen soos ons later sal sien.

Adamson was, net soos Milner en Sargant, sterk daarteen gekant dat die Afrikanerouers 'n seggenskap in die keuse van onderwysers sou verkry.[4)] Hy was veral bang

dat........./-233-

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 31.
2) Encyclopaedia Brittanica, Volume 20, 295.
3) Lord Selborne: Opmerkingen zijn Excellentie den Gouverneur omtrent Onderwijs, A.C. 968, 25. Staatsbiblioteek Pretoria.
4) T.E.D. Report 1905-1906, 8.

dat die Afrikaanse gemeenskap onderwysers sou kies wat onsimpatiek teenoor Britse belange sou staan.

Hy was 'n sterk voorstander van die stelsel wat in swang was, nl. dié wat sentraal gefinansieer word, en het sterk beswaar gemaak teen die voorstel van die tesourier van die skatkis om aan die plaaslike liggame meer finansiële verantwoordelikheid toe te ken. Sy groot beswaar was maar weer dat die Afrikaanse gemeenskap te veel seggenskap in die onderwys sou verkry en dit dan volgens eie Christelik-nasionale beskouing sou reël.

Hy het hom dan ook sterk beywer vir kostelose laer onderwys wat sentraal gefinansieer en beheer word en waar die plaaslike gemeenskap dan ook deeglik van die seggenskap in verband met die onderwys van hulle kinders uitgesluit sou word. Ook moes die onderwys verpligtend wees. Gedurig is dan ook deur hom die belangrikheid van die Engelse taal vir die Afrikaanssprekende kind beklemtoon.[1]

(c) Onderhandelinge van Lord Selborne met verteenwoordigers van „Het Volk-Party."

In Augustus 1905 het Selborne, die leiers van die Het Volk-party, wat in 1904 gestig is, ontmoet om die onderwysvraagstuk te bespreek.[2] Na afloop van die samesprekings het genl. Louis Botha namens die Het Volk-party die volgende uiteensetting insake die onderwys aan die regering voorgelê:[3]

(a) Adviserende skoolrade moes in elke distrik of subdistrik in die lewe geroep word.
(b) Skoolkomiteelede vir die distrik moes die skoolraadslede vir 'n tydperk van drie jaar kies.
(c) Die funksies van die skoolrade sou die algemene toesig oor die openbare laerskole van die distrik en 'n seggenskap by die aanstelling en ontslag van leerkragte insluit.
(d) Alle openbare laerskole moes onder beheer van 'n skoolkommissie staan.

(e) Skoolkomitees...../-234-

1) T.E.D. Report 1905-1906, 9.
2) The Star, 15 Februarie 1907.
3) Ex. C. Correspondence: 94/1115/05 en 94/1125/05. Genl. Botha aan P. Duncan, 29. 8. 05.

(e) Skoolkomitees wat drie jaar lnak sou dien, moes deur die ouers gekies word.
(f) Indien ouers van plan was om 'n skool te stig, kon hulle met goedkeuring van die skoolraad 'n openbare vergadering hou om 'n skoolkomitee te kies.
(g) Die funksies van die skoolkomitees sou wees: om toesig te hou oor die skoolgeboue en terrein; om die aanstelling en skorsing van onderwysers met goedkeuring van die skoolraad en Departement waar te neem; om die sienswyse van ouers in verband met skoolsake aan te hoor en aanbevelings by die skoolraad te maak.
(h) Met die aanstelling van onderwysers moes die skoolkomitee sy aanbevelings aan die skoolraad vir goedkeuring stuur, wat dit dan weer aan die Departement sou oordra.
(i) Indien die komitee 'n onderwyser wou skors,moes sy naam tesame met die redes vir sy ontslag aan die skoolraad verstrek word. Die skoolraad moes dan ondersoek instel en die besluite na die Departement vir bekragtiging gestuur word.
(j) Skoolrade en skoolkomitees moes hulle eie reglemente op stel.
(k) Die onderwyser moes in oorleg met die skoolkomitee die medium van onderwys bepaal wat in belang van die opvoeding van die kind sou wees.
(l) In laerskole moes eweveel tyd aan die onderrig van Hollands en Engels bestee word.
(m) Die sekondêre onderwys, nie onder staatsbeheer nie, moes subsidie ontvang op 'n £-vir-£-basis.
(n) Die stigting van staatskole wat ook subsidie moes ontvang, word aanbeveel vir die platteland.
(o) Skoolboeke wat deur vertolking van historiese feite moontlik die gevoelens van enige gedeelte van die leerlinge sou seermaak, sou nie toegelaat word nie. Die onderwysdepartement behoort hom dit ten doel te stel om by alle leerlinge 'n eerbied vir die verlede, asook samewerking, verdraagsaamheid en nasionale selfrespek aan te kweek.

Alhoewel die regering nie sy weg oopgesien het vir sulke drastiese veranderings op onderwysgebied nie, blyk dit tog uit sy memorandum dat Selborne wel deeglik notisie geneem het van die aanbevelings van „Het Volk." Die belangrikste dryfveer wat die owerheid tot tegemoetkomendheid genoop het, was egter die begeerte om die C.N.O.-skole

onder staatbeheer geplaas te kry.[1]

6. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

(a) Bepalinge van die Selborne -Minute[2] in verband met die oprigting, instandhouding en beheer van skole.

(i) Skoolkomitees

Selborne beveel aan dat daar vir laerskole skoolkomitees aangestel word. Alhoewel die funksies van die komitees uitgebrei is, was alle funksies en magte slegs gedelegeerde magte, uitgevoer onder toesig van die onderwysdepartement. Die skoolkomitees moes algemene toesig hou oor hulle bepaalde skole en kon in 'n direkte raadgewende hoedanigheid optree by die keuring en aanstelling van leerkragte, asook by skorsing van 'n onderwyser. Die ontslag van die onderwyser sou net by die Direkteur berus.

(ii) Adviserende skoolrade.

Daar moes adviserende skoolrade vir groter distrikte benoem word om as skakel tussen die Onderwysdepartement en die skoolkomitees te dien. Hierdie rade moes deur die verskillende skoolkomitees van die distrikte gekies word, maar een-derde van die ledetal moes deur die goewerneur benoem word. Die skoolrade sou ook net soos die skoolkomitees adviserend wees en kon slegs die funksies vervul waartoe die regering hulle volmag verleen.

Aansoeke om die stigting van nuwe skole moes deur die skoolraad behandel en aanbevelings aan die Departement gedoen word. Slegs die Departement kon skole open of sluit.

(iii) Die aanstelling van onderwysers.

Die Direkteur is vir die aanstelling en skorsing van onderwysers verantwoordelik, maar moet in hierdie taak bygestaan word deur die skoolkomitees en skoolrade, sodat die ouers ook 'n seggenskap kon hê in die keuse

van........../-236-

1) Lt. Gen. 129/114/Gen: Telegram van Selborne aan die Staatssekretaris in Londen, 16. 9. L905.
„I am confident that developments will materially strengthen Government Schools and weaken opposition Schools."

2) Lt. Gen. 129/114/Genl., 17. 11. 05.

van die onderwysers wat hulle kinders moes opvoed. Die Direkteur verskaf egter aan die skoolkomitee 'n lys van kandidate waaruit hulle moes kies. Indien die Direkteur egter nie tevrede was met die keuse van die komitee nie, kon hy hulle versoek om 'n ander keuse te maak sonder om 'n rede vir sy handelwyse te verstrek.

Alhoewel hierdie regulasies vir skoolkomitees en skoolrade wat op 28 Des. 1905 geproklameer is, as goewermentskennisgewing no. 1117 van 1905, bepaald 'n stap in die regte rigting was wat betref ouer-verteenwoordiging, kon dit nog nie tevredenheid verskaf nie. Die „Christelik Schoolblad" se kommentaar was dat die regering die onderwysstelsel bly beheer het en dat die skoolkomitees slegs 'n paar sakies kon doen. Hierdie blad sê verder: „De ouders zijn de natuurlike van Gods aangewezen opvoeders der kinderen. Eerst na de ouders komen staat en kerk als belanghebbenden bij de opvoeding der jeugd."[1]

(iv) Sekondêre en hoërskole.

Die beheer van hierdie skole is deur middel van regulasies bepaal en die komitees wat hierdie skole moes beheer, het slegs adviserende magte gehad. Die ouers moes finansiële offers bring, maar het nie volle seggenskap gehad nie, want ook hierdie skole was nie vry skole nie, maar wel staatskole.[2] Onderwysers is hier ook deur die Direkteur benoem op aanbeveling van die skoolkomitee en leerplanne is deur die Onderwysdepartement opgestel.

Die kwessie van ouerseggenskap in die bestuur van die skool het herhaaldelik ter sprake gekom in die wetgewende vergadering. Veral waar ouers meer bygedra het as die Staat, het hulle gevoel dat hulle ook groter seggenskap moes hê. Na herhaalde vertoë van die ouers het die Koloniale Sekretaris tydens die sesde sitting van die Wetgewende Raad die volgende verklaring gemaak: „Parents who pay these considerable fees for high school education

should......./-237-

1) Het Christelijk Schoolblad, 1 Des. 1905.
2) Debates of the Sixth Session of the Legislative Council, 280.

should have some say in the administration and management of school. That was so in the Johannesburg schools, and in the Potchefstroom schools there was a governing body elected by the parents, which was only an advisary body, because they did not control the school in the sense in which a private school was controlled by a governing body, but it was the intention of the Government, as far as possible, to give them wide powers and to encourage their taking an interest in the administration of the school, and assisting the Government where possible to reduce the expenditure."[1)]

Die regering het voorgegee dat hy groter finansiële verantwoordelikheid aan die ouers wou toeken, maar aan die ander kant het hy gevrees vir eise om groter seggenskap wat hy nie bereid was om te gee nie. Dit het dus nooit verder as beloftes en adviserende magte gekom nie.[2)]

(b) Bepalings van die Selborne-Minute in verband met Christelike en Nasionale onderwys.

In die Selborne-Minute word daar nie melding gemaak van die Christelike onderwys nie, maar wel van die nasionale. Die volgende word deur Selborn hieromtrent verklaar: „It is, however, of the utmost importance that every child should acquire a thorough knowledge of English, and, consequently, as soon as he begins to understand it, it should be made the medium of instruction." Volgens hom sal dit 'n groot fout wees om Hollands as medium te gebruik tot by standerd drie want „the Boer child shows a wonderful aptitude for learning languages, and picks up enough English at an earlier stage than the third standard to comprehend fully instruction through that medium." Kennis van Engels sou dan ook 'n voorwaarde wees vir bevordering na 'n hoër standerd.

Selborne beveel egter aan dat Hollands onderrig moet word aan alle kinders wie se ouers dit verlang. „Manifestly, no children can be taught Dutch whose parents

object......../-238

1) Debates of the Sixth Session of the Legislative Council, 280.
2) J.T. van Wyk: Plaaslike beheer in die onderwys van Transvaal 1902-1910, 79.

object to it."[1]

Die onderwysers moes ook die regte gesindheid hê om die Britse saak te bevorder, want „he or she must be a loyal subject of the King. By this I mean that he or she must unreservedly, and as a man or woman of honour, interpret that allegiance to King Edward VII which he or she has accepted."

7. Reaksie van die ouers - Selborne-Minute.

(a) Die Pers.

Die Afrikaanssprekende ouers kon hulle nie vereenselwig met die minderwaardige plek wat daar aan die onderrig van die Hollandse taal toegesê is nie. In 'n artikel „Recht voor Allen" wat in „Het Christelijk Schoolblad" verskyn het, word aangedring op die taal- en onderwysregte van die Afrikaners, want alleen gelyke regte sal „vrede, vreugde, voorspoed en verbroedering bring."[2]

De Volkstem spreek sy waardering uit oor die belofte van meer plaaslike beheer, maar is teleurgesteld dat die Afrikaner se taal so afgeskeep word.[3]

(b) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Die Kommissie van Waaksaamheid vir Opvoeding en Onderwys van hierdie Kerk, wat gewoonlik in oorleg met die ander twee Hollandse Kerke opgetree het, was diep teleurgesteld oor hierdie memorandum. Daar is ten minste verwag dat die volgende regte erken sou word:
(a) die regte van die volk om op onderwysgebied saam te werk,
(b) die regte van die ouers om vir die opvoeding van hulle kinders te sorg, en (c) dat die Hollandse taal 'n waardige plek in die leerplan sou inneem.[4]

(c) Die Gereformeerde Kerk.

Manne soos prof. J. Kamp en dr. P.C. Snyman getuig kragtig vir die gereformeerde beginsel in

hierdie......../-239-

---

1) Staatskoerant, 14 Nov. 1905. T.E.D. Report 1905-1906, 152-157.
2) Het Christelijk Schoolblad, 1 Des. 1905.
3) De Volkstem, 18 Nov. 1905.
4) Notulen van de Achste Synode - Ned. Herv. of Geref. Kerk, 6/6/06, Bylae XXIV, 224.

hierdie tydperk. Prof. Kamp getuig in 16 artikels oor die beginsel in „Het Kerkblad" vanaf 1 April tot 1 Des. 1905. Hierdie artikels is later saamgevat onder die titel „Onze Strijd om de school."

Die stryd word in hierdie periode voortgesit vir die ondersteuning van vrye skole. Op die C.N.O.-kongres in Desember 1905, lewer prof. Kamp 'n kragtige pleidooi vir „De Vrije School met Goevernementssubsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel." In hierdie brosjure word die goewermentskole eers verdoem, want: „De goevernement-school is gebaseerd op ............ aanmatiging, daar zij het goevernement tusschen God en de ouder instelt; zij is een stadig maar zeker gif van alle ware godsdienst; Zij kan onze kinderen nooit een nationale opvoeding geven." Die vrye skool is die enigste redmiddel want: „De Vrije school is het eenige redmiddel om de Eere Gods in de opvoeding onzer kinderen tot haar recht te doen komen; Zij is het eenig redmiddel tot behoud van onze nationaliteit; Zij is het eenig redmiddel voor onze kerken en strekt dus tot behoud van den waren godsdienst onder ons."[1] Daar word verder op gewys dat die goewerment die vrye skool moet subsidieer en dat die stelsel uitvoerbaar is.

(d) <u>Die Ned. Herv. Kerk</u>.

Die Kerk het hom tydens sy algemene vergadering te Pretoria in hierdie strydperiode met die ander twee Kerke vereenselwig deur hom ten gunste van die vrye skool met staatshulp uit te spreek.[2] Op sy Algemene Vergadering van April 1907 het die Kerk dan ook besluit om met die C.N.O.-skole voort te gaan.[3]

(e) <u>Die C.N.O.-kongres van Des. 1905</u>.

Na die verskyning van die Selborne-Minute het alle partye van die Afrikaanse gemeenskap wat by die onderwys betrokke was, bymekaar gekom om gesamentlik oor hierdie belangrike saak te beraadslaag.

Die......../-240-

---

1) J. Kamp: <u>Het Vrije School met goevernementssubsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel</u>, 3.
2) <u>Het Kerkblad</u>, 1 Mei 1907.
3) <u>De Volkstem</u>, 20 April 1907 en 27 April 1907.

Die eerste groot onderwyskongres wat op 12 en 13 Desember deur die hoofkommissie van C.N.O. belê is, is dan ook bygewoon deur sowel lede van die hoofkommissie as verteenwoordigers van die hoofkomitee van Het Volk, die drie Hollandse Kerke, die C.N.O.-verenigings, die takke van Het Volk en V.V.O.O.Z.A.

Na deeglike bespreking is die volgende belangrike besluite geneem: i. Die kongres besluit om na die mislukte onderhandelings met die regering, met volksopvoeding volgens C.N.O. voort te gaan.
ii. Daar word besluit om deur 'n skrywe deur 'n spesiale kommissie die volk daadwerklik aan te spoor vir die saak.
iii. Daar word vasgestel op watter hulpbronne C.N.O. kan reken.
iv. 'n Voorlopige hoofkomitee word benoem om: (a) 'n skema op te stel, sodat C.N.O. en Het Volk saam kan werk, (b) gelde te beheer, (c) 'n onderwyskongres in Maart te organiseer.[1]

(f) Die Tweede C.N.O. kongres 1906.

In Maart 1906 is 'n tweede kongres gehou waarop die hele C.N.O.-stelsel nou volgens 'n vaste skema beplan is.[2] Die hoofkommissie van C.N.O. het in verband met die volgende twee belangrike besluite dadelik in verbinding met die regering getree:
(i) Aangesien die ouers van kinders in C.N.O.-skole deur belastings bydra tot die bevordering van die onderwys, word dit aan die hoofbestuur opgedra om in samewerking met Het Volk by die regering aan te dring op subsidie vir C.N.O.-skole.
(ii) Die kongres gee sy sterkste afkeuring te kenne oor die bepalings van die Onderwyswet van 1903 waardeur aan die Departement die reg verleen word om in die sake van privaat skole in te meng en om skole, waar die onderwysers nie voldoende gekwalifiseer is nie, te sluit.

Die........./-241-

1) De Volkstem, 20 Des. 1905. V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 156.
2) Het Christelijk Schoolblad, 1 Feb. 1906.

Die kongres spreek sy ernstige oortuiging uit dat „de toepassing dezer bepalingen op de C.N. Scholen in strijd zal zijn niet alleen met de rechten der ouders en onze oude gebruiken, maar ook met de algemeene praktijk der beschaafde wêreld, een aanleiding zal geven tot grootte bitterheid en wrijving onder de oude bevolking der Transvaal."[1)]

Op 28 April antwoord die Luitenant-goewerneur dat hy nie van plan is om van sy beleid af te wyk nie.[2)]

Omtrent die verkiesing van skoolkomitees waardeur die ouers meer seggenskap in verband met die aanstelling van onderwysers wou verkry, het die Luitenant-goewerneur die volgende gesê: „It is not the intention of the Government to depart in any way from the principle that the Central Government which provides the whole cost of elementary education should retain complete administrative control and in particular that the teachers should be appointed and dismissed by the Director of Education and should be directly responsible to him." [3)]

Daar was dus weinig hoop vir die ouers om enige seggenskap in die opvoeding van hul kinders onder die huidige bewind te verkry.

Weens gebrek aan fondse het die C.N.O.-skole gedurende die laaste helfte van 1906 vinnig begin kwyn.

8. <u>Samevatting</u>.

Die gereformeerde beginsel in die onderwys was diep genoeg gewortel in die siel van die Afrikanervolk en kon nie deur wapengeweld vernietig word nie. Die Boerevolk het reeds in so 'n kort tyd as 'n halwe eeu 'n nasionale onderwysstelsel, gebaseer op Gods Woord, daargestel wat die hoof kon bied en in botsing sou kom met die onderwysbeskouing van Milner.

Die gereformeerde beginsel in die onderwys, naamlik dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van sy kind en nie die Staat nie, was die waarborg

dat........./-242-

1) Lt. Gov. of the Transvaal 132: 114/98 - H. Visscher aan Lt. Gov., 22 Maart 1906.
2) Lt. Gov. of Transvaal 132: 114/8 - Lt. Gov. aan H. Visscher, 28 April 1906.
3) Debates of the Legislative Council of the Transvaal 1906, 5. Cd. 3028 - 1906, 105.

dat die onderwysers benoem deur die ouers, hulle kinders sou opvoed in Christelik-nasionale gees en rigting.

Om hierdie beginsel tot niet te maak, is die organisasie van die onderwys in die nuwe kolonie deur Milner opgedra aan E.B. Sargant. Hy het 'n baie belangrike taak te vervul gehad om 'n nuwe stelsel van onderwys daar te stel wat sou pas by die landsomstandighede en die imperiale doel sou dien om die Boerekinders te Angliseer en te denasionaliseer. Hierdie idee moes so gou moontlik ten uitvoer gebring word en die onderwys was die middel daartoe.

Die bepalings van ordonnansie no. 7 van 1903 insake oprigting, instandhouding, beheer, die Hollandse taal en godsdiensonderwys, almal beginselsake wat ouerreg en ouerseggenskap raak, was vir die Boerebevolking vreemd en onaanneemlik. Die gees en rigting van die skole is deur die imperiale heethoofde bepaal en was heeltemal vreemd vir die Boer wat gewoond was aan 'n onderwysstelsel gefundeer op Gods Woord.

Reaksie teen hierdie onderwysstelsel het dan ook spoedig gekom in die vorm van die C.N.O.-beweging, 'n beweging wat skole waar die gees en rigting Christelik en nasionaal sou wees, sou oprig, in stand hou en beheer. Hierdie skole het vinnig in aantal toegeneem en in 'n krag ontwikkel waarmee die offisiële onderwysoutoriteit rekening moes hou.

Die drie Hollandse Kerke het ook hulle daadwerklike bydraes gelewer tot die behoud van die volkseie. Deur die Algemene Vergaderings van die drie Kerke is daar kommissies benoem om onderwyssake te behartig en met die regering te onderhandel insake die verkryging van en erkenning van die beginsels van die Boerebevolking in die onderwys.

In 1905 is verteenwoordigende bestuur aan die Transvaal toegestaan en is Milner vervang met die meer gemagtigde Lord Selborne. Hy het nader kennis gemaak met die onderwystoestande in die kolonie en selfs met die leiers van die Het Volk-party onderhandel. Die Selborne-Minute bevat dan ook sekere aanbevelings in verband met die onderwys wat heelwat belowend voorgekom het. Daarin word

melding......./-243-

melding gemaak van skoolkomitees vir individuele skole en adviserende skoolrade. Vir die eerste keer kon skoolkomitees die Direkteur adviseer in verband met die aanstelling van onderwysers. Die skoolrade sou as skakel dien tussen die skoolkomitees en die Direkteur, maar reeds vroeg is die belangrikheid van die skoolkomitees op die agtergrond geskuif. Die belangrike dryfveer agter die aanvaarding van die aanbevelings van Het Volk was om die C.N.O.-skole onder staatstelsel geplaas te kry.

In die geheel gesien was hierdie memorandum van Selborne in sy toepassing nie juis 'n verbetering op Ordonnansie no. 7 van 1903 nie. Beginsels in die onderwys waarna die Boerebevolking gestreef het, is oor die hoof gesien en die regering wou nie afstand ~~te~~ doen van sentrale beheer, administrasie en finansiering van die onderwys nie.

## HOOFSTUK VII.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VERWERP ONDER SELFBESTUUR 1907 - 1910.

### 1. Inleiding.

Met die eerste volksraadverkiesing wat op 20 Feb. 1907 in Transvaal gehou is was die algemene belangstelling veral op die onderwys gevestig. Die groot vraag wat beantwoord moes word, was: watter onderwysstelsel sàl oorheers: die goewermentskool van mnr. Sargant soos aangevul deur Lord Selborne, of die vrye skool van die C.N.O.-beweging, gebaseer op die beginsel van die Mansvelt-wet?[1]

Die „Het Volk", die politieke party waaraan die Hollands-Afrikaanse seksie van die bevolking behoort het, het aan die bewind gekom.[2] Artikel VI van die program van beginsels van „Het Volk" lui soos volg: „Elementair onderwys op kosten van de Staat, met erkenning der rechten van de ouders by wijse van gekozen kommissies en de aanstelling van onderwijzers en in de keuze van medium van onderwijs, met dien verstande dat onderricht in de Engelse taal verplichtend zal wezen. Aanvaarding van leerplicht binne praktiese limieten, en aanmoediging van goedkope hogere en techniese opvoeding."[3]

Pas na sy benoeming as Minister van Onderwys, het genl. Smuts op verskeie openbare vergaderings die sienswyse verkondig dat alle partypolitiek en persoonlike konsiderasies wat in die weg van 'n nasionale onderwysstelsel gestaan het, op sy gesit moes word. Sy onderwyswet wat hy aan die Transvaal sou gee, sou beide Afrikaanse en Engelse burgers bevredig. Hy was vas van oortuiging dat hy die twee onderwysstelsels, nl. Goewermentskole en C.N.O.oskole met mekaar sou kan versoen en sodoende 'n nasionale Onderwysstelsel in die lewe roep.[4]

In die eerste parlement van 1907 het Smuts met sy onderwyswet na vore gekom. Hierdie Onderwyswet no. 25

van......../-246-

---

1) A.K. Bot: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951, 63.
2) De Volkstem, 23 Februarie 1907.
3) Het Volk-program soos in De Volkstem, 5 Desember 1906.
4) A.K. Bot: a.w., 63.
De Volkstem, 21 April 1906.

van 1907 is min of meer 'n uitvloeisel van die Selborne-Memorandum.[1]

Die Smutsonderwyswet is daargestel as onderwyswet „voor het wijzigen van de Wet betrekking hebbende op het Openbaar Onderwys en voor andere doeleindes,"[2] is 'n omvangryke wet van 91 artikels verdeel onder 12 hoofstukke.

In hierdie wet kon die veranderde opvattings van Smuts duidelik waargeneem word. Tot 1906 was sy onderwysbeleid 'n getroue weergawe van Krugerisme en het hy die sienswyse van die C.N.O.-beleid heelhartig ondersteun.[3] Hy het saamgestem met die volksidee en gereformeerde siening dat „duizende en nogeens duizende Afrikaners huldigen de overtuiging dat hul taal, zeden, nasionaliteit en godsdienst schade lyden op de Gouvernement School."[4]

Vanaf 1906 het hy 'n geheel ander opvatting begin huldig en verklaar hy dat „Engelse en Boeren kinderen moeten op dezelfde school gaan zodat het volk zal opgroeien tot een gelukkige en eendragtige natie."[5] Hy het so 'n radikale metamorfose ondergaan dat hy selfs die regeringstelsel en onderwysbeleid van Milner en Selborne aangeprys want „vandag kunnen wy zeggen dat het Governement een gesonde grondslag gelegd heeft voor de toekomstige ontwikkeling van ons onderwysstelsel."[6]

De Volkstem, die mondstuk van Het Volk tree nou ook op as kampvegter van die onderwysbeleid van Smuts en gee volle steun aan die idee van Smuts, nl. : „Engelse en Boeren kinderen moeten op dezelfde school gaan zodat het volk zal opgroeien tot een gelukkige en eendragtige natie."[7] Die koerant gaan verder en versaak die volkseie deur C.N.O. se doodsvonnis uit te spreek met: „Nu blyft aan de Regering niets anders over dan om geleidelik te zorgen voor de uitvoering van de in't vooruitzicht gestelde maatregelen ..... en werd gevoeld hoe dit C.N.O. zyn ontstaan dankt aan tydelike nooddrang en hoe, by't ophouden van die

noodomstandigheden../-246-

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 98.
2) Wet no. 25 van 1907. Handboek van Onderwyswette van 1907, 1908 en 1909 ens., 7.
3) J.J. Snyman: Smutsonderwyswet 1907, 203.
4) De Volkstem, 6 Januarie 1906.
5) Ibid, 21 April 1906.
6) Ibid, 3 April 1907.
7) Ibid, 21 April 1906.

noodomstandighede ook de reden van bestaan voor de organisatie ophield."[1]

Hierdie gunstige lofuitings teenoor hom was vir Smuts die groen lig. Hy het gemeen die volk staan agter hom en daarom is dit nie net hy alleen wat van front verander het nie, maar die hele bevolking is dieselfde mening oor onderwys toegedaan.

2. Die grondbeginsels waarop die konseponderwyswet van 1907 gebaseer is en hoe dit van die gereformeerde beginsel in die onderwys afgewyk het.

(a) Die C.N.O.-skole.

Die belangrikste probleem waaroor die konsepwet gegaan het, was die oplossing van 'n ingewikkelde onderwyssaak: 'n stelsel wat voorsiening moes maak vir twee rasse, elk met sy eie taal, tradisies, lewensbeskouing en geskiedenis. Smuts kon nie so maklik die C.N.O. oor die hoof sien nie omdat die hele Afrikaanssprekende element daarmee gemoeid was.[2]

Daar is van verskeie kante by die Regering daarop aangedring om C.N.O.-skole te subsidieer, wat volgens Smuts 'n stap in die verkeerde rigting was, een wat die Regering nie bereid was om te neem nie. Smuts het verklaar dat dit op grond van besparing onmoontlik was om aan die aanvrae gehoor te gee en hulp in daardie rigting te verleen.[3] Nog 'n rede waarom 'n privaatstelsel nie voortgesit kon word nie was, volgens Smuts, die aanmoediging wat hy tot ondersteuning vir staatsonderwys gekry het. Byna al die C.N.O.-skole het oorgegaan tot die staatstelsel.

Daar was dus geen grond vir 'n tweeledige onderwysstelsel in Transvaal nie, want 'n tweeledige stelsel was nog op geen gebied van die lewe 'n sukses nie. 'n Stelsel waar die kinders nie op dieselfde skoolbanke gesit het nie, kon geen volk opbou wat gelyk in oortuiging sou wees

nie....../-247-

1) De Volkstem, 13 April 1907.
2) J.J. Snyman: Smutsonderwyswet 1907, 216.
3) Debatten, Transvaalse Eerste Parlement 1907, 206.

nie en gevolglik moes elke burger daarna streef om 'n gelykvormige stelsel te verkry.[1]

(b) Ouerseggenskap.

Smuts het die standpunt gehuldig dat die ouers 'n seggenskap moet hê, maar dat die onderwys onder goewermentkontrole moet staan. Volgens Smuts was die gronddedagte dat, terwyl die inisiatief van die plaaslike kontrole afkomstig is, die finansies by die regering moet berus.[2]

(c) Kostelose onderwys en leerplig.

Smuts het die belangrikheid van die onderwys op die harte van die lede gedruk en verklaar dat laer onderwys kosteloos moes wees. Elke kind moes ook verplig word om die skool by te woon, totdat hy ten minste die vierde standerd deurloop nie.[3]

(d) Die Taalvraagstuk.

Volgens Smuts was sy bepalings ten opsigte van taal en die medium van onderwys regverdig en was hy seker „that they would satisfy every section of the community."[4] Hy het verklaar dat die beginsel van taalgelykheid toegepas moet word, maar hoe hy dit wou doen, het hy laat blyk uit die volgende woorde: „In regard to the language question an attempt has been made here to recognise the bilingual character of this country. It is laid down in the first place that every child in this country must learn English, and in the second place that every child shall learn Dutch unless its parents object. No doubt it is very important that every child in this country should learn Dutch, but so far as I am concerned, and so far as the Government are concerned, they are not going to ram Dutch down the throats of anyone. And a proposal like that in the Bill, which allows a certain latitude to the people of this country, is more likely to succeed than a

compulsory......./-248-

1) Debatten, Transvaalse Eerste Parlement 1907, 206.
2) Ibid, 207.
3) Ibid, 211.
4) The Star, 8: Junie 1907.

compulsory system which would simply lead to confliction and misunderstanding."[1])

(e) Godsdiensonderwys.

Die godsdiensonderwys was, net soos die taalvraagstuk, vir Smuts 'n netelige vraagstuk. Negetiendes van die bevolking van Transvaal was Christene en hulle wense was dat hulle kinders op 'n Christelike wyse opgevoed sou word, en dit moes deur die Regering erken word. Die eenvoudige, neutrale Christelike leer moes dus die grondslag van die godsdiensonderwys op skool wees. Die skool was nie die plek vir dogmatiese onderrig nie. „Het ligt niet op de weg van de staat de meningen van welke sekte, kerk of richting ook, in dit land te bevorderen,"[2]) het Smuts in die Raad verklaar.

Coetzee beskryf die Christelike aspek in die Smutsonderwyswet soos volg: „Die idee is dus wel geen wêreldlike skool nie, maar 'n kristelike staatskool, toeganklik vir almal van watter geloof of wêreldbeskouing ook, 'n gemengde skool met 'n kristendom bo geloofsverdeeldheid - 'n presiese toepassing van die beginsel van de Mist."[3])

3. Die Smutsonderwyswet van 1907.

Na die indiening van die Konsepwet op 25 Junie 1907 is enkele wysigings aangebring nadat 'n breedvoerige bespreking plaasgevind het. Die wet is op 25 Julie van dieselfde jaar aangeneem as Onderwyswet no. 25 van 1907,[4]) en het op 1 Okt. 1907 in werking getree.

4. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

(a) Die Smutsonderwyswet met betrekking tot oprigting, instandhouding en beheer.

Hoofstuk I van die wet handel oor die sentrale beheer van die openbare onderwys. Aan die hoof sou

die......./-249-

1) Debates of the Legislative Assembly, Transvaal, 1907, 362-405.
2) ~~3)~~ Debatten , Transvaalse Eerste Parlement 1907, 213.
3) J.Chr. Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 113.
4) Debatten, Transvaalse Eerste Parlement 1907, 848.

die Direkteur van Onderwys wees wat onderhorig is aan die Minister van Onderwys. Die funksie van die Departement van Onderwys sou wees die uitoefening van beheer oor die onderwys, terwyl die funksies van die Minister van Onderwys ook duidelik omskrywe is, onder andere die oprigting en instandhouding van skole.

Hoofstuk VIII gaan oor privaatskole. Die Minister van Onderwys verklaar dat die Regering in beginsel teen staatsteun aan privaatskole is. „Er is geen reden voor een tweeledig sisteem van Onderwys in dit land. Alles wel beschouwd, behoort het't streven van publieke personen in dit land te zyn om zoveel mogelik een gelykvormig sisteem te hebben."[1)]

Die hoof of eienaar van elke skool wat nie 'n openbare skool is nie, en waar tien of meer leerlinge op die register is, moet:

(a) sy skool by die Departement laat registreer;

(b) 'n register van die hoogs moontlike en werklike skoolbesoek aanhou;

(c) 'n register van die diensdoende onderwysers in so 'n skool waarin hulle kwalifikasies aangetoon word, aanhou.

Indien die Minister vind dat so 'n skool nie aan die eise voldoen nie, kon hy gelas dat dit onmiddellik gesluit word.

In Hoofstuk IX word die plaaslike besture bespreek. In elke distrik sou 'n skoolbestuur of skoolraad wees, bestaande uit ses, nege of twaalf lede, soos deur die Goewerneur bepaal.[2)] Van die lede sou een-derde deur die Minister benoem word en twee-derdes sou deur die stemgeregtigdes gekies word.

Artikels 57-63 het die magte en pligte van skoolrade omskryf. Die skoolrade is in beheer geplaas van alle openbare laerskole, laerskole met middelbare afdelings en hoërskole in die distrik. Die magte en pligte van die skoolrade het o.a. ingesluit die toesig oor skole en inrigtings, en die behandeling van vakante poste in die skole wat

onder....../-250-

1) Debatten, se Eerste Parlement Transvaal, Eerste Zitting 1907, 206.

2) Staatscourant, 4 Oktober 1907.

onder hulle ressorteer. Aanbevelings in verband met die poste moes dan aan die Direkteur gedoen word.

Skoolrade moes ook die Departement adviseer met betrekking tot die stigting van skole en die voorsiening van akkommodasie,[1] en is verantwoordelik gehou vir die instandhouding en versorging van geboue en terrein.[2]

Die bepalings in verband met skoolkomitees word in artikels 66 tot 72 omskryf. Skoolkomitees sal bestaan uit nie minder as vyf en nie meer as sewe lede nie, soos die skoolraad mag besluit, en ouers wat binne die skooldistrik of binne drie myl van die grense daarvan woonagtig is en kinders in die skool het, sal stemgeregtig wees.[3]

Die magte en pligte van die skoolkomitees is om:
1. alle sake wat die welsyn en doeltreffendheid van hulle skool raak, onder die aandag van die skoolraad te bring;
2. sorg dat geboue in 'n goeie toestand gehou word;
3. te deel in die benoeming, skorsing of ontslag van onderwysers binne perke van die wet;
4. sodanige magte uit te oefen as wat die skoolraad in terme van die wet aan hulle delegeer.[4]

Skoolkomitees moes in alle sake met die skoolrade onderhandel en nie direk met die Departement nie.[5]

Hoofstuk III handel oor die laeronderwys vir blanke kinders. Artikel 16, wat oor die oprigting en onderhoud van laerskole gaan, het bepaal dat die administrasie 'n skool kan oprig mits die gemiddelde aantal leerlinge op die register gedurende die hele jaar minstens 25 beloop. Die Direkteur sou egter 'n skool met aanbeveling van die skoolkomitee kan sluit as die getal vir 'n volle jaar benede 25 gedaal het.

Ondersteunde plaasskole kon op aanbeveling van die skoolbestuur opgerig word as daar minstens 10 of meer kinders was. So 'n skool sou dan jaarliks 'n hoofdelike toelaag ontvang met dien verstande dat daar geen ander skool

binne......../-251-

---

1) Smutswet, artikel 59.
2) Ibid, artikel 63.
3) Ibid, artikel 67.
4) Ibid, artikel 71.
5) Ibid, artikel 72.

binne ses myl straal bestaan nie, dat daar 'n behoorlike klaslokaal is, dat die skoolkomitee 'n onderwyser van die distrik kon aanbeveel wat deur die departement goedgekeur word en dat 'n gunstige rapport oor die onderwys van so 'n skool deur die Inspekteur van Onderwys uitgebring word.

Kostelose laer onderwys onder sekere voorwaardes is in artikel 18 omskrywe. Laer onderwys sou vry wees, behalwe in die geval van ondersteunde plaasskole waar skoolgeld gehef kon word. Volgens art. 19 is verpligte skoolbesoek vir elke blanke kind tussen sewe en veertien jaar bepaal.

(b) Die Smutsonderwyswet met betrekking tot die Christelike onderwys.

Hoofstuk VII handel oor godsdiensonderwys en die vrystelling daarvan. Elke skooldag sou begin met die lees van 'n Skrifgedeelte en gebed. Onderrig in die Bybelse geskiedenis sou so ver moontlik binne die eerste halfuur van elke skooldag in Engels, Hollands of enige ander Europese taal gegee word. Hierdie bepalings sou egter nie van toepassing wees op skole wat hoofsaaklik deur kinders van nie-Christelike ouers besoek word nie. As die kinders van Christelike ouers egter ook sodanige skool besoek, sou voorsiening gemaak word op 'n skriftelike aanvraag vir die onderrig van Bybelse geskiedenis.

Geen leer of dogma van enige godsdiens of sekte sou in die openbare skole toegelaat word nie en slegs onderwysers aan die skole verbonde mag Bybelles gedurende skoolure onderrig. Geen onderwyser sou toegelaat word op die personeel van 'n skool tensy hy of sy bereid was om op nougesette wyse onderrig in Bybelse geskiedenis te gee nie, behalwe as hy of sy beswaar aan die Direkteur sou voorlê om sodanige onderrig te gee.

(c) Die Smutsonderwyswet met betrekking tot die nasionale onderwys.

Die taalvraagstuk is deur artikels 30-33 van Hoofstuk II omlyn. Die moedertaal sou as medium van onderwys in die laer standerds van enige openbare skool gebruik word, maar in die geval van Afrikaanssprekende

leerlinge...../-252-

leerlinge sou Engels geleidelik as medium van onderwys ingevoer word totdat dit na Standerd III die uitsluitlike medium sou wees.

'n Voldoende kennis van Engels was 'n vereiste vir oorplasing na 'n volgende standerd. Daar sou onderwys in die Hollandse taal aan elke leerling gegee word, tensy die ouers daarteen beswaar aanteken. Engelssprekende leerlinge sou met die aanleer van Hollands as vak begin op so 'n tydstip as wat deur die Direkteur op opvoedkundige gronde geskik beskou word. Appél kon by die Minister van Onderwys aangeteken word in geval van 'n verskil oor die voertaal.[1]

## 5. Die Britse invloed in die Smutsonderwyswet van 1907.

By die deurlees van die Onderwyswet van 1907 merk ons dadelik dat dit op die Britse stelsel, te wete die wette van Milner-Sargant en Selborne, geskoei is. Smuts het dan ook self erken dat: „most of the work in this Bill is on the lines set out by my predecessors. I have only tried to pick up the strings, to co-ordinate the different interests in this country, and so satisfy the various interests of the different sections of the population."[2]

In dieselfde trant het sir George Farrar, die leier van die Progressiewe Party in die Raad opgemerk dat: „evidently this Bill owes much to the system of education which has been built up in this country during the last four years. This (Bill) is not a radical change."[3]

Ten opsigte van die grondbeginsels van die wet skryf prof. J. Chr. Coetzee: „Dit handhaaf die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys en verwerp die Afrikaanse beginsel van C.N.-onderwys en wel ten opsigte van die grondslag van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir hul kinders se onderwys aan te wys en ook ten opsigte van die grondvereistes van die Afrikaanssprekende betreffende die

taal- ......../-253-

1) Wette van de Transvaal - 1907, 212-213.
2) Debates of the Legislative Assembly of the Transvaal 1907, 521, 261.
3) Ibid, 389, 195.

taal- en die godsdiens-onderwys."[1]

Hierdie invloed het meestal nie direk nie, maar via die Kaapkolonie na die Transvaal gekom.[2] Die Britse invloed kan veral ten opsigte van die volgende aspekte in die Smutswet opgemerk word.

(i) Die hele Onderwysdepartement met sy eentalige Engelse personeel het net so onder die nuwe regering aangebly terwyl 'n Onderwysraad, op aandrang van Britse voormanne, tot die Wet toegevoeg is.

(ii) Die beginsel van kostelose onderwys is gehandhaaf hoewel die C.N.O.-manne hulle vir staatsondersteunde onderwys beywer het.

(iii) Die Britse standpunt wat die gebruik van Engels en Hollands by die onderwys betref, is gehandhaaf. In die Smutswet is, net soos deur Lord Selborne, bepaal dat Engels deurlopend verpligtend sou wees.

(iv) Die beginsel van nie-sektariese onderwys is grotendeels deur Britse invloed in die Smutswet opgeneem. Sowel die Ned. Herv. of Geref. Kerk as die Ned. Herv. Kerk het hierdie beginsel gesteun..

(v) Die beginsel dat private skole geen staatsondersteuning moet ontvang nie, is deur die Britse seksie van die bevolking aanvaar. As gevolg hiervan is die C.N.O.-skole gedwing om na die staatstelsel oor te gaan en daarmee is 'n groot ideaal van die Britse seksie verwesenlik. Ons sien egter dat Engelse privaatskole later op staatsondersteuning aangedring het, en dit dan ook gekry het.[3]

(vi) Veral wat die instelling van skoolrade en skoolkomitees betref, is die Britse invloed onmiskenbaar. Smuts het die Kaapse Skoolradewet en die regulasies onder die Selborne-memorandum, as model vir sy wet gebruik.[4] Die Britse owerheid het egter nie dieselfde administrasie van die onderwys wat in Britanje in werking was, in Transvaal kom toepas nie. Die rede hiervoor was dat hulle as magghebbers die Afrikaanse bevolking wou verengels en hulle dus

nie........../-254-

---

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 98-99.
2) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 262.
3) Ordonnansie no. 16/1916, art. 9 - T.E.D. Handboek 1917, 50. .
4) Bulletin of Educational Statistics for the Union of S.A., 1939, 4.

nie seggenskap in die beheer van die onderwys wou geen nie. Vandaar die gesentraliseerde administrasie.[1)]

(vii) Die bepalings omtrent die aanstelling en skorsing van die onderwyspersoneel, hulle sertifikate en diensvoorwaardes is op die Selborne-regulasies gebaseer.

(viii) Die bestaande Britse stelsel van eksamen, inspeksie en onderwysersopleiding is deur die nuwe bewind oorgeneem en het die grondslag vir die toekoms gevorm.[2)]

6. Reaksie van die Boerebevolking op die Smutswet.

Die Smutswet was vir die Afrikaner en veral vir die C.N.O.-beweging 'n groot teleurstelling, en van verskeie kante is daar beswaar gemaak teen die wet. Terwyl die wetsontwerp onder behandeling was, is daar twee petisies by die Raad ingedien. Die een het op 18 Junie 1907 van die heer J.N. Bosman en 75 ander persone uit die wyk Vaalrivier, Potchefstroom gekom, en het die Raad versoek:

(i) dat die onderwys van die kinders in die hande van die ouers moet bly en nie in die hande van die Staat nie, sodat die ouers meer seggenskap in die benoeming van onderwysers kon hê;

(ii) dat die Hollandse taal groter erkenning moet kry en as die belangrikste taal in die skool gebruik moet word;

(iii) dat private plaasskole subsidie moet ontvang en;

(iv) dat meer tyd aan Bybelgeskiedenis bestee moet word.[3)]

Die petisie van die heer F.J. Cronje en inwoners van Gatsrand, distrik Potchefstroom wat op 2 Julie ingedien is, het ook gevra vir:

(i) meer ouerseggenskap,

(ii) groter erkenning van die Hollandse taal,

(iii) ondersteunde privatskole vir verafgeleë dele, en

(iv) meer tyd aan Bybelonderwys.[4)]

Hierdie....../-255-

1) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl. II, 265.
2) Ibid, 268-270.
3) Debates of the Legislative Assembly of the Transvaal 1907, 99.
4) Ibid, 577.

Hierdie versoeke het egter altwee misluk, want daar het groot eensgesindheid in die Raad geheers oor die verskillende afdelings van die konsepwet.[1] Daar het egter heelwat verskil van mening ontstaan in die debat oor gratis onderwys.

Dit was die mening van die heer W.F. Lance van Jeppe dat dit die plig van die Staat is om die kinders van die volk op te voed.[2] Aan die ander kant het die heer N.J. de Wet van Middelburg die beginsel van gratis onderwys heftig geopponeer. Daar moes skoolgeld betaal word deur almal behalwe die behoeftiges. Hy het dus 'n subsidiestelsel aanbeveel, sodat die ouers wat 'n gewetensbeswaar teen staatskole gehad het, hulle kinders met staatshulp na private skole kon stuur. De Wet het verklaar dat gratis onderwys 'n slegte beginsel is. „Iets dat kosteloos wordt verschaft wordt niet gewaardeert te meer daar het niet zo op prys gesteld zal worden als wanneer er voor betaald moet worden."[3]

Die heer De Wet het ook in verband met godsdiensonderwys sy mening gelug. Hy het daarop gewys dat die C.N.O.-skole nie soseer op die punt van godsdiensonderwys gestaan het nie, maar dat die onderwys in 'n Christelike gees moet geskied en dat die ouers die reg sou hê om invloed uit te oefen by die aanstelling van leerkragte. Daardeur sou hulle die waarborg hê dat die kinders aan 'n Christelike persoon toevertrou is.[4] Die rasegte Afrikaner het egter gevoel dat die liberale onderwyswet wat 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid wou vestig hulle van hulle eersgeboortereg gaan vervreem.[5] 'n Deel van die bevolking het hulle dan ook teen die kleurlose godsdiensonderwys uitgespreek.

Een van die kragtigste pleitbesorgers vir die vryheid van godsdiensonderwys was prof. J. Kamp in die bros-

jure........./-256-

1) J.J. Snyman: Smutsonderwyswet 1907, 250.
2) Debatten, Eerste Parlement - Transvaal, 224.
3) Ibid, 263.
4) Ibid, 264.
5) J.J. Snyman: Smutsonderwyswet 1907, 256.

jure „De Vrye School met Goewerment- subsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel." Hy veroordeel die goewermentskool en bepleit 'n vrye skool want; (i) De Vrye School is het eenig redmiddel om de Eere Gods in de opvoeding onzer kinderen tot haar recht te doen komen; (ii) Zy is het eenig redmiddel voor onze kerken en strekt dus tot behoud van den waren godsdienst onder ons; (iii) Zy is het eenig redmiddel tot behoud van ons nationaliteit."[1]

Hy het verder daarop gewys dat die goewermentskool die gevolg is van die veragting van die kennis van die Woord van God. Die leer van die Kerk het afgeneem en die geestelike voelhorings van die jong geslag het daardeur verstomp.[2] Die vrye skool moes dus in stand gehou word en die regering moes subsidies aan die vrye skool toeken. Dan sou die moedertaal nie verwaarloos word nie en die geestelike pand aan die ouer toevertrou, sou bewaar word.[3]

Voordat die Smutswet deur die Parlement aangeneem is, het daar 'n brosjure verskyn van die hand van prof. J.Lion Cachet van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom, waarin beswaar aangeteken word teen die wet.[4] Sy eerste beswaar teen die wet was die ongelyke behandeling van die Hollandse en Engelse tale. Tweedens het hy beswaar gemaak teen die bepaling waarin leerstellige godsdiens-onderwys verbied word, en laastens teen die feit dat die skoolkomitees, wat deur die ouers gekies sou word, so min seggenskap gehad het by die aanstelling van die onderwysers.

Vervolgens sê Cachet dat aan God die gehoorsaamheid nie opgesê kan word nie. Die ouers is verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders en daarom is die enigste uitweg om vrye Christelike skole te propageer en te stig en die regering moet dit subsidieer.[5]

Cachet het in verband met die moedertaal die volgende vraag gestel: „Wat het u eie goeie moedertaal tog aan

u en ........../-257-

1) J. Kamp: De Vrye School met Goewermentsubsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel, 3.
2) Ibid, 12.
3) Ibid, 17.
4) J. Lion Cachet: Niet om te twisten maar om des gewetens wil.
5) Ibid, 15.

u en u volk misdaan dat dit alleen by hoë guns sy verskyning mag maak in ons regeringskole waarvan die Hollandsprekende burgers net so goed betaal as die Engelssprekendes, en waarop hulle dus eweveel reg en aanspraak het."[1]

Nog 'n persoon wat ook teen die Smutswet te velde getrek het , was dr. J.D. du Toit (Totius) in 'n gepubliseerde lesing, nl. „Christelijk onderwijs met of zonder dogma".[2] Hierin toon hy aan dat onreg en gewetensdwang gely word deur diegene wat dogma op skool verlang, want die ouers het volgens die doopbelofte beloof om hulle kinders in die leer te onderwys of te laat onderwys.[3] Dr. Du Toit verklaar dat die doel by alle opvoeding moet wees die verheerliking van God en so 'n onderrig kan alleen tot sy reg kom in die Christelike skool wat deur die ouers opgerig en deur die Staat gesubsidieer word. Die ouer wil nie 'n kerkskool hê nie, maar skole wat die regte grondslag het, vry van Kerk en Staat en deur ouers opgerig.[4]

Oor die kwessie van die voertaal het daar ook heelwat Afrikaners na vore gekom wat geprotesteer het teen die minderwaardige plek wat Hollands in die openbare skole ingeneem het. By die besprekings in die Raad het die heer J. de Clerg van Middelburg-Oos en L.A.S. Lemmer van Marico daarop gewys dat Engels verpligtend gemaak is en Hollands nie. Daar is dus geen taalgelykheid neergelê nie. Die doel van die wet was ineensmelting van die twee rasse tot een nasie. Die verpligting om Engels en Hollands te leer moes op albei rasse van toepassing wees.[5]

Gedurende die bespreking van die taalklousule in komitee, het adv. N.J. de Wet en genl. D.J.E. Erasmus hulle beywer om Hollands meer op 'n gelyke voet met Engels te laat plaas, maar hulle het nie veel bereik nie.[6] Dat 'n groot deel van die volk ontevrede was oor die taalklousule

en die......./-258-

1) J. Lion Cachet: Niet om te twisten maar om des gewetens wil, 1.
2) J.D. du Toit: Christelijk Onderwijs met of zonder dogma in Het Kerkblad, 1 Julie 1908.
3) Ibid, 4.
4) Ibid, 20.
5) Debatten, Eerste Parlement-Transvaal, 274-275.
6) Debates of the Legislative Assembly of the Transvaal 1907, 719-722.

en die toepassing daarvan, blyk uit die feit dat die kiesers duidelik hulle misnoeë hieroor te kenne gegee het, toe genl. Botha hulle op Ermelo toegespreek het. Hy moes hulle paai deur hulle daarop attent te maak dat die Wet 'n kompromis was en dat hulle nie alles kon verwag nie.[1)]

Die kultuurrregte van die Afrikaanssprekende was van weinig belang vir generaals Botha en Smuts. F.S. Crafford sê hieroor die volgende: „While both cultural and political movements were very powerful in the Free State, the former had but little strength in the Transvaal where Botha and Smuts were willing to sacrifice cultural privileges for political supremacy. It was part of their calculated policy of conciliation both to condemn the continued existence of Christian national schools (a movement of which they once were the leaders) and to induce into Transvaal a system of education devised by Smuts which undoubtedly pondered to British sentiment to the detriment of Afrikaner interests in the Transvaal, in that English was made a compulsory subject in the schools while Dutch was merely optional."[2)]

(a) Die aandeel van die Kerk.

(i) Die Gereformeerde Kerk.

Dit was veral die Gereformeerde Kerk wat beswaar gemaak het teen die Wet op grond van die verontagsaming van moedertaalonderrig, nie-dogmatiese godsdiensonderrig en die skynseggenskap van die ouers by die benoeming van leerkragte.[3)]

Op die Sinode van 1907 word besluit: „In aansluiting bij de besluiten door de Synode genomen in 1882 en 1904, en ook nu weer in ernstige overweging nemende de zaak van het onderwijs der jeugd, is de Synode van oordeel: dat de ouders zelve geroepen zijn het onderwijs voor hunne kinderen te bezorgen, en aangezien de ouders belasting

betalers....../-259-

1) Het Kristelik Schoolblad, 1 Okt. 1907.
2) F.S. Crafford: Jan Smuts, 75-76.
3) Het Kerkblad, 1 Mei 1907, 1 Des. 1907, 1 Jan. 1908.

betalers zijn; Oordeelt de Zynode dat zij met recht van de Regeering subsidie kunnen vorderen voor Vrije Scholen door hen opgericht en die voldoen aan rechtmatige eischen.[1] Daar moes dus in die rigting van subsidie gewerk word. 'n Kommissie in elke provinsie is benoem om met die Regering oor hierdie saak te onderhandel, en om stappe te doen vir die samewerking van ander kerkgenootskappe oor hierdie saak.

In dieselfde jaar het die kommissie vir Kaapland die kongres van die Afrikanerbond genader met die oog op ondersteuning vir die saak. Op hierdie stadium was die Bond egter nie te vinde vir propagering van subsidie vir vrye skole nie.[2]

Hierdie besluit van die Sinode van 1907 is 'n duidelike standpunt ten gunste van vrye skole met staatsteun; te reg ook, omdat die ouers as belastingbetalers geregtig was op sodanige steun. Ook aanvaar die Kerk hier die beskouing van prof. J. Kamp soos in „De Vrije School met Gouvernementsubsidie voor heel Zuid-Afrika: Het eenige Redmiddel," waar hy die staatskool veroordeel omdat dit die Staat tussen God en die ouer plaas, omdat dit alle ware godsdiens vernietig en dat die kind geen nasionale opvoeding in sodanige skool ontvang nie. Die Gereformeerde Kerk huldig die C.N.O.-beginsel en word ook die pleitbesorgers vir C.N.O.-skole.

Die Sinode moes dan ook hier 'n beskrywingspunt behandel, nl. hoe daar opgetree moes word teenoor gemeentelede wat hulle kinders na die goewermentskole stuur, teenoor lidmate wat op skoolrade dien en onderwysers wat in sodanige skole werksaam is. Die Sinode antwoord hierop dat „Elke Kerkeraad is geroepen ten ernstigste Artikel 205, Synode 1904, te brengen onder de aandacht van kerkeraads- en gemeenteleden die niet naar het beginsel handelen, evenzoo moeten onderwijzers die het beginsel verlaten hebben, er teen ernstigste opgewezen worden, en bij

alle......./-260-

1) Handelinge van die Sinode van die Geref. Kerk, Maart 1907, art. 68.
2) Het Kerkblad, 1 Mei 1907, 2.

alle gelegenheden, moet elke kerkeraad arbeiden om de gemeente in het ware beginsel van christelijk onderwijs in Artikel 205 neergelegd op te leiden."[1]

Met hierdie besluit bevestig die Sinode dit dat daar vrye skole opgerig moet word waarin die gereformeerde beginsel tot sy reg sal kom. Die ouer moet dus sy taak weer opnuut besef, want dit is sy taak om te sorg vir die opvoeding en onderwys van sy kind.

Deurentyd word daar dan ook by herhaling in die kerklike orgaan „De Almanak" beklemtoon dat die onderwys die voortbestaan van die mens inhou. „Immers toch is het Christelijk Nationaal Onderwijs voor ons als Gereformeerden eene levenskwestie. By den doop hebben wij, als ouders, en heeft niet de Regeering, plechtig aan God beloofd onze kinderen te onderwijzen of te doen onderwijzen in de zuivere leer. Volgens de doopbelofte moeten de ouders de scholen oprichten en bekostigen, als ook te onderwijzers benoemen. Door de Gouvernements scholen, de neutrale scholen, moet het onderwijs godsdienstloos, kleurloos worden en zullen wij niet als een Calvinistisch (Gereformeerd), Afrikaansch volk blijven bestaan maar weldra zelfs uit de rij der volkeren verdwijnen en bovenal niet dat Calvinistisch en godsvruchtig volk blijven dat onze vaders waren."[2]

Deur die Sinode van 1907 is daar kommissies vir elke provinsie benoem[3] om met die verskillende regerings te onderhandel oor die saak van vrye skole met staatsubsidie. Die Kommissie vir Transvaal rapporteer in 1910 proteste teen die staatsonderwys maar geen vordering ten opsigte van die beginsels wat in die Sinodebesluit van 1904 neergelê is nie.[4] Van die owerheid in Transvaal was daar dus nie veel te wagte nie.

Die Kerk het egter nie hierby berus nie, maar behandel op die Sinode van 1910 'n beskrywingspunt van 'n predikant van Johannesburg waarin gevra word dat daar planne beraam

moet........./-261-

1) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk, 1907 artt. 77, 81.
2) De Almanak, 1911, 99, 100.
3) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk, 1907 artt. 62, 68.
4) Ibid, 1910 art. 32.

moet word om artikel 205 van 1904 met betrekking tot nasionale onderwys ten uitvoer te bring en dat daar oorgegaan moet word tot die oprigting van vrye skole met staatsubsidie. Die Sinode antwoord hierop dat die beginsel soos neergelê met die sitting van 1904 te Middelburg, so moet bly en dat daar deur elke reggesinde gehelp moet word om die hande van almal wat vir die beginsel ywer, te sterk, ook diegene wat buite dié Kerk staan.[1]

Reeds is daar in hierdie tydperk die noodsaaklikheid gevoel van onderwysers wat dié beskouing toegedaan is en as daar sulke manne as onderwysers opgelei kon word, sou dit die saak meer as vyftig persent bevorder. Die Algemene Vergadering van die Oranje Vrystaat het reeds vanaf 1908 hom beywer vir die oprigting van 'n Normaalskool te Reddersburg,[2] maar van hierdie pogings het niks gekom nie. Eers 'n klompie jare later (1914) is daar 'n Normaalskool te Steynsburg opgerig.[3]

Gedurig is daar in „Het Kerkblad" gewys op prinsipiële besware teen die Wet[4] wat toon dat die Gereformeerdes hulle nie daarmee kon versoen nie. Dit was veràl persone soos Totius, Cachet en Kamp wat die sienswyse van die Gereformeerde Kerk in geskrifte laat verskyn het.

(ii) Die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Die Kerk kon hom nie eintlik teen die Wet versit nie, omdat hy hom op politieke terrein met Het Volk vereenselwig het. Toe die volksleiers dus hierdie beginsels prysgegee het, kon die Kerk hom nie maklik teen sy eie leiers verweer nie. Dit het egter nie beteken dat hierdie Kerk nie daarna 'n groot rol in die onderwys van die land sou speel nie.[5] Reeds op sy eerste

vergadering......./-262-

---

1) Sinodale Handeling van die Geref. Kerk, 1907, artt. 62, 68.
2) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. Gemeentes van die Vrystaat, 1908. 42, 60.
3) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. Gemeentes van Kaapland, 1915, art. 11.
H.J.J. Bingle: Die Geref. Kerk en die laër en middelbare Onderwys - Die Geref. Kerk in S.A. 1859-1959,215
4) „Een Onderwijs bedreigd" in Het Kerkblad, 1 Jan. 1908.
„Buigen of Agiteren" in Het Kerkblad, 1 Nov. 1908.
„De Bybel Voorop" in Het Kerkblad, 1 Maart 1909.
„Gesangen en godsdienstige beden op de Goevert. School in Het Kerkblad, 1 Mei 1909.
5) Argief-jaarboek vir S.A. Gesk., 1956, dl, II, 266.

vergadering (Pretoria 13 Maart 1907) het die Raad der Kerken dit nodig geag om 'n waaksaamheidskommissie te benoem, „met het oog op de rechten van de ouders bij de kiezing van schoolcommissies, de rechten van onze taal, onze godsdienst op school en de doelmatigheid van opvoedingstelsels ....... in de verschillende Koloniën."[1]

ii (iii) <u>Die Ned. Herv. Kerk</u> het op sy algemene vergadering van April 1907 net soos die Geref. Kerk besluit om met die C.N.O.-skole voort te gaan.[2]

b) (b) <u>Christelik-Nasionale-Onderwys (C.N.O.)</u>.

Een van die eerste stappe wat die voorstanders van C.N.O. gedoen het in hulle stryd teen staatsonderwys was om hulle in 'n vereniging te organiseer. Met die oordrag van die C.N.O.-skole aan die regering in 1907 het die C.N.O.-organisasie wat in 1906 begin is, doodgeloop.

Op 6 Julie 1907[3] het die voorstanders van C.N.O. te Potchefstroom 'n vergadering gehou waarop omtrent 30 belangstellendes teenwoordig was. Die ontbinding van die C.N.O.-organisasie word deur die vergadering formeel aanvaar en die noodsaaklikheid besef om 'n nuwe vereniging te stig. Daar is besluit om 'n kommissie te benoem om 'n program van beginsels en 'n konsepstatute op te stel vir 'n vereniging vir C.N.O. vir die hele Suid-Afrika, met die doel om die beginsel van die vrye skool met staatsubsidie te bevorder. As kommissielede is benoem J. Lion Cachet, ds. J.F. Botha, B. Venter, P.J. Schutte en dr. J.D. du Toit.

Die grondslag van die Konsep-statute[4] is die erkenning dat die Heilige Skrif Gods Woord is; dat die jeug daarvolgens opgevoed moet word, dat die Staat sondanige opvoeding nie kan en mag voorsien nie omdat die Staat as sodanig geen godsdiens het nie en sy bemoeiinge dus moet uitloop op 'n kleurlose godsdiens of 'n godsdiens wat net een groep van die burgers bevredig; dat die inisiatief

insake........./-263-

1) <u>Handelingen der Eerste Vergadering van den Raad der Ned. Ger. Kerken in Z.A.</u>, 1907, 20.
2) <u>De Volkstem</u>, 20 April 1907 en 27 April 1907.
3) <u>Het Kerkblad</u>, 1 Aug. 1907.
4) <u>Het Kerkblad</u>, 1 Sept. 1907, 2.

insake skoolonderwys dus van die ouers moet uitgaan; dat die opvoeding na die eis van die Heilige Skrif nie anders as nasionaal kan wees nie en dat ook die Staat belang het by die opvoeding van die jeug vir sover dit die maatskaplike vorming van die burgers betref.

Die statute is uitgestuur na belangstellendes met die versoek om takke te stig. Teen die einde van Augustus was daar reeds takke te Potchefstroom, Gatsrand, Belfast, Krugersdorp, Eliot, Sterkstroom, Reddersburg, Burgersdorp en andere.

As lede van die C.N.O.-kommissie het veral prof. J. Lion Cachet en dr. J.D. du Toit heftig te velde getrek teen die Smutswet. In 'n pamflet deur prof. Cachet „Niet om te twisten maar om des gewetens wil" word daarop gewys dat die moedertaal heeltemal opsy gestoot is; dat die godsdiensonderwys op die goewermentskole op niks sal uitloop nie, omdat dit vreemd moet bly van alle dogma; dat die ouers slegs in skyn mag en seggenskap het insake die benoeming van onderwysers.[1] In 'n publiseerde lesing van dr. J.D. du Toit „Christelijk Onderwijs met of zonder dogma." word daarop gewys dat die dogma die ereplek by die opvoeding op skool moet inneem, omdat Gods Woord eis, die opvoeding van ons kinders in die lering en vermaning, omdat die kind nie kan leer en leef sonder die oplossing wat Gods Woord gee oor die grondvraagstukke van lewe en wetenskap nie, en dat 'n lewe in heiligheid ter ere van God, wese en doel moet wees by alle opvoeding. Hy wys daarop dat onreg gely word deur die wat dogma op skool verlang en deur die wet verbied word. Daar word op gewys dat dit onmoontlik is om Bybelgeskiedenis op skool te onderrig sonder dat dogma verkondig word.[2]

Die C.N.O.-kongres wat gehou is op 15 Julie 1909 te Pretoria is bygewoon deur 41 afgevaardigdes waarvan die helfte van die Gereformeerde Kerk was. Die onderwyskommissie van die Algemene Vergadering, benoem in 1907,

was........../-264-

1) J.Lion Cachet: Niet om te twisten maar om des gewetens wil, 4.

2) J.D. du Toit: Christelijk Onderwijs met of zonder dogma, 4, 20.

was ook teenwoordig. Hierdie kommissie het voorgestel dat die Regering genader word om subsidie aan vrye skole toe te ken en dat C.N.O. in stand gehou moet word en nuwe skole opgerig word.

Uit die bespreking wat gevolg het, het dit geblyk dat daar 'n groep was wat teen die oprigting van vrye skole was en liewer meer regte by die staatskool wou verkry. Die vergadering het egter tot die volgende gesamentlike besluit gekom en dit aan die Regering voorgelê. „Met het oog op de onvoldoende werking van de tegenwoordige wet op het onderwys, wat aangaat godsdienst, taal en geschiedenis, en met het oog op het onmogelike onder de tegenwoordige wet de Kristelik Nationale beginselen tot hun recht te laten komen, acht deze vergadering het dringend nodig dat de onderwyswet zodanig gewijzigd worde dat de ouders de bezwaar hebben tegen de staatschool het recht verkrijgen vrije scholen op te richten met geldelike steun van staatswege in dezelfde verhouding als de kosten aan staatscholen besteed en met behoorlike pensioenering van hare onderwijzers. Zodanige scholen overigens te voldoen aan de wetenschappelike eisen der wet. Verder verlangt het kongres dat voor het tegenwoordige de volgende veranderingen in de onderwyswet gemaakt worden: 1. Dat aan elke schoolkom. in overleg met de ouders, de regeling van godsdienstonderwijs overgelaten wordt met dien verstande dat geen dwang worde gebruikt tegenover andersdenkenden; 2. Dat schoolkommissies het recht krijgen zelve de vakaturen in hun onderwijspersoneel op staatskosten te adverteren en daarbij zodanige vereisten van godsdienst en taal te mogen stellen als zij mogen goedvinden......; 3. Uit opvoedkundige oogpunt worde het beginsel van tweetaligheid zo toegepast, dat in de lagere scholen de moedertaal van het kind het medium van onderwijs moet wezen in alle vakken en in alle standaards, en dat de taal die niet de moedertaal is, van de twede standaard of als twede taal moet onderwezen worden."[1]

Op......./ -265-

---

1) Het Kerkblad, 1 Augustus 1909, 2.

Op hierdie kongres is die hoofbestuur dan ook saamgestel bestaande uit die volgende persone : ds. Jac. van Belkum, dr. H. van Broekhuizen, die heer A.D.W. Wolmarans, genl. C.F. Beyers, dr. J.D. du Toit, ds. L.P. Vorster en die heer H.B.K. Herman.

Die voorstelle soos deur die kongres geneem, is aan die destydse eerste minister voorgelê, maar dit is sondermeer deur hom van die hand gewys.[1] Die Transvaalse regering was dus nie te vinde vir C.N.O.-organisasie nie en ook nie vir die prinsipiële beginsels in die onderwys nie.

Dit het vir die C.N.O.-organisasie hieruit duidelik geword dat die neutrale owerhede in die Transvaal nie vatbaar was vir oortuiging nie. Staatsteun aan vrye skole het die owerheid nog steeds bly teëstaan en die onderwyswet het 'n vesting gebly waaragter die vroeëre groot C.N.O.-manne, wat nou aan die hoof van die regering gestaan het, hulle teen die eise van hulle eie volk verskans.

Nog 'n ander weg is nou probeer om die gereformeerde beginsel in die onderwys in te dra. Daar moes gesorg word dat daar onderwysers opgelei word wat die beskouing toegedaan is wat die C.N.O. gehuldig en gepropageer het. Daar was die ou garde van onderwysers wat deurdring was met die gereformeerde beginsel, maar die jongeres wat opleiding ontvang het aan die staatsinrigtings, het hierdie beskouing nie gehad nie.

Reeds op die C.N.O.-kongres van 15 Julie 1909 het die heer P.G.W. Grobler 'n voorstel gedoen en gewys op die noodsaaklikheid van die opleiding van persone as onderwysers wat kan meewerk in hierdie beginselsaak, om Christelik-nasionale onderwys. Die saak is na bespreking in die hande van die hoofbestuur gelaat.[2] Later is hierdie saak weer op verskeie C.N.O.-kongresse, asook op die Algemene Vergaderings van die Gereformeerde Kerk bespreek en daaraan uitvoering gegee.

7. Samevatting...../- 266-

1) Het Kerkblad, 1 Julie 1910, 7.
2) Ibid, 1 Augustus 1909.

7. Samevatting.

In wese het die onderwyswet van 1907 geen verandering gebring ten opsigte van die toepassing van beginsels nie. Gefundeer op die Sargant-wet van 1903 en die regulasies onder die Selborne-memorandum van 1905, bly dit in wese vreemd aan die Boerebevolking van die destydse Suid-Afrikaanse Republiek.

Die outeur van die Onderwyswet no. 25 van 1907, wat beloof het om sowel die Britse onderwysbeskouings asook die C.N.O.-beginsels in die Wet saam te vat om dit so vir die hele bevolking aanvaarbaar te maak, het hom nie juis veel aan die C.N.O.-beginsels gesteur nie, en dit hoofsaaklik op die bestaande Britse stelsel gebaseer.

Geen tweeledige onderwystelsel sou in Transvaal kon bestaan nie. Nadat hy sy uiteensetting van die beginsels van openbare onderwys by verskillende geleenthede gegee het en ondersteuning vir staatsonderwys deur die bevolking aan hom verseker is, het byna elke C.N.O.-skool na die staatstelsel oorgegaan. 'n Tweeledige onderwystelsel was nog geen sukses nie, het Smuts aangevoer. As die kinders van die bevolking nie op dieselfde skoolbanke sit nie, kon geen volk opgebou word wat gelyk in oortuiging is nie. Deur die onderwys kon alleen so 'n verenigde krag uitstraal en 'n verenigde invloed uitgaan.

Die onderwys sou sentraal beheer word. Aan die hoof van die Departement van Onderwys sou wees 'n direkteur wat beheer oor die onderwys sou uitoefen en die pligte uitvoer wat volgens wet aan hom toevertrou is. Die bevoegdhede van die administrateur in verband met die onderwys sou wees die oprigting en instandhouding van skole en koshuise; dus sentrale finansiering. Van die beginsel dat die ouers die natuurlike opvoeders van hulle kinders is, en dat dit hulle pligen verantwoordelikheid is om skole op te rig, in stand te hou en te beheer, is daar geen spoor in hierdie wet nie.

Wat die Christelike beginsel betref, was die wetgewer nie bereid om die bevolking se kinders op Christelike wyse te laat opvoed nie. 'n Eenvoudige neutrale Christelike leer was die grondslag van die godsdiensonder-

wys op........./-

wys op skool. Hierdie beginsel is deur sowel die Ned. Herv. of Geref. Kerk as die Ned. Herv. Kerk gesteun. Die Gereformeerde Kerk het daarteen te velde getrek met pleitredes en geskrifte.

Wat die nasionale aspek betref, was dit die strewe van die wetgewer om die twee bevolkingsgroepe te laat saamsmelt tot een volk, sodat kultuur, tradisie en die taal van die Afrikanervolk verswelg kon word deur dié van die ander seksie van die bevolking. Die Engelse taal is deur die wet verpligtend gemaak en Hollands opsioneel.

Die Smutswet was vir die Afrikaner en veral vir die C.N.O.-beweging 'n groot teleurstelling en daar is van verskeie kante beswaar gemaak teen die Wet. Dit was veral die Gereformeerde Kerk wat beswaar gemaak het op grond van die verontagsaming van moedertaalonderwys, nie-dogmatiese godsdiensonderwys en die skynseggenskap van die ouers by die benoeming van leerkragte.

Waar die grootste gedeelte van die Afrikanervolk die oordrag van die C.N.O.-skole aan die regering aanvaar het, het die Gereformeerde Kerk dit verdoem omdat C.N.O. by hulle 'n beginselsaak was. Die pleitbesorgers vir C.N.O. het gevra dat die Staat die skole wat deur die ouers opgerig is, moet subsidieer, maar nie beheer nie.

## HOOFSTUK VIII.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE AGTERGROND TUSSEN 1910 EN 1930.

### 1. Inleiding.

Op 31 Mei 1910 is die vier Britse kolonies in Suid-Afrika verenig en is die Unie van Suid-Afrika gebore. Transvaal het daarmee sy selfstandigheid as 'n selfbesturende kolonie ingeruil vir die deelgenootskap as provinsie aan die Unie.[1] Dit sou voortaan in die eerste plek deur die provinsiale en uiteindelik deur die uniale owerheid beheer word. Volgens art. 85 (iii) van die Suid-Afrika-wet sou die onderwys- hoëronderwys uitgesonder - vir 'n tydperk van vyf jaar en so lank daarna as wat die Parlement besluit, beheer word deur die provinsiale owerheid. Hierdie owerheid sou bestaan uit drie instansies: die Administrateur as hoof van die provinsie en as verteenwoordiger van die Unie; die Uitvoerende Komitee, synde die bestuur vir die provinsiale sake; en die Provinsiale Raad as die wetgewende liggaam. Alle wetgewing van die provinsie vereis die goedkeuring van die Unie-owerheid en is van krag in die provinsie solank dit nie in stryd met 'n uniale wet is nie. Alle laer en middelbare onderwys sou beheer word deur die provinsies terwyl die Unie alle hoër of universitêre onderwys sou beheer.[2]

Die finansiële verhouding van die Unie en die provinsie was 'n verdere saak wat van belang was by die beheer van die onderwys. Volgens art. 118 van die Suid-Afrika-wet sou die provinsie vir die eerste drie jaar finansieël afhanklik wees van die sentrale owerheid. Hierdie verhouding het tot 1913 so gebly soos in art. 118 bepaal. Die vernaamste beginsel van Wet no. 10 van 1913 is dat die Unie-regering 'n gedeelte (hoogstens die helfte) van die fondse verskaf wat deur die provinsies vir provinsiale dienste benodig sal wees. Die ander helfte sal

deur......./- 269-

---

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 285.
2) Ibid, 286.

deur middel van toegestane regte soos lisensies (handel, beroep, drank), sekere gelde (onderwys, hospitale, naturellepasse) en direkte belasting bygebring word, maar alles sonder bevoegdheid van wetgewing tot verkryging van die helfte.[1]

2. Die Gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

(a) Oprigting, instandhouding en beheer.

(i) Onderwyswette en regulasies.

Die Smuts-wet was tot 1953 - met klein wysigings van tyd tot tyd - die geldende wet op onderwysgebied in Transvaal.[2] Die posisie wat betref oprigting, instandhouding en beheer was dus nog in hooftrekke soos deur die Smuts-wet bepaal. Aan die einde van hierdie periode was die posisie by die onderwys dan kortliks soos volg:

(i) Die Administrateur[3] het skole opgerig en in stand gehou;

(ii) Die Staat het privaatskole ondersteun as hulle aan sekere vereistes voldoen.[4]

(iii) Alle laeronderwys sou kosteloos wees, alhoewel skoolgelde deur die ouers betaal kon word op 'n ondersteunde plaasskool.

(iv) Skoolbesoek was verpligtend tot op die ouderdom van 15 jaar.[5]

(v) Toesig oor die skole sou plaasvind d.m.v. skoolrade en skoolkommissies. Hulle magte was egter beperk en die grootste mag het in die hande van die Staat gebly.

(ii) Aanbevelings van kommissies i.v.m. oprigting, instandhouding en beheer.

1. Die Provinsiale Administrasiekommissie (Jaggerkommissie 1916.)

Op 7 Junie 1915 is 'n kommissie onder voorsitterskap van J.W. Jagger aangestel om ondersoek in

te........../- 270-

1) J.Chr. Coetzee: Uniale Beleid en Beheer in verband met die openbare onderwys, 56.
2) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 280.
3) Verandering tengevolge van die Suid-Afrika-wet.
4) Ordonnansie No. 16 van 1916, art. 9.
5) Ordonnansie No. 7 van 1912.

te stel en verslag uit te bring in verband met sekere onderwyssake. Die Kommissie het tot die volgende meerderheidsbesluit gekom: „Believing as we do it is in die best interest of South Africa that the unitary principle on which the Act of Union is based should be retained, we recommend that the provincial system should be abolished and a system of local governement built up."[1]

Die Kommissie beveel aan dat die onderwys onder die sentrale Unie-onderwysdepartement gekoördineer moes word met die nodige desentralisasie in 14 distriksrade met minstens 25 lede elk.[2] Daar sou benewens 'n Onderwyskomitee verbonde aan elke distriksraad, 'n Sentrale onderwysdepartement vir die hele Unie wees wat in elke distrik verteenwoordig sou wees deur 'n hoofinspekteur. Die distriksrade moes alle laer, middelbare en tegniese onderwys beheer, maar die Sentrale Departement sou deur middel van inspekteurs kontrole uitoefen en sou ook finansieël die hef in die hande hou. Verdeelde beheer sou dus vervang word met sentrale beheer en met 'n effektiewe vorm van desentralisasie sou die onderwys van al die provinsies gekoördineer kan word, en sou 'n nasionale onderwysbeleid moontlik wees.[3]

Die Jaggerkommissie was ten gunste van die voortbestaan van skoolkommissies, om die verband met die ouer te bewaar. Hulle het verklaar dat die skoolkommissies die belange van die skool moes behartig en geraadpleeg moes word in verband met die aanstelling, ontslag en skorsing van onderwysers.[4] In beginsel is hier dus 'n groter toesegging van mag, veral omdat die skoolrade onder so 'n bedeling nie sou bestaan nie. Die mag van die skoolkommissies sou egter nog net raadplegend van aard bly.

Aangesien sommige mense egter niks wou weet van die vermindering van die regte van die provinsies nie en ook omdat Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog gewikkel was, het daar niks van die Jaggerkommissie se verslag en aanbevelings tereg gekom nie.[5]

(2) Die......../-271-

1) Provinsiale Administrasie Kommissie, par. 47-50. (U.G. 45/1916)
2) Ibid, par. 112-124.
3) P.S. du Toit: Ons verdeelde Onderwysbeheer, Hoe raak dit ons en waar staan ons?. 109.
4) Provinsiale Administrasie Kommissie, par.125.(U.G, 45/1916).
5) E.G. Malherbe: Education in South Africa 1652-1922, 443-444.

(2) Die Malherbekommissie.

Kragtens Administrateurskennisgewing no. 416, gedateer 21 Desember 1917, is 'n Provinsiale Onderwyskommissie benoem onder voorsitterskap van die heer H.L. Malherbe, „ten einde onderzoek te doen naar het stelsel en het bestuur van onderwijs, voor zover de Provinciale Raad van Transvaal bevoegd is die zaak te behandelen, overeenkomstig artikel vijf en tachtig der Zuid Afrika Wet, 1909."[1]

Die Kommissie het bevind dat een van die dringendste vraagstukke die onderwys van die kinders in die buitedistrikte was. Na skatting was daar ongeveer 4,500 blanke kinders van skoolgaande leeftyd wat nie onderwys ontvang het nie as gevolg van die lang afstande wat hulle van die skool gewoon het. Die Kommissie het dus aanbeveel dat, waar nodig, die minimum aantal kinders wat nodig is vir die oprigting en instandhouding van 'n laerskool deur die Staat van 20 na 15 verminder word.

In verband met ondersteunde plaasskole wat deur ouers opgerig is en deur die Staat gesubsidieer is, beveel hulle o.a. die volgende aan:

(i) dat die minimum aantal kinders wat benodig is, voordat die Staat 'n toelae toeken, van 10 na 6 verminder word;

(ii) dat die toesig deur die Staat aan hierdie skole vergroot word deur 'n verbeterde inspeksiestelsel.[2]

Die Kommissie was nie ten gunste van die ondersteuning van privaatskole nie omdat die skole gestig is en onder toesig gestaan het van kerklike organisasies. Aanvanklik is privaatskole gehelp omdat daar nie voldoende skole in die provinsie was nie. Dit was egter nie meer nodig nie en die Kommissie het dus aanbeveel dat die gedeelte van die Ordonnansie No.16 van 1916 waardeur toelaes aan die privaatskole gegee word, herroep word.[3]

Die........./- 272-

1) Verslag van de Onderwijskommissie (.T.P. No.1 - 1920).
2) Verslag van Onderwyskommissie, T.P. No.1 par. 234-244.
3) Ibid, par, 442.

Die Kommissie het ook aanbeveel dat die leeftyd vir verpligte onderwys vasgestel moes word op 16 jaar.[1]

Die Onderwyskommissie wys daarop dat daar nog geen bevredigende oplossing van die vraagstuk van skoolkontrole ontdek is nie. Die heersende stelsel was in die hoogste mate gesentraliseerd en ekonomies in oorsprong. Omdat die hele onderwyskoste deur die maatskappy as 'n geheel gedra is, wou die maatskappy natuurlik die kontrole hê oor die uitgawe van die geld wat nodig was vir die onderwys. In verskeie lande is 'n belangrike gedeelte van die skoolbeheer gevestig in die plaaslike liggaam. Hierdie liggaam het deur plaaslike belasting te hef 'n groot gedeelte van die geld wat vir onderwys nodig is, bekom en kon dus met reg eis dat hulle die toesig moet hou oor die skole.[2] Die gebrek aan belangstelling by die publiek sou verdwyn sodra hulle self direk 'n gedeelte van die fondse sou moet vind wat nodig was om vir die skole in die distrik te betaal.[3]

Die Kommissie het bevind dat die provinsie te groot is vir die mate van sentralisasie. Daar moes dus gebruik gemaak word van die plaaslike kennis, behoeftes en inisiatief. Die ondervinding van elke land toon egter duidelik dat verantwoordelikheid nie op 'n uitgebreide skaal aan ander opgedra kan word, sonder dat dit gepaard gaan met finansiële verantwoordelikheid nie.[4]

Die Kommissie het dit hoogs wenslik gevind dat daar een of ander stelsel ingevoer word aan wie die beheer van die skole vir 'n deel oorgedra kon word en het daarvoor distriksrade in gedagte gehad. Hierdie rade sou elk sy eie raad hê wat deur die publiek verkies is en die bevoegdhede sou hê om die geld in te vorder, en, tesame met die toelae uit die provinsiale inkomstefonds, wat bereken is met inagneming van die digtheid van die bevolking, te gebruik om in die koste van die onderwys in daardie distrik te voorsien. Die Kommissie bevind verder dat so 'n oordrag......../-273-

1) Verslag van Onderwyskommissie, T.P. no. 1, par. 295.

2) Ibid, par. 412.
3) Ibid, par. 413.
4) Ibid, par. 414.

drag in die gewone loop van sake behoort te lei tot die vermindering van die toetale finansiële uitgawes, omdat plaaslike beheer ekonomieser sal wees. Die onderwysers sou egter nog provinsiale amptenare bly.[1]

Met betrekking tot die vraagstuk van skoolfinansies sê Dr. Cillie , prof. in opvoedkunde te Stellenbosch: „Zonder betaling kunnen wij, denk ik, geen belangstelling verwachten. Hier betaalt de Staat alles, en vanzelf doet dit het gevoelen ontstaan, dat iemand anders ervoor betaalt......Wanneer de mensen een plaatselike belasting betalen, voelen zij dat zij recht hebben hun stem te laten gelden in zaken, die de school betreffen. In vroeger jaren, toen het onderwijs een zaak van privaat initiatief was, werd er veel meer belang in gesteld. Daar was toen een werkelike aandrang om het publiek belangstelling te doen tonen....."[2]

Die publiek het verlang dat aan plaaslike besture groter bevoegdhede gegee sou word. Dit sou die vertraging, wat die gevolg was van oorsentralisasie veral wat kleiner sake betref, grootliks voorkom het.[3]

Die Kommissie het egter aanbeveel dat die skoolrade wat in 1907 ingevoer is, gehandhaaf word totdat die een of ander vorm van devolusie met finansiële verantwoordelikheid aangeneem word. Die skoolrade kon egter nie beskou word as 'n bevredigende sisteem van skoolkontrole nie want die kontrole het hoofsaaklik berus by die Departement.[4]

Die Kommissie het uitgebreider bevoegdhede aanbeveel vir skoolkommissies met betrekking tot die aanstelling van onderwysers. Sodoende sou die status van die skoolkommissies verhoog word en die belangstelling van die ouers toeneem.[5] Die Kommissie verduidelik sy standpunt soos volg: „Met die oog op onze aanbevelingen onder het hoofd „Taal, Godsdienst en Geschiedenis"[6] en de noodzaaklikheid

om......./-274-

1) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no.1. par. 415

2) Ibid, par. 416.
3) Ibid, par. 418.
4) Ibid, par. 419.
5) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no.1, par. 423.
6) Ibid, par. 125.

tegemoet te komen aan de wensen van de groepen ouders, dat deze leervakken zullen worden onderwezen op zulk een wijze, dat zij overeen zullen komen met de algemene opvatting van zulke groepen, zal het nodig blijken belangrijke veranderingen in de tegenwoordige toestand te brengen. Het zal nodig zijn meer te doen, dan de schoolkommissies alleen maar te raadplegen. Onderworpen aan zekere veiligheidsmaatregelen, zal het nodig zijn de keuze van de onderwijzer over te laten aan zulke kommissies, als verteenwoordigers van de groepen van ouders, waarnaar wij verwezen hebben.[1]

Hierdie Kommissie het dus in sy aanbevelings weer nader gekom na die gereformeerde beginsel wat betref oprigting, instandhouding en beheer. Hulle wou ook aan die ouers 'n plek toeken, veral wat die instandhouding van skole en die beheer oor die onderwys betref.

(3) Die Hofmeyrkommissie.

Volgens Goewermentskennisgewing no. 1311 van 1 Aug. 1923 is die Hofmeyrkommissie deur die sentrale regering aangestel om verslag te doen oor die onderwys van al die provinsies. In sy verslag gee dié kommissie toe dat die tussenprovinsiale konferensies tot koördinasie misluk het. As reddingsmiddel word die samestelling van 'n Uniale onderwysraad voorgestel wat alle primêre en sekondêre onderwys moet koördineer.[2]

Die Kommissie vind dit nie wenslik om af te sien van die werk van die Provinsiale Administrasie in die beheer van onderwys nie.[3]

Die Hofmeyrkommissie beveel dus aan: (i) dat die Provinsiale Administrasie dadelik beheer moes aanvaar van alle onderwys deur die Staat verskaf of ondersteun met die uitsondering van landboukolleges en inrigtings van universiteitsrang; (ii) dat 'n Uniale Onderwysraad, met die gesag om die onderwysbedrywighede van die vier

Provinsiale...../-275-

---

1) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no. 1,par. 359.
2) Onderwys-administrasie-kommissie (U.G. 19 - '24), par. 286.
3) Ibid. par. 235.

Provinsiale Administrasies te koördineer, met inbegrip van die universiteite en landbou-kolleges, ingestel moes word.[1] Die Kommissie het nie veel verwag van vrywillige samewerking nie.

Die aanbeveling van die Kommissie i.v.m. 'n Uniale Onderwysraad is nie aanvaar nie, en van koördinasie in die onderwys het niks gekom nie.

In 1930 was die posisie wat oprigting, instandhouding en beheer betref, in hooftrekke dieselfde as wat dit met die totstandkoming van die Smutswet was. Die Staat het die grootste seggenskap gehad en die aandeel van die ouers was baie gering.

(b) Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

(i) Onderwyswette en regulasies.

Die godsdiensbepalings van die Smutswet het tot in 1953 onveranderd so gebly.[2]

(ii) Aanbevelings van kommissies i.v.m. Christelike onderwys.

Die Provinsiale Onderwyskommissie van 1917.

Voor die Malherbe- kommissie het 'n voorstel gedien ter verandering van die beleid ten opsigte van onderwys in Taal, Godsdiens en Geskiedenis, voorgedra deur 'n afvaardiging van die kongres van die drie Afrikaanse Kerke. Hierdie deputasie se standpunt was dat die onderskeid betreffende die houding teenoor taal, godsdiens en geskiedenis ooreenkom met die onderskeid tussen die Hollandssprekende en Engelssprekende bevolkingsgroepe.[3] Die deputasie beveel o.a. die volgende aan:

(i) Groepe van gelykgesinde ouers moet die reg hê om deur eie skoolkommissies aparte skole op te rig en te bestuur, waar hulle onderwysers met dieselfde taal, godsdiens en tradisie as hulle self kan aanstel.

(ii) Sulke...../-276-

---

1) Onderwys-administrasie-kommissie(U.G. 19 - '24), par. 544.

2) Sien Ordonnansie van 1953 asook vorige hoofstuk.

3) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no. 1, par. 125.

(ii) Sulke groepe moet die bevoegdheid hê om die onderrig in Taal, Godsdiens en Geskiedenis in hierdie skole te reël en die gees en rigting van die skool te bepaal.
(iii) Dat gekombineerde groepe die reg sal hê om hulle eie Normaalkolleges op te rig vir die opleiding van onderwysers.
(iv) Dat wanneer kinders in hierdie afsonderlike skole geinspekteur word, hulle op so 'n manier beoordeel sal word, dat daar ten volle rekening gehou sal word met die sienswyse van die groep, met betrekking tot Taal, Godsdiens en Geskiedenis.[1]

Die Kommissie het hierop die volgende aanbeveling gemaak:

Die gevoelens van enige groep ouers behoort eerbiedig te word en die geleentheid behoort aan hulle gegee te word om die gees van die skool, waarheen hul kinders gaan, te lei en te beinvloed.[2] Hieruit volg, dat indien die gevoelens en tradisies van sulke groepe van ouers eerbiedig word, die skole, wat hulle kinders besoek, voorsien sal word van onderwysers wat in die algemeen dieselfde gevoelens en tradisies het as die ouers.[3] Dit is dus nodig dat die magte van die skoolkommissies uitgebrei word. Onderworpe aan sekere veiligheidsmaatreëls, sal dit nodig wees om die keuse van die onderwyser oor te laat aan die kommissies, as verteenwoordigers van die groepe van ouers.[4]

In verband met die leerplan verklaar die Kommissie dat die leerplan gekritiseer is en 'n nuwe leerplan aanbeveel is deur 'n aantal kerkgenootskappe.[5] Daar is ook versoek dat daar meer tyd per dag vir Bybelonderrig ingeruim moet word. Aangesien die skoolure so min was, kon dit egter nie aanbeveel word nie.[6]

Klagtes........./-277-

1) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no. 1, par.125.
2) Ibid, par. 127.
3) Ibid, par. 128.
4) Ibid, par. 359.
5) Ibid, par. 150.
6) Ibid, par. 153.

Klagtes is deur die Kommissie ontvang dat die godsdiensonderwys nie deur die inspekteurs ondersoek word nie, en dat dit nie 'n eksamenvak is nie. Die Kommissie beveel aan dat dit wel geinspekteer moet word, maar hulle is nie ten gunste daarvan dat dit 'n eksamenvak sal wees nie, aangesien party kinders vrygestel is van godsdiensonderrig.[1]

Die Kommissie beveel aan dat aan elke Normaalkollege 'n kursus gehou sal word in godsdiensonderwys en in die metode vir die onderwys. Hierdie kursus moet opsioneel wees, en op die sertifikate van persone wat die kursus voltooi het, moet behoorlik daarvan aantekening gemaak word.[2] By die invul van die applikasievorm moet die onderwyser verklaar of hy bereid is om nougeset godsdiensonderrig te gee in ooreenstemming met die bepalinge van die leerplan.[3]

(c) Die skoolopvoeding moet Nasionaal wees.

(i) Onderwyswette en regulasies.

Ten gevolge van die Suid-Afrika-wet moes die taalklousule in die Smutswet van 1907 verander word. Dit het geskied by ordonnansie nr. 5 van 1911, ook genoem die Rissik-ordonnansie wat op 1 Januarie 1912 in werking getree het. Art. 3 (i) van die ordonnansie lui so:

„De voertaal bij't onderricht van iedere leerling in alle standaards van enige openbare school tot en met de vierde standaard zal de huistaal van de leerling zijn, met dien verstande, dat de ouder van enige leerling het recht zal hebben te vorderen dat de andere taal geleidelik zal worden ingevoerd, en daarna geregeld gebruikt als een tweede voertaal, overeenkomstig de verstandelike ontwikkeling van de leerling, en in zulk geval zal voorziening gemaakt worden voor het onderwijs van zulk een leerling diensovereenkomstig."[4]

Art. 4........./-278-

1) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no. 1, par. 154.
2) Ibid, par. 318.
3) Ibid, par. 362.
4) Handboek van de Onderwijswetten 1917, 43.

Art. 4 bepaal die voertaal in openbare skole na st. 4. Vanaf st. 5 kan die tweede voertaal ingevoer word; onderrig in die huistaal is verpligtend en onderrig in die tweede taal sal gegee word aan alle leerlinge wat nie deur die ouers aan sodanige onderrig onttrek word nie. Die ouers kon dus kies - (a) een van die tale as die enigste voertaal, of (b) beide tale as voertale.[1)]

Waar beide tale as voertale gekies word, sal die skoolraad bepaal in watter vakke die een of ander taal as voertaal gebruik word.[2)]

Daar sal voorsiening gemaak word vir:-

(a) Skole met uitsluitend Engels as medium.

(b) Skole met uitsluitend Hollands as medium.

(c) Skole waar altwee mediums gebruik word.[3)]

'n Vergelyking tussen die Smutswet en die Rissik-ordonnansie toon die volgende aan :-

Onder die Smutswet is die volgende beginsels gehandhaaf:

(1) Die huistaal moes die verpligte voertaal van die aanvangsonderwys wees.

(2) In die geval van leerlinge wie se huistaal Hollands was, sou Engels geleidelik as medium van onderwys ingevoer word totdat dit na st. 3 die uitsluitlike medium sou wees.

(3) Die leer van Engels was verpligtend, aangesien 'n voldoende kennis van Engels 'n vereiste was vir oorplasing na die volgende standerd.

(4) Daar sou onderwys in die Hollandse taal aan elke leerling gegee word, maar die ouers kon die kinders hiervan onttrek.

(5) Na st. 3 kon twee vakke deur die medium van Hollands onderrig word.

Ons vergelyk nou hiermee die Rissik-ordonnansie. Die nommers kom ooreen met die boonste nommers.

(1) Die......../-279-

---

1) Handboek van de Onderwijswetten 1917, 4(1).
2) Ibid, Art. 4(4).
3) Ibid, art. 4(2).

(1) Die huistaal bly die verpligte voertaal van die aanvangsonderwys.
(2) 'n Tweede taal, Hollands in die geval van Engelse kinders en Engels in die geval van Hollandse kinders, mag ingevoer word, indien die ouers dit verlang. Daar is nie meer enige dwang i.v.m. die tweede medium nie; die saak word in die hande van die ouers gelaat.
(3) en (4) Die onderwys van die huistaal of dit nou Hollands of Engels is, is verpligtend, en die tweede taal hetsy Hollands of Engels, sal aan elke kind geleer word wat nie daarvan deur die ouer onttrek is nie.
(5) (a) Na st. 4 kan die ouer die medium kies, hetsy Hollands of Engels of albei.
(b) As albei media aangevra is, kan skoolrade kies watter vakke in Engels of Hollands onderrig moet word.[1)]

Ons sien dus dat daar in die Rissik-ordonnansie baie meer aandag gegee is aan die reg van die ouers. Waar die Staat deur die Smutswet die medium van onderrig op die ouers afgedwing het, het die Rissik-ordonnansie die keuse aan die ouer oorgelaat. Waar die Smutswet dus die gereformeerde beginsel wat betref die bepaling van gees en rigting van die onderwys heeltemal verontagsaam het, sou die Rissikordonnansie weer die ouer sy regmatige plek toeken.

(ii) <u>Aanbevelings van kommissies i.v.m. nasionale onderwys.</u>

(1) <u>Die Provinsiale onderwyskommissie van 1917</u>.

Onder die paragraaf „Christelike Onderwys" (par. 134) het ek reeds melding gemaak van die deputasie van die drie Hollandse Kerke en die voorstelle van die Kommissie i.v.m. die bepaling van die gees en rigting van die onderwys.

I.v.m. die taalkwessie het die Kommissie ook nog die volgende aanbeveel:

(i)........./-280-

1) <u>Report 1912</u> - Tvl. (Prov.) Onderwysdepartement, 10, 11.

(i) Afrikaans i.p.v. Hollands moet in die skool gebruik word as die offisiële taal, naas Engels.[1]
(ii) Die huistaal is die korrekte medium van onderwys. Waar albei tale in die huis gebruik word, „behoort de ouders vergund te worden te beslissen, welke van de twee talen gebruikt zal worden als het medium van onderwijs voor zulk een kind."[2]
(iii) In verband met parallelklasse of afsonderlike skole beveel die Kommissie aan dat, waar moontlik, afsonderlike skole vir Afrikaans en Engels medium die reël behoort te wees. Hulle besluit: „Waar er genoeg kinderen van elk medium zijn, om het oprichten van een school met minstens twee onderwijzers voor een van beide media te billiken, moeten de ouders van de kinderen aanspraak kunnen maken op een afzonderlike school met hun huistaal als medium. De afzonderlike school behoort regel te zijn, en scholen met dubbel medium de uitzondering. Deze regel zal de voornaamste reden van ontevredenheid wegnemen, die door de voorstanders van het groepstelsel ter sprake gebracht werd."[3]

Die Kommissie verklaar dat Geskiedenis, Taal- en Godsdiensonderwys, onderwerpe is waaroor daar sterk gevoelens gekoester is. In 'n land waar twee rasse vir 'n geruime tyd met mekaar geworstel het, is dit te begrype dat die verskillende groepe verskillende opvattings sal hê. Die meeste gebeurtenisse wat gedurende die laaste eeu in Suid-Afrika plaasgevind het, kan nog nie kalm en sonder hartstog beskou word nie. Daarom beweer die Kommissie dat geskiedenis 'n onderwerp is waar, in die algemeen gesproke, die opvatting van die onderwyser ooreen moet kom met dié van die groep van ouers wat hulle kinders na die skool stuur. Dit is 'n sterk argument ten gunste van afsonderlike skole vir Afrikaans - en Engelssprekende kinders.[4]

3. C.N.O........./-281-

---

1) Verslag van die Onderwyskommissie, T.P. no.1, par. 122.
2) Ibid, par. 134.
3) Ibid, par. 133.
4) Ibid, par. 115.

3. C.N.O.

(a) Die C.N.O.-kongres van 1911.

In Julie 1911 is 'n C.N.O.-kongres opgeroep deur ds. P. Postma, met die doel om weer lewe te bring onder die voorstanders van vrye Christelike skole.[1] Daar is besluit om 'n nuwe „Vereniging voor Christelik Schoolonderwijs" in die lewe te roep, wat voortbestaan het tot met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog.[2]

Op hierdie kongres is die volgende program van beginsels vasgelê;[3] Aangesien die regte van die ouers onder die huidige onderwysstelsel nie tot sy reg kom nie, en die oprigting van skole hoofsaaklik in die hande van die Staat en die Kerk is, word beoog om hierdie abnormale toestand onder die aandag van die ouers te bring, sodat die skool kan loskom van die Kerk en Staat. Daar sal ook gewerk word vir staatsubsidie vir die vrye skool, aangesien die Staat ook belang het by die onderwys, en die voorstanders van C.N.O. ook belasting betaal. Daar sal ook gedurig voeling met die Kerk gehou word.

Vervolgens is die statute van die „Vereniging voor Christelik Schoolonderwijs" opgestel. Die doel sou wees om die onderwys op Bybelse grondslag in te rig volgens die doopbelofte en om die deur God gelegde verband tussen huis, skool, Kerk en Staat tot sy reg te laat kom.

'n Hoofbestuur van nege lede, waarvan sewe lidmate van die Gereformeerde Kerk was, is vervolgens gekies. Dit toon dat belangstelling vir C.N.O. op hierdie tydstip hoofsaaklik van die Gereformeerde Kerk gekom het. Daar is besluit dat 'n petisie deur die hoofbestuur opgestel moes word, waarin subsidie vir C.N.O. gevra word. Die petisie moes dan voor die provinsiale rade en voor die Parlement gelê word. Daar is verder besluit om aan al die Hollandse kerke kennis te gee van die besluite van

die........./-282-

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 37.
2) N. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, 138-139.
3) Het Kerkblad, 1 Aug. 1911, 1-4.

die konferensie en om hulle te vra om takke van die Vereniging in die gemeentes te stig.[1]

(b) Die C.N.O.-kongres van 1912.

Hierdie kongres het plaasgevind op 26 en 27 Junie 1912 te Potchefstroom en is byeengeroep deur die hoofbestuur van die Vereniging vir C.N.O. Persone uit aldrie die Hollandse kerke oor die hele land het die kongres bygewoon. Daar is onder andere die volgende besluit geneem:

(1) „Deze konferentie acht het met 't oog op de twee vernaamste, nationaliteiten in't land noodzakelik, voor't behoud van onze Hollandse nationaliteit, taal en godsdienst dat, waar dit door't publiek verlangd wordt, aparte Hollandse en Engelse scholen door't goevernement worden ondersteund en dat er bij onze Provinciale Raadsleden op aangedrongen worde om de wet in die richting te wijzigen en dat de verdere uitvoering van't beschrijvingspunt aan het Hoofdbestuur opgedragen worde."

(2) 'n Kommissie bestaande uit prof. J. Kamp (redakteur), ds. Jac. van Belkum en ds. S.W. van Niekerk word aangestel om 'n brosjure te skryf wat die doel van die Vereeniging duidelik stel en die besware wat gewoonlik ingebring word teen die Christelike skool, te behandel.

(3) Daar word aan die hoofbestuur opgedra om ondersoek in te stel of die Hollandse kerke nie beweeg kan word om saam te werk tot die oprigting van 'n normaalskool vir die opleiding van onderwysers op Christelik-nasionale grondslag in Transvaal nie. Die Vereniging onderneem om alle pogings in die rigting moreel en finansieël te ondersteun.

(4) Die vergadering is van oordeel dat Christelike skoolboeke nodig is en loof dus 'n „premie" van £10 uit die kas vir 'n reeks leesboeke. Daar sal ook getrag word om sulke boekies, as hulle goedgekeur word, op die Departementele lys van skoolboeke geplaas te kry.[2]

In............/-283-

---

1) Het Kerkblad, 1 April 1912, 8.

2) De Hervormer, 15 Julie 1912, Bylaag.

In opdrag van die kongres het prof. J. Kamp 'n brosjure met die titel „De school hoort aan de ouders" geskryf.

In hoofstuk I wys prof. Kamp daarop dat die skool volgens doopbelofte nie aan die Staat nie, maar aan die ouers behoort. Die plig en reg van die Staat en Kerk ten opsigte van die onderwys word in hoofstuk II behandel.

In hoofstuk III toon hy aan dat die eenvormige staatskool nie kan voldoen aan die eise van die veelvormige volkslewe nie. Daar moet Engelse en Afrikaanse skole wees omdat die Suid-Afrikaanse bevolking uit Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes bestaan. Hierdie twee groepe moet naas mekaar bestaan en nie in mekaar opgelos word nie. Beide tale word swak aangeleer in die dubbelmediumskole en die vaderlandse geskiedenis kan nie suiwer weergegee word nie, sonder om een van die twee groepe seer te maak nie. Christelike ouers werk maklik saam om 'n Christelike skool te onderhou, en daar bestaan dus geen gevaar dat 'n oneindige aantal klein skooltjies deur ouers opgerig sal word nie.

Hoofstuk IV gee 'n uiteensetting van Christelik-nasionale onderwys. Die term Christelik en nasionaal kan hier nie van mekaar geskei word nie, want dit betrek nasionaal in 'n Christelike sin.

In hoofstuk V wys hy daarop dat die opleiding van onderwysers ook nie die taak van die Staat is nie, omdat die onderwyser aan 'n C.N.O.-skool self 'n Christelik-nasionale opleiding moet hê.

In hoofstuk VI pleit hy vir staatsubsidie aan vrye skole soos reeds in Natal gedoen is.[1)]

(c) Die C.N.O.-kongres van 1913.

Hierdie kongres is deur die hoofbestuur van die Vereniging vir C.N.O. byeengeroep, en het op 1 Oktober 1913 te Bethulie vergader. Daar is onder meer die volgende besluit geneem:[2)]

(i) Daar........./-284-

1) J. Kamp: De School hoort aan de Ouders, Hoofstuk VI.
2) Het Kerkblad, 15 Okt. 1913, 6.

(i) Daar sal pogings deur die Hoofbestuur aangewend word om leerlinge te werf vir die Normaalskool te Steynsburg, terwyl takke plaaslike fondse moet stig om beurse aan behoeftige leerlinge beskikbaar te stel.
(2) Waar hulle te doen het met simpatieke onderwysers, word ouers aangeraai om ook onderrig uit die Heidelbergse Kategismus te versoek. Waar die onderwyser egter onsimpatiek is, moet die ouers hulle kinders van godsdiensonderwys onttrek.
(3) Daar sal aangedring word by lede van die provinsiale rade om telkens weer die beginsels van die vrye skool met staatsubsidie in die raadsvergaderinge onder bespreking te bring.

Na die kongres van 1913 het die Vereniging vir C.N.O. geleidelik doodgeloop as gevolg van landsomstandighede wat alle aandag in beslag geneem het.

(d) Die kongres van die Vrystaatse Propaganda-Vereniging 1916.

Die onderwysers van die Vrystaat, wat die eerste was wat weer aktief begin werk het vir C.N.O., het op 'n onderwyserskonferensie in 1915 besluit om 'n Christelik-nasionale propagandavereniging te stig.[1] Die Vereniging bepaal in hulle reglement dat vir 'n Christeliknasionale opvoeding en onderwys nodig is:
(a) die gebruik van die Heilige Skrif op só 'n wyse dat die onderwyser by al sy onderwys gelei sal word deur die beginsels daarin vervat;
(b) die behandeling van die vaderlandse geskiedenis op so 'n wyse dat (1) die waarde van die Hervorming vir die Hollands-Afrikaanse lewe daaruit blyk, (2) die ware eerbied vir sy stoere voorvaders, die Voortrekkers, by die kind ingeprent sal word;
(c) dat Suid-Afrika die uitgangspunt sal vorm van die onderwys.[2]

Die............/-285-

1) N. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, 94.
2) Het Kerkblad, 15 Sept. 1915, 3.

Die Vereniging het in die begin van April 1916 'n driedaagse konferensie te Bloemfontein saam met die Hollandssprekende onderwysers van die Oranje-Vrystaat gehou. Op hierdie konferensie het dr. G. Knothe 'n Christelike staatskool bepleit met 'n referaat getitel „Wat is C.N.O.?" terwyl prof. J. Kamp die beginsel van „groepskole" geformuleer het en 'n lesing oor „Huisgezin, school en....... een derde."[1]

Uit hierdie twee toesprake blyk dit dat daar op hierdie konferensie twee groepe teenwoordig was, trouens soos dit was op die vorige kongresse ook: die groep wat die C.N.O.-beginsels in die staatskool wil indra, en die ander groep wat die vrye skool voorstaan.[2]

(e) Die Kerklike Onderwyskongres van 1917.[3]

Hierdie kongres het plaasgevind op 4 en 5 Julie 1917 te Bloemfontein, en aldrie die Kerke was goed verteenwoordig.

Ds. W. Postma het 'n toespraak gehou oor „Die Christelik-nasionale volkskool." Daarin wys hy op die plig van die ouer en op die noodsaaklikheid van samewerking tussen huis, Kerk, skool, personeel, skoolbestuur, ens. Hy veroordeel die neutrale staatskool as godsdiensloos en onnasionaal.

Dr. J.D. du Toit se toespraak het gegaan oor die plek van die Kerk en die Staat in die onderwys. Hy het op die pligte en regte van die ouer, die Staat en die Kerk gewys en besluit dan „Die skool hoort aan die gesamentlike ouers soos hulle groepsgewys openbaar word."[4] Die woord „groepsgewys" beteken die natuurlike verdeling soos die mense saamleef. Hierdie verdeling kan geskied óf volgens belydenis óf volgens beroep. Daar moet soewereiniteit in eie kring wees. Die skool is dan 'n selfstandige instituut wat die maatskappy dien deur die kind voor te berei vir sy posisie in die maatskappy. Die gees

en........./-286-

1) N. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, 95.
2) Ibid, 98.
3) De Hervormer, 15 Aug. 1917, 6.
De Kerkbode, 19 Julie 1917, 694.
4) Het Kerkblad, 2 Julie 1917, 1.

en rigting van die skool word deur die ouer bepaal, terwyl die skool geldelik gesteun word deur die Staat.

Uit die besprekings wat gevolg het, het dit nogeens geblyk dat, alhoewel daar volkome eenstemmigheid omtrent die algemene beginsels van Christelik-nasionale onderwys was, daar weer twee uiteenlopende menings omtrent die toepassing van die beginsel bestaan het. Sommige wou vry skole stig terwyl die meerderheid, deur die konsekwente toepassing van die bestaande onderwyswette, geleidelik die C.N.O.-ideaal wou bereik.[1)]

Die kongres het as beginsels die volgende aangeneem:
(1) Die skool is nie 'n staatskool nie, maar die Staat moet toesien dat die onderwys wetenskaplik en tegnies toereikend is.
(2) Die skool is ook nie 'n kerkskool nie, maar dit word deur die Kerk geëis dat ouers hul kinders na Christelike skole stuur.
(3) Die skool behoort aan die ouers „zooals die zich gemeenschappelijk en groepsgewijze in die sameleving openbaren."

Hieruit vloei voort (a) dat ouergroepe die reg moet hê om self die gees en rigting van die skool te bepaal; (b) dat daar in 'n gemengde samelewing parallelskole gestig moet word om in die behoefte van die verskillende ouergroepe te voorsien; (c) dat daar geen onderskeid tussen die verskillende ouergroepe deur die Staat gemaak word nie, maar alle skole gelyk sal ondersteun.

(f) <u>Die C.N.O.-kongres van 1918</u>.

Die waaksaamheidskommissie van die drie Hollandse kerke het op 24 Oktober 1917 besluit om in 1918 'n onderwyskongres in Pretoria te hou.[2)] Hierdie kongres

waar........../-287-

---

1) N. Arnold: <u>Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika</u> 1907-1920, 103.
2) <u>Het Kerkblad</u>, 15 Feb. 1918, 2.

waar aldrie die Hollandse kerke goed verteenwoordig was, is gehou op 3 en 4 April 1918. Prof. J.D. du Toit het weer eens 'n toespraak gehou en die beginsel van groepskole bepleit. Alhoewel daar weer twee strominge op die kongres was, het dit tog die kongres geluk om 'n samesmelting van die twee gedagteringtings te verkry, m.a.w. die kongres het besluit om te werk vir 'n vrye staatskool. Daar is dus eenstemmigheid bereik en getuienis is gelewer voor die Onderwyskommissie van 1918 onder voorsitterskap van die heer H.L. Malherbe.[1] Die „deputatie" uit die kongres het „met de diepste ernst, oprechtheid en bekwaamheid" die volgende bepleit:[2]

(i) dat gelykgesinde (in dié geval Hollandssprekende) ouers die reg sal hê om deur middel van hulle skoolkommissies self hulle onderwysers te kies en aan te stel uit 'n lys van gesertifiseerde onderwysers deur die Departement verstrek;

(2) dat die ouers die reg sal hê om self die godsdiens- en taalonderwys te reël en die gees en rigting van die skool te bepaal, waar nodig deur die oprigting van afsonderlike skole;

(3) dat die ouers die reg sal hê om met gelykgesinde ouers van die provinsie Transvaal 'n eie normaalskool of -skole op te rig en dat die onderwysers aan dié skool of skole gekwalifiseer, deur die regering erken sal word en dat hulle dieselfde voorregte sal geniet wat betref salaris en pensioen;

(4) dat die skole onderworpe sal wees, wat wetenskaplike gehalte betref, aan die wette en regulasies wat van krag is in die betrokke provinsie;

(5) dat die Staat hierdie skole op gelyke voet met ander staatskole sal behandel wat betref geboue, leermiddels, beurse, vervoer van kinders, ens., en voorsiening sal maak vir verteenwoordiging in die Departement deur die aanstelling van 'n tweede sekretaris spesiaal ten behoewe van sulke skole. Om te voorkom dat hierdie skole

minderwaardig...../-288-

1) <u>Verslag van die Onderwyskommissie</u>, T.P. no. 1. 1920.
2) Ibid, par. 125.

minderwaardig sal wees en om die samehorigheid te bevorder, beveel die kongres aan dat Hollandssprekende ouers oor die hele land hulle sal organiseer in skoolverenigings.[1)]

Dit is opmerklik dat hierdie onderwyskommissie baie simpatiek gesind was teenoor hierdie voorstelle. Die hele verslag getuig van 'n gees van welwillendheid wat daar was teenoor hierdie voorstelle en mens dink onwillekeurig daaraan dat as die Onderwyskommissie van 1920 by magte was om uitvoering te gee aan hulle aanbevelings, die pleitredes van die deputate sekerlik praktyk sou geword het.

(g) <u>Die konferensies van 1927 en 1928</u>.

In 1927 is daar weer 'n konferensie van belangstellendes gehou op Heidelberg, Transvaal. Prof.dr. F. Postma het hier die woord gevoer oor godsdiensonderrig en het ook die groepstelsel gepropageer.[2)] 'n Kommissie bestaande uit prof. F. Postma en die hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging is saamgestel om verder in te gaan op die regte van skoolkommissies.[3)] Die Kommissie stel voor dat skoolkommissies meer seggenskap moet verkry in die bepaling van die gees en rigting van die onderwys asook in die aanstelling van onderwysers. Dit sou meebring dat die ouers meer belangstel in die onderwys van hulle kinders. Sodanige voorstelle is dan ook op 27 Nov. 1928 voor die Direkteur van Onderwys gelê, wat egter in sy antwoord op 28 Junie 1929 verklaar dat die Transvaalse Departement van Onderwys nie bereid is om op die saak in te gaan nie.[4)]

In 1928 is weer 'n konferensie belê en hierdie keer op Johannesburg.[5)] Daar was egter net soos in die geval van die konferensie op Heidelberg weinig steun van die Ned. Geref.en die Hervormde Kerke, waaruit af te lei is dat nog net die Gereformeerde Kerk in C.N.O. belanggestel het.[6)]

4. Die............/-289-

1) <u>Het Kerkblad</u>, 15 Mei 1918.
2) <u>Die Kerkblad</u>, 6 Maart 1927, 345.
3) <u>Handelinge van die 23ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk</u>, 1930, Art. III, 97.
4) Idem.
5) <u>Die kerkblad</u>, 6 Maart 1928, 458.
6) P.W. Bingle: <u>Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika</u> 1859-1959, 269.

4. Die standpunt van die Kerk.

(a) Die Gereformeerde Kerk.

Die Gereformeerde Kerk was deurentyd pleitbesorger vir C.N.O.-skole en daar het telkens artikels[1] in die kerklike organe verskyn ter ondersteuning van die saak. In „De Almanak" van 1911 word die sienswyse van die Kerk soos volg gestel: „Immers toch is het Christelijk Nationaal Onderwijs voor ons als Gereformeerdes eene levenskwestie. By den doop hebben wij, als ouders, en heeft niet de Regeering, plechtig aan God beloofd onze kinderen te onderwijzen of te doen onderwijzen in de zuivere leer. Volgens de doopsbelofte moeten de ouders de scholen oprichten en bekostigen, als ook de onderwijzers benoemen. Door de Gouvernements scholen, de neutrale scholen, moet het onderwijs godsdienstloos, kleurloos, worden en zullen wij niet als een Calvinistisch (Gereformeerd) Afrikaansch volk blijven bestaan maar weldra zelfs uit de rei der volkeren verdwijnen en bovenal niet dat Calvinistisch en godsvruchtig volk blijven dat onze vaders waren."[2]

Die Algemene Vergadering van die Transvaalse gemeentes het op 22 Januarie 1912 besluit om protes by die Administrateur aan te teken, aangesien hulle nie tevrede was met die staatsonderwys nie.[3]

Die inhoud van hierdie protesskrif was die volgende:
(1) Dit blyk volgens gemeentelike rapporte, dat die lidmate van die Kerk nie tevrede is met die bestaande sisteem van Goewermentsonderwys nie.
(2) Die redes waarom hulle hul nie kan neerlê by die staatsonderwys nie, is:

(a) Volgens Gods Woord behoort die kind nie aan die Staat nie, maar aan die ouer. Daarom moet die ouer die kind laat onderwys soos die doopbelofte ook eis. Onder die huidige stelsel het hulle nie die reg nie. (b) Deur die onmondigverklaring van die ouers verloor die Kerk ook

sy........./-290-

---

1) Het Kerkblad, 1 April 1911, 1 Jan. 1912. De Almanak, 1911, 1912.

2) „Het Christelyk Nationaal Onderwys" in De Almanak, 1911, 99, 100.

3) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk van Tvl., 1912, art. 32.

sy reg, want hy moet waak dat die ouers hulle doopbeloftes nakom.
(3) Hoewel die ouers deur katkisasie en huisonderwys doen wat hulle kan, kan hulle uit die aard van die saak nie met die Staat konkureer nie. Deur die onregmatige bemoeiinge van die Staat en deur die verkeerde gebruik van die landsgelde word die lidmate van die Kerk veronreg en hulle kinders van die geloof van hulle vaders vervreem.
(4) Die Algemene Vergadering protesteer dus teen die huidige onderwysstelsel in die naam van die ouers, van die Alg. Verg. self, van Christus en van die Drie-enige God.

Die Administrateur het beloof om die saak aan die Uitvoerende Komitee voor te lê, Hierby het dit dan ook gebly.[1]

Op die volgende byeenkoms van die Algemene Vergadering wat op 20 Januarie 1913 plaasgevind het, is daar besluit om die provinsiale owerheid te versoek om te antwoord op die protes van die vorige jaar.[2] Verder is daar 'n kommissie aangestel, bestaande uit prof. J.D. du Toit, ds. W.J. de Klerk en ds. M. Postma, om 'n rapport op te stel oor die oprigting van 'n normaalskool in Transvaal. Hierdie kommissie kon met soortgelyke kommissies van die ander twee kerke saamwerk.

Op die Algemene Vergadering van 1914 het die kommissie wat in 1913 benoem is, aanbeveel dat klasse vir die opleiding van onderwysers ingestel word aan die Literariese Departement van die Teologiese skool. Die owerheid sou gevra word om die opleiding te erken en finansieël te steun terwyl die res van die geld gevind sou word uit vrywillige bydrae, deur kerkrade te vra om kollektes daarvoor af te sonder en uit die opbrengs van die „Koei-stelsel."[3] Die skool het nou geword 'n vrye skool met staatsubsidie en daardeur is die doelpunt van die

Gereformeerde...../-291-

1) Het Kerkblad, 1 Febr. 1912, 1.
2) Het Kerkblad, 15 Febr. 1913, Bylaag 7.
3) Het Kerkblad, 15 Febr. 1914, Bylaag 8.

Gereformeerde Kerk bereik. Dit sou egter nie lank duur nie. In 1915 was die Voorbereidende Skool weens die landsomstandighede in so 'n finansiële moeilikheid, nieteenstaande die staatsteun, dat die bestuur verplig was om die skool aan die Departement oor te dra.[1]

Hieroor merk prof. J.Chr. Coetzee op: „En so het die laaste vesting in Transvaal gekapituleer, en het die geskiedenis geleer dat 'n Vrye Skool - laer en Middelbaar - selfs met enige staatsteun nie in stand gehou kan word nie, m.i. omdat dit nie 'n juiste praktiese beleid is nie, want daar is 'n te groot ongelykheid tussen Vrye Skool en Staatskool - die een vra skoolgeld, die ander is skoolgeldvry, die een se fondse-bronne is beperk, die ander se fondse is staatswyd."[2]

Met C.N.O. moes daar nou 'n ander koers ingeslaan word omdat die vrye Christelike skool met staatsteun doodgeloop het. Die eerste voorlopige formulering van die beginsel van „Groepskole" is in 1916 deur prof. J. Kamp gedoen by die „C.N.Propaganda-Vereniging" van die O.V.S. In sy referaat oor „Huisgesin, School en.......een Derde" het hy die skool as die eiendom van die maatskappy bestempel, dus van die samevoeging van die ouers. Die Hollands-Afrikaanse ouers of maatskappy sal dan Christelik-nasionale onderwys vir hulle kinders eis.

Die Sinodes van 1916, 1918 en 1920 het min aandag aan die laer en middelbare onderwys geskenk omdat hulle hulle beywer het vir die hoër onderwys.[3] Ons vind egter dat die Sinode van 1924 op 'n beskrywingspunt by die Transvaalse Algemene Vergadering verklaar: „Die Sinode soek samewerking met ander kerke in ons land om te arbei teen die onchristelike gees in ons landswette op laer en middelbare onderwys" in die vorm van 'n kommissierapport, en antwoord (1) dat die Sinode kerkrade opwek om weer die

stelsel......./-292-

---

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 41.
2) Idem.
3) H.J.J. Bingle: Die Geref. Kerk en die Laer en Middelbare Onderwys (Die Geref. Kerk in S.A. 1859-1959), 215.

stelsel van groeponderwys in ons land in samewerking met ander kerke aan te pak; (2) dat deputate deur die Sinode benoem word met die opdrag om saam met die onderwyskommissie 'n onderwyskongres van geesverwante te organiseer; (3) dat so 'n kongres sal arbei om soveel moontlik Christelike leerboeke vir die laer en die middelbare onderwys voorgeskryf te kry (4) dat kerkrade ouers opwek om belang te stel in die onderwys van hulle kinders.[1)]

Die Gereformeerde Kerk stel hom dus op die standpunt dat hy ywer vir 'n ideaal van die groepstelsel. Intussen sen moet die staatskool egter sodanig beinvloed word dat dit in die werk wat daarin verrig word, so Christelik moontlik sal wees.[2)]

Die Transvaalse Provinsiale Sinode het in 1927 weer met die vraagstuk van Christelike onderwys en ouerseggenskap in die skool na die Sinode gekom. Die kwessie van beheer van die skool en die Christelike onderwys het veral die aandag geniet. Die Sinode beveel aan dat daar in samewerking met die ander kerke getrag word om die bestaande stelsel van beheer sodanig hervorm te kry dat die huidige adviserende magte van die skoolkommissies omskep word tot daadwerklike seggenskap. Daar moet kragtig geywer word vir die reg om navraag te doen na die godsdienstige oortuiging van die onderwyser, en om normaalskole vir die opleiding van godsdienstige onderwysers te verkry.[3)]

Die Gereformeerde Kerk het nog steeds sy ideaal ten opsigte van die skoolvraagstuk voor oë gehou, maar het dit 'n praktiese politiek beskou om by die bestaande stelsel aan te sluit met die doel om later die hele stelsel ooreenkomstig sy beginsels gewysig te kry. Teen 1930 het die groepskoolstelsel omtrent net by die Gereformeerde Kerk ingang gevind.[4)]

(b) Die Nederduits Herv. of Geref. Kerk.

Soos........../-293-

---

1) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk, 1924, artt. 173, 175, Bylaag 24.
2) H.J.J. Bingle: Die Geref. Kerk en die Laer en Middelbare Onderwys (Die Geref. Kerk in S.A. 1859-1959) 216.
3) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk, 1927, artt. 29, 108, Bylaag H,V/4.
4) H.J.J. Bingle: Die Geref. Kerk en die Laer en Middelbare Onderwys, 216, 217.

Soos reeds aangetoon, het die N.G. Kerk hom versoen met die staatsonderwysstelsel en was dus nooit te vinde vir die vrye skool nie. Oor die oprigting van 'n kerklike normaalskool was daar nie eenstemmigheid nie.[1] Die Kerkbode[2] skryf dat die opleiding van onderwysers die saak van die Staat is, maar dat die Kerk toesig wil hou oor die godsdienstige opvoeding van die toekomstige onderwysers. In opdrag van die kongres van 1912 het die hoofkommissie vir C.N.O. die Transvaalse Sinodale kommissie genader om samewerking om 'n normaalskool op te rig.[3] Die „Raad der Kerken" besluit hierop om nie kerklike normaalskole op te rig nie, maar om die regeringsinrigtings so te beinvloed dat die vorming van onderwysers na die gees van die Kerk geskied.[4] Alhoewel die Kerk nie vrye skole voorstaan nie, is daar tog voortdurend geywer vir die Christelike en die nasionale karakter van die skool. Die standpunt van die Kerk was egter dat hierdie beginsels in die staatskool verwesenlik kon word en nie net in die vrye skool nie, en die Kerk het dan ook gedurig probeer om die staatskool Christelik en Afrikaans te maak. Die Kerk het dan ook net die vrye skool ondersteun in die twee gewese republieke na die Tweede Vryheidsoorlog, toe die Christelike en nasionale beginsels in die onderwys heeltemal misken was.[5]

Na 1912 is godsdiensonderwys, moedertaalonderwys en vaderlandse geskiedenis toegelaat op die skole, dog in die praktyk het die meerderheid skole hulle onafrikaanse karakter bly behou. Die gevolg was dat die voorstanders van vrye skole sterk aangegroei het in die geledere van die N.G.-kerk, maar hulle kon nooit die beleid van die Kerk as sodanig beinvloed nie.[6]

Met die sitting van die Sinode van die Transvaalse N.G. Kerk in 1912, sien ons dat ds. Reyneke, afgevaardigde van die Kaapse Kerk, ten gunste van kerkskole met staatsubsidie was.[7]

'n Beskrywingspunt...../-294-

1) N. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende 1907-1920, 80, 81.
2) De Kerkbode, 16 Feb. 1911, 99.
3) De Kerkbode, 10 Okt. 1912, 812.
4) Ibid, 3 April 1913, 281.
5) N. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende 1907-1920, 141.
6) Ibid, 142.
7) De Kerkbode, 13 Junie 1912, 475.

'n Beskrywingspunt van ds. S.W. van Niekerk wat lui dat die regering gevra word om die wet so te wysig dat 'n staatstoelaag aan kerkskole betaal kan word gelykstaande aan die wat nodig is vir staatskole, is ook op hierdie Sinode bespreek.[1] Ds. Van Niekerk was ten gunste van die oprigting van kerkskole „omdat onze scholen thans niet Christelijk nationaal zijn."

Die Kerkbode het egter al vroeër daarop gewys dat die bestaande staatskole nie godsdiensloos hoef te wees nie, tensy die ouers dit wil hê. Sy besware teen kerkskole was dat dit die Kerk en die Staat teen mekaar sal stel, en dat die invloed op die publieke skole sal oorgaan in die hande van persone wat niks met die Kerk en die godsdiens te doen wil hê nie.[2] Na aanleiding van die brosjure en die beskrywingspunt wat ds. Van Niekerk in 1912 voor die Sinode van die Ned. Herv. of Ger. Kerk gelê het, beweer De Kerkbode dat hy godsdiens en taal vermeng. Die enigste rede vir kerkskole is godsdiensonderwys en nie taal nie, en as die nuwe verkorte kategismus op skole ingevoer word, bestaan daar geen rede vir die oprigting van kerkskole nie. Die beweging vir kerkskole verdeel, en daar moet liewers gesoek word na die vereniging van die twee blanke rasse.[3]

Die N.G. Kerk het in Transvaal sover gekom dat hy in 1918 die groepstelsel aanvaar het, maar in 1920 wou hy dit nie deurvoer nie.[4]

Soos reeds vermeld, het die kerk hom egter voortdurend beywer vir die Christelike en nasionale karakter van die skool. Op die 23ste sinode (1915) is besluit dat daar beter voorsiening gemaak moet word vir die opleiding van onderwysers wat bekwaam is om d.m.v. sowel die Hollandse as die Engelse taal onderwys te gee. Daar is ook 'n kommissie aangestel om met die Departement te onderhandel ter verkryging van 'n nuwe leerplan wat (a) rekening hou met die volksbehoeftes en volksaard; (b) Suid-Afrika in die

eerste......../-295-

---

De Kerkbode, 16 Mei 1912, 384.
Ibid, 18 Maart 1909, 126.
De Kerkbode, 23 Mei 1912, 407; 6 Junie 1912,447.
4) N. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende 1907-1920, 142.

eerste plek in die oog moet hê; (c) die lewe van die kind moet raak; (d) die sedelike en godsdienstige vorming van die kind beoog. Daar is verder besluit „dat de onderwijzers zoo opgeleid worden, dat zij aan bovenstaande eischen voldoen."[1)]

Op die 24ste sinode (1919) is daar besluit om nie die vrye skole met staatsubsidie voor te staan nie, alhoewel baie van die lede ten gunste daarvan was. Daar is egter gewys op die gevaar van die staatskole vir die sedelike, godsdienstige, kerklike en nasionale lewe van die volk, en die volgende besluit is geneem: „De Synode drage het aan de Opvoedings-Commissie op bij zijn Ed. de Administrateur aan te dringen op het daarstellen van parallel scholen voornamelijk in Engelsch-sprekende centra, waar de toepassing van de Taal Ordonnantie anders onuitvoerbaar is."[2)] Cilliers sê hiervan: „Hierdie nuwe wending is van besonder belang. Toe die Kerk na jare van teleurstelling met die staatstelsel moes ervaar dat daar geen kans is vir sy eie skole met of sonder regeringsteun nie, het hy eers probeer om die staatskole te hervorm na sy smaak, maar toe ook dit geen bevrediging kon gee nie het die Kerk met die enigste alternatiewe plan voor die dag gekom en hom sedertdien met alle mag daarop toegespits, naamlik aparte skole vir Afrikaans - sowel as vir Engelssprekendes."[3)]

Die Sinode van 1924 het die volgende voorstel aangeneem: „Die Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat in 'n staat waar die omgewing Afrikaanssprekend is en die meerderheid van die kinders op die skool Afrikaanssprekend, die medium van onderwys Afrikaans moet wees, en dring daarop aan by die Onderwysdepartement ten behoewe van Hollands-sprekende kinders."[4)]

(c)........../-296-

1) Acta Synodi, 1915, 82-85.
2) Acta Synodi, 1919, 86: Bylaag 16, 55-56.
3) D.H. Cilliers: Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool 1652-1939, 237.
4) Acta Synodi, 1928, 198.

(c) Die Ned. Herv. Kerk.

Reeds op die Algemene Vergadering van Maart 1909 het die Kerk die vrye skool met staatsubsidie as die enigste aanbevelenswaardige stelsel vir Transvaal geag.[1] Die Algemene Vergadering van 3 Desember 1912 het hom weer ten gunste van hierdie skool uitgespreek.[2]

In 'n kommentaar op die bespreking van ds. Van Niekerk van die N.G. Kerk se beskrywingspunt op die sinode van 1912 waarin gepleit is vir kerkskole met staatsteun, skryf De Hervormer dat die Christen altyd vra wat eis „de Ere Gods" en nie wat wil 'n politieke party nie. Die Staat moet regeer word na die vaste en enigste wette van reg. Dit is die ouer se reg om die gees en rigting te bepaal waarin die kind opgelei moet word, maar tans word dit deur die staat bepaal omdat die staat vir die opleiding betaal. As die Christelike beginsel toegepas word, kan elke groep ouers hulle kinders op skool laat leer soos dit met hulle gewete en beginsels ooreenkom. Die regering wat hoofsaaklik bestaan uit lidmate van die N.G. Kerk, behoort die beginsel in die skoolwet neer te lê. Daar wag 'n treurige toekoms op die land as die regering nie meer vra wat Gods eer eis nie.[3]

Van die verskillende ringe was dit in die jare veral die Westelike Ring wat besondere aandag aan die onderwys gegee het. Op hulle vergadering van 1911 het die Ring soos volg besluit: „Deze Ring verzoekt de Algemene Kommissie er ernstig op aan te dringen bij de Regering, dat er plannen beraamd worden om aan de godsdienst en de Nationaliteit van ons volk meer recht te laten wedervaren op school."[4] In 1913 het dieselfde Ring hulle lidmate aangemoedig om lede te word van die Vereniging vir C.N.O.[5]

Met sy sitting in Mei 1916 te Pretoria het die Alg. Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van S.A. 'n beskrywingspunt behandel wat voorgelê is deur die heer

A.D.W. Wolmarans..../-297-

1) De Hervormer, 15 Aug. 1909, 5.
2) Ibid, 15 Des. 1912, 8.
3) Ibid, 15 Julie, 1912, 4.
4) De Hervormer, 15 Des. 1911, 4.
5) Ibid, 15 Mei, 1913, 1.

A.D.W. Wolmarans. Daarin word voorgestel dat die regering genader word om staatsteun vir die vrye skool, en 'n skema vir die stelsel van vrye skole word in hooftrekke aangegee. Die beskrywingspunt is deeglik oorweeg deur die kommissie vir laer onderwys en 'n rapport is aan die vergadering voorgelê wat, na bespreking, in sy geheel aangeneem is. Die volgende word in die rapport aanbeveel:[1] (a) Die Kommissie is in beginsel daarmee eens, maar vind dit nie wenslik om die voorstel in sy geheel aan te beveel nie, omdat hulle meen dat daar nog aan verskillende voorwaardes voldoen moet word voordat die Kerk met 'n uitgewerkte voorstel tot die regering kan gaan. (b) Die samewerking van die ander twee Hollandse kerke moet verkry word ten einde groter invloed by die regering te kan uitoefen. Daar word dus aanbeveel dat 'n kommissie van waaksaamheid aangestel word om die samewerking te probeer verkry. (c) Die Kommissie is oortuig dat gesubsidieerde privaatskole alleen in stand gehou kan word indien die ouers se geldelike bydrae tot die skool nie groter is as die bydrae aan die regeringskole nie. Daar moet dus gebreek word met die stelsel van gratis onderwys, wat 'n kanker aan die volksbestaan is, omdat dit die verantwoordelikheid van die ouer heeltemal wegneem. (d) Die waarde van die onderwys hang geheel en al af van die onderwyser. 'n Goeie onderwyser kan op plekke waar die bevolking min of meer homogeen is wat betref Christelike beginsels, sorg dat die opvoeding Christelik-nasionaal is. Daar word dus aan die hand gegee dat die drie Hollandse kerke saamwerk om 'n kweekskool vir Christelike onderwysers op te rig. (e) Die Kommissie beveel aan dat 'n eksamen in godsdiensonderwys vir onderwysers ingestel moet word.

Hierdie rapport is aangeneem deur die Alg. Vergadering en 'n waaksaamheidskommissie is benoem bestaande uit drie predikante en twee ouderlinge. Die ander twee

Hollandse...../-298-

1) Notulen van de Algemeene Vergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika gehouden op 16 Mei 1916 te Pretoria, 20.

Hollandse kerke is ook genader en samewerking is verkry. Dit was dus die Hervormde Kerk wat in 1916 die leiding geneem het om die samewerking tussen die drie Hollandse kerke te verkry wat uiteindelik geloop het op erkenning van die groepstelsel in die Malherberapport.

Die Hervormde Kerk het hom gedurig beywer vir Christelike onderwysers. Oor die nuwe leergang vir Bybelonderrig het die Kommissie van Waaksaamheid vir Laer Onderwys van die Ned. Herv. Kerk reeds in 1919 aan die Alg. Verg. gerapporteer dat 'n leerplan, hoe goed ook, nie sal beantwoord nie, tensy die vak deur Christelike onderwysers gegee word. Die onderwysers wat nie onderwys wil gee volgens 'n Christelike leerplan nie, moet vrygestel word van godsdiens-onderwys.[1)]

In 1920 is die ordonnansie van De Chavonnes in herinnering geroep. Vroeër moes die Kerk toesig hou oor die aard van die Godsdiensonderwys en die inhoud daarvan bepaal, asook die regsinnigheid en bekwaamheid van die onderwysers ondersoek. Godsdiensonderwys het ook vroeër 'n vername plek in die skool ingeneem. Die vraag was nou wat die invloed van die Kerk deesdae op die onderwys is.[2)]

Die Kerk het sy onrus uitgespreek omtrent die gees aan die openbare inrigtings, en dat selfs aan inrigtings onder kerkrade se toesig onchristelike dinge gedoen word.[3)]

Die Ned. Herv. Kerk het die beweging vir C.N.O. heelhartig ondersteun en hom in hierdie jare beywer vir groepskole. Vanaf 1930 het 'n algehele omswaai wat C.N.O. betref egter by hierdie Kerk ingetree.[4)] Ons behandel dit in die volgende hoofstuk.

## 5. Samevatting.

Na die totstandkoming van die Unie was die Smutswet nog baie jare lank - met klein wysigings van tyt tot tyd - die geldende wet op onderwysgebied in Transvaal.

Die........./-299-

---

1) Ned. Herv. Kerk: Notule van Alg. Verg., 1919, 149.
2) De Hervormer, 15 Okt. 1920, xii.
3) Ibid, 15 Mei 1925, ix.
4) J.H. Bekker: Godsdiens in die Onderwys van blankes in Transvaal tot 1953, 334.

Die eerste ingrypende verandering was die Rissik-ordonnansie wat die taalklousule in die Smutswet verander het. Deur hierdie ordonnansie is daar baie meer aandag gegee aan die reg van die ouers omdat die keuse van die medium nou aan hulle oorgelaat is. Verskeie kommissies het in die tyd aanbevelings i.v.m. die onderwys gemaak.

Die Jagger-kommissie was ten gunste van die afskaffing van Provinsiale Rade en die daarstelling van distriksrade. Die kommissie was ook ten gunste van die voortbestaan van skoolkommissies. Die mag van die kommissies moes egter net raadplegend van aard wees. Daar het niks van die aanbevelings van die kommissie tereg gekom nie.

Die Malherbe-kommissie het ook distriksrade aanbeveel en skoolkommissies met betrekking tot die aanstelling van onderwysers. In verband met Christelike en nasionale onderwys het die kommissie aanbeveel dat die gevoelens van enige groep ouers eerbiedig moet word en die geleentheid aan hulle gegee behoort te word om die gees en rigting van die skool waarheen hul kinders gaan, te lei en te beinvloed. Hieruit volg dat die onderwysers dieselfde gevoelens en tradisies as die ouers moet hê. Die kommissie het ook aanbeveel dat Afrikaans i.p.v. Hollands in die skool gebruik moet word en dat die huistaal die korrekte medium van onderwys moet wees. Afsonderlike skole vir Afrikaans en Engels is verkies bo dubbelmediumskole.

Die Hofmeyrkommissie het die samestelling van 'n Uniale onderwysraad aanbeveel wat alle primêre en sekondêre onderwys moes koördineer. Dit sou nie wenslik wees om af te sien van die werk van die Provinsiale Administrasie se beheer van die onderwys nie.

Die C.N.O. kongresse van 1911, 1912 en 1913 het gepleit vir die vrye skool met staatsubsidie. Daaris ook gevra om aparte Hollandse en Engelse skole en Christelike onderwysers en leerboeke. Die C.N.O.-aksie het doodgeloop na 1913, maar is weer aan die lewe geblaas deur die onderwysers van die Vrystaat wat 'n Christelik-nasionale propaganda-vereniging gestig het.

Op die......../-300-

Op die kerklike onderwyskongres van 1917 het dit geblyk soos met vorige kongresse dat daar twee groepe teenwoordig was, nl. dié groep wat die C.N.O.-beginsel in die staatskool wou indra en dié ander groep wat die vrye skool voorgestaan het.

Op die C.N.O.-kongres van 1918 is gepleit vir groepskole. Alhoewel daar nog twee strominge was, het dit die kongres geluk om 'n samesmelting van die twee gedagterigtings te verkry en te werk vir 'n vrye staatskool. In 1927 en 1928 is weer konferensies belê waar daar egter min steun van die N.G. Kerk en die Hervormde Kerk ontvang is. Dit was dus nog net die Gereformeerde Kerk wat in C.N.O. belang gestel het.

Die Geref. Kerk was deurentyd pleitbesorger vir C.N.O.-skole en het gedurig gewys op die plig van die ouers i.v.m. die opvoeding van hul kinders. Die Kerk het op verskeie plekke afsonderlike skole gehad waar die ouers self volle seggenskap gehad het wat betref die bepaling van die gees en rigting van die skool. Vir hierdie skole het hy by die Staat aangedring op subsidie.

Die Kerk was voorstander van die vrye skool met staatsubsidie tot in 1916 toe hy gepleit het vir die vrye groepskoolstelsel, wat hulle bly voorstaan het tot in 1930.

Die N.G. Kerk het hom versoen met die staatsonderwysstelsel en was nooit te vinde vir vrye skole nie. Hy het egter gedurig probeer om die staatskool Christelik en nasionaal te maak. Sedert 1919 het hy hom met alle mag daarop toegespits om aparte skole vir Afrikaans- sowel as Engelssprekendes te verkry.

Die Ned. Herv. Kerk het die vrye skool met staatsubsidie aanvaar en hom later vir groepskole beywer. In hierdie tydperk het die Kerk die C.N.O. heelhartig ondersteun.

Hierdie......./-301-

Hierdie Kerk het hom ook baie beywer vir Christelike onderwysers aan die skole en wou hê dat 'n eksamen in godsdiensonderwys vir onderwysers ingestel moet word.

So vind ons dan dat aldrie die Hollandse kerke wat die onderwys en toesig betref, hul plig nagekom het soos bepaal in art. 21 K.O.

## HOOFSTUK IX.

## DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE ONDERWYS VANAF 1930-1963.- 'N NUWE BENADERING.

### 1. Die gereformeerde beginsel en die skoolopvoeding.

#### (a) Oprigting, instandhouding en beheer.

##### (i) Die Nicol- verslag.

Ingevolge Administrateurskennisgewing no. 124 van 3 Maart 1937, is 'n kommissie onder voorsitterskap van ds. W. Nicol benoem, om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van Transvaal. Die Kommissie het in 1939 sy verslag uitgebring.[1] In die loop van die ondersoek van die Kommissie het sekere algemene beginsels voor die dag gekom, o.a.:

(1) Die plig van die Staat.[2]

Die Staat is verantwoordelik vir die veiligheid van die nasie en dit is dus reg en gepas dat die Staat hom met die onderwys bemoei. Sowel die hoeveelheid as die gehalte van die onderwys is dus 'n saak vir die Staat. Die ouer kan nie alleen die onderwys bekostig nie en daarom moet die Staat hier optree. Die Staat kan egter nie aanspraak maak op 'n alleenreg in die onderwys van die kinders van die nasie nie, op sy meeste kan dit onderwysgeriewe verskaf en die onderwyspeil en/of die ouderdom van die skoolverlatende kind bepaal.

(2) Die plig en die voorreg van die Ouers.[3]

Die onderwys van die kind is die verantwoordelikheid van die ouer. Sy gesag oor die kind moet nooit oor die hoof gesien word nie en sy medewerking moet verkry word. Die neiging by sommige ouers om die verantwoordelikheid van die onderwys van die kind te loën, moet derhalwe ontmoedig word.

(3) Die......../-303-

---

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no.5 - 1939).
2) Ibid, par. 18.
3) Ibid, 19.

(3) Die skool in die Gemeenskap.[1]

Die skool kan nie alleen staan nie. Hy moet kennis neem van die maatskaplike toestande waaronder die kind groot geword het. Die ideale skool streef daarna om die kultuursentrum van die gemeenskap te wees.

(4) Die Onderwysers.

Die onderwysers is die spil van die onderwysstelsel. Alle vooruitgang sal afhang van sy begrip van die onderwys en die plek wat die skool in die gemeenskap sal inneem, sal grootliks van sy persoonlike ywer afhang.

Ten opsigte van die Oprigting van skole het die Kommissie die volgende aanbevelings gemaak.
(i) „Ingevolge artikel 59 van die Onderwyswet word die Administrateur belet om enige nuwe skool te open sonder die toestemming van die betrokke skoolraad.....Met die oog op die sentralisasiebeleid wat ons in 'n latere hoofstuk oorweeg, kan dit miskien vir die Administrasie nodig word om handelend op te tree voordat 'n Onderwysraad[2] bereid is om sy toestemming te verleen vir die opening van 'n nuwe skool of die sluiting van 'n bestaande skool.

Ons beveel gevolglik aan dat die bevoegdheid om 'n nuwe skool te open of om 'n bestaande skool permanent te sluit, moet berus by die Administrateur in Uitvoerende Komitee handelende op raad van die Direkteur van Onderwys na oorleg met die Onderwysraad."[3]

In verband met die Instandhouding van skole beveel die Kommissie die volgende aan:
(i) dat die teenswoordige stelsel van vry onderwys tot st. 10, voortgesit en tot beroepsopleiding uitgebrei word.[4]
(ii) dat daar 'n einde gemaak moet word aan die stelsel van toekenning van subsidies aan privaatskole.[5] Hierdie skole sou in die toekoms dus volkome afhanklik wees van die bydraes van die ouers terwyl die Staat self niks bydra nie.

Die........../-304-

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5 - 1939).
2) Bedoelende 'n skoolraad.
3) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5 - 1939), par. 88.
4) Ibid, par. 400.
5) Ibid, par. 378.

Die Kommissie het feitlik eenparig besluit dat die onderwys vry moet wees. 'n Paar getuies het aanbeveel dat die ouers ooreenkomstig hul vermoë moet betaal, as bewys dat hulle die verantwoordelikheid aanvaar om hulle kinders op te voed. L.g. aanbeveling is egter nie aangeneem nie, en die Staat moes dus volgens dié besluit, skole alleen in stand hou.

Ten opsigte van die Beheer oor die onderwys is o.a. die volgende aanbevelings gemaak:

(i) die oprigting van 'n Unie-onderwysraad as 'n bloot adviserende liggaam.[1]

(ii) dat 'n keurkomitee gekies word wat die ouers van raad bedien by die vul van poste, deur die vyf beste kandidate vir die vakature aan die ouers voor te lê;[2]

(iii) dat plaaslike onderwysrade gestig word waarvan die meerderheid van die lede deur die parlementêre kiesers gekies word, en dat dit origens moet bestaan uit die benoeming deur die Administrateur in Uitvoerende Komitee, 'n lid wat deur die ouerrade vir laerskole gekies word en 'n lid wat deur die ouerrade vir die middelbare skole gekies word.[3]

(iv) dat ouerrade vir plaaslike skole, soos dit tot sover ook die geval was, deur die ouers gekies word en dat die gekose lede die reg moet hê om hoogstens twee ander persone wat oor spesiale kennis beskik of wat van besondere hulp vir die skool kan wees as volle lede te koöpteer;[4]

(v) dat die bevoegdheid van die ouerrade uitgebrei word vir sover dit bestaanbaar is met doeltreffende koördinasie deur die hoërstaande Onderwysraad.[5]

Die aanbevelings van die Nicolkommissie sou geen wesenlike verandering in die oprigting, instandhouding en beheer van die onderwys meebring nie. Die skoolrade se voorgestelde funksie ondergaan geen verandering nie en die skoolkommissie of ouerrade kry dan ook geen groter seggenskap nie.[6]

(ii) ........../-305-

---

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5 - 1939) par. 50.
2) Ibid, par. 183.
3) Ibid, par. 94.
4) Ibid, par. 120.
5) Ibid, par. 115.
6) H.C. Boshoff: Beheer van die onderwys in die Provinsie Transvaal vanaf 1910, 186.

(ii) Onderwyswette en regulasies.

Die Onderwysordonnansie 1953.

Op 16 Sept. 1953 is die nuwe onderwysordonnansie, Ordonnansie no. 29 van 1953, tot samevatting en wysiging van die wette betreffende die onderwys in die Provinsie Transvaal finaal aangeneem deur die Provinsiale Raad en op 1 Des. 1953 deur die Goewerneur-generaal goedgekeur.[1)]

Die Ordonnansie was nie 'n nuwe skepping nie, maar het die vier hoekstene van die Smutswet - sentrale finansiëring en beheer, plaaslike bestuur, godsdienstige basis en die beginsel van taalgelykheid, behou.[2)]

Die sentrale beheer en die beleid insake onderwys in Transvaal word behandel in artt. 3 tot 7 van Hoofstuk I van die Onderwysordonnansie no. 29 van 1953. Art. 3 bepaal dat die Administrateur 'n Direkteur van Onderwys aanstel wat aan die hoof van die Onderwysdepartement, en onder gesag en beheer van die Administrateur sal staan.

Die provinsiale onderwysbeleid word so beplan dat voorsiening gemaak word vir 'n omvattende onderwysdiens waardeur die kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed word en rassesamewerking in Suid-Afrika bevorder sal word.[3)] Hierdie art. sal elders bespreek word.

Die funksie van die Departement van Onderwys sluit o.a. in:
(i) die opstelling en uitvoering van onderrigleerplanne;
(ii) die instelling, die hou van toesig en uitoefening van beheer oor en die afneem van eksamens, en die toekenning van sertifikate aan leerlinge;
(iii) die opleiding en sertifisering van onderwysers;
(iv) die inspekteer van onderwysinrigtings en leerlinge;
(v) die bepaling van die personeelsterkte van onderwysinrigtings;

(vi)........./-306-

---

1) T.O.D.-Verslag 1953 (T.P. no.5 - 1956), 16.
2) Ibid, 17.
3) Onderwysordonnansie 1953, art. 3(d).

(vi) die bepaling van vakansietye en die opstelling van 'n skoolkalender;
(vii) die vasstelling van die nodige fasiliteite vir die departementele onderwysinrigtings.[1]

Artikel 4 maak voorsiening vir die instelling van 'n Raad van Advies insake onderwys, om die Direkteur te adviseer oor alle sake van 'n professionele aard. Advies kan gegee word op eie inisiatief of op versoek van die Direkteur. Die Raad van Advies vervang die Professionele onderwysraad wat sedert 7 Nov. 1951 bestaan het.

Die magte van die Administrateur[2] is duidelik omlyn. Hy kan o.a. : (i) enige koshuis, onderwyserswoning, of inrigting behorende by enige provinsiale onderwysinrigting instel en onderhou of 'n toelae of voorskot ter ondersteuning daaraan toestaan. Hy sorg dus vir die oprigting en instandhouding van onderwysinrigtings en die ouer het hierin geen sê nie.

Hoofstuk II van die Onderwysordonnansie gaan oor die plaaslike bestuur van provinsiale onderwysinrigtings.[3] Skoolrade, beherende liggame en skoolkomitees word as statutêre liggame met dieselfde funksies en bevoegdhede as tot hiertoe behou. Elke vader of moeder of voog in Transvaal woonagtig en wat een of meer kinders op die register van 'n provinsiale onderwysinrigting vir blankes het, kan stem. Daar is dus weggedoen met die algemene kieserslys as basis vir skoolraadsverkiesings.

Die pligte en bevoegdhede van die skoolrade bly toesighoudend en die gesag wat dit besit, is voorskriftelik opgedra. Magte wat die skoolrade het, is dus gedelegeer. Hulle funksies is adviserend, diskresionêr en uitvoerend van aard.[4] Hulle is adviserend ten opsigte van die oprigting van geboue, benoeming van onderwysers, toekenning van beurse, instelling van vervoerskemas, ens. Hulle is diskresionêr met betrekking tot die gebruik van skoolgeboue, die handhawing van verpligte skoolbesoek, die on-

derneming......./-307-

---

1) <u>Onderwysordonnansie 1953</u>, subartikel 3(2).
2) Ibid, art. 6.
3) Ibid, artt. 8-52.
4) <u>Onderwysblad</u>, 1 Mei 1953. (Toespraak deur dr. A.H. du P. van Wyk oor: Die nuwe Ontwerp-Onderwysordonnansie.)

derneming van hersteldienste, ens., terwyl hulle uitvoerende magte beperk is tot gedelegeerde funksies ten opsigte van geboue, ameublement, skoolkomitees, ens.

Daar is nou 'n verpligte instelling van skoolkomitees[1], wat uitgebreide bevoegdhede ten opsigte van die aanbevelings en aanstelling van onderwysers sal besit.[2] Die skoolraad maak sy eie aanbevelings, maar die skoolkomitee se aanbevelings dra presies dieselfde gewig by die Departement as dié van die skoolraad. Die Direkteur besit egter die finale beslissing in verband met die aanstelling van onderwysers.[3]

In die handleiding „Die skoolkomitee en sy betekenis" (1958)[4] word dit gestel dat die skoolkomitee 'n skakel tussen die ouers en die Departement vorm deur bemiddeling van die skoolraad oor nie-professionele belange van sy skool. Verder word daar beweer „dat dit duidelik is dat die ouers van 'n skool deur sy verkose komitee belangrike bevoegdhede besit in verband met die beheer van hulle skool. Die beginsel van ouerreg i.v.m. die beheer het sy toets meer as 50 jaar lank deurstaan en lewer nog steeds bewys van sy waarde en doeltreffendheid in ons onderwysstelsel."

Die Onderwysordonnansie van 1953 sê in art. 3(d) dat die kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed moet word, dus dat die ouers seggenskap moet hê. Dit blyk egter dat wanneer die Ordonnansie by die magte van die skoolkomitee kom, dit slegs aanbevelingsreg is wat die ouers verkry het. Die ouerreg is net adviserend. Die ouer het geen seggenskap oor die gees en rigting van die skool nie, en die voorsiening vir skoolkomitees en beheerrade bied slegs ouerreg in naam aan.

Hier is dus 'n teenstrydigheid in die ordonnansie want daar kan beweer word dat die kinders in ooreenstemming met die wense van die ouers opgevoed word, as die ouers nie

die.........../-308-

1) <u>Onderwysordonnansie 1953</u>, art. 48.
2) <u>Ibid</u>, 50.
3) Ibid, 72.
4) T.O.D.: <u>Die Skoolkomitee en sy Betekenis (1958)</u>, 10.

die gees en rigting van die skool bepaal nie. Alhoewel die gereformeerde beginsel deur die ordonnansie erken word deur die toegee dat die ouers seggenskap moet hê, word die beginsel deur die beperking van die magte van die ouer wat die bepaling van die gees en rigting van die skool betref, nie volledig toegepas nie.

(b) Skoolopvoeding moet Christelik wees.

(i) Die Nicol-verslag.

Die Kommissie is daarvan oortuig dat godsdiensonderrig die grondslag van alle ware onderwys is, dat dit die volk bestendig, dat dit die middel is om 'n sterk persoonlike karakter op te bou en dat kultuur sonder godsdiens nie betroubaar is nie. Die Kommissie is daarvan oortuig dat die bevolking van Transvaal verlang dat hierdie godsdiensonderrig in 'n Christelike gees en as 'n integrerende gedeelte van die skoolleerplan gegee moet word.[1]

Die Kommissie is dit eens met die bepaling in die onderwyswet dat daar geen spesifieke sektariese leer of dogma wat eie is aan 'n bepaalde godsdienstige gesindte of sekte, onderrig mag word nie.[2] Hulle beveel egter aan:
(1) dat Bybelgeskiedenis 'n vak in die normaalkolleges moet wees;
(2) dat die grootste sorg gedra word by die werwing van nuwe kragte vir die onderwysberoep;
(3) dat 'n handboek vir godsdiensonderrig opgestel word;
(4) dat die kategismus vir gebruik aangeneem word as 'n leidraad tot die onderrig;
(5) dat inspeksie in die vak gereeld gehou moet word;
(6) dat die Bybel op die boekelys geplaas moet word, sodat kinders wat nie hulle eie eksemplaar kan aanskaf nie, dit op dié manier kan kry;
(7) dat skoolhoofde aangemoedig moet word om by wyse van sorgvuldige voorbereiding die beste gebruik van hierdie daaglikse periode te maak.[3]

(ii) Onderwyswette..../-309-

---

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5 - 1939), par. 540.
2) Ibid, par. 544.
3) Ibid, par. 545.

(ii) Onderwyswette en regulasies.

Die Onderwysordonnansie 1953.

Art. 53 van die Ordonnansie gaan oor godsdiensonderrig in openbare skole en dit vervang die bekende art. 34 van die Wet van 1907. Dit lui:

„(1) In elke openbare skool begin die skooldag met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel." (Dieselfde dus as 1907, net 'n ander bewoording.)

„(2) Behoudens die bepalings van hierdie hoofstuk word godsdiensonderrig in elke openbare skool vir en op sodanige tye gegee as wat die Direkteur mag voorskryf: Met dien verstande dat die onderrigtyd in laer skole minstens twee uur per week moet wees: Voorts met dien verstande dat niks in hierdie subartikel of subartikel (1) vervat van toepassing is nie op 'n openbare skool wat hoofsaaklik ingestel is en onderhou word vir of grotendeels besoek word deur kinders van nie-Christen-ouers tensy sodanige skool deur kinders van Christen-ouers besoek word, en in hierdie geval moet daar op skriftelike aansoek van die Christen-ouers voorsiening gemaak word vir hul kinders om godsdiensonderrig te ontvang." (Ongeveer dieselfde as in subart. (2) van die wet van 1907, behalwe dat in l.g. wet voertale vermeld is en dat daar bepaal is dat die godsdiensonderwys binne die eerste halfuur van elke skooldag gegee word.)

„(3) Indien die ouer van 'n leerling wat enige openbare skool bywoon die hoofonderwyser daarvan skriftelik versoek dat die leerling vrygestel word van godsdiensonderrig, moet die leerling aldus vrygestel word totdat die versoek teruggetrek word." (Dieselfde as in wet van 1907, net anders bewoord.)

„(4) Geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte, mag in enige openbare skool gedoseer word nie." (In die vorige wet het dit gelui: „sal geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte in enige openbare skool onderwys word nie.")

„(5) Geen onderrig in Bybelgeskiedenis mag in enige openbare skool gedurende skoolure gegee word nie deur enigiemand anders as 'n onderwyser wat lid is van die personeel van sodanige skool." (Dieselfde as in die vorige wet.)

„(6)........./-310-

„(6) Geen hoofonderwysers of enige assistentonderwysers wat vir die algemene welsyn van 'n klas of groep of afdeling verantwoordelik is, word as lid van die personeel van 'n openbare skool toegelaat of gehou nie, tensy hy òf bereid is om sonder gewetensbeswaar godsdiensonderrig te gee soos by hierdie artikel vereis, òf aan die Direkteur enige beswaar voorlê wat hy daarteen mag hê om sodanige onderrig te gee." (Dieselfde dus as in vorige wet, net duideliker bewoord.)

Ons sien dus dat daar weinig verskil is tussen die bepalings oor godsdiensonderwys in die Wet van 1907 en die Ordonnansie van 1953. L.g. is net deegliker en duideliker omskryf, en daar is 'n knap woordspel gebesig wat vatbaar is vir 'n veel ruimer vertolking. In sy wese bly die bepalings nog maar dieselfde.

Die nuwe wet verbied blykbaar nie alle dogmatiese onderrig nie. Die woorde „geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte" wat in die Wet van 1907 voorkom, is vervang met „geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte." Die „geen leer" van 1907 verbied duidelik alle dogma terwyl die „geen bepaalde leer" van 1953 blykbaar nie alle dogma verbied nie, slegs sekere dogma. Indien dit die geval is, word die vroeëre ongerymdheid hiermee verwyder en word daar dan ook erken dat dogmatiese godsdiensonderrig kan en moet plaasvind. Hierdie subklousule word dan ook algemeen aanvaar.

Met die behandeling van die Ontwerp-Onderwysordonnansie in die Provinsiale Raad het die Administrateur verduidelik dat slegs die eienaardighede van die verskillende sektes uitgeskakel word[1] en die Geref. Kerk kon dan ook in sy C.N.O.-rapport meld: „Hierdeur kan nou die gemeenskaplike belydenisskrifte van die drie Afrikaanse kerke wel doseer word."[2]

In 'n........../-311-

1) Prov. Raad van Tvl.:Verbatim-Verslag van die Debatte oor die Ontwerp-Onderwysordonnansie - Deel V, 89.

2) Gereformeerde Kerk: Rapport i.s. C.N.O. aan die Part. Sinodes Suid- en Noord-Transvaal, Jan. 1954.

In 'n omsendbrief van 1954 het die Departement dan ook hierdie punt soos volg nader bepaal:

„Die inhoud van die godsdiensonderrig in laer en middelbare skole kan met inagneming van Artikel 53(4) van die nuwe Onderwysordonnansie onder andere die volgende behels:

(a) Bybelkennis.
(b) Die Tien Gebooie.
(c) Die Twaalf Artikels (geloofsbelydenis).
(d) Die Onse Vader."[1)]

Alhoewel hierdie bepaling ten opsigte van godsdiensonderwys die Afrikaanse Calvinisties-Christelike gelowiges nog nie naby die ideaal bring nie, kan die bepaalde vergunning op staatskole ook nie verder nie, aangesien daar oor die belange van alle groepe gewaak moet word. Die staatskool kan dus nooit werklik bevredig nie en die enigste werklike oplossing lê in die groepskool waar godsdiensonderwys volgens eie besondere opvatting gedoseer kan en moet word.

Ons kan vandag nie beweer dat die staatskole godsdiensloos is nie, maar aan die ander kant kan ons ook nie beweer dat die gereformeerde beginsel op die skole gehandhaaf word nie. Die gees en rigting word baie duidelik deur die Staat bepaal en nie deur die ouer nie.

(c) Die Skoolopvoeding moet nasionaal wees.

(i) Die Nicol-verslag.

In die inleiding van die hoofstuk wat handel oor taalvraagstukke stel die Kommissie dit so dat dit die plig van die Provinsiale Onderwysstelsel is om 'n sekere peil van tweetaligheid vir elke kind te bewerkstellig, want „die woord Tweetaligheid is in groot

letters........./-312-

1) Departementele Omsendbrief No.1 van 1954, 4.

letters oor die hele skoolleerplan geskrywe."[1] Hulle beklemtoon egter die belangrikheid van die moedertaal en die noodsaaklikheid dat dit met die aanvang van die onderwys gebruik word.[2]

„Die Kommissie kan die gevolgtrekking nie vermy nie dat daar goeie grond bestaan vir die afgelegde verklarings dat die verdeling van kinders in twee kampe nie slegs die verlangde volkseenheid vertraag nie, maar bepaaldelik volksverdeeldheid in die hand werk, en dat dit bowendien bevordering van tweetaligheid vertraag. Die Kommissie besef dat die voordele van saamgroepering van die kinders alleen dan behaal kan word wanneer die regte atmosfeer geskep is. As hierdie atmosfeer nie bestaan nie, moet ons erken dat meer kwaad as goed moontlik, selfs waarskynlik, gedoen sal word. Die gewenste atmosfeer kan slegs geskep word as die skoolhoof sowel tweetalig as simpatiek is."[3]

Die Kommissie beveel dus aan: (a) Dat dit die uitgesproke beleid van die Provinsie moet wees om die kinders van 'n dorp of deel van 'n dorp of distrik, ongeag hul ras, oral waar moontlik in dieselfde skool te hou; (b) dat geen verandering aangebring word in bestaande skole nie, tensy op versoek van die ouers; (c) dat in die geval van nuwe skole die normale handelswyse moet wees die oprigting van skole met parallelklasse of dubbelmedium, behalwe in gevalle waar die bevolking feitlik homogeen is of waar die meeste ouers ten gunste van afsonderlike skole is; (d) dat die grootste sorg gedra moet word dat, as hoofde van sulke skole, onderwysers gekies word wat nie alleen volkome tweetalig is nie, maar ook allesins geskik is.[4]

Verder........../-313-

---

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5 - 1939), par. 772.
2) Ibid, par. 774.
3) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no.5 - 1939), par. 816.
4) Ibid, par. 818.

Verder beveel die Kommissie aan dat die toekomstige beleid van die Provinsie moet wees om hom daarvoor te beywer dat albei tale as voertale gebruik word in alle skole, hetsy dubbelmedium - parallelklasse, of afsonderlike skole,[1] en dat die Provinsie in die skole alle pogings moet aanmoedig om die kinders buite die skool bymekaar te bring.[2]

Ons sien dus dat die aanbevelings van die Kommissie lynreg in stryd is met die gereformeerde beginsel. Die Staat wil hier groepe bymekaar dwing wat nie bymekaar hoort nie, terwyl die ouers hoegenaamd geen sê het in die bepaling van die gees en rigting van die skool nie.

Die minderheidsverslag,[3] opgestel deur die voorsitter ds. W. Nicol, en mnre. Van Zyl Slabbert, Smit en Swart het egter lynreg verskil van die meerderheidsverslag. Eersgenoemde het verlang dat „die ouers 'n mate van seggenskap in verband met die organisasie van die skool moet hê en ........ dat die Administrasie met sy skole die kulturele ontwikkeling van Suid-Afrika moet eerbiedig en dien, en nie voorskryf nie."[4]

Die minderheidsverslag het die gevare wat dubbel- of parallelmediumskole inhou, begryp en saamgevat in par. 17 wat soos volg lui: „Ten slotte kom dit alles neer op die vraag of daar twee volksgroepe in Suid-Afrika, elkeen met sy eie kultuur, naas mekaar bestaan en as sodanig geëerbiedig moet word, of nie. Ons medelede het 'n voorstel verwerp wat ons gedoen het om die bestaan van die aparte kultuurgroepe te erken as die redelike grondslag vir die aparte skool. Die vraagstuk is dus of die volkseenheid daarin lê dat die twee groepe hartelik moet saamwerk om Suid-Afrika op te bou, dan of die eenheid daarin lê dat een of beide van die groepe hulle identiteit moet verloor. As dit die regte beskouing is, dat een of beide hulle indentiteit moet verloor, dan sal die skool met

parallelklasse.../-314-

---

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no.5 - 1939) par. 820.
2) Ibid. par. 822.
3) Ibid., Minderheidsverslag no. 13, 266.
4) Ibid, par. 2.

parallelklasse die logiese gevolg wees, en dit sal meteens die beste instrument wees om die bestaande identiteit van die groepe uit te wis. As eersgenoemde die regte opvatting is, en dit is ons oortuiging, dat beide volksgroepe hulle identiteit moet behou, dan sal die Provinsie waar moontlik moet bly by die bestaande reëling van aparte skole."[1]

Die minderheidsverslag steun die beleid van aparte skole vir die aparte voertale, met inagneming van die eise van plaaslike omstandighede wat betref getalle. Verder word aanbeveel dat sover moontlik die wense van ouers met betrekking tot die organisasie van die skool in ag geneem word.[2]

(ii) Onderwyswette en regulasies.

(1) Onderwyswet (Taal)- Wysigingsordonnansie, 1934.

Gedurende die jaar 1934 het Ordonnansie no. 17 van 1934 tot wysiging van die „Onderwyswet (Taal) Amendement Ordonnantie." 1911, in werking getree. Daar is 'n nuwe subartikel toegevoeg waarby aan die uitdrukking „huistaal" die betekenis gegee is: „De taal welke de leerling het best verstaat." Die nuwe ordonnansie bepaal ook die prosedure, wat in geval van twyfel gevolg moet word. Die onderwysers bepaal die huistaal van die leerling, maar die ouer kan hom op die inspekteur beroep as hy ontevrede is met die beslissing. Die inspekteur se beslissing sal finaal wees. Indien die leerling eweveel kennis van die twee tale besit, moet die onderwyser die beslissing i.v.m. die voertaal na die inspekteur verwys. Die inspekteur versoek dan die ouers om te beslis watter taal as die huistaal beskou moet word.[3]

(2) Taalordonnansie van 1945.[4]

Hierdie Ordonnansie het die Rissik-ordonnansie van 1911, soos gewysig in 1934, vervang. Dit is op 30 Mei 1945 deur die Provinsiale Raad in die

derde......../-315-

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5 - 1939). Minderheidsverslag no. 13, par. 17.
2) Ibid, par. 18.
3) Verslag 1934,-Direkteur van Onderwys, 11, 12.
4) Verslag 1945, - Direkteur van Onderwys, 6, 7.

derde lesing aangeneem en het op 1 Januarie 1946 in werking getree.

Die vernaamste punte van verskil tussen die nuwe en die ou Taal-ordonnansie kan soos volg saamgevat word:-

(a) Alle leerlinge word verplig om albei tale aan te leer, terwyl ouers voorheen vrystelling van die studie van een van die tale kon eis;

(b) die twee tale is verpligte eksamenvakke in die sekondêre skool; (die ou Ordonnansie maak selfs nie een taal tot verpligte eksamenvak nie);

(c) die tweede taal moet orals vanaf standerd VI geleidelik as medium ingevoer word sodat in 1951 albei tale op 'n so na as moontlik gelyke basis as voertaal bo standerd V gebruik sal word; (die Rissik-Ordonnansie het voorsiening gemaak vir dubbelmedium, vir oorwegend Engelsmedium en vir oorwegend Afrikaansmedium middelbare onderrig, volgens die keuse van die ouers);

(d) die vakke wat deur medium van die tweede taal geleer moet word, word deur die Direkteur bepaal; (die ou Ordonnansie maak voorsiening dat hierdie beslissing, indien nodig, by die plaaslike ouerliggaam berus);

(e) privateskole staan wat taal en medium betref onder dieselfde verpligtings as openbare skole; (die Rissik-Ordonnansie was slegs op goewermentskole van toepassing;)

(f) die onderwysopleiding moet soveel moontlik volle tweetaligheid van die toekomstige onderwysers verseker; (voorheen is 'n hoë standaard van bekwaamheid slegs in een taal vereis);

(g) strafbepalings vir oortreding van die Ordonnansie is opgeneem, terwyl dit in die Rissik-Ordonnansie ontbreek het.

Die Departement het dus gebruik gemaak van die aanbevelings van die Nicol-kommissie en met hierdie onderwyswetgewing is daar dus heeltemal afgewyk van die gereformeerde beginsel in die onderwys. Die gees en rigting van die onderwys word deur die Staat bepaal en die nasionale strewe in die onderwys heeltemal verontagsaam.

(3) Taalordonnansie van 1949.

Die Ordonnansie van 1945 het geweldige teenkanting uitgelok. Teen die einde van 1949 is belangrike veranderings aangebring en 'n derde Taalordonnansie uitgevaardig. Hierdie verandering het gevolg op die diensaanvaarding van die nuwe Uniale regering met dr. D.F. Malan as eerste minister. Die volgende wysigings is in die Ordonnansie aangebring:

(a) huistaalmedium is verpligtend tot st. 8;
(b) die middelbare skool sal 'n enkelmediumskool wees;
(c) die huistaal van die kind word vasgestel deur die skoolhoof wat deur die inspekteur gekontroleer word;
(d) die Direkteur kan die huistaalmedium alleen wysig as die kind werklik tweetalig is;
(e) die Administrateur kan op ander gronde dit ook doen;
(f) daar is geen mediumverpligting by die opleiding van onderwysers nie.

Die kardinale verskil tussen die Taalordonnansie van 1945 en dié van 1949 is dit dat 1945 s'n verpligte dubbelmedium vereis, en dié van 1949 verpligte enkelmedium.[1] Wat die nasionale aspek betref, het die Ordonnansie van 1949 dus volle tevredenheid gegee. Ons kan egter nie beweer dat die gereformeerde beginsel in die onderwys gehandhaaf is nie. Die Staat het nog die gees en rigting van die onderwys bepaal en die ouers se seggenskap deur middel van skoolkomitees was nog baie beperk.

(4) Onderwysordonnansie 1953.[2]

In dié ordonnansie word voorsiening gemaak vir verpligte moedertaalonderwys tot en met st. 8, met dien verstande dat nie-ondersteunde privaatskole nie hieronder sal ressorteer nie. Die onderwysbeginsels wat as basis van die Wet beskou is, nl. taalgelykheid en huistaal as verpligte voertaal, is behou. 'n Duideliker prosedure vir die bepaling van die huistaal is geformuleer en daar is voorsiening gemaak vir 'n duidelike aanduiding deur die ouer van die gewenste voertaal. Die beginsel

dat........../-317-

1) J.Chr. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, 319.
2) Onderwysordonnansie 1953, artt. 54-65.

dat skoolorganisasie op 'n taalmediumbasis toelaatbaar is, word behou, terwyl 'n verdere toepassing van die beginsel van ouerlike reg vervat is in die voorsiening van enkelmediumskole op versoek van ouers in sekere omstandighede. (Voorbehoudsbepaling by sub-artikel 3 van artikel 56).[1]

Met hierdie onderwysordonnansie is die regte van die taal beskerm, maar dit gee nog nie vir ons nasionale onderwys nie, want dit beteken liefde vir alles wat ons eie is, met spesiale vermelding van ons land, ons taal, ons geskiedenis en ons kultuur.[2] Boshoff beweer tereg : „In Suid-Afrika kan die nasionale aspek alleen ten volle uitgeleef word in aparte Afrikaanse skole waar die ouer die gees en rigting bepaal, dus weer, meer beheer aan plaaslike instansies."[3]

(5) <u>Wet No. 86 van 1962.</u>[4]

In sy inougurele rede as kanselier van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., gehou op 16 Feb. 1962 het Sy Ed. sen. dr. J. de Klerk, minister van Binnelandse Sake en van Onderwys Kuns en Wetenskap, verklaar dat hy voornemens is om 'n nasionale onderwys-adviesraad in die lewe te roep. 'n Wetsontwerp is reeds opgestel en verwys na 'n Gekose Komitee.[5]

Sen. De Klerk wys daarop dat die tyd aangebreek het dat die onderwys en opvoeding van die blanke jeug aan ons skole, wat tans deur vyf onderwysdepartement beheer word, 'n nasionale karakter moet kry, want alleen dan kan die jeug doelbewus voorberei word vir die voortbestaan van die blanke in die veelrassige Republiek en vir die voortbestaan van die Republiek self.

Die taak van die middelbare skool is eerstens om die jeug volgens hulle belangstellinge, aanleg, en vermoëns afsonderlik tot die maksimum ontwikkeling te lei. Die onderwys kan dus nie eenvormig wees nie - daar sal differensiasie wees. Tweedens is dit die taak van die skool

om die....../-318-

1) Verslag 1953 - Direkteur van Onderwys, 18.
2) H.C. Boshoff: <u>Beheer van die **Onderwys in die Transvaal** vanaf 1910</u>, 242.
3) Idem.
4) Staatskoerant no. 280, 29 Junie 1962.
5) <u>Koers</u>, deel XXIX, no's. 9 en 10, Maart-April 1962,223.

om die kind op te voed tot 'n sosiaal-sedelike persoonwese. Volgens die minister is dit egter nie genoeg nie. Hy maak beswaar teen die kleurloosheid van die woord „sedelike" en sou „godsdienstige" of selfs „Christelike" verkies, want „wat sou al die kennis en etiese beginsels ons baat as ons nie met behulp daarvan wysheid kan verkry nie, en hoe is wysheid moontlik sonder die lig en leiding van ons drie-enige God?

Die onderwysstelsel behoort hom meer doelbewus toe te spits op die aankweek van gesonde verhoudings. „Dit is die taak van die onderwysstelsel om te sorg dat die ideaal van 'n gemeenskaplike nasieskap wat nie die identiteit van 'n groep sal ontneem nie, maar 'n nasieskap wat gebou is op gemeenskaplike beginsels en waardes met 'n gemeenskaplike liefde vir en lojaliteit aan die Republiek van Suid-Afrika, met die aanvaarding van en waardering vir dit wat aan elke groep eie is, aan ons blanke jeug oorgedra word.

Dit is nodig dat 'n nasionale onderwysbeleid vir blank en nie-blank daargestel word. Die verantwoordelikheid vir onderwys in Suid-Afrika word deur vyf onderwysdepartemente beheer met elk sy eie stelsel. Hierdie verdeelde beheer lewer baie probleme op omdat daar geen eenvormigheid van beleid ten opsigte van die medium van onderwys; verpligte skoolbesoek, bevordering van leerlinge, vry onderwys, besoldiging van onderwysers, ens., is nie. Leerlinge wat na 'n ander provinsie verhuis, vind dit vanselfsprekend moeilik om aan te pas by die nuwe leerplanne, boeke en onderwysmetodes.

Dit is die oortuiging van die minister dat die beste belange van sowel die kind as die Republiek slegs langs die weg van koördinasie en sentrale beleidsbepaling bewerkstellig kan word.[1)]

Die Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad (Wet No. 86 van 1962) het in werking getree vanaf 28 Desember 1962.[2)]

Art. 2......../-319-

---

1) Koers, deel XXIX, nos. 9 en 10, Maart - April 1962, 217-223.
2) Buitengewone Staatskoerant (no. 366), 2 Nov. 1962.

Art. 2 bepaal dat die minister die raad aanstel en dat dit uit minstens 15 lede sal bestaan. Die lede word aangestel vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar (art. 4). Die raad het geen uitvoerende bevoegdhede nie, maar dien uitsluitlik as koördinerende en adviserende liggaam (art. 7).

2. Reaksie van die Boerebevolking.

Net soos in die vorige tydperk was daar reaksie op die onderwyswette, regulasies en verslae van die kant van die kerke, sekere liggame en persone. Party het met die Staat saamgevoel, ander weer nie. In die volgende paragrawe wil ons die persone en instansies behandel wat die meeste invloed uitgeoefen het op die handhawing van die gereformeerde beginsel in die Transvaalse onderwys vanaf 1930 tot 1963.

(a) Die formulering van die begrip van „Vrye Groepskole" deur prof. J.Chr. Coetzee.

Tot 1930 het daar nog geen uitgebreide wetenskaplike formulering van die Afrikaans-Christelik-Nasionale onderwysgedagte in terme van die wetenskap van die Opvoedkunde verskyn nie. Daar is wel vasgehou aan die gereformeerde beginsel, maar daar moes telkens in die praktyk tot ander toepassinge gekom word op grond van die feit dat een of ander pedagogiese aspek nie in berekening gebring is nie. In verband hiermee sê prof. dr. H.J.J. Bingle: „Uit die aard van die saak is die Pedagogiek 'n wetenskap met 'n teoretiese en 'n praktiese aspek, en as die twee in botsing met mekaar kom, verongeluk die opvoedingsonderneming. Wat die beginsel neerlê, moet in die praktyk uitvoerbaar wees; en wat in die praktyk toegepas word, moet aan die beginsel geen geweld aandoen nie. En om hierdie verhouding reg te stel, is die werk van 'n opvoedkundige wat deurknede wetenskaplike is, maar ook tegelyk praktiese onderwysman..."[1]

In 1930 het so 'n man dan na vore gekom met die eerste wetenskaplike formulering van die gereformeerde

beginsel....../-320-

1) H.J.J. Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Laer en Middelbare Onderwys, in Eeufees-Gedenkboek, 217.

beginsel in die onderwys, in die persoon van prof. dr. J.Chr. Coetzee in sy „Vraagstukke van die opvoedkundige politiek." In hierdie werk het die gereformeerde onderwysgedagte uitgegroei tot 'n stelsel, wat sedertdien bekend staan as die Vrye Groepstelsel.

Die uitgangspunt van die stelsel is dat die gereformeerde rigting hom nie kan versoen met die neutrale of selfs 'n verchristelike staatskool-stelsel nie en dat die stryd gerig moet word op die algehele ombouing van die staatstelsel tot 'n stelsel van „Vrye Groepskole" van staatsondersteunde skole.[1] Prof. J.Chr. Coetzee beskryf hierdie skole soos volg: „Dit is in die eerste plek 'n Vrye skool, omdat dit kragtens sy eie taak 'n selfstandige instelling moet wees, altans 'n instelling met soewereiniteit in eie kring, wat dit moet handhaaf en verdedig teenoor die alleenheerskappy van die Staat en/of die Kerk aan die een kant en ook teenoor die persoonlike, individuele, meestal teenstrydige wilsuitinge van die individuele ouers aan die ander kant. As die skool eenmaal daar gestel is, moet dit vry wees om binne die aan hom gestelde perke selfbepalend en selfstandig te werk. Maar die vryheid moet anti-revolusionêr gedink word, as vryheid onder gesag, want vir die gereformeerde bestaan ware vryheid op aarde alleen by erkenning van die gesag van God en Sy Woord, soos Hy die gesag oor die mens gestel en gewil het."

„Dit is in die tweede plek 'n Groepskool, omdat al-drie die opvoedingsmagte of - draers (Ouers, die Kerk, die Staat) daarin hul regmatige plek kry. Dit is 'n skool wat opgerig word deur 'n gemeenskap van ouers, 'n vrye vereniging gevorm deur gelykgesinde ouers van skoolgaande kinders. Regtens is die stigting van 'n skool die taak van die belanghebbende en reghebbende ouer-gemeenskap, dus nie van individuele ouers nie, maar van die vereniging van ouers. Dit is 'n skool waarin die ouers, as 'n vrye vereniging die reg het om te bepaal wat die gees, die rigting en die beginsel van die onderwys op skool sal wees. (Waar die Staat dus in loco perentium staan en optree, kan hy dus ook skole stig; en waar Staat en/of Kerk vir

spesifieke......../-321-

1) J.Chr. Coetzee: Die gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 51.

spesifieke doeleindes skole nodig het, soos bv. Militêre Skole, Teol. Kweekskole, daar kan hulle die skole regtens stig, maar dan is sulke skole staatskole en kerkskole, puur en simpel). Die Groepskool is verder 'n skool wat onderhou word gedeeltelik deur die Vrye Vereniging van ouers en grotendeels deur die Staat. Dit is dus 'n staatsondersteunde skool. Die Staat is medeonderhouer, omdat dit as sy reg eis die vasstelling van 'n sekere peil van volksontwikkeling en ook die neerlegging van verpligte skoolbesoek aan die volksjeug; dit is die grootste onderhouer, omdat dit die magsorganisasie in die gemeenskapslewe is en dus oor die nodige mag beskik om onderwysfondse in te samel. Die Vrye Vereniging van ouers is mede-onderhouer, omdat dit die stigter van die skool is en ook die bepaler van die gees, die rigting en die beginsel van die onderwys op die skool; dit is die kleinste onderhouer omdat so 'n Vrye Vereniging van ouers maar net 'n beperkte mag het en maar 'n beperkte fonds vir onderwys kan insamel. (Waar die Staat en/of die Kerk self skole stig, moet hulle ook self die skole onderhou.) Die Groepskool is 'n skool wat beheer word gedeeltelik deur die Vrye Vereniging van ouers en gedeeltelik deur die Staat. Die Staat is medebeheerder omdat dit mede-onderhou en omdat dit die peil en die verpligting van die onderwys vasstel en dus ook moet kontroleer. Die Vrye Vereniging van ouers is medebeheerder, omdat dit die skool gestig het en steeds help onderhou. (Waar die Staat en/of die Kerk self skole stig en onderhou, moet hulle ook self die skole beheer.)

„Die Vrye Groepskool is dus 'n skool waarin die ouers en die onderwysers gelykgesind is en moet wees en op die nouste wyse met mekaar saamwerk, mekaar verstaan en waardeer, mekaar se werk bevorder, aanvul en opbou. Die Vrye Vereniging van ouers beslis oor die gees, die rigting en die beginsel van die onderwys; die onderwysers beslis oor die metode en die middele van onderwys.

„Dit is ......../-322-

„Dit is 'n skool wat van ouer-gemeenskappe uitgaan maar wat steeds in geestelike verband bly met en soveel moontlik, by wyse van onderlinge ooreenkoms, staan onder kerklike toesig. In sover die ouers, die onderwysers, die kinders ook gelowiges is en tot die gemeenskap van die gelowiges behoort, het die Kerk ook die reg van toesig oor die leer wat in die skool gehuldig en verkondig word. Die Kerk gryp egter nie direk in nie, maar oefen sy toesig uit deur middel van sy seggenskap oor sy lidmate, ouers, onderwysers en kinders.

Ten slotte, die stelsel van Vrye Groepskole word gedink as die algemene skoolstelsel, terwyl die dan nog bestaande Staatskole as uitsonderinge beskou word."[1]

(b) Die C.N.O.-aksie en die drie Afrikaanse kerke.

Op die eerste kongres van die Calvinistiese Bond, gehou in Bloemfontein in Julie 1930, het lektor L.J. du Plessis van die P.U.K. vir C.H.O. 'n prinsipiële uiteensetting gegee van die C.N.O.-politiek gebaseer op die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en ook prof. Coetzee se uiteensetting van die Vrye Groepskoolstelsel gesteun.[2] Die Algemene Sinodale Vergadering van die Geref. Kerk wat in Maart 1933 in Pretoria gesit het,[3] verleen ook steun aan die rigting van vrye groepskole en verwerp daarmee onomwonde die beginsel van die staatskool. Alhoewel die bestaande skoolstelsel as uitgangspunt geneem word, moet dit omgevorm word, dus heeltemal anders as die Christianisering daarvan.

Daar het in hierdie jare wat C.N.O. betref 'n algehele ommeswaai by die Ned. Herv. Kerk ingetree. Waar die Kerk hom in 1918 nog sterk beywer het vir groepskole

en in........../-323-

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 52-53.
2) Die Kerkblad, 15 Julie 1930, 1327.
3) Sinodale Handelinge van die Geref. Kerk, 1933, art. 87.

en in 1919 met die Algemene Vergadering besluit het dat die enigste oplossing van die skoolkwessie geleë is in vrye skole, het die Kerk in 1934 soos volg **verklaar:**

Die Ned. Herv. Kerk ondersteun die Christelike nasionale idee, maar nie die middel nie. Die Kerk veroordeel die groepstelsel van gelykgesinde ouers. Die drie Afrikaanse kerke sal elk eie skole in plaas van groepskole hê, omdat die verskille te groot is. Naas die groepskool sal daar ook nog die staatskool wees waaruit die Bybel dan heeltemal sal verdwyn, en 'n deel van die bevolking heeltemal sonder die Bybel sal opgroei en dit mag nie gebeur nie. Die Kerk meen dat die oplossing daarin lê om die Bybel meer tot sy reg te laat kom in die skool en om aan ouers meer mag toe te ken. Dit kan gedoen word deur druk op die Staat uit te oefen om die skoolwet te verander. Daar word op gewys dat die stelsel reeds in Holland, naas die staatskole bestaan en op 'n mislukking uitgeloop het.[1]

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk se standpunt het ooreengekom met dié van die Herv. Kerk, m.a.w., dit het die kerstening van die staatskool voorgestaan, en was nie te vinde vir die vrye groepskool nie.

In 1934 is 'n C.N.O.-konferensie te Potchefstroom gehou, wat bygewoon is deur omtrent 70 persone uit al die dele van die land, hoofsaaklik lidmate van die Geref. Kerk. Op die kongres is 'n „Manifes insake C.N.O." opgestel waarin die beginsels geformuleer is, ongeveer soos dit in 1918 belyn is, en waarin die vrye groepskool vir laer en middelbare skole asook vir normaalskole aanvaar is.[2]

Die tweede C.N.O.-konferensie is die volgende jaar (1935) in Braamfontein, Johannesburg, gehou[3] en hier was die twee uiteenlopende rigtings oor C.N.O. duidelik waarneembaar.[4] Die meerderheid was ten gunste van die

Christianisering.../-324-

1) De Hervormer, 28 Nov. 1934.
2) Die Kerkblad, 17 Okt. 1934, 322-324.
3) Ibid, 16 Okt. 1935, 318-320.
4) Die Hervormer, 30 Okt. 1935.

Christianisering van die staatskool terwyl die minderheid waarvan die voorstanders hoofsaaklik lidmate van die Geref. Kerk was, geen heil in die Christianisering van die staatskool gesien het nie, maar wou voortbou op die gereformeerde beginsel in die onderwys soos beliggaam in die idee van die Vrye Groepskool.

Die volgende punte is op die kongres goedgekeur en het ander in die bestaande C.N.O.-manifes wat oor die groepstelsel handel, vervang, nl.:

1. Die Kongres is oortuig daarvan dat die bestaande onderwysstelsel opening gegee het en nog gee dat kinders wat dooplidmate is van die Christelike kerke, afgevoer word van die geloof en sedes van hul ouers.

2. Die Kongres meen dat die hervorming voorlopig gesoek moet word deur die verchristelikking van alle onderwysinrigtings tot bevrediging van die Christelike ouers, o.a. deur wetgewing.

3. Andergesindes van gelyk oortuiging word vrygelaat om met billike en selfs gelyke staatsteun vir hul kinders skole te verkry, indien dit blyk dat hulle deur getalle of andersins daartoe geregtig is.[1]

Die Hervormde Kerk en die N.G. Kerk het akkoord gegaan met die manifes van die C.N.O.-kongres van 1937.[2] Die Geref. Kerk was op die stadium verdeeld aangesien party lidmate die Christianisering van die staatskool wou hê en ander die vrye groepskool ondersteun het.[3] Om die nodige eenheid te verkry, het die Geref. Kerk dus in 1937 'n beleidsverklaring insake die onderwys uitgereik, met die hoop dat dit ook kon dien as basis van samewerking met die ander Christelike kerke wat met die beleidsverklaring instem. Die verklaring kom neer op die volgende:

1. Ideaal...../-325-

---

1) C.N.O.-kongres, Johannesburg 1935, Notule, 6.
2) H.C. Boshoff: <u>Beheer van die Onderwys in die Provinsie Transvaal vanaf 1910</u>, 164.
3) J.Chr. Coetzee: <u>Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937</u>, 55-56.

1. Ideaal is dat die teenswoordige stelsel van staatskole omgevorm word tot 'n stelsel van staatsondersteunde skole waarin:

(a) die ouers die gees en rigting van die onderwys bepaal deur middel van skoolkommissies en beherende liggame;

(b) die skoolkommissies en beherende liggame nie alleen onderwysers(esse) aanbeveel nie, maar hulle eerste keuse, wat moet ooreenstem met die eise gestel vir die betrokke pos, erken word;

(c) die ouers ook hulle deel sal bydra vir die onderhoud van die skool, hoe gering dit ook al mag wees;

(d) die Staat gehoue sal wees om hierdie skole op gelyke voet met die Staatskool te behandel wat betref geboue, salariëring, leermiddels, vervoer van kinders, beurse, ens.;

(e) die Staat toesig sal hou oor die peil van die onderwys;

(f) die Departement die leerplanne vir hierdie skole sal opstel in oorleg met deskundige verteenwoordigers van skoolkommissies en beherende liggame.

2. Om die C.N.O.-ideaal te bereik, moet Christelike ouers wat met die Drie Formuliere van Enigheid instem, hulle organiseer tot ouerverenigings - plaaslik, distriksgewys, provinsiaal (miskien ook uniaal). Deur die plaaslike ouerverenigings word die skoolkommissies gekies en op die skoolrade sal die Departement verteenwoordig word. 'n Provinsiale Onderwysraad sal ingestel word wat gekies sal word deur skoolrade en wat sal dien as adviserende liggaam vir die Departement. Op die Provinsiale Onderwysraad sal deskundiges sitting hê, aangewys deur die skoolrade, o.a. met die oog op die samestelling van die leerplan.

Hierdie organisasies moet alle kragte inspan om deur wetgewing en andersins te verkry dat die bestaande skole sò omgevorm word as wat bo uiteengesit is.

3. Die Konferensie is daarvan oortuig dat dit op die platteland oor die algemeen moontlik sal wees om die bestaande skole so om te vorm, aangesien die grootste

gedeelte......./-326-

gedeelte van die ouers lidmate is van die Afrikaanse Kerke wat as gronslag het die Drie Formuliere van Enigheid.

4. Waar ouers daar nie in slaag om 'n bestaande skool so om te vorm nie, moet hulle skole oprig mits hulle 'n sekere vasgestelde minimum-skoolbesoek kan waarborg.

5. Waar in 'n bepaalde omgewing die ouers nog nie ryp is vir die omvorming van die skool of vir die stigting van 'n nuwe skool nie, en die staatskool dus in sy teenwoordige vorm sal bly, moet soveel moontlik daarna gestreef word dat die skool 'n Christelike karakter behou.

6. Die bestaande Normaalskole en Skoolplase is in stryd met hierdie bostaande beleid. En op grond van bostaande beleid moet ons ons beywer ook vir die oprigting van staatsondersteunde Christelike Normaalskole.[1)]

Op 17 Mei 1937 is hierdie beleidsverklaring voorgelê en verdedig voor die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie onder voorsitterskap van ds. W. Nicol.[2)] Die Nicol-kommissie het gevoel dat hy hoegenaamd nie hierdie aanbeveling kon steun nie omdat dit gebrek aan vertroue in die bestaande metode van beheer oor die onderwys geopenbaar het.[3)]

Die besluite van die C.N.O.-kongres van 1939, wat reeds as grondslag van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal se C.N.O.-deputate aanvaar is, is as die algemene beleid van die Geref. Kerk se Sinode aanvaar.[4)] Die besluite behels kortliks die volgende:-

a. Die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet die grondslag van die opvoeding en onderwys van die Afrikaanse volk wees.

b. 'n Skool is alleen Christelik-nasionaal wanneer die twee beginsels kenmerkend is van die hele skool in al sy aspekte.

c. Godsdiensonderwys moet die sentrale plek inneem en die gees en rigting van al die ander vakke bepaal.

d. Moeder-......./-327-

---

1) J.Chr. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 58-60.
2) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. no. 5, 1939), par. 79.
3) Ibid, par. 80.
4) Acta Sinode 1939, art. 120, 103-105.

d. Moedertaalonderwys is die basis van alle opvoeding en onderwys en kan vir die Afrikanerkind alleen verwesenlik word in die Afrikaansmediumskool.
e. Deur die geskiedenisonderwys moet die Afrikaanse jeug tot volle bewustheid kom van die herkoms, ontwikkeling, bestemming en roeping van die eie volk as deelgenoot van die Wes-Europees-Christelike beskawing.
f. Die gemeenskap van ouers moet daadwerklik seggenskap kry in die oprigting, beheer, toesig, en bepaling van die gees en rigting van die skole.

Een van die besluite van die C.N.O.-kongres van 1939 was dat die F.A.K. 'n instituut in die lewe moes roep om die ideaal van C.N.O. voortdurend te propageer. Die instituut bekend as I.C.N.O. (Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys) het besef dat 'n vollediger formulering van die C.N.O.-beleid noodsaaklik was en het onmiddellik met die taak begin en dit in 1948 voltooi.[1)]

In 1942 het die nasionale aspek van die C.N.O. sterk in gedrang gekom a.g.v. politieke verwikkelinge wat die moedertaal bedreig het. Dit het gelei tot die belangrike onderwyskongresse (kerklik) in Pretoria, opgeroep deur die onderwyskommissies van die drie Afrikaanse kerke in Transvaal.[2)] Die kerke het besef dat dit hier gaan om die diepste wese van die Afrikaner se siel, nl. die behoud van sy moedertaal, en het hier pragtig saamgewerk vir die behoud van die enkelmediumskool. Na aanleiding van die kongres skryf <u>Die Kerkbode</u> soos volg: „Waar genoemde kommissie die stryd in hierdie verband aanknoop, handel hy as verteenwoordiger van die drie Hollandse kerke dwarsdeur die Unie, wat nog altyd moedertaalonderwys as ideaal gestel het, en graag steun ons hom in sy poging tot bestendiging van ons kerklike beleid in hierdie saak...... Wat vir die Kerk van deurslaggewende belang is, is die feit dat alleen in die aparte skool godsdiensonderrig tot sy reg kan kom."[3)]

Die ........./-328-

---

1) I.C.N.O.: <u>Christelik-Nasionale Onderwysbeleid</u>, Voorwoord.
2) <u>Die Kerkblad</u>, 18 Des. 1942, 10.
3) <u>Die Transvaler</u>, 3 Des. 1942.

Die Transvaler skryf in 'n hoofartikel soos volg: „Die 250 afgevaardigdes, verteenwoordigers van kerkrade van al die drie Afrikaanse Kerke, skoolkommissies, beherende e.a. liggame het hulle soos een man verset teen die verwatering wat dubbelmediumonderwys noodwendig moet meebring........Die gevoel van die Afrikaners is nog altyd dat hulle 'n eie volk is wat wel die hulpmiddel van ander tale ter hand neem ten einde met ander te verkeer, maar wat in sy eie kring een taal alleen ken. In die woorde van prof. dr. J.Chr. Coetzee: ‚Geen groot kultuurvolk in die wêreld stel hom ooit tweetaligheid ten doel nie. Daar bestaan nie so iets soos tweetaligheid nie en ons doel moet wees 'n Afrikaanssprekende volk'".[1)]

In 1943 is nog twee kongresse gehou, nl. 'n volkskongres op Bloemfontein, opgeroep deur die F.A.K. onder voorsitterskap van prof. J.C. van Rooy[2)] en 'n kerklike kongres in Natal gehou en opgeroep deur die moderatuur van die N.G. Kerk.[3)]

In 1948 het die I.C.N.O. gekom tot die publikasie van sy „Christelik-Nasionale Onderwysbeleid."[4)] Art. 1 beskryf die grondslag soos volg: „Ons glo dat die kinders van blanke ouers op die grondslag van die lewens- en wêreldbeskouing van ons nasie opgevoed moet word.[5)]

Art. 5 behandel die doelstelling van onderwys en opvoeding. „Ons glo dat alle onderwys en opvoeding wesenlik beheersende leiding en vorming van die kind se ontwikkeling tot volwassene is in onderworpenheid aan die Woord van God in alle dinge, en dat die hoogste doel van alle onderwys en opvoeding die vorming van mense Gods is vir alle goeie werk volkome toegerus."

Die beheer van die onderwys word in art. 8 soos volg bespreek:

(i) Geen gemengde skool.

Daar......./-329-

---

1) Die Transvaler, 5 Des. 1942.
2) Die Kerkblad, 21 Jan. 1949, 9.
3) Ibid, 5 Maart 1943, 9.
4) Ibid, 23 April 1948, 15-17.
5) Inspan, Maart, April en Mei 1948.
6) Inspan, Maart, 1948, 24.

Daar moet aparte Afrikaanse en Engelse skole wees, en in albei die skole moet die regte verhouding tussen die huisgesin, die skool, die Kerk en die Staat wees wat die gees en rigting, oprigting, instandhouding, beheer en toesig van die skole betref.

(ii) Huis, skool en Kerk.

I.C.N.O. glo dat die nasie in die huis, die skool en die Kerk gekweek word, en dat hulle mekaar moet aanvul in die vorming van die kind.

(iii) Die Huis.

Die onderwys en opvoeding van die kind is die plig en reg van die ouers en hulle moet, in samewerking met die Kerk en Staat, dus oor die gees en rigting van die skoolopvoeding beslis. Hulle moet skole volgens hulle lewens- en wêreldbeskouing oprig, in stand hou en beheer, die onderwysers benoem en oor die onderwys toesig hou. Die ouer-in-gemeenskap, en nie as individu nie, moet die gees en rigting bepaal; hulle moet in samewerking met die Kerk en Staat skole stig, in stand hou en beheer.

(iv) Die Kerk.

Die Kerk moet toesig hou oor die gees en rigting van die opvoeding en moet toesien dat daar Christelike en nasionale skole is deur die ouers aan te spoor tot die stigting, instandhouding en beheer van sulke skole.

(v) Die Staat.

Die Staat moet toesien dat 'n behoorlike peil van volksopvoeding gehandhaaf bly en het dus in die organisasie van die skoolwese 'n belang en 'n reg. Die Staat mag nie oor die gees en rigting van die skool besluit nie, solank dit volgens die maatstaf van die Wet van God, nie staatskadend en staatsvernietigend is nie.

(vi) Die skool.

Die skool ontvang sy reg en mag van onderwys en opvoeding vanweë die ouers en moet dus die kinders volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die

ouer-in-gemeenskap en in hul nasionale verband opvoed. Die skool moet egter selfstandig oor die inrigting van die leerplan, die onderwysmetode, die skooltug, ens., beslis. Die skool moet Christelik-nasionaal wees.

(vii) Die organisasie van die skoolstelsel.

Omdat I.C.N.O. glo aan 'n Christelik-nasionale skool, verwerp hy die beginsel van oorheersing van huis of Kerk of Staat oor die skool en daarom ook 'n stelsel van ouerskole of kerkskole of staatskole. Die skool moet vry wees om binne die aan hom gestelde perke selfbepalend en selfstandig te werk. Die oprigting van skole moet in die eerste plek van die ouergemeenskap, in samewerking met die Kerk en Staat uitgaan. Die instandhouding van die skole moet 'n gesamentlike onderneming van huis, Kerk en Staat wees. Die beheer van die skool moet in die eerste plek in die hande van die ouers berus; die Kerk mag slegs d.m.v. die ouers die nodige beheer uitoefen, maar die Staat moet toesien dat die reg tussen ouer, onderwyser, Kerk en Staat op skool gehandhaaf word. Daarom glo I.C.N.O. aan die bestaansreg van skoolkommissies vir afsonderlike skole. In die hoër instansies van die skoolbeheer moet die ouers-in-gemeenskap steeds hulle regmatige plek kry. In die skoolrade moet verteenwoordigers van skoolkommissies en van die Staat sit, maar daarop moet steeds ook verteenwoordigers van die onderwysprofessie sitting hê. In die hoogste instansie, nl. die onderwysraad vir elke Provinsie, moet die skoolrade, die Staat en die onderwysprofessie verteenwoordig word, maar ook opvoedkundiges en ander vakwetenskaplikes. Die ideaal is en bly Christelik-nasionale skole, maar I.C.N.O. besef dat sy taak voorlopig altans in die direkte deursuring van die gangbare openbare skool deur die Christelik-nasionale gees en rigting lê.[1]

In hierdie stuk is dus neergelê wat prof. Coetzee van 1930 af gepropageer het en wat later deur die Geref. Kerk as sy beleid aanvaar is. Die F.A.K. het dit as sy

beleid....../-331-

---

1) Inspan, April 1948, 18-21.

beleid aanvaar terwyl die ander twee kerke hulle eweëens op die standpunt gestel het.[1] Met die 22ste Sinode van die N.H. of G. Kerk in 1951 verklaar die Sinodale Kommissie vir Opvoeding.[2] „Onder Christelik-Nasionale Onderwys verstaan ons Kerk geensins die daarstelling of oprigting van aparte kerkskole (soos ten onregte deur sommige beweer), maar wel die Christelike beïnvloeding van ons bestaande skole in ooreenstemming met die besondere Christelike belydenisse wat eie is aan die Gereformeerde Kerke in S.A."

Die Kerkbode stel sy standpunt soos volg: „Daar is geen onderwysstelsel wat homself so sterk by die Afrikaner met sy godsdienstige agtergrond en tradisie aanbeveel as C.N.O. nie. Vandag is daar wel oorvloedige geleentheid om Bybelonderwys in die skole te gee volgens die Onderwyswet, en die plig rus op elke skool om daarvan die beste gebruik te maak, maar met C.N.O. word nog meer beoog."[3]

Ds. J. Dreyer stel ook die Hervormde Kerk se standpunt soos volg: „Ons verwerp die Groepskool of Staatsondersteunde Vryeskool as synde onnasionaal. Ons verwerp die neutrale Staatskool as synde godsdiensloos en kleurloos. Ons staan vir die Christelik Nasionale Volkskool."[4] Die Kerk voel dat die Christelik-nasionale onderwys nie afgehok moet word in allerhande soorte vrye Christelike skole nie. Dit moet die gees en karakter wees van die groot openbare volkskole, om die jeug en daarmee die volk van die toekoms vas te hou.[5]

Prof. J.Chr. Coetzee het op ds. Dreyer se uiteensetting ten opsigte van Christelike besware soos volg geantwoord: Groepskole is nie sektaries soos ds. Dreyer beweer nie. Skole vir Afrikaanssprekendes of Engels-

sprekendes....../-332-

---

1) P.W. Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1959, 286.
2) Handelinge van die 22ste Sinode van die N.H. of G. Kerk van Suid-Afrika, 1951, 221.
3) Die Kerkbode, 9 Maart 1949, 585 en 6 Feb. 1949, 809.
4) J.Dreyer: Christelik-Nasionaal Onderwys (Die Hervormer, Nov. 1949)
5) Die Hervormer, Des. 1949.

sprekendes is nie sektaries nie, maar wel apart. As die groot bevolkingsgroep van meer as eenmiljoen (die drie Afrikaanse kerke) een soort skool kry, nl. 'n gereformeerde Afrikaanse skool, kan dit tog nie 'n sektariese skool genoem word nie. „Net so min as ek kerkskole voorstaan, net so min gaan ek sekteskole voorstaan. Die C.N.O.-skool is vir my 'n Afrikaanse skool met 'n Christelik-gereformeerde gees en rigting - vir sover dit die kinders van ons drie Afrikaanse Kerke betref."[1)]

Die Geref. Kerk het sy amptelike standpunt insake C.N.O. in 1949 uitgespreek - instemming sonder voorbehoud met die beleid van die I.C.N.O. Die Sinode bekragtig die beleid van die F.A.K. soos in die C.N.O.-pamflet uiteengesit en beveel aan dat die deputaatskap stappe moet doen om die C.N.O.-beleid te propageer. In besonder moet daar egter ondersteuning aan die I.C.N.O. toegesê word in verband met sy optrede insake godsdiensonderrig op normaalkolleges, middelbare en laerskole.[2)]

In 1948 het die landsregering oorgegaan in die hande van die Nasionale Party en het die bedreiging van die moedertaalskool ook op 'n end gekom. Omdat daar nie meer nood was vir die Afrikaanse taal op skool nie, het die geesdrif vir C.N.O. by die breër volkslae langsamerhand verflou. Vir die volgende sewe jaar is die I.C.N.O. van die F.A.K. nooit byeengeroep nie sodat daar geen sprake was van die praktiese uitvoering van die beleid nie.[3)]

Die drie Afrikaanse kerke het hulle nou veral toegespits op die verbetering van die godsdiensonderrig op die skole, universiteite en normaalkolleges.

Op 12 Okt. 1950 het 'n groep predikante en onderwysmanne van die Geref. Kerk in konferensie op Alberton byeengekom. Daar is gevoel dat die tyd gunstig is om met die gereformeerde standpunt na vore te kom en om staatsondersteunde skole te bepleit. Daar moes ook onmiddellik aandag geskenk word aan die posisie van godsdiens

op skool......./-333-

---

1) Die Hervormer, Des. 1949.
2) Handelinge van die Sinode van die Geref. Kerk, 1949 (Die Kerkblad), 18 Feb. 1949, 16.
3) P.W. Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1959, 289.

op skool, veral onderwysopleiding vir die vak en die samestelling van handboeke in samewerking met die ander kerke. Daar is besluit om aan die P.U. vir C.H.O. alle morele en finansiële steun te gee en die owerheid van die universiteit moet versoek word om 'n diploma-kursus in te stel vir onderwysers van laer- en middelbare skole om hulle te bekwaam vir Bybelonderrig op skole.[1)]

In dieselfde jaar (1950) is daar besluit dat die drie Afrikaanse kerke gesamentlik sou optree en is daar 'n memorandum aan die Administrateur en Uitvoerdende Komitee gestuur, waarin versoek word dat aan elke normaalkollege 'n voltydse lektor vir godsdiensonderwys benoem word. Die Gesamentlike Komitee was van oordeel dat dit nie genoeg is om net die metodiek van Bybelonderrig te doseer nie, maar dat die inhoud van die Bybel ook aan studente onderwys moes word. Studente wat die eksamen aflê in Bybelsegeskiedenis, moet daarvoor erkenning op hul sertifikate ontvang.[2)]

In 1953 het die Interkerklike Kommissie vir Godsdiensonderwys die Administrateur versoek om 'n onderhoud en aan hom 'n memorandum oor godsdiensonderrig gestuur.[3)] In die memorandum word die volgende versoeke gerig:

(i) Dat aan elke middelbare skool en skool met 'n middelbare afdeling vakonderwysers vir Godsdiensonderrig benoem sal word.

(ii) Dat Godsdiens (Bybel) 'n verpligte vak aan die middelbare skole en skole met middelbare afdelings sal wees met 'n deeglike eksamen aan die end van die jaar.

(iii) Dat daar meer tyd as die gebruiklike een of twee periodes per week aan hierdie vak bestee word.

(iv) Dat die inhoud van die godsdiensonderrig in laer- en middelbare skole die volgende sal behels:

(a) ........../-334-

---

1) Kerklike Konferensie i.s. die Onderwys te Alberton, 12 Okt. 1950. <u>Die Kerkblad</u>, 22 Des. 1950, 19.
2) <u>Handelinge van Sinode van die Geref. Kerk, 1952</u> (Die Kerblad,) 4 Julie 1952.
3) J.H. Bekker: <u>Godsdiens in die Onderwys van Blankes in Transvaal</u> tot 1953, 414.

(a) Bybelkennis.
(b) Die Tien Gebooie.
(c) Die Twaalf Artikels.
(d) Die Onse Vader.

Die volgende antwoord op die memorandum is ontvang: „Na aanleiding van die onderhoud wat U Kommissie met my gehad het op 6 Okt. 1953, het ek opdrag gegee aan die Transvaalse Onderwysdepartement om 'n omsendbrief aan skole uit te stuur, waarin skoolhoofde versoek word om alles in die werk te stel ten einde te verseker dat:
1. Godsdiensonderrig in alle opsigte tot sy reg kom en dat die leerlinge ook die nodige Bybelkennis kry.
2. Die vordering van leerlinge ten opsigte van Bybelkennis vir sover die leerplan-inhoud hom daartoe leen op een of ander wyse op skoolrapporte en - verslae aangetoon word.
3. Personeellede, wat die vak doeltreffend kan onderrig, aan elke skool benoem word.
4. Personeellede aangemoedig word om vakansie en ander kort kursusse in godsdiensonderrig, wat van tyd tot tyd gehou sal word, by te woon."[1])

Die Onderwysordonnansie van 1953 het dan ook veel meer tevredenheid gegee as die Smutswet van 1907. Die ou Wet het alle dogmatiese onderrig verbied, terwyl die nuwe Wet dit nie doen nie. Die deputaatskap vir C.N.O. van die Gereformeerde Kerk rapporteer dat hulle nie daarin kan slaag om die standpunt ten opsigte van godsdiensonderrig, soos vervat in art. 53 van die Onderwysordonnansie, gewysig te kry nie. „In die Transvaalse Departementele Omsendbrief van die eerste kwartaal van 1954 word daar egter 'n interpretasie van genoemde art. 53 gegee waarin nadruklik gestel word dat naas die gewone Bybelse Geskiedenis ook die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels en die Onse Vader behandel kan word. Hierdie stap stel ons in staat om Christelike godsdiensonderrig in die egte sin op skool te gee."[2])

In............/-335-

1) Rapport i.s. C.N.O. aan die Part. Sinodes van Suid en Noord Transvaal, Jan. 1954.

2) Handelinge van die 32ste Sinodale Verg. van die Geref. Kerk in S.A., 1955, 321.

In 1955 het die ongeorganiseerde gereformeerde maatskappy weer tot aksie oorgegaan deur die stigting van die „Afrikaanse Calvinistiese Beweging" (A.C.B.) met die doel om op hierdie terrein te doen wat kragtens die Calvinistiese beskouing daar tuishoort.[1] Die A.C.B. beoog i.v.m. Christelik-nasionale onderwys 'n staatsondersteunde skool i.p.v. die huidige stelsel van staatskole. En om dit te bereik: (a) Die aktivering van ouers d.m.v. ouerorganisasies, (b) voorligting aan die gemeenskap deur toespraak, boek, brosjure en pamflet, (c) oortuiging van landsowerheid dat hierdie stelsel voorkeur behoort te geniet, (d) plaaslike aksie in die gewenste rigting.[2]

Die organisasie het dan ook onmiddellik aan die werk gespring en reeds etlike byeenkomste oor C.N.O. gehou. Hierdie organisasie stel hom tans ten doen die stigting van ouerverenigings rondom die skool, sodat die eintlike verantwoordelike liggaam vir die skool hopelik mettertyd tot daadwerklike aksie vir C.N.O. kan oorgaan.[3]

Ook het die drie Afrikaanse kerke nie stil gesit nie maar beywer hulle nou om 'n „kategismus" vir die skool op te stel; terwyl daar ook gewerk word aan 'n nuwe leerplan vir die middelbare skool.[4] 'n Redaksie is in die lewe geroep om handboeke in godsdiensonderrig vir onderwysers, en leerboeke vir kinders op te stel. Die N.G. Kerk het hierdie saak na sy Raad van Kerke geneem om dit so van landsomvang te maak.[5] 'n Studiestuk oor die godsdiensonderrig, insluitende die leergange en leerboeke is deur prof. Bingle, aan wie hierdie saak deur die I.K.K. toevertrou is, in gereedheid gebring, met die doel om dit aan die Transvaalse Departement van Onderwys en ook aan die ander provinsies voor te lê.[6]

Die I.K.K. vir Onderwys en Opvoeding het intussen met die owerheid beraadslaag in verband met die wenslikheid van 'n Uniale onderwysbeleid.[7] wat gelei het

tot......./-336-

1) Die Kerkblad, 6 April 1955, 5.
2) Brosjure: Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, 4.
3) H.J.J. Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die Laer en Middelbare Onderwys, 222.
4) Handelinge van die 32ste Sinodale Verg. van die Geref. Kerk in S.A., 1955, 321.
5) Handelinge van die 33ste Sinodale Verg. van die Geref. Kerk in S.A., 1958, 394.
6) Handelinge van die 34ste Sin. Ver. van die Geref. Kerk, 1961, 465.
7) Ibid, 464.

tot die „Wet op die Uniale onderwys Adviesraad."[1]

Die A.C.B. het ook hier na vore gekom en 'n memorandum i.v.m. die wet aan die gekose komitee van die Volksraad vir oorweging voorgelê.[2] In hierdie memorandum wys die A.C.B. daarop „dat die weg wat in hierdie Wet voorgestel word die enigste weg is om die onderwys in die Republiek prinsipieël op die regte bane te stuur. Die ontwikkeling sedert Unie was nie daarop bereken om 'n eie, suiwer, eg Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en -beleid te ontwikkel nie. Die enigste weg was om oor die ontwikkelling van die afgelope halfeeu heen terug te gryp en nou daar te stel wat reeds deur talle ondersoekkommissies as die enigste redmiddel aan die hand gedoen is, naamlik 'n Uniale Onderwysadviesraad."[3] Die A.C.B. vind dat daar nou positief, en oor die gehele opvoedkundige front, aan die sedelike en godsdienstige opvoeding en rehabilitasie van die jeug gearbei kan word. In die afgelope halfeeu het die gebrekkige uitoefening van die ouerreg en die verwaarlosing van die ouerplig by die onderwys en opvoeding van die kind baie nadelig vir die onderwys gewerk. Die A.C.B. sien egter in hierdie Wet die eerste stap in die rigting om die ouer weer tot sy reg te laat kom en om sy plig te laat besef en aanvaar.[4]

(c) <u>Die handhawing van die gereformeerde beginsel in die voorgestelde „Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika" deur prof. dr. H.J.J. Bingle ondervoorsitter van die Nasionale Onderwysadviesraad.</u>

'n Geruime aantal jare al het daar geskrifte gekom uit die pen van prof. dr. H.J.J. Bingle, prof. in Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Oor sake rakende die onderwys en opvoeding is hy gedurig geraadpleeg en hy het waardevolle leiding gegee. Saam met prof. dr. J.Chr. Coetzee het hy gedurig gepleit vir die handhawing van die gereformeerde beginsel in die onderwys.

In......../-337-

---

1) <u>Wet No. 86 van 1962</u>. <u>Staatskoerant</u> no. 280, 29 Junie 1962.
2) Memorandum ter voorlegging aan die Gekose komitee van die Volksraad in verband met die <u>Wet op die Uniale</u> Onderwysadviesraad, 1961 (VW 57 - '61), soos die eerste keer gelees. A.C.B.-publikasie, 1 Junie 1961.
3) Ibid, 1.
4) Ibid, 1-2.

In 1962 is hy benoem as ondervoorsitter van die Nasionale Onderwysraad wat op 1 Januarie 1963 in werking getree het.

Prof. Bingle het gedurig gewys op die nadelige gevolge wat ontstaan het omdat daar geen landswye onderwysstelsel in Suid-Afrika bestaan nie. Hy wys daarop dat met die Republiekwording die tyd ook sonder twyfel aangebreek het om te kom tot 'n konsolidering op onderwysgebied, om dié Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika in die lewe te roep.

In 1962 het hy die agtergrond en inhoud van so 'n moontlike wet gegee. Indien sodanige onderwyswet op die wetboek geplaas word, behoort dit aan al die groepe sowel Afrikaans- as Engelssprekende, ten volle tevredenheid te gee en behoort dit die einde te wees van die eeue-lange stryd om die handhawing van die gereformeerde beginsel in die onderwys.

In die voorgestelde onderwyswet[1)] behandel prof. Bingle eers die basiese beginsels wat daarin moet geld. Punt (a) lui soos volg: „Die land se onderwysverlede moet as basis dien waarvandaan stelselmatig gebou word, d.w.s. daar mag nie 'n streep deur ons onderwysgeskiedenis getrek word nie. Aansluitende moet nie slegs by die bepaling van omstreeks 1910 gesoek word nie, maar selfs by die vorige eeu."

Dit is reg dat hierdie beginsel as uitgangspunt dien vir die daarstelling van 'n nuwe onderwyswet, want dit is absoluut noodsaaklik dat daar in die verlede en in die wesentlike van die volksidentiteit gesoek word. Dit is nie alleen die historiese verlede wat hier van belang is nie, maar ook al die faktore bv. die godsdienstige, sosiale, ekonomiese en geografiese wat meegewerk het om die volk sy eie karakter te gee. Hier faktore mag nooit verontagsaam word nie, maar moet dien as leidraad vir die toekoms, want, alhoewel daar altyd vernuwing kom,

mag........./-

---

1) H.J.J. Bingle: <u>Die Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika</u>.

mag vernuwing nooit basiese beginsels wysig nie, altans nie solank as wat die volk nie sy eie beginsels wil prysgee nie.[1)]

Punt (b) gaan oor die noodsaaklikheid van die instelling van 'n landswyse eenheidstelsel vir die onderwys. So 'n stelsel is nodig om aan die onderwys en opvoeding van die jeug 'n nasionale karakter te gee en is ook in 1962 bepleit deur Sy Ed. sen. dr. J. de Klerk, Hy het o.a. gesê: „Indien ons die twee blanke taalgroepe met onverdeelde trou en lojaliteit aan die Republiek van Suid-Afrika wil bind, en ons deur gesonde menseverhoudings vreedsame naasbestaan van blankes en nie-blankes wil verseker, met die Republiek as die brandpunt van 'n Christelike Westerse beskawing in Afrika, is dit nodig dat 'n nasionale onderwysbeleid vir blank en nie-blank daargestel word."[2)]

Punt (f) van die basiese beginsels lui: „Die wet en die stelsel moet die regte verhouding van die belanghebbende samelewingskringe by die skool bepaal en toepas. Dit gaan hier om die soewereiniteit in eie kring van die skool".

Hierdie punt is veral van belang omdat die gereformeerde beginsel aan elk van die samelewingsvorme 'n plek in die onderwys toeken. Die verhouding van hierdie samelewingsvorme tot die skool moet egter reg staan, want dan alleen kan ons beweer dat die gereformeerde beginsel in die skool toegepas word.

In par. 4 van die voorgestelde onderwyswet, wat handel oor die „Opvoedkundige Fundering van die Onderwyswet en -stelsel" word die kwessie van hoe hierdie verhouding in die skool gesien moet word, breedvoerig bespreek. (Kyk Bylaag 1).

Par. 4(a) handel oor die „vryheid" van die skool. Die skool is 'n eie entiteit wat optree in 'n eie kring, op 'n eie metode. Tog het die verskillende samelewingsvorme belang by die skool en van die verhouding van hierdie samelewingsvorme tot die skool sal dit afhang

of......./-339-

1) H.J.J. Bingle: C.N.O.- Referaat in Onderwysblad van 1 Julie 1962, 74.
2) Koers, deel XXIX, 221.

of die skool vry is of nie; word hy deur een van hierdie vier oorheers, is hy die slaaf van daardie samelewingsvorm. Die skool is na sy aard en wese die dienaar van alvier die samelewingsvorme en tog nie die slaaf van een van hulle nie. Die skool is dus vry, maar ook gebonde en eers wanneer hierdie verhouding reg staan, kan van 'n „vrye" skool gepraat word.

Par. 4(b) gaan oor die geïntegreerdheid van die samelewingsvorme in die skool. Drie van die vier samelewingsvorme, nl. die Staat, die gesin en die onderwysers het direkte belang by die skool, terwyl die Kerk alleen indirekte belang het deur middel van sy lidmate. Elkeen van die drie samelewingsvorme is by letterlik alles in die skool betrokke. Die spesifieke terrein van die Staat is die handhawing van die peil van die onderwys, dié van die gesin die bepaling van die gees en rigting van die skool, en dié van die onderwysers die bepaling van die metode van onderrig. Hierdie terreine kan egter nie as waterdigte kompartemente beskou word nie, want by elkeen is almal betrokke. Tog word daar finaliter 'n punt bereik waaroor slegs die betrokke instansies die laaste woord mag sê. Aldrie die samelewingsvorme het bv. belang by die gees en rigting van die onderwys. As die Staat hom egter daarvan vergewis het dat die voorgestelde gees en rigting nie vir hom gevaarlik is nie, en die onderwysers dat dit nie opvoedkundig onverantwoord is nie, gaan hulle nie oordeel oor die wesentlike van daardie gees en rigting nie, maar die <u>gesin</u> (ouers).

In par. 4(c) word die geïntegreerdheid in die sentrale en plaaslike beleid en beheer van die onderwys bespreek. Die geïntegreerdheid van die drie samelewingsvorme, nl. die Staat, die gesin en die onderwyskorps moet tot openbaring kom in die sentrale en plaaslike beleid en beheer van die onderwys. Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat die sentrale gesag in die hande van die Staat rus en die plaaslike beheer in die hande van die ouer of gesin nie. Hierdie siening laat geen plek vir die onderwyser nie en dit bring dus mee 'n horisontale verdeling van magte wat onvermydelik op

botsings...../-340-

botsings moet uitloop. Die integrasie moet oor die hele terrein van die skool geld. Volgens die voorgestelde onderwyswet en onderwysstelsel word die staat beliggaam in die Provinsiale Onderwysdepartement, die gesin in die Oueronderwysraad en die onderwysers in die Professionele Onderwysersraad. Hierdie drie liggame moet wat die sentrale beleid en beheer van die onderwys betref, as 'n geïntegreerde eenheid optree. In die plaaslike beleid en beheer word die integrasie van die drie samelewingsvorme beliggaam in die samestelling van die skoolrade en skoolkomitees.

Die Professionele Onderwysraad moet wetlike status hê. Om op die terrein van die sentrale beleid en beheer van die onderwys en die onderwysers tot hulle reg te laat kom, moet daar 'n statutêre raad namens hulle kan optree anders val hierdie groep by die onderwys op hierdie vlak weg (par. 4d).

Ook die ouers moet op die terrein van die sentrale beleid en beheer deur 'n wetlike liggaam, die Oueronderwysraad, verteenwoordig word (par. 4e).

Par. (4f) gaan oor groepvorming in die onderwys en lui soos volg: „Die besondere eie aard van die skool soos in die laaste alinea van paragraaf b gestel, kom prinsipieel daarop neer dat die basis van groepvorming in die onderwys verbind is aan die een belanghebbende samelewingsvorm, nl. die gesin, omdat dit ten seerste gemoeid is met die differensiërende lewensbeginsel. Hieruit vloei noodwendig die praktyk van groepvorming in die skool voort. In die bestaande onderwysstelsel word hierdie beginsel reeds toegepas daarin dat ons Afrikaansmedium- en Engelsmediumskole het. Hierin kom een van die twee groot beginsels van groepvorming tot sy reg, nl. die nasionale (wat veel meer insluit as het die taal; 'n Afrikaansmediumskool verskil nie van 'n Engelsmediumskool slegs in die taal wat as medium gebruik word nie). In die voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel kom ook die ander belangrike onderskeidende beginsel tot sy reg, nl. die godsdienstige.

In die praktyk kom die beginsel van groepvorming op die volgende neer:

(i) Enersdenkende groepe ouers sal die reg hê om te eis dat bepaalde skole moet voldoen aan hulle vereistes t.o.v. die lewens- en wêreldbeskouing wat daarin gehuldig word.

Ons sou dit ook kon stel soos die Onderwysordonnansie van Transvaal (1953) dit uitdruk aan die hand van die Engelse Onderwyswet van 1944: dat die kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed moet word.

(ii) Die Staat sal beperkte eise op groepvorming stel: Alleen wanneer 'n skool ekonomies en opvoedkundig 'n gesonde eenheid kan wees, kan die stigting daarvan toegestaan word.

(iii) In alle tipes skole moet die Staat, die gesin en die onderwyserskorps in dieselfde verhouding tot mekaar staan en privaatskole sal alleen dan subsidie ontvang as aan hierdie eis voldoen word. Dit sal onmiddellik die moontlikheid uitskakel dat sekere elemente in die maatskappy bo ander bevoordeel word."

In hierdie voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel word die gereformeerde beginsel in die onderwys ten volle gehandhaaf. Aan elke samelewingsvorm word sy regmatige plek toegeken in die oprigting, instandhouding en beheer van die skool asook by die bepaling van die gees en rigting daarvan.

3. <u>Samevatting</u>.

Die aanbevelings van die Nicol-kommissie het geen wesentlike verandering in die oprigting, instandhouding en beheer van die onderwys meegebring nie. Die skoolrade se voorgestelde funksie ondergaan geen verandering nie en die skoolkommissies of ouerrade kry dan ook geen groter seggenskap nie. Wat die Christelike onderwys betref, is dit die standpunt van die Kommissie dat daar geen spesifieke sektariese leer of dogma wat eie is aan 'n bepaalde godsdienstige sekte onderrig mag word nie.

Wat......../-342-

Wat die nasionale onderwys betref, beveel die Kommissie aan dat dubbelmediumskole opgerig moet word. Daar was dus in die aanbevelings van die Kommissie nie 'n handhawing van die gereformeerde beginsel in die onderwys nie, omdat die Staat die gees en rigting van die onderwys bepaal i.p.v. die ouer.

Die Taal-ordonnansie van 1945 het met sy bepaling van dubbelmediumonderwys heeltemal afgewyk van die nasionale beginsel in die onderwys. Weereens was dit die Staat wat die gees en rigting van die onderwys bepaal het.

Die Ordonnansie van 1949 wat enkelmediumskole verpligtend gemaak het, het wat die nasionale aspek betref, volle tevredenheid gegee. Al was daar egter nou nasionale onderwys, is die gereformeerde beginsel nog nie gehandhaaf nie omdat die ouer nie die gees en rigting bepaal het nie.

Alhoewel die onderwyswet van 1953 gepoog het om meer ouerregte toe te ken, was dit tog nog net ouerreg in naam omdat die ouers geen seggenskap gehad het oor die gees en rigting van die skool nie. Wat die Christelike onderwys betref, het dit meer tevredenheid gegee omdat dogmatiese onderrig nie verbied is nie, terwyl die regte van die moedertaal ook deur die wet beskerm is.

Prof. J.Chr. Coetzee het in 1930 in sy „Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek" die begrip van Vrye Groepskole geformuleer. Die uitgangspunt van die stelsel is dat die gereformeerde rigting hom nie kan versoen met die staatskole nie en dat die stryd gerig moet word op die algehele ombouing van die staatstelsel tot 'n stelsel van „Vrye Groepskole" d.w.s. staatsondersteunde skole.

Die drie Afrikaanse kerke het gedurende die tydperk besonder veel gedoen om die C.N.-beginsels in die onderwys te bestendig. Deur die I.K.K. is daar veral geveg vir enkelmediumskole en om die godsdiensonderrig op die skool te verbeter. Verskeie C.N.O.-kongresse is gehou

en in...../-343-

en in 1955 is die A.C.B. gestig met die doel om o.a. die Christelik-nasionale onderwys te bevorder.

In die voorgestelde „Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika" gee prof. Bingle die agtergrond en inhoud van 'n moontlike wet wat die gereformeerde beginsel daarin ten volle handhaaf. Dit behoort aan alle blanke groepe in die Republiek van Suid-Afrika volkome tevredenheid te gee en bied 'n oplossing vir die eeue-lange stryd om die ouerreg in die onderwys.

# HOOFSTUK X.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

Uit die voorafgaande studie kan ons die volgende samevatting en gevolgtrekking maak onder historiese, prinsipiële en praktiese toepassing van die gereformeerde beginsel in die onderwys, dié beginsel waarin opgesluit lê dit waarin die Afrikaner hom alleen by die eie waaruit op historiese en prinsipiële gronde alle vreemde elemente geweer is, kan neerlê.

1. Histories.

Gedurende die bewind van die H.O.I.K. was daar net een soort skool waaraan ons voorouers van gereformeerde huise gewoond geraak het, nl. die Gereformeerde Staatskool, 'n Staatskool onder toesig van die Kerk.

Hierdie skool aan die Kaap is nie volgens die gereformeerde beginsel gehanteer nie. Die gereformeerde staatstelsel van Nederland, waar die Christelike en die nasionale beginsels gehandhaaf is, is feitlik heelhuids oorgeplant na die Kaap. Daar was die nouste samewerking tussen Kerk en Staat waar die verantwoordelikheid van die onderwys en opvoeding op hierdie twee liggame gerus het - in 'n groot mate die Kerk as grootste draer t.o.v. die toesig oor die skool.

Met verloop van tyd het die aandeel van die Kerk kleiner geword en die ouerreg is verontagsaam. In die onoffisiële skole het die ouer egter die leiding geneem en is daar sodoende 'n tradisie in ons onderwys geskep wat ons met reg die begin van 'n eie gereformeerde benadering kon noem, alhoewel dit nie volledig die gereformeerde gedagte gedra het nie.

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu was daar 'n algemene gevoel teen die verengelste openbare skool en het ons voorouers liefs private skole en selfs geen skole nie verkies.

In die vroegste jare van die Trek het die onderwys

net......./-345-

net van die ouers uitgegaan en was daar nie plek vir die Staat nie. Die Staat het egter gou na vore getree en die verantwoordelikheid van die Kerk en ouer het weer minder geword. 'n Nuwe verskynsel in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek, was die liberale siening van Burgers ten opsigte van die godsdiensbeginsel.

Tussen die jare 1870 en 1880 het die gereformeerde bevolking hulle beywer vir die s.g. gemeenteskole wat suiwer kerkskole was. Tydens die anneksasieperiode was die staatskool heel onopsigtelik en neutraal t.o.v. die gereformeerde beginsel.

Na die Eerste Vryheidsoorlog het die Transvaalse gereformeerdes(gereformeerdes nie in kerklike sin nie) hulle ondersteuning aan superintendent S.J. du Toit gegee, eers vir Buurtskole onder toesig van die kerkraad, maar na 1887 vir die Christelike staatskool, soos in die tyd van die H.O.I.K. Superintendente Du Toit en Mansvelt was altwee manne wat deurknee was in die Christelik-nasionale beginsel, sodat die staatskool inderdaad 'n Christelike skool geword het. Die gereformeerde beginsel is grootliks in hulle onderwyswetgewings gehandhaaf, deurdat 'n plek toegeken is aan die ouer, Staat en Kerk m.b.t. oprigting, instandhouding en beheer en dat die onderwys Christelik en nasionaal was, maar dit is alles deur die Staat bepaal. Die ouer het dus geen seggenskap gehad nie, dus was daar geen gereformeerde beginsel in sy volle draagwydte nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog was die verowerde Republiek finansieel platgeslaan; dog die gees van die volk was nie vernietig nie. Die veroweraar het nou die skool as een van die middele aangewend om tot stand te bring wat sy leërs op die slagveld nie kon doen nie, nl. om die Transvaalse bevolking in alle opsigte te verengels. 'n Deur-en-deur Engelse skoolstelsel is in die lewe geroep wat geheel en al van die Christelik-nasionale beginsels waaraan die Boere gewoond was, afgewyk het. Die hele gereformeerde bevolking het hulle verenig in 'n aksie vir die stelsel van private C.N.O.-skole sonder enige staatsteun. Dit was geen kerkskole

nie........./-346-

nie, maar skole van die gereformeerde volksgemeenskap onder leiding van die kerke. Dit was Vrye Christelik-nasionale skole, vry van beheer en inmenging van die kant van die Engelse owerheid en Christelik-nasionaal in gees en strekking. Dit was 'n onderwys wat wou voortbou op die verlede, op die godsdiens, die taal, die geskiedenis en die kultuur van die Boerenasie.

Wat die maatskaplike betref het die C.N.O.-organisasie van die suiwere beginsel uitgegaan dat die skool die verantwoordelikheid van die ouer is. Daarom dat die C.N.O.-skole teen 1905 so geweldig uitgebrei het dat die owerheid gevrees het dat sy skole sou leegloop. Selfs toe die „Selborne-minute" belangrike toegewings in die onderwys maak maar tog nog die beginsel verontagsaam dat die skool aan die ouers behoort, en Hollands nie erken as die gelyke van Engels nie, is daar voortgegaan om C.N.O. deeglik te organiseer en is duidelik bepaal wat onder C.N.O. verstaan word, nl. onderwys ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte van die drie Hollandse Kerke en ooreenkomstig die godsdiens, taal en tradisies van ons volk; die volle gereformeerde beginsel dus in sy volle draagwydte.

In 1906 verkry Transvaal selfbestuur en in 1907 verskyn die Smutswet, wat die C.N.O.-skole vinnig tot niet gemaak het. Die volk het die nuwe onderwyswet in sy groot geheel aanvaar en die nuwe staatskole in goedertrou ondersteun, menende dat 'n eie volksleier wat 'n onderwyswet daarstel, prinsipiële beginsels nie sou versaak nie.

Na die in werkingtreding van die Smutswet tot omstreeks 1915, word daar sterk gepleit vir Vrye Christelike skole. Veral was dit 'n aksie op die Smutswet wat gefundeer was op die Sargant-wet van 1903 wat in wese vreemd was aan die Boerebevolking, veral ten opsigte van die verontagsaming van moedertaalonderwys, nie-dogmatiese godsdiensonderwys en die skynseggenskap van die ouers by benoeming van leerkragte. Die meeste van die C.N.O.-skole word dan ook in hierdie tydperk oorgeneem deur die Staat. Die Staat sou in die vervolg die

enigste draer wees van die onderwys. C.N.O. kon nie meer as 'n praktiese beleid toegepas word nie, maar dit hèt nou ideaal geword vir die toekoms. Tereg merk prof. J.Chr. Coetzee in sy „Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in Transvaal 1859-1937" op „.... die geskiedenis het geleer dat 'n Vrye Skool- laer en middelbaar - selfs met enige staatsteun nie in stand gehou kan word nie, m.i. omdat dit nie 'n juiste praktiese beleid is nie, want daar is 'n te groot ongelykheid tussen Vrye Skool en Staatskool - die een vra skoolgeld, en die ander is skoolgeldvry, die een se fondse-bronne is beperk, die ander se fondse is staatswyd."

Die Smutswet was tot 1953 - met van tyd tot tyd klein wysigings - die geldende wet op onderwysgebied. Hierdie wet het dus nie die grondreg van die ouer, nl. om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal, en om die onderwysers vir hul kinders aan te wys, aanvaar nie. Dit het ook nie die standpunt van die Afrikaanse volk betreffende hul taal en godsdiens aanvaar nie. Die Staat het die grootste aandeel gehad in die reëling van die onderwys, terwyl die regmatige plek van die ouer verontagsaam is.

Die Onderwysordonnansie van 1953 het gepoog om meer ouerregte toe te ken. Nogtans was dit net ouerregte in naam omdat die ouers hiervolgens geen seggenskap het oor die gees en rigting van die skool nie. Wat die Christelike en nasionale onderwys betref, verskaf dit meer tevredenheid omdat die Wet nie dogmatiese onderrig verbied nie en die regte van die moedertaal ook beskerm is.

Die gereformeerde beginsel is deur die jare vasgehou sodat daar met elke nuwe ordonnansie in die onderwys tog spore van die beginsel gesien kan word, hoe gering ook al. In die praktyk moes daar egter telkens tot ander toepassinge van die beginsel geraak word op grond van die feit dat hierdie en dan daardie pedagogiese aspek nie in berekening gebring is nie. So is dan in 1930 deur prof. dr. J.Chr. Coetzee na vore gekom met die eerste wetenskaplike formulering van die Afrikaanse Gereformeerde Christelik-Nasionale onderwysbeskouing, en in

sy werk „Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek" het die gereformeerde onderwysgedagte uitgegroei tot 'n stelsel, wat sedertdien bekend staan as die Vrye Groepskool - 'n stelsel wat deur die Gereformeerde Kerk, die F.A.K., die ander twee Afrikaanse Kerke en die A.C.B. as beleid aanvaar word. Ook op hierdie stelsel word 'n voorgestelde „Onderwyswet vir die Republiek van Suid-Afrika gebaseer, geformuleer in 1962, deur prof. dr. H.J.J. Bingle. 'n „Onderwyswet" wat die gereformeerde beginsel ten volle handhaaf in sy volle draagwydte

2. Prinsipieel.

(a) Die Grondslag van die Gereformeerde Beginsel.

Die grondslag van die gereformeerde beginsel is dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van sy kind. Uit hierdie beginsel wat die kern vorm van die hele onderwys- en opvoedingsprogram, is daar sekere afgeleide beginsels wat uitgeleef en gehandhaaf moet word.

(i) Opvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar.

Die ouer is verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy kind, gebind deur die leer van die Bybel en deur die doopbelofte. Die woord van God lê vir die gereformeerde die beginsel van die onderwys neer. Van hierdie plig kan die ouer nie wegkom nie en daarom moet hy sorg vir die oprigting, instandhouding en beheer van skole. Dit sluit in die eerste plek in die onderwys in die Christelike leer en lewe. Dit sluit egter ook in die algemene opvoeding, omdat die Bybel vir die mens toegesluit is as die kundighede van lees en skryf nie bemeester is nie. Die doopbelofte sluit hierby aan, want dit is die ouer se plig om die kind „in die leer te onderrig of te laat onderrig."

(ii) Die onderwys moet Christelik wees.

Die ouer is verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy kind en daarom moet hy sorg dat die onderwys Christelik is. Vir Christelike onderwys is nodig Christelike skole en Christelike onderwysers.

Dit is die taak van die ouer om te sorg vir hierdie Christelike skole met Christelike onderwysers en daarom behoort die aanstelling van die onderwysers grotendeels in die hande van die ouers te rus. Dit blyk ook uit die stryd om eie skole te hê en uit die gedurige bemoeiing met die toestand van godsdiensonderrig op die staatskole en die opleiding van Christelike onderwysers.

(iii) Die onderwys moet Nasionaal wees.

Omdat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van sy kind moet hy sorg dat die onderwys nasionaal is, m.a.w. dat die nasionale beginsel van liefde vir die eie, op die grondslag en binne die bestek van die Christelike beginsel, doeltreffend tot gelding kom in heel die inhoud van die onderwys en al die aktiwiteite van die skool. Dit is dus die plig van die ouer om te sorg dat nasionaal-gesinde onderwysers vir sy kind onderwys gee. Dit is sy plig om te sorg dat sy kind in sy moedertaal opgevoed word en die Afrikaanse ouer moet dus sorg dat daar Afrikaansmediumskole is vir die onderwys van sy kind.

(b) Die rol van die ouer, Staat, Kerk en onderwysers.

By alle aksie om die skool moet daar rekening gehou word met die ouer, die Kerk, die Staat en die onderwyskorps.

Die ouer is egter nie alleen verantwoordelik vir die onderwys en opvoeding van sy kind nie. Die kinders wat moet skool gaan, behoort aan die ouer en die Kerk en die Staat. Hulle is uit die ouer gebore; hulle is lidmate van die Kerk van die ouers; hulle is burgers van die Staat. Ouers, Kerk en Staat het belang en reg by die skoolopvoeding.

Die ouer het die reg en plig om te beslis oor die gees en rigting van die skoolopvoeding. Ouers is saam

met die staat verantwoordelik vir die oprigting instandhouding en beheer van die skool. Die verhouding van ouer, Kerk en Staat en onderwyskorps word dan soos volggesien.

Die ouer stig met goedkeuring en steun van die Staat en onder.toesig en leiding van die Kerk Christelike skole. Die ouer hou met staatsteun die gestigte skole in stand, terwyl die Kerk deur sy armsorg behoeftige ouers help. Die ouer beheersaam met die Staat die Christelike skole. Van die ouer se kant geskied die beheer deur ouerrade of skoolkomitees, wat te doen het veral met die bepaling van die gees en rigting van die skool en met die benoeming van onderwysers in die skool.

Die Staat het in die organisasie en beheer van die skoolwese belange en regte omdat hy moet toesien dat 'n behoorlike peil van volksopvoeding gehandhaaf word. Dit is dus die spesifieke terrein van die Staat om toe te sien dat die peil van die onderwys in die skole gehandhaaf word. Hierdie beheer doen die Staat deur middel van sy Departement van Onderwys en veral deur sy amptenare die inspekteurs van onderwys. Hy mag egter nie oor die gees en rigting van die onderwys beslis nie, solank dit volgens die maatstaf van die Wet van God nie staatskadend en staatsvernietigend is nie.

Die Kerk het geen direkte beheer oor die skool nie. Sy belang by die skool is egter net indirek deur middel van sy lidmate en dan net alleen by daardie skole waarby sy lidmate betrokke is. Dit oefen sy reg uit deur die bearbeiding van die ouers, belydende lidmate van die Kerk. Die Kerk as instituut val dus uit by die wesensbepaling van die skool. Dit is egter sy plig om volgens art 21 K.O. toe te sien dat ouers hulle kinders in die vrees van die Here laat opvoed en onderrig.

Die onderwyser ontvang sy reg en mag van onderwys en opvoeding vanweë die ouers. Hy tree dus as plaasvervanger van die ouer op en daarom moet hy die kinders volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer-ingemeenskap en in die nasionale verband opvoed. Hy moet

egter....../-351-

egter die reg behou om die metode van die onderwys te bepaal, m.a.w. hy moet selfstandig oor die inrigting van die leerplan, skooltug, onderwysmetode, ens., beslis.

3. Prakties.

(a) Die gereformeerde beginsel en die huidige Staatskool.

Die gereformeerde beginsel verwerp 'n stelsel van openbare staatskole net soos dit 'n stelsel van private ouerskole en 'n stelsel van sekulêre kerkskole verwerp.

Die geskiedenis het geleer dat die staatskool die ouer nie tot sy reg laat kom in die onderwys van sy kind nie. Daar is reeds gewys op die teenstrydigheid in die Onderwysordonnansie van 1953 wat bepaal het dat die kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed moet word en dus seggenskap in die beheer van die skool verkry, maar wat tog net adviserende magte aan hulle toeken.

Die gereformeerde beginsel eis dat die ouer die gees en rigting van die onderwys moet bepaal. In die staatskool word dit deur die Staat bepaal. In Suid-Afrika het ons 'n Christelike staat en is die onderwysordonnansies almal Christelik in gees en rigting, en laat hulle genoeg speling vir Christelik-dogmatiese onderwys, solank die dogma nie spesifiek is en net eie aan 'n bepaalde gesindte of sekte is nie. Ook is Christelike godsdiensonderrig verpligtend.

Ons kan dus seker nie beweer dat ons staatskole onchristelik is nie; nogtans besef ons dat alles in ons eeu al meer los van Gods Woord en Gebod ontwikkel. Ons skole is dus nog Christelik, maar met 'n sterk humanistiese inslag, wat tot uiting kom in rigtings soos die volgende: die evolusieleer, liberalisme, metodisme, modernisme, sportaanbidding, ens.[1] In die staatskole is daar duisende onderwysers wat van hierdie rigtings inslaan en

dit........./-352-

1) Handelinge v.d. 33ste Sin. Verg. v.d. Geref. Kerk, 399 (Rapport i.s. C.N.O.)

dit op die een of ander wyse in hulle lewensbeskouing opneem en die stempel noodwendig op die kind afdruk. Omdat hierdie liberale flank van onderwysers die soewereiniteit van God nie meer erken nie, bemoeilik dit natuurlik die toepassing van die Christelike beginsel op ons skole. Die Calvinistiese ouer kan dus, met alle erkenning vir die goeie elemente daarin, met die stelsel van staatskole geen vrede hê nie.

Waar die ouer egter nog verplig is om van die staatskool gebruik te maak, is dit ook sy plig om hom te beywer vir die behoud en versterking van wat Christelik gesond is en om enige ontwikkeling in liberale rigting te beveg. Daar is egter baie ouers wat belangeloos is ten opsigte van die onderwys van hulle kinders, eerstens omdat hulle die onderwys as staatsaak beskou en tweedens omdat hulle nie vir die onderwys betaal nie. Ook is die meeste ouers onkundig wat betref die invloed wat die skool op hulle kinders het. Daar heers ook 'n groot gebrek aan verantwoordelikheidsbesef soos op die ouer gelê deur die doopbelofte en die Bybel, sover dit die skoolopvoeding van hulle kinders raak.

Daar moet dus aan hierdie ouers gearbei word en hier speel die Kerk die belangrikste rol en is dit ook sy duidelike plig volgens art. 21 K.O. Waar die ouers onkundig is, sal die Kerk hulle moet leer dat hulle kinders nie alleen „onderwys" moet ontvang nie, maar dat die onderwys in bepaalde gees en rigting moet geskied, anders gaan die kinders verlore in sedelik-godsdienstige opsig. Hulle moet besef dat hulle nie mag stilsit nie, maar hulself moet beywer ten opsigte van die Christelike skoolopvoeding van hulle kinders.[1)]

Die Kerk kan verder toesien dat die onderwys op die staatskole 'n Christelike strekking behou deur by die owerheid aan te dring dat meer onderwysers Christelike opleiding ontvang, dat godsdiensonderrig sy regmatige plek op die rooster vind en dat die nodige handboeke

beskikbaar...../-353-

1) J.Chr. Coetzee: <u>Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal</u> 1859-1937, 70.

beskikbaar is.

(b) Die gereformeerde beginsel en die Staatsondersteunde skool of „Vrye Groepskool."

In die vorige hoofstuk is reeds aangetoon dat prof. J.Chr. Coetzee in 1930 gekom het tot 'n wetenskaplike formulering van die gereformeerde beginsel in die onderwys en dat hy die stigting van staatsondersteunde of „Vrye Groepskole" bepleit. Daar is ook aangetoon dat prof. H.J.J. Bingle voortgebou het op hierdie stelsel en in sy voorgestelde onderwyswet vir ons gewys het hoe hierdie stelsel van „Vrye Groepskole" prakties toegepas kan word. Ek wil nou kom tot die ontleding van die voorgestelde onderwyswet en aantoon of dit die gereformeerde beginsel tot sy reg laat kom of nie.

(i) Skoolopvoeding en onderwys is noodsaaklik en onmisbaar.

(1) Oprigting van skole.

Volgens die gereformeerde beginsel moet die skole opgerig word deur 'n gemeenskap van gelykgesinde ouers. Die Staat is egter mede-verantwoordelik vir die oprigting van die skole.

Alhoewel daar nie in die voorgestelde wet in soveel woorde gesê word dat dit die ouers in medewerking met die Staat is wat die skole moet oprig nie, kan ons dit tog so aanneem omdat dit 'n „Vrye Groepskool" of staatsondersteunde skool is wat soos volg deur proff. Coetzee en Bingle gedefinieer word: „'n Staatsondersteunde skool is 'n skool met 'n bepaalde gees en rigting neergelê deur die oorspronklike oprigter van die skool."[1]

In par. 4 van die voorgestelde wet word die aandeel van die Staat i.v.m. die oprigting soos volg verduidelik: „Die staat sal beperkte eise op groepvorming stel. Alleen wanneer 'n skool ekonomies en opvoedkundig 'n gesonde eenheid kan wees, kan die stigting daarvan toegestaan word."[2] Hier sien ons dus duidelik dat

die......../-354-

1) Handelinge van die 33ste Sin Verg. v.d. Geref. Kerk, 393.
2) Kyk Bylaag I, par. 4 f(ii).

die voorstel vir die oprigting van die skool oorspronklik nie van die Staat kom nie, maar wel van die ouers. Wat die oprigting van die skole betref, word die gereformeerde beginsel in die onderwys dus gehandhaaf.

(2) Instandhouding van skole.

Volgens gereformeerde beginsel is die Staat in 'n groot mate en die ouer in 'n klein mate verantwoordelik vir die instandhouding van die skool. Hierdie standpunt word vandag nie meer algemeen aanvaar nie, omdat die gereformeerde ouer hom daarmee versoen het dat die Staat vandag alleen verantwoordelik is vir die instandhouding van die skool. In die voorgestelde onderwyswet word daar nie melding gemaak van die instandhouding van die skool nie, maar ons kan aanneem dat die Staat hier alleen daarvoor verantwoordelik gehou word. Hier word dus nie afgewyk van die gereformeerde beginsel nie omdat albei hierdie standpunte vandag nog onder gereformeerdes gehuldig word.

(3) Beheer van skole.

By die beheer van skole het die gesin, Staat en onderwysers direkte belang volgens die gereformeerde beginsel.

In die voorgestelde onderwyswet kom die geïntegreerdheid van die drie samelewingsvorme in die skool tot openbaring in die sentrale en die plaaslike beleid en beheer van die onderwys.[1)]

In die sentrale beleid en beheer van die onderwys word die Staat beliggaam in die Onderwysdepartement,die ouers in die Oueronderwysraad en die onderwysers in die Professionele Onderwysraad. Hierdie drie liggame tree op as 'n geïntegreerde eenheid.

In die plaaslike beleid en beheer word die integrasie van die drie samelewingsvorme beliggaam in die samestelling van die skoolraad en die skoolkomitee wat soos volg beskryf word: „Die Skoolraad moet, om alle

belanghebbendes..../-355-

1) Kyk Bylaag I.

belanghebbendes by die skool tot hulle reg te laat kom en daardeur die eie aard en karakter van die skool te bevestig, saamgestel word uit die streekinspekteur, staatsouerverteenwoordigers en verteenwoordigers uit die onderwysberoep. Hierdie liggaam moet werklike magte besit."

„Die Skoolkommissie moet om dieselfde rede......... bestaan uit die skoolhoof, staatsverteenwoordigers, ouerverteenwoordigers en verteenwoordigers van die onderwysberoep. Hierdie liggaam moet werklike magte besit."[1)]

Wat die beheer oor die onderwys betref, word die gereformeerde beginsel in die onderwys dus volkome gehandhaaf.

(ii) Die gees en rigting van die skool.

Volgens gereformeerde beginsel moet die ouer die gees en rigting van die onderwys bepaal. Die Staat mag alleen ingryp indien die gees en rigting van die skool teen die bepalinge van die Staat werk en sy ondergang kan bewerkstellig. Die Kerk het ook hier 'n roeping en moet toesien dat daar skole is met 'n Christelike gees en rigting deur sy lidmate aan te spoor tot die stigting van sogenoemde skole.

In die voorgestelde Onderwyswet word hierdie beginsel baie duidelik gehandhaaf en soos volg omskryf: „Enersdenkende groepe ouers sal die reg hê om te eis dat bepaalde skole moet voldoen aan hulle vereistes t.o.v. die lewens- en wêreldbeskouing wat daarin gehuldig word. Ons sou dit ook kon stel soos die Onderwysordonnansie van Transvaal (1953)dit uitdruk aan die hand van die Engelse Onderwyswet van 1944 : dat die kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed word."[2)]

In die bestaande onderwysstelsel is daar alreeds 'n mate van groepvorming deurdat daar Afrikaansmedium- en Engelsmediumskole bestaan. In hierdie skole kom een van die twee beginsels van groepvorming tot sy reg, nl. die nasionale. In hierdie skole kan die ander groot

beginsel...../-356-

---

1) Kyk Bylaag I,par. 3 (e) (vii), (viii).
2) Kyk Bylaag I, par. 4f(i).

beginsel, die Christelike, nie tot sy reg kom nie, omdat daar verskillende groepe in een skool bymekaar is, bv. Calviniste, liberaliste, ongelowiges, ens. Indien die stelsel van „Vrye Groepskole" waar enersdenkende ouers die gees en rigting van die skool bepaal, toegepas word, sal ook hierdie beginsel tot sy reg kom.

In die voorgestelde „Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika" word die gereformeerde beginsel in die onderwys dus in al sy aspekte gehandhaaf.

4. Slotsom.

Die gereformeerde beginsel in die onderwys is nooit ten volle in die Transvaalse skole gehandhaaf nie, alhoewel daar gedurende sekere periodes betreklik naby aan die beginsel gekom is. Die regte verhouding tussen gesin, Staat, Kerk en onderwysers was nooit aanwesig nie en die skool was dus nooit „vry" nie. By tye het die Kerk die voortou geneem en op die terreine beweeg wat volgens die gereformeerde beginsel nie sy spesifieke terrein was nie. Andersyds het die Staat die leiding geneem terwyl die ouer se regte agterweë gebly het.

Daar is wel gedurig gestrewe daarna om die gereformeerde beginsel in die onderwys te handhaaf. Die drie Afrikaanse kerke, die beweging vir C.N.O., die F.A.K. en A.C.B. het o.a. hier die leidende aandeel gehad in die propagering van die beginsel.

Dit is my beskeie mening dat in 'n land soos die Republiek van Suid-Afrika, waar die Staat 'n reuse taak het om tevredenheid te verskaf aan al die bevolkinggroepe, die „Vrye Groepskool" die enigste oplossing blyk te wees. Deur hierdie stelsel sal aan die behoeftes van al die groepe voldoen word; Afrikaanssprekende en Engelssprekende, die gelowige en die liberalis.

Vir die Calvinistiese ouer wat jare daarna strewe om ware Christelike onderwys in die skole te hê, bied

die „Vrye Groepskool" die enigste oplossing. Soos in die verlede moet die drie Afrikaanse Kerke ook hier saamstaan en by die owerheid aandring op die daarstelling van hierdie skoolstelsel, want indien die gereformeerde beginsel waarna soveel jare in die onderwys gestrewe is, in 'n onderwyswet vasgelê word, lê daar vir ons volk 'n nuwe tydperk van rus en vrede en vooruitgang in die onderwys voor die deur. Dan sal die skool waarlik „vry" wees.

oooooooooooooOOOOOOooooooooooooo

# BYLAAG I.

## ONDERWYS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

deur H.J.J. BINGLE.

## 1. INLEIDING:

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet No. 32 van 1961) Artikel 84(1) lui: „Behoudens die bepaling van hierdie Wet, die Konsolidasie - en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945), en die toestemming van die Staatspresident soos hieronder bepaal, kan 'n provinsiale raad ordonnansies maak in verband met sake wat onder die volgende klasse onderwerpe ressorteer, naamlik - (c) onderwys, behalwe hoër onderwys en Bantoe-onderwys, totdat die Parlement anders bepaal."

In wese verskil hierdie reëling van die blanke-onderwys niks van die reëling neergelê deur die Suid-Afrikawet van 1909 nie. As gevolg van die feit dat in laasgenoemde wet nie bepaal is wat onder hoër onderwys verstaan word nie, het daar 'n haas onoorsienbare verwarring in die reëling van die onderwys ontstaan: anomalieë het ingesluip en eie ontwikkelinge het in allerlei koerse gegaan. Aan hierdie toestand verander die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika niks.

Die feitlike posisie is dat daar benewens die genoemde artikel in die Grondwet verskillende wette bestaan wat bepaalde aspekte van die onderwys reël, finansiële verhoudingswette wat op hierdie terrein opereer en dan die ordonnansies van die verskillende provinsiale rade. Die resultaat hiervan is dat daar geen landswye onderwysstelsel in ons land bestaan nie. Op die nadelige gevolge hiervan is daar in die afgelope vyftig jaar onophoudelik gewys sodat dit nie nodig is om nou weer daarop in te gaan nie. Met die republiekwording het die tyd ook sonder twyfel aangebreek om, soos die Britse volk in 1944, te kom tot 'n konsolidering op onderwysgebied, om dié Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika in die lewe te roep.

Ons gee dan nou agtereenvolgens die aandag aan wat daar van so 'n wet verwag word, hoe die stelsel daar behoort uit te sien, en watter opvoedkundige fundering vir wet en stelsel behoort te geld.

## 2. DIE ONDERWYSWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

In die Onderwyswet moet daar die volgende basiese beginsels geld:

(a) Die land se onderwysverlede moet as basis dien waarvandaan stelselmatig gebou word, d.w.s. daar mag nie 'n streep deur ons onderwysgeskiedenis getrek word nie. Aansluiting moet nie slegs by die bepaling van omstreeks 1910 gesoek word nie, maar selfs by die vorige eeu.

(b) Landswye eenheidstelsel vir die onderwys moet geskep word.

(c) In die stelsel moet alle stadia van onderwys opgeneem word: voorskoolse, primêre, sekondêre, tersiêre en volwassene-onderwys.

(d) Die verskillende stadia van die onderwys moet duidelik aan die verskillende owerhede toegesê word, met 'n duidelike onderskeiding tussen hoër onderwys aan die een kant en alle vorme van skoolse en voorskoolse onderwys aan die ander kant.

(e) 'n Duidelike landswye onderwysbeleid moet hierin neergelê word.

(f) Die wet en die stelsel moet die regte verhoudinge van die belanghebbende samelewingskringe by die skool bepaal en toepas. Dit gaan hier om die soewereiniteit in eie kring van die skool.

Samevattend kan gestel word dat die wet die land se onderwys moet konsolideer in 'n spesifiek Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel.

3.(A) Sien Bylaag.

3.(B) <u>FUNKSIONERING VAN DIE ONDERWYSSTELSEL</u>:

(a) <u>Die Minister van Onderwys</u>:

(i) Bepaal die landswye onderwysbeleid of -patroon of -politiek vir alle onderwys.

(ii) Beheer die uitvoering of toepassing van die breë onderwysbeleid.

(iii) Bepaal die spesifieke onderwysbeleid vir hoër en na-skoolse onderwys.

(iv) Beheer die hoër en na-skoolse onderwys.

(v) Funksies (i) en (ii) word beoefen deur middel van die Republikeinse Onderwysadviesraad.

(vi) Funksies (iii) en (iv) word uitgeoefen deur middel van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

(vii) Die Minister moet jaarliks 'n verslag van sy werksaamhede aan die Volksraad voorlê.

(b) Die......../-360-

(b) Die Republikeinse Onderwysadviesraad.

(i) Al die lede word deur die Minister benoem op grond van hulle kennis van die Opvoedkunde sowel as van die algemene en besondere onderwys en opvoeding in die Republiek van Suid-Afrika.

(ii) Hierdie Raad adviseer die Minister oor alle sake wat deur hom hierheen verwys word.

(iii) Die Raad is die kanaal waardeur die Minister beheer uitoefen oor die uitvoering van die algemene onderwysbeleid.

(iv) Alle gegewens van die verskillende Onderwysdepartemente, van die Professionele Onderwysraad, van die Ouer-onderwysraad en die Onderwysburo moet vir hierdie Raad toeganklik wees.

(v) Enige van die instansies in (iv) genoem, mag hierdie Raad nader vir advies oor enige onderwysaangeleentheid.

(vi) Hierdie Raad is die skakel met ander staatsdepartemente wat op een of ander wyse by die onderwys betrokke mag wees, bv. die departement van Arbeid, van Nywerheid, van Landbou, ens.

(vii) Hierdie Raad sal volle gebruik van die Onderwysburo hê.

(c) Die Onderwysburo:

(i) Dit koördineer alle navorsing op die gebied van die Opvoedkunde.

(ii) Dit onderneem self navorsing.

(iii) Dit vorm 'n klaringshuis vir alle opvoedkundige navorsing.

(iv) Dit word om organisatoriese redes ingeskakel onder die Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

(d) Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap:

(i) Alle hoër onderwys word deur hierdie Departement behartig.

(ii) Alle hoër onderwys word onder die Universiteite ingeskakel.

(iii) Onder hoër onderwys word verstaan: Akademiese, professionele, tegnologiese en naskoolse (of vir volwassenes) onderwys.

(iv) Elke universiteit opereer onder sy eie privaatwet binne die raamwerk van hierdie Onderwyswet en die Gemeenskaplike Universiteitswet.

(v) Hierdie Departement val direk onder die Minister wat desverkiesend van die Republikeinse Onderwysadviesraad in hierdie verband gebruik kan maak.

(e) Die Provinsiale Onderwysdepartemente:

(i) Hierdie Departemente bepaal elk sy eie onderwysbeleid en -beheer binne die raamwerk van die algemene onderwysbeleid en -beheer vir alle middelbare, laer, kleuter- en spesiale onderwys.

(ii) Onder middelbare onderwys word verstaan: akademiese, tegniese, handels-, landboukundige en huishoudkundige onderwys.

(iii) Onder laer onderwys word verstaan die primêre onderwys of eerste trap van verpligte onderwys.

(iv) Onder kleuteronderwys word verstaan voorskoolse onderwys.

(v) Onder spesiale onderwys word verstaan alle onderwys aan leerlinge wat afwyk van die normale: blindes, dowes, serebraalverlamdes, verwaarloosdes, delinkwente, ens.

(vi) Al hierdie skole moet steeds deur 'n sentrale en 'n plaaslike owerheid behartig word op so 'n wyse dat die skool soewereiniteit in eie kring verkry.

(vii) Die Skoolraad moet, om alle belanghebbendes by die skool tot hulle reg te laat kom en daardeur die eie aard en karakter van die skool te bevestig, saamgestel word uit die streeksinspekteur, staats-, ouer-verteenwoordigers en verteenwoordigers uit die onderwysberoep. Hierdie liggaam moet werklike magte besit.

(viii) Die Skoolkommissie moet om dieselfde rede as in (vii) gestel, bestaan uit die skoolhoof, staatsverteenwoordigers, ouerverteenwoordigers en verteenwoordigers van die onderwysberoep. Hierdie liggaam moet werklike magte besit.

(ix)....../-362-

(ix) Hierdie Departemente moet jaarliks onderwysverslae by die Minister van Onderwys indien.

(f) <u>Die Professionele Onderwyseraad</u>:

(i) Hierdie Raad is 'n wetlike liggaam wat die belange van die onderwyser of die professie beskerm.

(ii) Beskerming van die professie hou in dat hierdie Raad as verteenwoordiger van 'n wesentlike element van die onderwys in alle onderwyssake geken sal word.

(iii) Die Raad het twee Adjunkrade, een vir Afrikaanssprekende onderwysers en een vir Engelssprekende onderwysers wat elk opgehou is uit gebieds-, streeks- en provinsiale verenigings.

(iv) Die Professionele Onderwysraad mag nie oor beginsels van die Adjunkrade oordeel nie maar moet dit sonder kommentaar aanvaar en na die Minister verwys wat dit desverkiesend aan die Republikeinse Onderwysadviesraad kan voorlê.

(g) <u>Die Oueronderwysraad</u>:

(i) Hierdie Raad is 'n wetlike liggaam wat die belange van die ouer in die onderwys beskerm.

(ii) Beskerming van die belange van die ouer hou in dat hierdie Raad as verteenwoordiger van 'n wesentlike element van die onderwys in alle onderwyssake geken sal word.

(iii) Hierdie Raad het soveel Adjunkrade as wat daar groepe vorm, elkeen opgebou uit plaaslike, streeks- en provinsiale organisasies.

(iv) Beginsels deur Adjunkrade gestel, moet deur die Raad aanvaar word.

(v) Beginsels deur Adjunkrade gestel, moet deur die Owerheid aanvaar word met dien verstande dat hulle nie staatskadend of sedebederwend of onopvoedkundig of finansieel onberedderbaar is nie.

## 4. DIE OPVOEDKUNDIGE FUNDERING VAN DIE ONDERWYSWET EN -STELSEL:

In hierdie stadium moet daar duidelik onderkei word tussen hoër onderwys aan die een kant en al die ander vorme van skoolse en voorskoolse onderwys aan die ander kant. In die voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel is hoër onderwys opgeneem omdat dit 'n wesentlike deel vorm van die onderwyspatroon van die land; dit hoort dus daarby. In die bestaande stelsel - vir sover daar van soiets sprake is - is net voorgestel dat alle vorme van naskoolse onderwys by die universiteite geïnkorporeer word. In verband met die beheer- en regeerstelsel van die universiteite is geen verandering voorgestel nie omdat op hierdie gebied die ideale toestand van die integrasie van belanghebbende instansies in die Rade en Senate van die universiteite bestaan. By die inkorporasie van onderwysersopleiding by die universiteite is die posisie dan ook sommer reg gestel: elke groep kan sy onderwysers opgelei kry by daardie universiteit wat hy verkies.

In hierdie paragraaf beperk ons ons dus tot die posisie van die skool soos beliggaam in die voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel.

a. Die „vryheid" van die skool: Die skool lê op die terrein van die maatskappy, en in die moderne samelewing beklee dit kragtens sy aard en funksie 'n heel besondere plek. Dit is 'n eie entiteit wat optree in 'n eie kring, op 'n eie terrein en volgens 'n eie metode. En tog het verskillende samelewingsvorme belang by die skool, t.w. die staat, die gesim, die kerk en die onderwyserskorps. Van die verhouding van hierdie samelewingsvorme tot die skool sal dit afhang of die skool vry is of nie; word hy deur een van hierdie vier oorheers, is hy die slaaf van daardie samelewingsvorm. Die skool staan tussen hulle, maar as eiesoortige en vrye instelling: hy is na sy aard en wese die dienaar van al vier die samelewingsvorme en tog nie die slaaf van een van hulle nie. Die skool is dus vry maar ook gebonde. Eers wanneer hierdie verhouding reg staan, kan van 'n „vry" skool gepraat word. Die vraag is dan hoe hierdie verhouding in die vrye skool gesien moet word.

b. Geïntegreerdheid van die samelewingsvorme in die skool: Drie van die vier samelewingsvorme, nl. die staat, die gesin en die onderwysers het direkte belang by die skool, terwyl die kerk alleen indirekte belang het deur middel van sy lidmate (volwasse en onvolwasse) en dan nog alleen by daardie skole waarby sy lidmate (volwasse en onvolwasse) betrokke is. In die wesensbepaling van die skool val die kerk as instituut dus uit.

Die staat, die gesin en die onderwyserskorps vorm in die skool 'n nuwe eenheid waarvan die wese nie beskou kan word as die somtotaal van die wesenstrekke van die staat, die gesin en die onderwysers nie omdat

elkeen van daardie samelewingsvorme nog ander hoedanighede en funksies ook besit wat met die skool as sodanig niks te maak het nie. Aan die ander kant is dit ewe duidelik dat hierdie nuwe eenheid geen hoedanighede of beginsels in hom kan hê wat bots met die van die staat of die gesin of die onderwyserskorps nie. In die skool kom die drie saam in 'n nuwe samelewingsvorm met sy eie aard en wese wat in al drie saam gefundeer is.

Elkeen van die drie samelewingsvorme is dus by letterlik alles in die skool betrokke. Hierdie geïntegreerdheid in die skool kan die beste by wyse van 'n voorbeeld aangedui word. Kragtens die wese van elk van die drie belanghebbende samelewingsvorme is die spesifieke terrein van die staat die handhawing van die peil van die onderwys, die van die gesin die bepaling van die gees en rigting van die skool, en die van die onderwysers die bepaling van die metode van onderrig. Hierdie terreine kan egter nie as waterdigte kompartemente beskou word nie. By elkeen is almal op besondere wyse betrokke: as die staat 'n bepaalde inhoud voorskryf vir die peil van die onderwys, het die gesin alle belang daarby om vas te stel of dit nie bots met sy lewens- en wêreldbeskouing nie, en die onderwysers om vas te stel of dit nie in stryd met die opvoedkundige beginsels is nie; as die gesin 'n bepaalde gees in die skool wil indra, is dit vir die staat van lewensbelang om te bepaal of dit nie staatsgevaarlik of sedebederwend is nie, en die onderwysers of dit nie bots met die opvoedkundige beginsels nie; as die onderwysers 'n bepaalde metode van onderrig wil toepas, is dit vir die staat noodsaaklik om vas te stel of dit nie die peil van die onderwys in die gedrang bring nie, en vir die gesin om vas te stel of sy lewens- en wêreldbeskouing nie daardeur geskaad kan word nie.

En tog lê daar in die wese van die skool 'n heel besondere trek opgesluit wat in 'n sekere sin die integrasie van die drie samelewingsvorme in gedrang bring. Alhoewel ons gestel het dat al drie die samelewingsvorme by alle terreine van die skool betrokke is, word daar tog in elke geval in die vorige paragraaf genoem finalitêr 'n punt bereik waaroor slegs die betrokke instansie die laaste woord mag sê. Laat ons weer aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik: Al drie die samelewingsvorme in hulle nuwe verbondenheid in die skool as samelewingsvorm het bv. belang by die gees en rigting van die onderwys. As die staat hom daarvan vergewis het dat die voorgestelde gees en rigting nie vir hom gevaarlik is nie en die onderwysers dat dit nie opvoedkundig onverantwoord is nie, gaan hulle nie oordeel oor die wesentlike van daardie gees en rigting nie maar die gesin; as die gesin en die onderwysers hulle daarvan vergewis het dat die inhoud van die onderwys in hulle behoeftes voorsien, laat hulle dit aan die staat oor om die inhoud finaal deur te voer; as die staat en die gesin genoeë neem met die metode wat die onderwysers wil toepas, laat hulle die besonderhede en die toepassing daarvan aan die onderwysers oor. Op die

betekenis hiervan kom ons in paragraaf (f) hieronder terug.

c. Geïntegreerdheid in sentrale en plaaslike beleid en beheer van die onderwys: Die geïntegreerdheid van die staat, die gesin en die onderwyskorps in die skool moet tot openbaring kom in die sentrale en die plaaslike beleid en beheer van die onderwys. Dit is 'n valse opvatting as sou die sentrale gesag in die hande van die staat moet setel en die plaaslike in die van die gesin. Afgesien van die feit dat hierin vir die onderwyser geen plek ingeruim is nie, word daardeur 'n ongeregverdigde horisontale verdeling in die onderwys op kunsmatige wyse ingevoer. Dit versteur juis die bepleite integrasie en bring 'n verdeling van magte mee wat onvermydelik op botsings moet uitloop. Die integrasie moet oor die hele terrein van die skool geld.

(i) Sentrale beleid en beheer: In die sentrale beleid en beheer van die onderwys word, volgens die voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel, die staat beliggaam in die Onderwysdepartement (hier van die provinsie), die gesin in die Oueronderwysraad en die Onderwysers in die Professionele Onderwysersraad. Hierdie drie liggame moet wat die sentrale beleid en beheer van die onderwys betref as 'n geïntegreerde eenheid optree.

(ii) Plaaslike beleid en beheer: Hier word die integrasie van die drie samelewingsvorme beliggaam in die samestelling van die skoolraad en die skoolkommissie.

d. Die Professionele Onderwysersraad: Hierdie liggaam moet wetlike status hê. Om op die terrein van die sentrale beleid en beheer van die onderwys die onderwysers tot hulle reg te laat kom, moet daar 'n statutêre raad namens hulle kan optree anders val hierdie belanghebbende groep by die onderwys op hierdie vlak weg.

e. Die Oueronderwysraad: Op die terrein van die sentrale beleid en beheer moet die gesin deur 'n wetlike liggaam verteenwoordig word anders val hierdie belanghebbende groep by die onderwys op hierdie terrein weg.

f. Groepvorming in die onderwys: Die besondere eie aard van die skool soos in die laaste alinea van paragraaf b hierbo gestel, kom prinsipieel daarop neer dat die basis van groepvorming in die onderwys verbind is aan die een belanghebbende samelewingsvorm, nl. die gesin, omdat dit ten seerste gemoeid is met die differensiërende lewensbeginsels. Hieruit vloei noodwendig die praktyk van groepvorming in die skool voort. In die bestaande onderwysstelsel word hierdie beginsel reeds toegepas daarin dat ons Afrikaansmedium- en Engelsmediumskole het. Hierin kom een van die twee groot beginsels van groepvorming tot sy reg, nl. die nasionale (wat veel meer insluit as net die taal; 'n Afrikaansmediumskool verskil nie van 'n Engelsmediumskool slegs in die taal wat as medium ge-

bruik word nie). In die voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel kom ook die ander belangrike onderskeidende beginsel tot sy reg, nl. die godsdienstige.

In die praktyk kom die beginsel van groepvorming op die volgende neer:

(i) Enersdenkende groepe ouers sal die reg hê om te eis dat bepaalde skole moet voldoen aan hulle vereistes t.o.v. die lewens- en wêreldbeskouing wat daarin gehuldig word. Ons sou dit ook kon stel soos die Onderwysordonnansie van Transvaal (1953) dit uitdruk aan die hand van die Engelse Onderwyswet van 1944: dat die kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed moet word.

(ii) Die staat sal beperkende eise op groepvorming stel: Alleen wanneer 'n skool ekonomies en opvoedkundig 'n gesonde eenheid kan wees, kan die stigting daarvan toegestaan word.

(iii) In alle tipes skole moet die staat, die gesin en die onderwyserskorps in dieselfde verhouding tot mekaar staan en privaatskole sal alleen dan subsidie ontvang as aan hierdie eis voldoen word. Dit sal onmiddellik die moontlikheid uitskakel dat sekere elemente in die maatskappy bo ander bevoordeel word.


5. <u>SLOTOPMERKING</u>:

Die voorgestelde Onderwyswet en Onderwysstelsel is o.i. gewortel in die onderwysgeskiedenis en opvoedkundige denke van die Republiek van Suid-Afrika. Daarom is ons oortuig daarvan dat hierdie wet en stelsel alle hoop het om rus en vrede en goeie gang in die onderwys in ons land te bring. Wesentlik voorsien dit in die behoeftes van Afrikaanssprekende en Engelssprekende, van ortodokse gelowige en liberalis, selfs van die ongeloof. En tog word 'n eenheidsgedagte en -beleid in diens van die Republiek van Suid-Afrika as geheel daardeur uitnemend gedien.

FEBR. 1962.

BIBLIOGRAFIE...../-367-

# 3.A. ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.



# BIBLIOGRAFIE.


## I. ARGIVALE BRONNE.

### 1. KAAPSTAD.

#### a. Ongepubliseerd.

Bylaes tot die Resolusies, Politieke Raad, 1716-1795, C. - Bande.

Colonial Office (C.O.-bande) 7, 25, 60, 91, 390, 537, 632, 706, 1305, 1470, 1501.

Contracten 1692-1694, C.J.-Bande 1121, 1123, 1124.

Inkomende Briewe, Politieke Raad, 1649-1795, C. 409-415.

Instruksies gelaat deur Van Imhoff, 1743, C. 710-711.

Instruksies van H.A. van Rheede aan Simon v.d. Stel, 1685, C. 708.

Memoriën en Instructiën, 1657-1795, C. 700-707.

Notule van De Mist, 1803-1804, B.R. 110-111.

Resolutiën, Politieke Raad 1652-1795, C. 1-112.

Resolutiën, Politieke Raad, B.R. 1-100 en 116, 117, 119, 135.

Resolutien der Districts Publicque School Commissie, S. 10/39, S. 22/168, S. 22/169, S. 22/170, S. 22/177, S. 22/179, S. 22/183, S. 22/184, S. 22/189.

Uitgaande briewe, Politieke Raad 1652-1695, C. 494-505.

Worcester, W. 19/122.

#### b. Gepubliseerd.

De Mist, J.A.: Memorie over de Kaap. Van Riebeeck Vereeniging Kaapstad, 1920.

Dreyer, A.: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, deel III. Kaapstad 1936.

Jeffreys, M.K.: Kaapse Archiefstukke, 1778-1782, deel I-V, Kaapstad 1926-1931.

: Kaapse Plakkaatboek, 1652-1806, deel I-VI, Kaapstad, 1944-1951.

Leibrandt, H.C.V.: Extracts Relating to Education, 1663-1877. (Handgeskryf)


Spoelstra, C...../-368-

Spoelstra, C.: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, deel I en II. Amsterdam, 1906, 1907.

Theal, G. MacCall: Belangrijke Historiese Dokumenten over Zuid-Afrika, deel III. Kaapstad, 1911.

: Records of the Cape Colony, 1793-1831. William Clowes en Seuns, London, 1898-1905.

Van Riebeeck, J. :Dagverhaal van Jan van Riebeeck, Commandeur aan de Kaap de Goede Hoop, deel I-III. Utrecht 1884, s'Gravenhage 1892-1893.

c. Onderwysrapporte.

G. 24 van 1863: Report of a Commission to enquire into and report upon the Government Educational System of the Cape Colony 1863 - Watermeyer Commission.

2. PIETERMARITZBURG.

a. Ongepubliseerd.

C.O. 6, 12, 16, 24, 25, 41, 55, 78, 117.
Cloete, Hon. H.: Correspondence, 1842-1846, II/1.
G.H., 51, 94, 271.
Minutes of Council of Education, Book 1 & 11, 1878-1895. N.G.N. (Natal Govt. Notice) 1848-1849, 1853, 1858, 1859, 1861, 1889.
N.P.P.(Legislative Council, Documents Presented), 1866-1888; No. 98-118.

b. Onderwysrapporte.

Education Department Miscellaneous Papers and Reports 1858-1895.
Education Department Miscellaneous Papers and Reports 1904-1910.

3. TRANSVAAL.

a. Ongepubliseerde bronne.

B.B. Brieweboeke, 1878-1898.
E.V.R. Eerste Volksraad, Notule en Inkomende Stukke, 1849-1899.
E.V.R. Besluite, 1852-1899.

Geheime Stukke - Superintendent van Onderwys, Nrs. 38 en 46/98, 1891-1899.
Konfidensiële Briewe-Kopieboek 695: 1893-1896.
L.A. Leyds-argief, Versameling Nr. 250: Algemene Versameling Korrespondensie 1884-1890.
O.D. Bande: Correspondentie Registers, ens. 1866, 1867, 1869, 1870, 1873 - 1898.
O.R. Stukke, 9623/96, 260/98, 1150/98, 1458/98, 6023/98, 19720/98, 96/99, 1920/99.
R. Stukke en V.R. Notule van die Volksraad. 2786/59, 3844/60, 3381/81, 3578/81, 3994/81, 4875/82, 6086/82, 6241/82, 5296/86, 493/88, 1681/91, 3061/92, 12324/92, 2666/96, 5161/99, 5461/99, 8249/99.
S.S. Staatsekretaris, Inkomende Stukke, 1858-1899.
U.R. Uitvoerende Raad, Notule en besluite, 1858-1899.

b. Gepubliseerd.

De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899.
De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het Onderwijs Uitgave van het Algemeen Nederlandsch Verbond. Wereldtentoonstelling, Parijs, 1900.
Inspeksierapporte opgeneem in die Superintendentsverslae en ook afsonderlik uitgegee (1892-1898).
J. Vacy Lyle: Transvaal Government Gazette No. 95, 7/1/79.
Lord Selborne: Opmerkingen Zyn Excellentie den Gouverneur omtrent Onderwijs, A.C. 968, Staatsbiblioteek. de Z.A.R.
Pretorius, H.S. en Kruger, D.W.: Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849; Staatsdrukker, Pretoria, 1937.
Report on the Condition of Education in the Transvaal, 16/11/78.
Report of the Superintendent of Education. 1880 - H.S. Bosman.
Staats Courant van de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1859-1899. Gouvernements Courant 1877-1881.

Staatssecretaris: Staats-Almanak der Z.A.R., 1894, 1896, 1898.
Superintendent van Onderwys, Z.A.R.: Jaarverslae 1878-1898, opgeneem in die Staats Courant en afsonderlik uitgegee.
Superintendent van Onderwys: De Schoolgids (1892-1895 en 1898) ten behoeve van Schoolbesturen en Onderwyzers in de Z.A.R. (asook Supplement - Schoolgids, 1895)
Transvaal Goverмement Gazette No. 178, 20/4/80.
Toespraken gehouden bij gelegenheid van de plechtige inzwering van Z. HEd. S.J.P. Kruger als Staatspresident der Z.A. Republiek, 12/5/98.
Verslagen van den Staat **van** Het Gesubsidiëerd Onderwijs der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1882-1899.
Verrichtingen van het Onderwys-Congres te Germiston 29 en 30 Maart 1899. Volkstem Drukkery, Pretoria, 1899.

i. <u>Kroonkolonie en Transvaal Prcvinsie Publikasies</u>.

De Transvaal Wetgewende Vergadering, Debatten, Eerste sitting, Eerste Parlement 1907.
Debates Legislative Council of the Transvaal 1903-1904; 1904-1907.
Onderwyswetten van 1907, 1908, 1909 en de Ordonnanties van 1911 en 1912 met Herziene Regulaties, Regelingen en Voorschriften.
Onderwyswette - Publikasies van 1924 en 1929.
Handboeke.
Onderwyskommissie-verslag T.P. 1 - 1920. Staatsdrukkers, Pretoria.
Onderwyskommissie-verslag T.P. No.5-1939. Staatsdrukkers, Pretoria.
Onderwysordonnansie No. 29 van 1953. Staatsdrukkers, Pretoria.
Report of the Director of Education for the period November 1900 to February 1904. - E.B. Sargant.
Report of the Religious Instruction in Schools Commission together with Minority Reports, Minutes

of Evidence and Appendices, 1904-1905.
Transvaalse Onderwysdepartement: Direkteursverslae 1907-1960.
Transvaalse Onderwysdepartement: Wenke in verband met Taalonderrig Staatsdrukker, Pretoria, 1946.
Transvaalse Onderwysdepartement: Algemene Omsendbriewe 1910-1963.
Transvaalse Onderwysdepartement: Departementele Omsendbriewe 1910-1963.
Verbatim-Verslag van die Debatte oor die Ontwerp-Onderwysordonnansie, Vierde Sessie, 1952.

ii. <u>Kroonkolonie (Pretoria Argief)</u>

Correspondence Colonial Secretary, 801/01, 3172/01, 70/1826/02, 77/2842/02, 7688/03, 6564/03, 14998/02, 94/1115/05, 94/1125/05.
Government Gazette.
Lt. G. 129:114/Gen., 132:114/8, 132:114/98, 137-120/6 (Verslag van Kommissie van Onderwys en Opvoeding, 8 Mei 1903.
Milner Papers, 11. 279 (Milner aan Chamberlain, 29.9.02).
Prime Ministers Office: Confidencial Correspondence 1907-1910, T.K. 58.
Transvaalse Blouboeke, T.K. 95, T.K. 41, T.K. 171, T.K. 175, T.K. 185, T.K. 185a, T.K. 192, T.K. 195, T.K. 196.
United Kingdom Blue Books, C.D.-series, 549, 819, 903, 936, 5445, 893, 547, 3028.

II. <u>BOEKE</u>.

Aucamp, A.J.: <u>Bilingual Education and Nationalism with special reference to South Africa</u>. J.L. van Schaik, Pretoria, 1926.

A.S.B.: <u>Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners 1875-1925</u>. Potchefstroom, 1926.

Balfour, G: <u>The Educational Systems of Great Britain and Ireland</u>. The Clarendon Press, Oxford, 1898.

Bavinck, H.: Paedagogische Beginselen Kok Kampen, 1904.

Bingle, H.J.J.: Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika. Brosjure, Potchefstroom, 1963.

: C.N.O. Onderwysblad, 1 Julie 1962.

Bot, A.K.: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951. Staatsdrukker, Pretoria, 1951.

: Histories Overzicht van de Opleiding van Onderwyzers in Zuid Afrika De Unie, 1919.

: J.A. de Mist en Zyn Onderwyswet Het Kristelik Schoolblad, Okt. 1917.

Bouwman, H.: Gereformeerde Kerkrecht. 2 dele, Kok, Kampen, 1928.

Cachet, J.L.: Niet om te Twisten maar om des gewetens wil. Het Westen, Potchefstroom, 1907.

Coetzee, J. Chr. en ander: Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956. J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1958.

Coetzee, J. Chr.: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1939.

: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1943.

: Onderwys in Transvaal 1838-1937. J.L. van Schaik, Pretoria, 1941.

: Ds. S.J. du Toit en die Onderwys. Patriotvereniging, Johannesburg, 1946.

: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. J.L. van Schaik, Pretoria, 1930.

Coetzee, J.V. en
Coetzee, J. Chr.: Die Potchefstroomse Gereformeerde Gemeente en die Onderwys 1863-1938. Die Westelike Stem, Potchefstroom, 1938.

Cilliers, D.H.: Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool (1652-1939). Balkema, Kaapstad, 1953.

De Planque P.A....../-373-

De Planque, P.A.: Valcoochs Regel der Duijtche Schoolmeesters. Bydrage tot de kennis van het schoolwezen in de 16de eeuw. Groningen, 1926.

De Hovere, Fr.: German and English Education. Constable & Co., London, 1917.

: Het Organisch verband tusschen levensbeschoueing en opvoeding: Verslag der 3de Paedagogisch week (1925).

Du Toit, J.D.: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk. Drukpers Maatskappy, Paarl, 1917.

: Christelyk Onderwys met of Zonder Dogma. Vereeniging van Christelyk Bepalingen, Pretoria, 1908.

Du Toit, S.J.: De Christelyke School in Hare Verhouding tot Kerk en Staat. P.J. Malherbe, Paarl 1876.

: De Huiskerk. De Paarl, 1893.

: Program van Beginselen van de Nationale Partij. D.F. du Toit & Co., Paarl, 1882.

Du Toit, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795. Juta en Kie, Kaapstad, 1937.

: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806. J.L. van Schaik, Pretoria, 1944.

: Onderwys in Kaapland. J.L. van Schaik, Pretoria, 1951.

Eybers, E.: Hoofstukke uit die Geskiedenis van Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Bloemfontein, 1926, 1927.

Encyclopaedia Brittanica, Vol. 20. University of Chicago, U.S.A., 1946.

Francken, J.L.M.: Huisonderwys aan die Kaap (1692-1732). Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jaargang XII, Reeks B, Afl. 1 (Julie 1934) Nasionale Pers Bpk., Kaapstad.

Fouche, Leo.: Onze Eerste Scholen. De Unie, 6e Jaargang, No.1, Julie 1910.

Gedenkboek: Uitgeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A.). J.L. van Schaik, Pretoria, 1918.

Greyling, E.: Godsdiensonderwys in die Skool. Sondagskool Depot, Bloemfontein, 1946.

: Christelike en Nasionale Onderwys, deel 1 en 2. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1941.

Hoge, J.: Privaat Skoolmeesters aan die Kaap in die 18de Eeu. Annale van die Universiteit van Stellenbosch,Jaargang XII, Reeks B, Afl. 1 (Julie 1934) Nasionale Pers Bpk., Kaapstad.

Instituut vir C.N.O.: Christelik-Nasionale Onderwysbeleid. Johannesburg, 1948.

Jansen, Joh.: Korte verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1962.

Kamp, J.: De School hoort aan de Ouders. Het Westen, Potchefstroom, 1912.

: De Vrye School met Gouvernementssubsidie voor heel Zuid-Afrika. Het eenig Redmiddel. Höveker en Wormser, Pretoria.

Keyter, J. de W.: Dringende Vraagstukke in ons Opvoeding en Onderwys. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1942.

: Die Opvoeding en Opvoedingstrewe van die Afrikaner (Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner Dl.11) Nasionale Pers, Kaapstad, 1945.

Kuiper, J.: Geskiedenis van het Christelijke Lager Onderwijs in Nederland (16 N.Chr.-1904). H.A. van Bottenburg, Amsterdan, 1904.

Kuyper, A.: Ons Program. Höveker en Wormser, Hilversum, 1907.

Koers in die Krisis, deel I. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1935.

Langedijk, D.: De Geschiedenis van het Protestants-Christelik Onderwijs. Uitgeverij van Keulen, Delft, 1953.

Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van Transvaal. Albert De Lange, Amsterdam, 1906.

Lubbe, J.J.: Lewensomstandighede en Opvoeding van die Voortrekkerkind no. XXI. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1942.

Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900. J.L. van Schaik, Pretoria, 1925.

Lugtenburg, A.H. (en ander); Wonderdade van God. Jubileum-Gedenkboek van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in S.A. 1842-1942, Eeufeeskommissie, 1942.

Malherbe, E.G.: Education in South Africa (1652-1922). Juta en Co., Cape Town, 1925.

Mansvelt, N.: Het Onderwijs in Zuid Afrika, vooral met betrekking tot de Nederlandsche Taal. J.H. de Bussy, Amsterdam, 1902.

McKerron, M.E.: History of Education in South Africa 1652-1932. J.L. van Schaik, Pretoria, 1934.

Meyer, P.J.: Moedertaal en Tweetaligheid. Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1945.

Nel, B.F.: Die Stryd om Enkel- en Parallelmediumskole. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1943.

Pells, E.G.: 300 Years of Education in South Africa. Juta & Co., Cape Town, (s.j.)

Postma, F.: Zuid-Afrikaanse Geskiedenis op onze Schole. Lesing gehou te Potchefstroom 31 Julie 1908, Het Westendrukkery, Potchefstroom.

Postma, W.: Referaat oor C.N.O. op Onderwys-kongres van die Gereformeerde Kerk. Bloemfontein, Julie 1917.

Rowan, A.N.: Our Educational System a Short Historical Sketch of the Systems which preceded it. Cape Town, 1878.

Reisner, E.H.: Nationalism and Education since 1789. The Macmillan Co., New York 1936.

Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal 1806-1875. Kaapstad, 1939.

Van Wyk, A.H. du P.: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese 1806-1915. J.L. van Schaik, Pretoria, 1947.

Van Zyl, H.E,: Die Reorganisasie van Kaapland se Skoolstelsel. Nasionale Pers, Kaapstad, 1950.

Vaandrager, M.: De Beweging voor Christelik-Nasionaal Onderwys in Zuid-Afrika, 1900-1908. Almanak van die Ned. Herv. Kerk, 1943.

Venter, E.L.J.: Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika. H.A. van Bottenburg, Amsterdam, 1929.

Walker, E.A.: The Great Trek. 2nd Edition, Adam & Charles Black, London, 1947.

: Lord Milner and South Africa. Oxford University Press, London, 1942.

Wielenga, B.: Ons Doopsformulier. Uitgave van J.H. Kok te Kampen, Jan. 1920.

Wolmarans, A.D.W.: Kerkhistoriese Feiten - 11. Commissie der Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Wallachs Bpk, Pretoria (s.j.)

Woltjer, J.: Wat is het doel van het Christelijk Nationaal School Onderwijs? Amsterdam, J.A. Wormser, 1887.

III. BOEKE: ALGEMEEN.

Bosman, D.B.: Oor die ontstaan van Afrikaans. Swets en Zietlinger, Amsterdam, 2e Druk, 1928.

Borcherds, P.B.: An Auto-biographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds. Cape Town, 1861.

Bredell, H.C. en Grobler, P. : Gedenkskrifte van Paul Kruger in Afrikaans oorgesit deur J.M. de Lange en Jan Ploeger, J.L. van Schaik, Pretoria, 1947.

Beyers, Coenraad.../-377

Beyers, Coenraad: Die Kaapse Patriotte 1779-1791. Juta en Kie, Kaapstad, 1929.

Breytenbach, J.J.: Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog. Nasionale Pers, Kaapstad, 1949.

Burchell, W.J.: Travels in the Interior of Southern Africa, vol. I. London, 1822.

Burgers, Thos.: Schetsen uit de Transvaal. Heruitgegee deur dr. S.P. Engelbrecht, J.H. de Bussy, Pretoria, 1934.

Cachet, J.L. en ander : Vier Gelegenheids Redevoeringe. D.F. du Toit, Paarl, 1890.

Cachet, J.L. : Gedenkboek der Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika. Het Western Drukkery, Potchefstroom, 1909.

Crafford, F.S.: Jan Smuts., Howard B. Timmins, Cape Town, 1945.

Conradie, E.J.M.: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, deel I (1652-1875). J.H. de Bussy, Pretoria, 1934.

Cory, G.E.: The Rise of South Africa, Vol. 1-5, Longmans Green & Co., London, 1913-1930.

De Kiewiet, C.W.: British Colonial Policy and the South African Republics 1848-1872. Longmans Green & Co., London, 1929.

: The Imperial Factor in South Africa. Cambridge University Press, 1937.

Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Sketse uit die Kerklike Geskiedenis van die Groot Trek, Kaapstad, 1932.

: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek bevattende amptelike en ander stukke. Kaapstad, 1929.

Douma, H.: De Ontwikkeling van het Lager Onderwijs in Nederland. Zutphen - W.J. Thieme & Kie, Amsterdam, 1922.

Du Plessis, J.S.: President Kruger aan die Woord. Sacum Beperk, Bloemfontein, 1952.

Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers. J.H. de Bussy, Pretoria, 1933.

: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk in Suid-Afrika, 2de druk. J.H. de Bussy, Pretoria, 1936.

Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910. London, 1918.

: Die Anglisasie-politiek. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Sept. 1926.

Gedenkprogram: Uitgegee by geleentheid van Selfstandigwording van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 14 tot 17 Maart 1951. V. & R. Drukkers, Pretoria, 1951.

Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Nasionale Pers, Kaapstad, 1930.

Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika,deel I en II. Pro Eccl. Drukkery, Kaapstad, 1939.

Hanekom T.N.: Die Liberale Rigting in Suid-Afrika. C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1951.

Jorissen, E.J.P.: Transvaalse Herinneringen, 1876-1896. J.H. de Bussy, Pretoria, 1897.

Kruger, B.R.: Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. V. en R. Drukkery, Pretoria, 1957.

Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1946.

Langenhoven, C.J.: Versamelde Werke,deel 1-12. Nasionale Pers, Kaapstad, 1935.

Leipoldt, C.Louis: Jan van Riebeeck. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.

Meyer, P.J.: Die Afrikaner. Tweede Trek Reeks, No.1, Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1940.

Mentzel, O.F.: Life at the Cape in Mid. Eighteenth Century, being the Biography of Siegfried Alleman. Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1919.

Nienaber, G.S.: Die Afrikaanse Beweging. J.L. van Schaik, Pretoria, 1931.

Nienaber, P.J.: Ds. S.J. du Toit, die eensame Ismael. Pretoria, 1940.

Pienaar, E.C.: Die Triomf van Afrikaans. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1943.

Pienaar, E.C.: Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse Taalbeweging. Nationale Pers, Bloemfontein, 1920.

Postma, D.: De Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika. Paarl, 1905.

Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing. J.L. van Schaik, Pretoria, 1924.

: Piet Retief. Pretoria, 10de Druk,1920.

: Voortrekkermense, deel 1-3. Nasionale-pers, Kaapstad, 1918, 1920, 1922.

Sparrman, A.: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen van den Zuidpool, en Rondom de waereld; doch voornaamlijk in de Landen der Hottentotten en Kafferen. Leiden, 1787.

Stockenström, E.: Europese Geskiedenis en Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I en II, Stellenbosch, 1927.

Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, vol. V, IX. William Clowes & Sons, London, 1899-1902.

: History of South Africa, 1691-1854. (Swan Sonneschein, London, 1888-1893.)

Uys, C.J.: In the Era of Shepstone 1842-1877. Lovedale Press, Cape Province, 1933.

Van den Ende, A.: Geschiedkundige Skets van Neêrlands Schoolwetgeving. Deventer, J. de Lange, 1846.

Vanden Heever, C.M.: Die Afrikaanse Gedagte. Pretoria 1935.

Vander Merwe, J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806. Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1926.

: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek 1770-1842. W.P. van Stockum & Zoon, Den Haag, 1937.

Van Rooyen, G.H.: Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk, deel II. Nasionalepers, 1940.

Waterink, J.: Die Begrenzung der Rechte und Pflichte des Staates, der Gesellschaft und der Kirche hinsichtlich der Schule. Referaat, 1933.

: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, deel I en II. B. Ruys 'U.M. Zeist 1927, Zutphen, 1934.

Wypkema, A.: De Invloed van Nederlands op de Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen Z.A.R. J.L. van Schaik, 1939.

IV. ARGIEF-JAARBOEKPUBLIKASIES.

Basson, M.A.: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907. 19de jaargang deel II, 1956.

Beyers, Coenraad: Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei. 4de jaargang deel I, 1941.

Boeseken, Anna,J.: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de Eeuse Samelewing aan die Kaap. 7de jaargang, 1944.

Cory, G.E.: The Rise of South Africa. Vol. VI Chapters One to Six, 2de jaargang deel I, 1939.

Du Plessis, J.S.: Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek (1858-1902). 18de jaargang deel I, 1955.

Kruger, D.W.: Die Weg na die See. 1ste jaargang deel 1, 1938.

Ploeger, Jan.: Die Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881-1900). 15de jaargang deel I, 1952.

Spoelstra, B.: Die Bewinds aanvaarding van die Botharegering oor Transvaal as Selfregerende Britse Kolonie in 1907. 16de jaargang deel II, 1953.

Vander Westhuizen, W.S.: Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie; die periode 1804-1839. 16de jaargang deel II, 1953.

## V. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE.

Arnold, N.: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die Tydperk 1907-1920. P.U. vir C.H.O., 1954.

Bekker, H.J.: Godsdiens in die Onderwys van Blankes in Transvaal tot 1953. P.U. vir C.H.O., 1953.

Beukman, B.I.S.: Die Geskiedenis van Onderwys in die ~~Transvaal~~ Vrystaat voor en onmiddellik na Unie 1898-1912. Universiteit van S.A., 1936.

Boshoff, H.C.: Beheer van die Onderwys in die Provinsie Transvaal vanaf 1910. P.U. vir C.H.O. 1959.

Bingle, P.W.: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1899. P.U. vir C.H.O., 1954.

: Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1959. P.U. vir C.H.O., 1959.

Ploeger, J.: Inleiding tot die Studie van die Grondslae van die C.N.O. in Suid-Afrika. Universiteit van Pretoria, 1942.

Symington, F.C.: Die Konsentrasiekampskole in Transvaal en Oranje-Vrystaat. Pretoria, 1943.

: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode 1900 tot 1907. Universiteit Pretoria, 1948.

Snyman, J.J.: 'n Histories-Kritiese Studie van die Smuts-Onderwyswet van 1907. P.U. vir C.H.O., 1951.

Van Rooyen, G.P.: Sir John E. Adamson as Direkteur van Onderwys 1904-1924. P.U. vir C.H.O. 1951.

Van Wyk, J.T.: Plaaslike Beheer in die Onderwys van Transvaal 1902-1910. P.U. vir C.H.O., 1958.

Vander Schyf, W.G.: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal: 1881-1899, met besondere verwysing na President Kruger se aandeel en invloed. P.U. vir C.H.O., 1953.

Venter, P.: Die Groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg 1886-1920. P.U.K. vir C.H.O., 1950.

VI. KERKARGIEWE.

1. Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

Acta Sinodale Vergaderinge van die Gereformeerde Kerk in S.A., 1862-1961.

Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1872-1963. De Geschiedenis der Gereformeerde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek (Transvaal) sedert 1858. Alsmede de Verzameling van de Bepalingen der Algemene Vergaderingen van de Gereformeerde Gemeenten in de Zuid Afrikaansche Republiek vasgestelde in 1877. (Kaapstad, 1878).

De Synodale Bepalingen der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. (Burgersdorp, 1905).

Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. (V en R., Pretoria, 1945)

Notulen Boek van de Algemene Vergadering der Gereformeerde Gemeenten in De Z.A. Republiek 1866-1899.

Notulen Boek van De Algemene Vergadering der Gereformeerde Gemeenten in Transvaal.1903-1917.

Notuleboek van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Transvaal, 1918-1925.

Notuleboeke van die Partikuliere Sinodes van die Gereformeerde Gemeentes in Transvaal, 1926-1946 en van Noord- (1947-1958) en Suid-Transvaal (1947-1957).

2. Die Ned. Geref. Kerk.

Acta-Synodi. Kaapse Kerkargief, Kaapstad, Verskeie bande.
Notules van die Algemene Vergaderings: 1886, 1897, 1903, 1906, 1909, 1919, 1922, 1925, 1928, 1937, 1940, 1944, 1948, 1951, 1954.
Ned. Geref. Kerk : Sinodale Bylaes 1957, S.I. 37.

3. Die Ned. Herv. Kerk.

Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1943 en 1947.

VII. PUBLIKASIE IN TYDSKRIFTE EN ANDERSINDS.

Bingle, H.J.J.: Ons Eenheidstrewe op onderwysgebied. Uit die Uniale oogpunt benader.

Bot, A.K.: Die Verlede Hede en Toekoms van die C.N.O.-beweging. (Die Christelike Skoolblad, Oktober 1936).

Coetzee, J.Chr.: Moderne Opvoedkundige Denke getoets aan ons Christelike-Nasionale Beginsels. (Onderwysblad, Des. 1941).
: Uniale Beleid en Beheer in verband met die Openbare skoolwese. (Referaat gelewer op die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria op 30 Junie 1955).

du Toit, P.S.: Ons verdeelde onderwysbeheer. Hoe raak dit ons en waar staan ons? (Voorsittersrede by die 56ste S.A.O.U-kongres gehou in die Paarl, 22-25 Junie 1959, Die Unie, Aug. 1959).

Dreyer, J.: Christelik Nasionale Onderwys. (Die Hervormer, Aug. tot Des. 1949).

Interkerklike Komitee: Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid. M. Drukkery, Pretoria, 1955. & Aanvullende Toeligting.

VIII. TYDSKRIFTE EN KOERANTE.

Government Gazette. Verskeie nommers tot 1962.

De Bazuin,...../-384-

De Bazuin 1859.
De Kerkbode.
De Maandbode: Verskeie nommers tussen 1873-1894.
De Zuid Afrikaan: Verskeie nommers tussen 1830-1836.
De Afrikaanse Patriot: Verskeie nommers tussen 1876-1893.
De Hervormer.
De Volkstem.
De Schoolgids.
De Vereeniging.
Die Huisgenoot: Gedenkuitgawe. Die Groot Trek. Desember 1938.
Die Kerkblad.
Die Hervormer.
Die Unie.
Die Transvaler.
Goevernements Courant 1877-1881.
Het Kerkblad der Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika. 1894-1903.
Het Christelik Schoolblad.
Inspan.
Kaapsche Courant 1802, 1803, 1804, 1805, 1813.
Koers : Tweemaandelikse (Maandelikse) Tydskrif vir calvinistiese denke.
Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding.
Staatscourant 1858-1900.

IX. ALGEMEEN.

Notule Eerste Algemene Vergadering van die V.V.O.O.Z.A Maart 1894.
Notule van die Algemene Vergadering van die V.V.O.O.Z.A. 17 Desember, 1895.